

**Die praktyk van liturgiese psalmsang
in die NG Kerk
in Suid-Afrika en Namibië**

H J Jankowitz

Proefskrif voorgelê vir die graad

Philosophiae Doctor in Musiek

**aan die Potchefstroomkampus
van die
Noordwes-Universiteit**

Promotor: Prof D Kruger

Mei 2009

Voorwoord

Dit is met dankbare nederigheid voor die genadige God wat ek hierdie proefskrif aanbied. Dit was God wat my lewe so beplan het dat ek kon grootword in 'n omgewing waar ek kerkmusiek soos moedersmelk ingekry het. My vader, Ernest Krige, was 'n toegewyde orrelis wat sy orrelspel met oorgawe aan God gewy het. Om musiek tot eer van God te beoefen, was deel van ons drie kinders se daaglikse bestaan.

Die voorreg om 'n universiteitsopleiding te bekom, het vanselfsprekend na die orrel gelei. My eerste orrelonderwyser was 'n gawe van God. Ek was bevoorreg om vir een jaar by Chris Swanepoel te kon lesneem. Dit was genoeg om 'n lewenslange liefde te stimuleer. Daarna was ek bevoorreg om onder die invloed van mnr Pieter van der Westhuizen verder te ontluik. Sy voorbeeld was rigtinggewend vir die res van my lewe.

Toe daar in 1974 die pos as orreldosent by die destydse Staatskonservatorium in Windhoek beskikbaar geword het, het ek geweet dít is wat ek vir die res van my lewe wil doen – die Kerkmusiek was my lewensroeping en my vreugde. Die begeerte om verder te studeer in die Kerkmusiek het al die jare in my gebrand, maar telkens het onoorkomelike probleme my gedwing om daarvan af te sien.

Totdat prof Daleen Kruger eendag my pad gekruis het en ek tydens een gesprek weer die moontlikheid van verdere studie voor my sien oopval het. Dit is met groot waardering vir haar geduldige en positiewe leiding dat ek hierdie proefskrif kan voorlê.

Nader aan my huis, is ek dankbaar vir my geduldige man, Willem, wat dit vir my help moontlik maak het en my ondersteun het om die studie af te handel. Ook aan my kinders is ek dank verskuldig vir tye wat ek nie beskikbaar was nie, maar dat hulle my nogtans ondersteun het.

Uiteindelik was lof aan God die hoofdryfveer en was die dringende begeerte om dit deur die psalms aan God te offer, die inspirasie wat kon lei tot die afhandeling van hierdie proefskrif. Mag hierdie werkstuk tot een enkele doel bydra: dat die psalms weer in die NG Kerk voluit tot lof van God aangehef sal word!

November 2008.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN METODE

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	1
1.3	Doelstelling	6
1.4	Teoretiese argument	7
1.5	Metode van ondersoek	7

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN PSALMSANG IN SUID-AFRIKA

2.1	Ou Testamentiese psalmsang	8
2.1.1	Aanwending van psalmsang in die Ou Testament	8
2.1.2	Betrokkenheid van die volk by psalmsang	9
2.1.3	Die uitvoering van Ou Testamentiese psalmsang	9
2.1.4	Begeleidingsinstrumente by die psalms	10
2.1.5	Dawid se organisasie van psalmsang	11
2.1.6	Poëtiese eienskappe van die Hebreeuse Psalmstekste	12
2.1.7	Verskillende kategorieë van psalms	13
2.1.8	Die psalms as deel van die oud-Israelitiese volksidentiteit	14
2.2	Die rol van psalms in die sinagogedienste	16
2.2.1	Psalms in die Ou Testamentiese sinagogedienste	16
2.2.2	Die uitvoering van psalms in die sinagogediens	17
2.2.3	Die invloed van sinagogedienste op psalmsang in die vroeg-Christelike kerk	18
2.2.4	Psalms in die Nuwe Testamentiese sinagogediens	19
2.2.5	Die liturgiese funksionaliteit van psalms in die Nuwe Testamentiese sinagogediens	20

Inhoud (Vervolg)

2.3 Die rol van psalms in die vroeë kerk tot voor die Hervorming	21
2.3.1 Psalmsang tydens die aanvangsjare van die Nuwe Testamentiese kerk	22
2.3.2. Psalmsang tydens die tweede tot vierde eeue	23
2.3.3 Die vroeë kerkvaders en psalmsang	24
2.3.4 Die invloed van Gregoriaanse psalmodie op psalmsang	25
2.3.5 Die invloed van die Rooms Katolieke Kerk op psalmsang	26
2.3.6 Oorsigtelike stand van psalmsang tydens die Middeleeue	27
2.4 Die invloed van die Reformasie op psalmsang	28
2.4.1 Die aanloop tot die Reformasie	28
2.4.2 Martin Luther as reformatoriese leier	29
2.4.3 Luther se korale en psalmaanwending	30
2.4.4 Die rol van Calvyn in die totstandkoming van die Geneefse psalms	32
2.4.5 Invloede op Calvinistiese psalms	33
2.4.6 Toeganklikheid van Calvinistiese psalmmelodieë in die sestiende-eeuse Frankiese milieu	34
2.4.7 Die impak en evaluering van die Geneefse psalms	36
2.5 Die bruikbaarheid van die Geneefse psalmmelodieë in Nederland, Engeland en Skotland	38
2.5.1 Die Geneefse psalms in Reformatoriese Nederland	38
2.5.2 Die Geneefse psalmberyming deur Dathenus	39
2.5.3 Besware oor die 'onsingbaarheid' van Geneefse psalmmelodieë	39
2.5.5 Die Geneefse psalms in Reformatoriese Engeland en Skotland	40
2.6 Gereformeerde Psalmsang in Suid-Afrika	43
2.6.1 Inleidende geskiedenis	43
2.6.2 Die Nederlandse Psalmboek in Suid-Afrika	43
2.6.3 Eerste besware teen die Geneefse Psalmmelodieë	43
2.6.4 Faktore wat die assimilering van die Geneefse melodieë binne die Suid-Afrikaanse kultuur teengewerk het	45
2.6.5 Samestelling van die <i>Die Berymde Psalms</i> (1937)	47
2.6.6 Die evaluering van die <i>Die Berymde Psalms</i> (1937)	49
2.6.7 Totstandkoming en samestelling van <i>Die Berymde Psalms</i> (1976)	51
2.6.8 Die evaluering van die <i>Die Berymde Psalms</i> (1976)	52
2.6.9 Totstandkoming en samestelling van die psalms in die <i>Liedboek</i> (2001)	55
2.6.10 Die evaluering van die psalms in die <i>Liedboek</i> (2001)	57
2.7 Samevattend	58

HOOFSTUK 3 **DIE GEBRUIKSFREKWENSIE EN FUNKSIONALITEIT VAN PSALMS** **IN DIE LIEDBOEK (2001)**

3.1 Die samestelling van die vraelys	60
3.2 Strategie by die inwin van data	66
3.2.1 Die uitstuurproses	66
3.2.2 Seleksie van teikengroepe	67
3.2.3 Sirkulering en korrespondensie	67
3.2.4 Hantering van gegewens	68
3.2.5 Die verwerking van data	69
3.3 Uiteensetting en bespreking van resultate	70
3.3.1 <i>Vraag 1: Word psalms voorbereidend tot die erediens gesing?</i>	70
3.3.2 <i>Vraag 2: Hoeveel keer per Sondag word psalms gesing?</i>	72
3.3.3 <i>Vraag 3: Hoeveel psalms word gemiddeld per maand in die erediens gesing?</i>	74
3.3.4 <i>Vraag 4: Watter vorm(s) van begeleiding word vir die begeleiding van psalms gebruik?</i>	76
3.3.5 <i>Vraag 5: Sing gemeentes uit die Liedboek, vanaf 'n skerm of word beide gebruik?</i>	77
3.3.6 <i>Vraag 6: Maak asseblief 'n lysie van die psalms wat die meeste in u gemeente gebruik word.</i>	79
3.3.6a <i>Vraag 6a Watter psalms is die mees geliefde onder gemeentelêde?</i>	85
3.3.7 <i>Vraag 7: Om watter rede(s) is die bogenoemde psalms gewild?</i>	89
3.3.8 <i>Vraag 8: Word die Totius-berymings, agter in die Liedboek in u gemeente gebruik?</i>	92
3.3.9 <i>Vraag 9: Vind u die tekste van die nuwe psalmomdigtings aanvaarbaar?</i>	94
3.3.10 <i>Vraag 10: Vind u as gemeente die nuwe melodieë by die psalms, in die algemeen, makliker om te sing?</i>	98
3.3.11 <i>Vraag 11: Word volledige psalms of slegs gekeurde strofes gesing?</i>	105
3.3.11a <i>Vraag 11a: Hoe aanvaarbaar vind u die gevarieerde, verkorte vorms van psalms?</i>	107
3.3.12 <i>Vraag 12: By watter liturgiese elemente word psalms tydens die erediens aangewend?</i>	109
3.3.13 <i>Vraag 13: Word psalmverwerkings soms in die gemeente gehoor?</i>	111
3.3.14 <i>Vraag 14: Enige bykomende kommentaar oor die psalmbundel of oor u ervaring van gemeentelike psalmsang?</i>	113

Inhoud (Vervolg)

3.4 Kommentaar uit die gemeentes (Vraag 14)	113
3.4.1 Kritiek oor die teks van die psalmomdigtings	113
3.4.2 Kritiek oor die nuwe melodieë	116
3.4.3 Kritiek teen die teks en melodieë	118
3.4.4 Kommentaar wat weerstand teen verandering toon	119
3.4.5 Psalmsang word deur die tydvak beïnvloed	119
3.4.6 Psalmsang word deur die inrigting van die erediens beïnvloed	121
3.4.7 Psalmsang word nadelig beïnvloed deur praktiese omstandighede	122
3.4.8 Positiewe voorstelle ontvang uit response	123
3.5 Perspektiewe en aanbevelings voortspruitend uit die resultate	125
3.5.1 Die algemene gebruiksfrekwensie van psalms	125
3.5.1.1 Die moontlikheid dat nuwe psalms aangeleer kan word	125
3.5.1.2 'n Praktiese aanleermetode	127
3.5.1.3 Aanbevelings vir die aanleer van psalms	129
3.5.1.4 Redes vir die gebruiksfrekwensie van individuele psalms	130
3.5.1.5 Aanbevelings om die gebruiksfrekwensie te bevorder	131
3.5.2 Eietydse eredienspraktyke rondom psalmsang	132
3.5.2.1 Begeleidingspraktyke	132
3.5.2.2 Psalmverwerkings	134
3.5.2.3 Elektroniese borde	135
3.5.3 Die (on)gewildheid van psalms	136
3.5.3.1 Redes vir die gewildheid van psalms	136
3.5.3.2 Die ontleding van psalms wat besonder toeganklik is	137
3.5.3.3 Aanbevelings om die gewildheid van psalms te bevorder	139
3.5.4 Liturgiese gebruike	141
3.5.4.1 Aanbevelings vir die liturgiese aanwending van psalms	141
3.5.5 Riglyne vir eietydse psalmomdigtings	143
3.5.5.1 Aanbevelings vir eietydse psalmomdigtings	144
3.5.6 Riglyne vir eietydse psalmmelodieë	146
3.5.6.1 Redes vir die moeilike assimilering van nuwe psalmmelodieë	146
3.5.6.2 'Onontdekte' nuwe psalmmelodieë	147
3.5.6.3 Aanbevelings vir psalmmelodieë	148
3.6 Samevattend	149

HOOFSTUK 4

NORMATIEWE VEREISTES BY PSALMS AS LITURGIESE LIEDERE

4.1 Kategorisering en omskrywing van norme	151
4.1.1 Standhoudende norme	151
4.1.2 Aanpasbare norme	152
4.2 Bybelse begroding van standhoudende norme	153
4.2.1 Die norm van kwaliteit	153
4.2.2 Die norm van gesindheid	154
4.2.3 Estetiese norme	157
4.3 Bybelse begroding van aanpasbare norme	159
4.3.1 Kommunikasie as oorkoepelende begroding vir aanpasbare norme	159
4.3.2 Die toepassing van norme by liturgiese psalms gedurende Bybelse tye	161
4.3.3 Die rol van norme by die voor-Middeleeuse kerk: Ambrosius en Augustinus	163
4.3.4 Die gevolge van eensydig-toegepaste norme by die Middeleeuse kerk	164
4.3.5 Luther se toepassing van norme by liturgiese sang	165
4.3.6 Calvin se toepassing van norme by psalms as liturgiese lieder	167
4.3.7 Normatiewe toepassing by psalmsang in Nederland	168
4.4 Die Bybelboek Psalms	170
4.4.1 Norme toegepas by die uitvoering van Bybelse psalmsang	171
4.4.2 Die Bybelse psalms as norm vir die liturgiese lied	173
4.5 Samevattend	177

HOOFSTUK 5

DIE ONTPLOOIING EN TOEPASSING VAN NORME BY SUID-AFRIKAANSE PSALMSANG

5.1 Die invloed van toegepaste norme op Suid-Afrikaanse psalmsang	179
5.1.1 Die invloed van die Nederlandse Tradisie	179
5.1.2 Die gevolge van tradisionele norme in Suid-Afrika	180

Inhoud (Vervolg)

5.2 Faktore wat aanpasbare norme by psalmsang in Suid-Arika	
beïnvloed	181
5.2.1 Die liturgiese tradisie as beïnvloeding van norme by psalmsang	182
5.2.2 Die historiese agtergrond as faktor by die benadering tot psalms	186
5.2.3 Die Afrikaanse opvoedkundige en kulturele ontwikkeling as faktor	189
5.2.3.1 Die psalms as volks-idiomatiese Afrikaanse geestelike lieder	191
5.2.3.2 'n Vergelyking tussen Afrikaanse volkslieder en die Geneefse melodieë	194
5.2.3.3 Die voordele van inkulturasie	195
5.2.4 Die postmoderne filosofie as faktor by norme vir die psalms	195
5.2.5 Die spreektaal as kommunikatiewe faktor by die psalmtekste	199
5.2.6 Die spiritualiteitsbehoefte van lidmate as faktor by die styl van psalmsang	201
5.2.7 Aktuele tendense van die tydperk as faktor by psalmsang	205
5.2.7.1 Die eietydse, Christelike geesteklimaat	205
5.2.7.2 Eietydse sosiale en omgewingsfaktore	207
5.2.8 Die massamusiekkultuur as faktor by Afrikaanse psalmsang	209
5.2.9 Wêreldwye norme vir eietydse liturgiese psalmsang	212
5.2.9.1 Praktiese voorstelle vir die keuring van liturgiese lieder	213
5.2.9.2 Funksionaliteit	214
5.2.9.3 Toeganklikheid	215
5.2.9.4 Intellektuele en emosionele kommunikasie	215
5.2.9.5 Kulturele akkommodering	216
5.3 Die evaluering van eietydse musiek vir psalmsang in die NG Kerk	218
5.4 Samevattend	223

HOOFSTUK 6

EIETYDSE ONTWIKKELINGE TEN OPSIGTE VAN EKUMENIESE PSALMSANG

6.1 Hernude belangstelling in liturgie en psalms	224
6.2 Psalms in eietydse, ekumeniese bundels	226
6.2.1 <i>Hymns Old & New</i> (1986)	227
6.2.2 <i>Hymns Ancient and Modern</i> (1988)	228
6.2.3 <i>Psalter Hymnal</i> (1987)	228
6.2.4 <i>Evangelisches Gesangbuch</i> (1994)	229
6.2.5 <i>Liedboek voor de Kerken</i> (1998)	231

Inhoud (Vervolg)

6.2.6	<i>Chants de Taizé</i> (2001)	232
6.2.7	<i>Agape Songs of Hope and Reconciliation</i> (2003)	233
6.2.8	<i>Complete Mission Praise</i> (2005)	235
6.2.9	<i>Hymns of Glory Songs of Praise</i> (2008)	237
6.3	Algemene tendense by die eietydse psalms	239
6.3.1	Benadering tot die psalms in eietydse bundels	240
6.3.2	Teksstrukture by die psalms	241
6.3.3	Toonsettings van psalms	242
6.3.4	Begeleidings	243
6.3.5	Atmosfeerskepping en uitdrukkingsmoontlikhede	244
6.3.6	Liturgiese formate	245
6.4	Samevattend	247

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	Samevatting	249
7.2	Gevolgtrekkings	250
7.2.1	Die geskiedkundige verloop van psalmsang	250
7.2.2	Die resultate van die empiriese studie	251
7.2.3	Die rol van standhoudende en aanpasbare norme	252
7.2.4	Ekumeniese verryking	254
7.3	Aanbevelings	255
7.3.1	Voorstelle vir verdere navorsing	255
7.3.2	Aanbevelings vir die pad vorentoe	256
7.4	Ten slotte	257
BIBLIOGRAFIE		258
BYLAE		268
Bylaag A Briewe		269
Bylaag B Empiriese studie		272
Bylaag C Voorbeelde van psalms uit ekumeniese bronne		275
Bylaag D Praktiese voorstelle vir die benutting van psalms		295
D.1	Die liturgiese benutting van die kantory vir psalmsang	295
D.2	Die psalms in die <i>Liedboek</i> (2001) as hoekstene vir die erediens	297

Akronieme

ADGO: Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling
ASHR: Agape Songs of Hope and Reconciliation
ATKV: Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
CMP: Complete Mission Praise
CRC: Christian Reformed Church
CSV: Christenstudentevereniging
CdT: Chants de Taizé
EG: Evangelisches Gesangbuch
FAK: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
FLAM: Funky Liedere vir 'n Aan-die-brand Musiekbediening
GKSA: Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
HAM: Hymns Ancient and Modern
HGSP: Hymns of Glory Songs of Praise
HON: Hymns Old & New
LK: Liedboek voor de Kerken
NG Kerk: Nederduits Gereformeerde Kerk
PH: Psalter Hymnal
RGN: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RK: Rooms-Katolieke Kerk
VONKK: Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek

ABSTRAK

In hierdie studie word die stand van psalmsang in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Namibië tydens 2007-2008 bepaal. As aanloop word die geskiedenis van psalmsang vanaf die Ou Testamentiese ontstaan tot die eietydse toepassing daarvan in Suid-Afrika nagevors. Hoogtepunte van ontwikkeling sowel as laagtepunte waar gemeentelike psalmsang feitlik uitgesterf het, word uiteengesit, om daaruit af te lei watter oorsake gelei het tot die huidige situasie.

Die kern van die studie behels 'n empiriese studie waardeur die gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van psalms bepaal word. Uit die resultate word vanaf verskillende benaderingswyses bewys dat psalms tans grootliks onfunksioneel is en, behalwe vir enkele uitsonderings, besig is om uit te sterf. Die kritiek wat as deel van die ondersoek teen die psalms in die *Liedboek van die Kerk* (2001) gelewer word, het egter belangrike probleemsituasies beklemtoon, waaruit gevolgtrekkings en aanbevelings uiteengesit word.

As hooforsaak vir die probleemsituasie word die kultuurverskil tussen die bestaande psalmtradisie en die bevatlikheid van die kerkvolk uitgewys. Hierdie wantoestand word terugherlei na die eensydige toepassing van standhoudende norme. Na aanleiding hiervan word navorsing gedoen om vas te stel watter faktore in ag geneem behoort te word ten opsigte van die ontvanklikheidsvlak van kerkgangers om dit as aanpasbare norme te akkommodeer. Hierdie faktore word uiteengesit, maniere om dit van toepassing te maak word bespreek en aanbevelings word daarvolgens gemaak.

Ekumeniese hoofstroomkerke moes aanpassings maak by die samestelling van liederebundels om psalmaanwending aan te pas by die eietydse omstandighede en veral om die massamusiekkultuur te akkommodeer. Deur die bestudering van nege bundels uit 'n verteenwoordigende verskeidenheid denominasies, word die aanwending van psalms ten opsigte van benaderings,

teksformate en liedstyle uiteengesit; navolgingswaardige voorbeelde van liedere word ook bespreek en samevattende aanbevelings gemaak. Ten slotte word riglyne vir die pad vorentoe en 'n toekomsvisie vir psalmsang in die NG Kerk uiteengesit.

ABSTRACT

This study probes the state of psalm-singing in the *Nederduitse Gereformeerde Kerk* (Dutch Reformed Church) in South Africa and Namibia during 2007-2008. First, the history of psalm-singing, from its Old Testament origin to its contemporary use in South Africa, is researched. Highlights of its development, as well as low points where congregational psalm-singing all but died out, are researched in order to establish the causes of the current situation.

The essence of the study involves an empirical study to determine the frequency of use and functionality of psalms. The results of different approaches all show that to a large extent, psalms have fallen in disuse in this church and that, with the exception of only a small number of psalms, they are becoming extinct. However, in criticism against the *Liedboek van die Kerk* (Songbook of the Church) (2001) a number of important problems were emphasised, according to which conclusions and recommendations are made.

The most prominent cause of the problem is identified as the cultural difference between the existing psalm tradition and the intelligibility of the members of the church. The reason for this problematic situation is traced back to the one-sided application of fixed norms. Based on these, research is done to determine which factors should be taken into account in terms of the receptiveness of church-goers to accommodate these norms as adaptable norms. These factors are explained, ways to apply them are discussed and recommendations are made accordingly.

Ecumenical mainstream churches had to make certain changes when their songbooks were compiled, to adapt the use of psalms to the contemporary circumstances and particularly to accommodate mass-music culture. Nine songbooks from a representative variety of denominations are studied and the use of psalms in terms of approaches, text formats and song styles are analysed and described; commendable examples of songs are also discussed and recommendations are made. Finally, guidelines are offered for the road ahead and for a future vision for psalm-singing in the Dutch Reformed Church.

Sleuteltermes:

**Liturgiese psalmsang;
Afrikaanse psalmsang;
Afrikaanse musiekkultuur;
Geneefse melodieë;
Eietydse psalmsang.**

Keywords:

**Liturgical psalm-singing;
Afrikaans psalm-singing;
Afrikaans music culture;
Genevan melodies;
Contemporary psalm-singing.**

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN METHODE

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN METODE

1.1 INLEIDING

'n Psalm verteenwoordig die allesinsluitende vreugde waarmee die Kerk God se lof besing, maar dit dien ook as troosvolle geloofsuiting en as 'n harmonieuse samesmelting van menseharte sodat een lied uit 'n verskeidenheid van stemme voortgebring word (Ambrosius, soos samevattend vertaal uit Witvliet, 2007:4-5).

Psalmomdigtings behoort te dien as 'n konsentraat van die Skrifinhoud wat deur die melodieë versterk word sodat psalmsang die potensiaal het om die volledige mens te betrek by die “allesinsluitende vreugde” en “troosvolle geloofsuiting” waarmee aan God lof gebring word. Die Psalms as hooflofbundel van die Bybel behoort 'n hoogtepuntverklanking van lof in die NG Kerk te verteenwoordig, maar tog het die vermoede ontstaan dat dit nie hierdie doel dien nie, dat dit besig is om traag en stemloos te word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Psalmsang kan as kenmerkend van Calvinisties-gereformeerde denominasies beskou word. Tog blyk dit dat die psalms moeilik volksbesit van die Afrikaans-gereformeerde kerke en in die besonder van die NG Kerk¹ in Suid-Afrika en Namibië kon word. Verskeie redes vir hierdie toedrag van sake kan aangevoer word: taalkundige struikelblokke, die aard van die melodieë, asook die eietydse kultuur en lewensfilosofie.

¹ Die Algemene Sinode van die NG Kerk bestaan uit 10 streeksinodes waarvan Namibië een is. Om hierdie rede word Namibië ingesluit in die navorsing sodat die melding van psalmsang in Suid-Afrika voortaan Namibië sal insluit (Jaarboek, 2007:6).

Die Geneefse melodieë het veral tydens die Calvinistiese hervorming in Frankryk 'n groot impak en "wye trefkrag" gehad (Cillié, 1982:25). Hierdie kosbare gereformeerde erfenis het, ten opsigte van die gehalte daarvan en die basiese kultuurstyl, heelwat verskil van die Afrikaanse, eiesoortige musiekkultuur (Van Namen, 1982:10) (Malan, 1984:39). Klagtes dat sommige van die Geneefse melodieë blykbaar "onbruikbaar" is, is vir die eerste keer in 1852 in Suid-Afrika aangeteken (Van der Walt, 1962:53). Die verskil tussen die Afrikaanse musiekdialek en die register van die Geneefse psalmmelodieë (Kruger, 2002:28-29) is vermoedelik 'n belangrike rede waarom psalms dikwels in die geskiedenis van die NG Kerk Suid-Afrika met "groot moeite" gesing (Vorster, 1996:98) of as "onsingbaar" bestempel is (Fourie, 2000:345, 347, 351). 'n Empiriese ondersoek deur Viljoen (1997:122-123, 165-166 en 197) het die groeiende weerstand teen die psalms en veral teen die Geneefse melodieë uitgewys.

Verdere probleme het uit taalkundige aspekte gespruit. Die Afrikaanse taalritmes en woordaksente het moeilik met die oorspronklik Frans-gekonsipieerde ritmes van die melodieë saamgesmelt (Malan, 1986:63). Ook die argaïese Afrikaanse idioom waarmee die psalms tot in 2001 gesing is, het 'n negatiewe uitwerking op die psalmsang gehad (Botha, 1992:38). Veral na die verskyning van die 1976-*Berymde Psalms* het weerstand teen die psalms in die algemeen opgebou (Viljoen, 1997:117,123,124 en 129-131) sodat die gebruiksfrekwensie 'n voortdurende dalende tendens getoon het.

Unieke, eietydse probleme het Afrikaanse psalmsang verder laat degenereer. Die kontrasterende style van die wêreldwye kontemporêre musiekkultuur en dié van tradisionele, liturgiese sang is besig om die kerkvolk van die tradisionele kerklied te vervreem (Johansson, 1992:20 en 136). In Suid-Afrika, waar die psalmtradisie grootliks saam met die Geneefse melodieë oorgedra is, word die uitwerking van hierdie vervreemding veral ervaar (Viljoen, 1997:3, 6). Voorts het eietydse denke- en lewenswyses 'n klimaat geskep waarin norme nie meer 'n rol speel nie (Janse van Rensburg, 2000:5,11) en die persoonlike smaak van elke individu geld

(Johansson, 1992:41) (Vorster, 1996:113) (Bingle, 2000:135). Dit lei daartoe dat opponerende belangegroepes binne gemeentes ontstaan (Westermeyer, 1998:5), wat die kernbetekenis van kerkliedere vervang met sekondêre doelwitte en lei tot verdere vervreemding van die klassieke psalms.

Saam met individualisme ontwikkel die bewuswording van persoonlike spiritualiteitsbehoeftes wat kan lei tot verdere "dilemmas" in die erediens (Van Niekerk, 2005:1). Ware (1995:9-11) beskryf die vier basiese spiritualiteitstipes van die mens as rationeel-analities teenoor emosioneel-intuïtief, asook die aanbidding van God as misterie teenoor God as konkreet-geopenbaar. Individuele gemeentelêde openbaar selde slegs een spiritualiteitsbehoefte, maar het meestal geïntegreerde elemente van verskeie spiritualiteite. Eietydse gemeentes bevat meestal elemente van die bogenoemde spiritualiteitstipes, maar ook één oorheersende, gemeentelike spiritualiteits-identiteit. Omvangryke (dikwels onontdekte) moontlikhede vir die bediening van verskillende spiritualiteitstipes word in die psalms aangetref (Curtis, 1997:287, 288, 294).

Veral ten opsigte van teologies-liturgiese sienings heers daar spanning tussen die aanhangers van 'n suiwer teologiese benadering en dié wat 'n pragmatiese verbruikersmentaliteit by liturgiese sang handhaaf (Vos en Pieterse, 1997:17). Vorster (1996:17) verwoord hierdie verskille as "institusionalisme en formalisme" teenoor "kontekstualiteit en funksionaliteit" terwyl Huisamen (1997:15) dit beskryf as die norme van kerkmusici wat die teologiese inhoud van die teks voorop stel, teenoor die aandrang van die "deursneelidmaat" om "lekker" te kan sing.

Psalms as die Woord van God is vandag nét so relevant vir alle lewensituasies en vir alle vlakke van die samelewing (Vos, 2005:41). In die vorm van 'n strofiese omdigting, beklemtoon deur 'n geskikte melodie, kan dit 'n onvervangbare trefkrag ontplooi (Strydom, 1994:257). Van al die Bybelboeke, het die Psalms deur die eeue die grootste invloed uitgeoefen op die vorming van die Christelike geloof sowel as op die ontwikkeling van die liturgie (Vos, 2005:19). Histories-ekumenies

sowel as eietyds-universeel is die psalms as liedere onvervangbaar (Cillié, 1982:14) (Vos, 2005:356). Geslagte van gelowiges vanaf die tyd van Dawid kon in die psalms 'n lofuiting, 'n aanbiddingsvoorbeeld, 'n geskiedenis-onderwyser, 'n wysheidsleermeester, 'n geloofsmotiveerder, 'n biegvader en troosmoeder vind (Routley, 1967:77, 86). In die Ou Testamentiese tempelbyeenkomste, die Nuwe Testamentiese sinagogale eredienste sowel as in die vroeë Christelike kerk funksioneer hulle in 'n gesonge liturgiese vorm (Johansson, 1992:122) (Strydom, 1994:10-14). Psalmsang is dus die vrugbeginsel van alle kerksang – die baarmoeder waaruit die meeste kerkliedere gebore is (Barnard, 1986:14) (Westermeyer, 1998:23-24). Gedurende die Hervorming is die waarde van die psalms as gemeentelike, liturgiese liedere opnuut bevestig. Dit was veral kenmerkend van die Calvinistiese reformasie sowel as van alle latere vertakings daarvan (Bosch, 1996:89). Hieruit is dit duidelik dat die NG Kerk 'n kosbare kleinood asook een van die hartare van die gereformeerde erfenis sou inboet indien die funksionele liturgiese aanwending van psalms verloor sou word.

Nuwe toonsettings in 'n verskeidenheid formate in onlangse liedbundels van ekumeniese hoofstroomkerke illustreer liturgies verrykende vorms van psalmsang. 'n Verskeidenheid liedvorms behalwe die (tradisionele) strofiese liedere, soos wisselsang, refrein- en antifonale moontlikhede, miniatuurvorms soos kanons, *Singsprüche* asook folkloristiese style kom reeds sedert die laaste helfte van die 1980s in kerksangbundels voor. Voorbeelde van vernuwende psalmformate kom in die volgende kerkliedbundels voor: *Hymns Old & New* (1986), *Psalter Hymnal* (1987), *Evangelisches Gesangbuch* (1994), *Chants de Taizé* (2001), *Agape Songs of Hope and Reconciliation* (2003), *Complete Mission Praise* (2005) en *Hymns of Glory Songs of Praise* (2008). Die “uitgangspunt van ons interkerklike psalmkommissie waar slegs een vorm (die strofiese omdigting van die volledige psalm) as 'n psalm beskou word” (Kloppers, 1999:15), was waarskynlik die rede waarom daar min van hierdie psalm-vorms by die *Liedboek 2001* ingesluit is.

Die 2001-hersiening van die psalms het behels dat hulle in meer byderwetse Afrikaans omgedig is en dat veral Geneefse melodieë in ongeveer 60 gevalle vervang is met "makliker singbare" wysies (Barnard, 2001:15). Volgens Kloppers (1997:242) was die musiekkommissie baie bewus daarvan dat nuwe toonsettings oorspronklik moet wees en nie "neo-Geneefs" nie. Die letterlike omdigting van die Bybelse Psalms het egter meermale "lang versreëls en/of baie strofes tot gevolg", wat juis by die "eietydse gelowige dikwels 'n gevoel van iets argaïes" skep (Kloppers, 1997:242).

Strydom (1992:10-11) waarsku dat "sommige Afrikaanse kerke" nie die psalms kon aanpas by die eietydse situasie, die aktuele stryd, en die plaaslike roeping van die kerk nie. Die 2001-omdigting het die liturgiese bruikbaarheid van die psalms grootliks versterk (Vos, 2005:355), maar blykbaar is hulle nog nie "liturgies verpak om tred te hou met die tydsgewrig waarin ons leef" nie (Strauss, 2005:14).

Uit die bostaande blyk dat die stigma wat voorheen aan die psalms gekleef het (Viljoen, 1997:59,62,117,122,124 en 129) (Fourie, 2000:268-269), nie uitgewis kon word nie en dat die dalende tendens van psalmgebruik nie deur die 2001-hervormings gestuit is nie. Hieruit volg dat dit belangrik geword het om die huidige situasie ten opsigte van psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika te ondersoek.

1.2.1 Hoofprobleemstelling

Hierdie navorsing is daarmee gemoeid om te bepaal wat die huidige stand van liturgiese psalmsang in die NG Kerk is.

1.2.2 Subprobleme

Voortspruitend uit die hoofprobleemstelling soos hierbo geformuleer, is die volgende navorsingsvrae relevant vir hierdie studie:

- Hoe het die Afrikaans-gereformeerde psalmsangtradisie tot stand gekom?
- Wat is die huidige gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika?
- Hoe het die toepassing van norme die historiese ontwikkeling van gereformeerde psalmsang beïnvloed?
- Watter faktore behoort tans ten opsigte van psalmsang in Suid-Afrika normatief benader te word?
- Watter relevante, vernuwende tendense word in ekumeniese kerkliedbundels aangetref?
- Hoe kan psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika bevorder word?

1.3 DOELSTELLING

1.3.1 Oorkoepelende doelstelling

Die hoofdoelwit van die studie is om die huidige stand van liturgiese psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika te bepaal en in histories-kulturele konteks te plaas.

1.3.2 Spesifieke doelwitte

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is om:

- die historiese ontwikkeling van Afrikaans-gereformeerde psalmsang te ondersoek;
- die huidige stand van liturgiese psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika te bepaal;
- die invloed van norme ten opsigte van historiese psalmsang na te gaan;
- die toepassing van norme op Afrikaanse psalmsang te ondersoek;
- tendense in eietydse, ekumeniese kerksangbundels te identifiseer wat op Afrikaanse psalms toegepas kan word; en
- 'n samevattende evaluering van psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika te maak en aanbevelings vir die bevordering daarvan voor te stel.

1.4 TEORETIESE ARGUMENT

Die praktyk van psalmsang in die NG Kerk word beïnvloed deur historiese gebeure, sosiaal-kulturele faktore asook die eietydse lewens- en wêreldbeskouing.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die volgende ondersoekmetodes is in die navorsing gebruik:

- Rekenaarsoektogte
- Literatuurstudie
- Empiriese ondersoek (vraelyste)
- Bestudering van geselekteerde eietydse psalmbundels
- Verwerking en toepassing van data.

Die motivering vir hierdie studie is om die *status quo* van psalmsang in die NG Kerk vas te stel. Ter wille van 'n diagnostiese benadering, word die historiese ontwikkeling van Afrikaanse psalmsang in Hoofstuk 2 in perspektief geplaas. Dit lei tot die empiriese studie wat in Hoofstuk 3 aan die orde kom en die eietydse situasie van psalmsang in die NG Kerk realisties belig. Uit hierdie gegewens word in Hoofstuk 4 oorsake vir die probleme gesoek, deur uit die historiese verloop aan te dui, hoe die toepassing van norme telkens tot bepaalde gevolge gelei het. Hoofstuk 5 bou hierop voort deur die faktore wat in Suid-Afrika die toepassing van norme noodsaaklik maak, uiteen te sit. Daaruit vloei telkens praktiese aanbevelings vir moontlike oplossings, waarby die invloede van globalisering en die vinnig-veranderende tendense van die tyd akkommoderend benader word. Inligting en voorbeelde uit die ervarings van die ekumenies-himnologiese wêreld word in Hoofstuk 6 ondersoek en as advies vir verdere beplanning aangewend. Uit die geheel word 'n slotsom bereik en afsluitende aanbevelings gedoen.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN PSALMSANG

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN PSALMSANG IN SUID-AFRIKA

Die psalms is van die oudste kerkliedere wat gedokumenteerd is. Die ontstaan, voortbestaan en gebruik van die Bybelse psalms tot in die vroeg-Christelike kerk en selfs tot in die hedendaagse kerk, is merkwaardig. Belangrike historiese bakens wat tot die huidige stand van psalmsang in die NG Kerk bygedra het, word in hierdie hoofstuk uitgelig.

2.1 OU TESTAMENTIESE PSALMSANG

Reeds tydens die ontstaantydperk van die psalms was daar sekere eienskappe of organisatoriese faktore wat aan die psalms 'n vaste plek in die Israelitiese eredienste verseker het – wat hulle bestaansreg in die Christelike kerk beklink het en waarop die hedendaagse kerksang vandag nog voortbou.

2.1.1 Aanwending van psalmsang in die Ou Testament

Psalmsang het in die Ou Testamentiese tabernakel- en die tempeldiens sowel as in die daaglikse lewens van die Israeliete 'n belangrike funksie vervul (Brink & Polman, 1998:18). Psalms is gesing by kultiese seremonies soos die daaglikse offerandes (1 Kronieke 16:39-41)², by godsdienstige volksfeeste soos Paasfees (2 Kronieke 30:2; 35:6,15) en die Loofhuttefees (2 Kronieke 7:6,9). Dit is gesing by historiese gebeurtenisse soos die kroning van 'n koning (Fourie, 2000:26), die terugbring van die ark na Jerusalem (1 Kronieke 15:16; 16:7-36), by belangrike veldslae (2 Kronieke 20:21) en die inwyding van die eerste tempel (2 Kronieke 5:13). Na die terugkeer van ballingskap is dankbare “gehuil” en “gejubel” “luidkeels” deur middel van psalmsang geuite, nadat die fundamente van die tweede tempel gelê is (Esra 3:10-11). (sien ook Bekker, 1999:229).

² Die 1983-vertaling van die Bybel is as uitgangspunt gebruik, maar in twyfelagtige gevalle is meer resente Afrikaanse en Engelse vertalings indirek, vergelykenderwys geraadpleeg.

2.1.2 Betrokkenheid van die volk by psalmsang

Uit die beskikbare gegewens blyk dat die Ou Testamentiese volk nie voltyds aan die psalmsang deelgeneem het nie, maar tog op verskillende maniere daarby betrek is.

Volgens Bybelse verwysings het die volk soms responsories deelgeneem deur middel van 'n "amen" of "halleluja" (Psalm 106:48). Verder kan die gebruik van antifonale sang, waar die gemeente betrokke was, uit onder andere Psalm 136 afgelei word. Fourie (2000:41) beweer dat die woord *Sela* in die vorm van 'n imperatief gebruik word wat "verhef" beteken – dus 'n aanduiding dat die gebruiklike antifoön, "Aan sy liefde is daar geen einde nie", op daardie plek gesing moet word. Volgens 2 Kronieke 7:3 blyk dat die volk gewoon was om hierdie refrein spontaan aan te hef – dit is dikwels wanneer jubelende lof en dank aan God betuig is, deur die volk gesing en kom voor in (Psalms 106, 107, 118, 136, 138; 1 Kronieke 16:34,41; 2 Kronieke 5:13).

2.1.3 Die uitvoering van Ou Testamentiese psalmsang

Aanwysings oor die uitvoering van psalms is nie besonder duidelik nie en word afgelei uit beskrywings van sommige feestelike geleenthede of na aanleiding van instruksies by sommige psalms. Volgens verwysings was dit waarskynlik Levitiese soliste (1 Kronieke 25:1), sangersgildes (1 Kronieke 25:2) of verskillende kore (Nehemia 12:31,40; Psalm 68:27) wat psalms in die tabernakel of tempel aangehef het.

Die bestaan van sangleiers of koorleiers, is duidelik uit die groot aantal psalms wat begin met: "Vir die koorleier". Volgens 1 Kronieke 25:1-3 het Asaf, Heman en Jedutun soms solisties-profeties gesing weens die woorde, "as profeet opgetree", wat gebruik word. Hulle is deur uitgesoekte instrumentaliste begelei, hoofsaaklik op liere (1 Kronieke 25:3), maar ook deur harpe en simbale (1 Kronieke 25:1).

Dit is duidelik dat die digters dikwels self by die uitvoering van hulle psalms betrokke was – dat hulle die psalms aanvanklik self gesing en begelei het. In hierdie verband word Dawid (Psalms 3, 7, 51, 52, 54), Asaf (Psalms 50, 73, 79, 82), die Koragiete (Psalms 42-49) en Etan (Psalm 89) genoem. Dawid het, by die psalms wat aan hom toegeskryf word, meestal aanwysings vir die uitvoering daarvan “vir die koorleier” gegee. Dit behels aanduidings van watter melodie of instrumente gebruik behoort te word. ’n Mens kan aflei dat Dawid aan die uitvoering van psalms asook aan die in-diens-opleiding van koorleiers aandag gegee het.

Melodieë wat bestem is om saam met die psalms gebruik te word, word voorgestel met “op die wysie van ...”. Volgens Vos (2005:45) was die liedere waarna verwys is bekende of populêre melodieë. Hieruit kan afgelei word dat hulle volksliedere of volkseienomlik was. Voorbeelde is onder andere by Psalm 9: “By die dood van die seun”; Psalm 22: “Die wildsbok van die daeraad”; Psalm 46: “Jong Vroue” en Psalm 56: “Die duif in die hoë bome”.

2.1.4 Begeleidingsinstrumente by die psalms

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat psalmsang tradisioneel begelei is deur instrumente wat geskep is “vir die lof van die Here” (1 Kronieke 23:5). Simbale, harpe en liere is meestal gebruik (1 Kronieke 15:16; 25:1, 6; 2 Kronieke 29:25).

Die instrumente wat by psalmsang gebruik is, is ontwerp deur Dawid volgens “’n opdrag wat van die Here self gekom het” (2 Kronieke 29:25). Hulle is spesiaal vervaardig vir die funksie wat hulle moes vervul (1 Kronieke 23:5; 2 Kronieke 7:6). Instrumente is meestal aangewend vir die begeleiding van psalmsang (Psalms 4, 5, 6), maar het soms ook selfstandig die lof van God verklank (Psalms 149:3; 33:3-5).

Begeleidings-instrumente het aangesluit by die karakter van 'n psalm. Snaarinstrumente is gebruik by vertrouensliedere soos Psalms 4, 54, 55, 67; 76. Die lier is gebruik wanneer 'n solis begelei is (Psalm 108:3-4; 1 Kronieke 25:2), fluitspel by smeekgebede (Psalms 5, 61, 88) of wysheidspsalms (Psalm 53), die trompet by jubelende blydschap (Psalm 97:6; 2 Kronieke 5:13; 2 Kronieke 23:13) en die ramshoring by feestelike volksgeleenthede (Psalms 47:6, 81:4; 98:6; 1 Konings 1:39,41; 1 Kronieke 15:28; 2 Kronieke 15:15). Volgens hierdie verskeidenheid blyk dit dat verskillende klankkleure en volumes aangewend is om uitdrukking te gee aan of om atmosfeer te skep by sekere psalms of geleenthede.

Sekere ampsdraers of groepe het bepaalde instrumente bespeel: Die priesters speel trompette (Numeri 10:8; 1 Kronieke 15:24; 16:6); die sangleier die simbale³ (1 Kronieke 16:5), die Levitiese sangers harpe en liere (1 Kronieke 16:5), terwyl vroue en jongmeisies tamboeryne speel (1 Samuel 18:7; Psalm 68:26). Leviete is afgesonder om te sorg vir “die lof van die Here” – as sangers sowel as instrumentaliste. Sommige van die talentvolste sangers het in gildes onder koorleiers gefunksioneer (1 Kronieke 25:2-6).

2.1.5 Dawid se organisasie van psalmsang

Dawid het moeite gedoen om die liturgiese musiek (die psalmsang en die begeleiding daarvan) in besonderhede te organiseer terwyl hy die beplanning vir die tempel gedoen het (1 Kronieke 6:31-33; 2 Kronieke 23:18).

Uit die Leviete is manne gekeur en opgelei om as liturgiese musici in die tabernakel of tempel diens te doen. Vier duisend sangers en musici is gekeur en afgesonder “vir die lof van die Here” (1 Kronieke 23:5, 16:4-6; 16:41-42) en vir hulle taak opgelei (1 Kronieke 25:7). 'n Hoë kwaliteit van uitvoering kan afgelei word uit verskeie Bybelse verwysings: die Leviete was professionele musici (1 Kronieke 9:33; 2 Kronieke 34:12b), hulle was deeglik afgerond (2 Kronieke 5:13),

³ Waarskynlik 'n vorm van leiding soos 'n dirigent.

hulle kon die taak met oorgawe uitvoer (2 Kronieke 29:30), en 2 Kronieke 30:22 meld dat die koning die Leviete geprys het “oor die bekwaamheid waarmee hulle dié kuns voor die Here beoefen het”.

Die kore was gedissiplineerd (2 Kronieke 5:12-13). Volgens Psalm 68:25-26 was daar ’n bepaalde orde waarin die optogte ná of in die tempel beweeg het. Soms is bepaalde staanplekke vir sangers of instrumentaliste aangedui (1 Kronieke 6:39, 44; 2 Kronieke 7:6; 29:25) en hulle was tradisioneel in linneklere geklee (2 Kronieke 5:12).

Sangersgildes en instrumentaliste is ingedeel om volgens familie-groepe diens te doen (1 Kronieke 25:2) – wat vanselfsprekende oordrag van verantwoordelikheid op hulle nageslag tot gevolg gehad het (1 Kronieke 9:33-34). Ook die sangleiding onder Asaf, Heman en Jedutun (1 Kronieke 25:1-6) het die permanente verantwoordelikheid van die betrokke nageslagte gebly (2 Kronieke 29:13; Esra 3:10-11; Nehemia 12:45,46).

2.1.6 Poëtiese eienskappe van die Hebreeuse Psalmstekste

Die psalms was gewortel in die tradisies en alledaagse, kulturele lewe van die volk (Psalm 18:29-30, 35; Psalm; Psalm 57:5, 7). Tiperend van Hebreeuse psalms is ’n taalgebruik wat naby aan die gewone spreektaal en lewenservarings was – wat daarom duidelik verstaanbaar en dus maklik toeganklik vir die volk was (Fourie, 2000:34).

Besondere poëtiese eienskappe van die Hebreeuse psalmtekste het die trefkrag daarvan verhoog. Sekere poëtiese tegnieke kon reële beelde skets: Vergelykings waar ang ’n rol speel, “soos leeus” of “soos dié van ’n vrou wat ’n kind in die wêreld bring” (Psalms 35:17; 48:7) was algemene probleme. Metafore uit die natuur, die “herder”, “groen weivelde”, “waters” en gevare soos ’n “put” en “slymerige modder” (Psalms 23:1-2; 40:3) was aktueel. Hiperbole, doelbewus-oordrewe beskrywings,

soos berge wat skuif “tot in die dieptes van die see” en Israel wat beskryf word as ’n wingerdstok waarvan die “skaduwee ... die berge oordek” (Psalms 46:3; 80:11) kon hulle met ontsag vervul. Personifikasies soos “liefde en trou sal mekaar omhels” en “die bulte wat juig” (Psalms 85:11; 65:13) kon bekende godsdienstige uitdrukkings of natuurbeelde by die volk oproep.

Een van die sleutelkenmerke van Hebreeuse poësie is die parallelisme, waar twee digreëls ooreenstemmend of kontrasterend as ’n koeplet gebruik word (Psalms 39:4; 107:33). Volgens Westermeyer (1998:18-19) en Strydom (1994:15-16) veronderstel die parallelle struktuur van die Hebreeuse poësie antifonale sang: waar die eerste koor die eerste frase sing en ’n tweede koor die parallelle frase. ’n Verdere funksie van hierdie vorm van herhaling is ’n komplementering (Psalm 53:3b) of intensivering (Psalm 53:5a) van die onderwerp (Vos, 2005:33-34).

Die psalms weerspieël tipiese eienskappe van Oud-Israelitiese digkuns ten opsigte van emosionele diepte en ontroering. Volgens Vos (2005:29-30) is die beeldspraak, uiteensetting, poëtiese konstruksie en klankkleure van dié tydperk intensief en meevoerend (sien byvoorbeeld Psalms 42:4; 131:2; 135:19-21; 150.)

Dit is tydens die emosionele trauma van die ballingskap dat die psalms deur die volk aangegryp is; waar die Israelitiese volksgemeenskap in die psalms “ vertroosting” vind. Dit lei daartoe dat die psalms “werklik algemene volksbesit” word (Coetzee, 1993:8). Volgens Psalm 137:3, 4 kan afgelei word dat die volk die psalms van buite geken het en daarom kon aanwend om hulle nood voor God uit te sing.

2.1.7 Verskillende kategorieë van psalms

Die psalms dek ’n groot verskeidenheid van menslike emosies en belewenisse wat die trefkrag daarvan verhoog. Dit kan onder andere in die volgende kategorieë ingedeel word:

Klaagpsalms word meestal geuit deur 'n individu en gekenmerk deur die persoonlike voornaamwoord "ek". By die volkere van die "Ou Nabye Ooste" het die enkeling en die gemeenskap mekaar veronderstel, sodat die individuele en gemeenskaplike denke maklik versmelt het (Strydom, 1994:11). Persoonlike klagtes van individue kon as gemeentelike of as "ons"-probleme verwoord word (Psalm 102). Klagtes is aan God gerig, dikwels verwyttend, maar ook met 'n ondertoon van vertroue wat meestal oorgaan in 'n uiting van dank oor God se verlossing. Hierdie psalms vorm volgens Vos (2005:79) byna een derde van die psalms, byvoorbeeld Psalms 3-7, 13, 17, 22, 25-28, 31, 35, 38-39, 42-43, 51-52, 54-57, 61, 64, 69-71, 77, 86, 88, 102, 109, 120, 130 en 139-143.

Gods grootheid en eer word deur die volgende kategorieë verteenwoordig: vertrouensliedere (Psalms 12, 16, 23, 54, 61, 62, 71, 91), lofliedere (Psalms 30, 33, 34, 47, 65-68, 81, 89, 95-98, 103, 105-107, 111, 113, 117, 135-136, 144-150), dankliedere (Psalms 30, 34, 40, 100, 118, 138), skeppingspsalms (Psalms 8, 19, 29, 104, 147, 148), feespsalms (Psalms 30, 81, 92, 118) en oorwinningsliedere (Psalms 18, 21, 27, 92, 98).

Ander kategorieë is bedevaartliedere (Psalms 120-134), koningspsalms (Psalms 18, 20, 21, 45, 47, 72, 89, 93, 96-99, 110), Tora-psalms (Psalms 1, 19, 37, 112; 119), wysheidpsalms (Psalms 1, 53; 127), geskiedenis-psalms (Psalms 78, 105-106), Sionpsalms (Psalms 48, 87, 93, 96, 122; 126), boetepsalms (Psalms 32, 51; 130), onskuldpsalms (Psalms 17, 26; 41), vloekpsalms (Psalms 58, 109; 137), liturgieë (Psalms 15; 24) en mengvorme soos Psalms 31 en 81 (Coetzee, 1993:6; Strydom, 1994:10; Fourie, 2000:33-34; Vos, 2005:6-9).

2.1.8 Die psalms as deel van die Oud-Israelitiese volksidentiteit

Tydens die ballingskap en daarna word dit duidelik dat die psalms deel van die Israelitiese volksidentiteit was (Vos, 2005:191) en dat die uniekheid daarvan by die

omringende heidenvolke bekend was. In Psalm 137 vra die Babiloniërs die ballinge om 'n Sionslied te sing. Volgens Vos (2005:271) is dit 'n lied waarin daar na Sion verwys word, waarin die grootheid van Sion, Jerusalem en eintlik Jehova besing word. Uit die konteks van Psalm 137 kan afgelei word dat die psalms as "lied(ere) van die Here" geassosieer is met die volk Israel en as sulks by die heidenvolke bekend was (Psalm 137:3-4).

Ook die instrumente waarmee die psalms begelei is, was volgens Psalm 81:3-6 deel van die Israelitiese kultuskultuur en gerig op die lof van God. Gedurende tye toe Godvresende konings geregeer het, het die aanbidding van God die volk opnuut saamgebind; die tempeldiens saam met psalmsang het die volk dan telkens met hernude entoesiasme laat terugkeer na hulle wortels (2 Kronieke 7:6, 23:18, 29:30; 35:16).

Samevattend uit hierdie afdeling is vasgestel dat psalmsang sentraal gestaan het in die liturgiese- en volkslewe van Ou Testamentiese Israel – dit was die primêre rede waarom dit binne die volkskultus en -tradisie kon bly voortleef. Verder was die kwaliteit van uitvoering, die dissipline en die permanente, organisatoriese aspekte verantwoordelik vir die instandhouding daarvan.

Besondere moeite en beplanning is aan die uitvoering van psalms bestee: musiekinstrumente is oordeelkundig vir die begeleiding van soliste of kore aangewend. Klankkleure en volume is aangepas om atmosfeer by liturgiese of volksgebeure te skep en die funksionaliteit van die musisering te bevorder.

Die volk is op verskillende wyses aktueel by die psalmsang betrek – dit kon as persoonlike en kollektiewe uiting van hulle mees intensiewe belewenisse dien. Hulle kon onder verskillende omstandighede daarmee vereenselwig. Poëties-geïntensiveerde beskrywings van menslike ervarings het deur toepaslike taalgebruik en aktuele omstandighede bygedra tot die sentrale plek wat die psalms in die Israelitiese kultiese en volkslewe ingeneem het.

Deurdat God dit so verordineer het, het die psalms saam met die toepaslike begeleidingsinstrumente en die uitvoering daarvan onder leiding van Goddelike inspirasie tot stand gekom. Hierdeur het dit deel van die Oud-Israelitiese kultus en volksidentiteit geword sodat psalmsang vanselfsprekend in die sinagoges voortgesit is.

2.2 DIE ROL VAN PSALMS IN DIE SINAGOGEDIENSTE

Absolute gegewens oor die Ou Testamentiese sinagoge-eredienste is skraal; die beskikbare bronne maak meestal van afleidings gebruik. Hierdie fase is egter belangrik in die ontwikkelingsgeskiedenis van psalmsang sowel as dié van die Christelike kerk. Volgens Strydom (1994:14) het die sinagogediens 'n "eie aard en funksie gehad" wat verskil het van die tempelkultus en het dit " 'n blywende invloed uitgeoefen op die aard en ontwikkeling van die Christelike liturgie." Die sinagogediens skep, volgens Fourie (2000:80-81), 'n "patroon vir alle Christen-aanbidding" dus ook en veral vir die kerklied.

2.2.1 Psalms in die Ou Testamentiese sinagogediens

Westermeyer (1998:41) meen dat die sinagogediens ongeveer 587 v.C. ontstaan het – net voor of tydens die ballingskap. Ander bronne beweer dat hierdie vorm van aanbidding tydens die ballingskap-tydperk ontstaan het (Barnard, 1981:89). Vermoedelik was dit om die leemte aan die eie, godsdienstige aanbidding in die vreemde te vul (Fourie, 2000:76-77), "toe Israel afgesny was van die tempel" (Strydom, 1994:14).

Met die terugkeer na Palestina en die herbou van die tempel was hierdie aanbiddingstyl só gevestig dat dit naas die tempelkultus bly voortbestaan het (Strydom, 1994:14). Die psalms het veral tydens die diaspora by die volk inslag gevind (Coetzee, 1993:8) omdat hulle hul nood voor God deur die klaagpsalms

kon verwoord. Sommige psalms, byvoorbeeld Psalms 74, 79, 80, 102 en 137, is waarskynlik tydens of na die ballingskap-tydperk geskep of in 'n finale vorm gegiet (Coetzee, 1993:5). Tipies van Ou-Testamentiese beginsels kon die volk individueel en gemeenskaplik met die teks identifiseer – sodat baie van die individuele “ek”-psalms tydens die diaspora tot “ons”-gebede ontwikkel het (Vos, 2005:339). Psalm 102 is 'n voorbeeld waar gemeenskaplike smeekbedes tydens die ballingskap by 'n aanvanklike persoonlike psalmteks gevoeg is.

Volgens Strydom (1994:16) het die gemeente in die sinagogedienste mettertyd al hoe meer aktief-singend deelgeneem. Uit bostaande kan afgelei word dat die sing van psalms ook in die alledaagse volkslewe 'n steeds groter rol gespeel het. Leviete het volgens beskikbare gegewens moontlik 'n aandeel in die samestelling van die psalms gehad (Vos, 2005:345). Asaf word genoem as 'n belangrike rolspeler in die finale liturgiese afronding van die psalms (Vos 2005:154,160).

2.2.2 Die uitvoering van psalms in die sinagogediens

Die skrywers van 1 en 2 Kronieke beklemtoon die belang van psalmsang in die Oud-Israelitiese kultus. Veral na die ballingskap, tydens die sinagogetydperk, het psalmsang 'n volkseïendomlike erfenisdeel van die alledaagse lewe geword (Coetzee, 1993:18) en het dit 'n aktuele, gemeentelik-liturgiese rol vervul. Gemeentelike psalmsang was volgens Strydom (1987:18) die primêre sangwyse gedurende hierdie tydperk.

Die kantor of voorsanger het 'n tipe psalmodie of spraaksang gebruik om die Skriflesings voor te dra. Hierdie Skriflesings is afgewissel deur psalmsang (Strydom, 1994:14). Volgens die oorgelewerde Christelike liturgiegeskiedenis was die psalmodie 'n voordrag op verhoogde toon wat deur subtile intonasie die teks moes help verklaar en 'n eksegetiese funksie vervul het (Strydom, 1994:15). 'n Nuwe woord-toonverhouding was grondliggend vir die sinagogetradisie.

Psalmsang in die vroeë sinagogekultus is nog tradisioneel begelei (Nehemia 12:27, 35-36) terwyl die spraakmelodieë blykbaar onbegeleid voorgedra is (Fourie, 2000:85). Volgens die Nuwe Testamentiese benadering, soos in die vroeë kerk, is vokale musiek belangriker as instrumentale musiek geag (Westermeyer, 1998:67). Daarom geskied sinagogesang vanaf hierdie bedeling slegs deur die menslike stem, dit wil sê onbegeleid (Barnard, 1981:99).

Antifonale sang dateer reeds uit die tempelliturgie waar die gemeente telkens die koorsang met 'n bekende refrein geantwoord het (Vos, 2005:342). Hierdie tradisie is opgeneem en verder ontwikkel in die sinagogeliturgie. Levitiese kore het die psalms se parallelle-struktuur as liturgiese antifoniek benut. Andersins het die liturgiese dialoog tussen die voorganger en gemeente plaasgevind (Strydom, 1994:15-16).

2.2.3 Die invloed van sinagogedienste op psalmsang in die vroeg-Christelike kerk

Die invloed van die sinagogediens kan as grondliggend vir die ontwikkeling van die vroeg-Christelike liturgie beskou word (Strydom, 1994:17). Veral omdat dit die deelname van die gemeente gevestig het (Fourie, 2000:80-81, 84), het psalmsang 'n belangrike bydrae in hierdie vroeë eredienste gelewer. Volgens Routley (1967:237) was Psalms 145-150 die eerste psalms wat gereeld gemeentelik in die sinagoges gesing is.

In die Nuwe Testamentiese sinagogedienste is daar beslis van psalmsang gebruik gemaak (Barnard, 1981:99, 146). Paulus het eerstens die Jode probeer evangeliseer en dus by uitstek die sinagoges as 'n platform gebruik (Handelinge 17:1, 10, 17; 18:4, 19). Tydens hierdie fase was psalms die hoofbron van liturgiese liedere in die sinagoges. In die lig van God se heilsplan wat op 'n nuwe manier geopenbaar is deur Christus se verlossingswerk, het sommige Christene aan die psalms Messiaanse betekenis probeer heg (Strydom, 1994:16). Dit het veroorsaak

dat die psalmodie van psalms deur voorgangers uit die offisiële liturgie van die sinagoges geskrap is (Vos, 2005:337).

2.2.4 Psalms in die Nuwe Testamentiese sinagogediens

Die aanvang van die Nuwe Testamentiese verbond word deur Christus aangekondig tydens die laaste paasmaaltyd, by die instelling van die eerste nagmaal (Matteus 26:26-30). Fourie (2000:62) wys op die sing van “die lofsang” (Psalms 113-118) as die afsluiting van die ou verbond wat tegelykertyd die begin van die nuwe verbond lofsingend aankondig (Matteus 26:30)⁴. Dit plaas die psalms sentraal binne die Nuwe Testamentiese bedeling.

Jesus en sy dissipels plaas ’n ere-stempel op die sinagogediens deur dit gereeld by te woon (Lukas 4:16) asook deurdat Hy aktief daaraan deelneem (Matteus 9:35; Markus 6:2). Die gevolg hiervan was dat dit vir die apostels vanselfsprekend was om hulle aanbidding binne die Joodse tradisie in die tempel en die sinagoges voort te sit.

Die gemeentesang-tradisie is vanuit die Ou Testamentiese sinagogediens na die Nuwe Testamentiese gemeentes oorgedra. Psalms was aanvanklik die hoofbron van gemeentesang omdat dit goed bekend was (Barnard, 1981:99). Verskillende Nuwe Testamentiese bewysplase beskryf die gebruik van psalms, soos 1 Korintiërs 14:15 en 26; Efesiërs 5:19; Kolossense 3:16 en Jakobus 5:13.

Gebaseer op die oppersaalgebeure of die eerste nagmaal, ontwikkel die Nuwe Testamentiese gemeenskaplike maaltyd (Strydom, 1994:17). Die oppersaal-liturgie as gedagtenismaaltyd was vir die vroeë kerk essensieel. Om hierdie rede het die vroeë erediensliturgie uit ’n samevoeging van die sinagogediens en die oppersaal-nagmaal bestaan (Barnard, 1981:109; Strydom, 1994:19). Volgens Fourie

⁴Volgens die Joodse gebruik is Psalms 113-118, die Hallèl, tradisioneel na die Pasga gesing (Cillie, 1882:12).

(2000:85) het die gemeente gereeld Psalms 145-150 in die sinagoge gesing. Omdat die Hallel (Psalms 113-118) tradisioneel deel van die Pasga was, kan dit aanvaar word dat psalms ook deel van die gedagtenismaal was.

Die byeenkomste van die vroeë kerk was hoofsaaklik gebaseer op dié van Ou Testamentiese Israel (Strydom, 1994:16). Daarom kan dit aanvaar word dat die tradisie van psalmsang as vernaamste kerkliedere na die Nuwe Testamentiese sinagogebyeenkomste oorgedra is. Christene het tot ongeveer 70 n.C.⁵ veral in die tempel en sinagoges vergader. Hulle is egter mettertyd uit die sinagoges geban (Strydom, 1994:17).

2.2.5 Die liturgiese funksionaliteit van psalms in die Nuwe Testamentiese sinagogediens

By die Nuwe Testamentiese sinagogetradisie het lofprijsing, gebed en lering uit die Skrif as pilare gedien waarop die liturgie gerus het (Strydom, 1994:17). Psalms kon aan beide die verkondigings- en die responskant van die liturgiese gebeure funksioneer – dit kon dialogies-liturgies, vertikaal en horisontaal kommunikeer. Die verskillende, opeenvolgende Skriflesings uit die tora, profete en ander geskryfte is afgewissel met die sing van psalms sodat die psalms 'n samebindende komponent in die sinagogediens se liturgie gevorm het (Strydom, 1994:14-15).

Dit was in die sinagoges waar psalmsang as gemeentelike, liturgiese element ontwikkel het, veral omdat dit onder andere responsoriese en antifonale sang ingesluit het (Strydom, 1987:18). Weens hulle parallelle struktuur was dit voor-die-hand-liggend dat psalms hierdie funksies sou kon uitvoer.

Die eenheid van die Woord- en Tafeldiens ontwikkel vroeg in die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese eredienste (Strydom, 1994:19) sodat dit toe bestaan het uit lofprijsing, gebede, onderrig en die gedagtenismaaltyd. Die totale Christus-

⁵ Ongeveer 70 n.C. het die verwoesting van die tempel plaasgevind.

gebeure is egter beklemtoon (Fourie, 2000:58,59). Weereens speel die psalms 'n sentrale rol by hierdie liturgie, want by die sinagogedienste is psalmsang tussen die Skriflesings ingebed en by die oppersaaldienste is die Hallel (Psalms 113-118) tradisioneel gesing (Strydom, 1994:21).

Die interaktiewe, kerugmatiese faset wat onder andere by die psalms aangewend is, word in 1 Korintiërs 14:26 gemeld (sien ook Strydom, 1994:21). Paulus stel egter psalms as 'n onbetwyfelbare liturgiese element in die erediens. Ander bydraes of "gawes" soos onderwysings, openbaringe en glossolalie is wel toegelaat, maar met voorbehoude en ernstige vermanings.

Uit hierdie afdeling het geblyk dat die ontwikkeling van die sinagogeliturgie en die rol van psalms daarin, grootliks deur die ballingskap gestimuleer is. Die belangrikste bydrae van sinagogedienste tot die vroeg-Christelike liturgie het eerstens in die grondliggende gebruikmaking van gemeentesang gelê. Hierdie fase in die kerkliedgeskiedenis beklemtoon die waarde van psalmsang – waar die funksionele, liturgiese en antifoniese gebruik daarvan opnuut betekenis gekry het. Dit is as gevolg hiervan dat instrumentale begeleiding tydens hierdie tydperk uitgefaseer het.

Die funksionele rol wat psalmsang by die liturgieë van die Nuwe Testamentiese sinagogedienste gespeel het, was belangrik vir die voortbestaan van die psalms. Dit was een van die redes waarom dit as onvervangbare liederfenis van die Kerk kon bly voortbestaan.

2.3 DIE ROL VAN PSALMS IN DIE VROEË KERK TOT VOOR DIE HERVORMING

Die psalms oorspan nog steeds die eeue as 'n historiese skakel tussen die eietyd, die oorsprong daarvan in die sinagoge en die Israelitiese tempelsang. Vos (2005:355) skryf: "The singing of the psalms in the church service always reminds

us of the vigorous origins of Israel, Judaism, the Temple and the Synagogue". Vanaf hulle vroegste ontstaansgeskiedenis het die psalms die geloof van die Godsvolk gevoed en deel van die liturgie gevorm (Vos, 2005:37). As kernbundel van die Kerk van Christus het die psalms voortgegaan om deur die Middeleeue 'n invloed uit te oefen (Barnard, 1981:99,101).

Die psalms van Israel kan as Joods-Christelike gebede beskou word (Vos, 2005:49) en kon daarom in die vroeg-Christelike fase van die geskiedenis as ideale, liturgiese liedere funksioneer (Vos, 2005:337). Omdat die vroeë Christelike liturgie uit dié van die sinagoge ontwikkel het, het dit vermoedelik ook van liturgiese psalmodie gebruik gemaak (Coetzee, 1993:8). Verder kan aanvaar word dat die praktyk van onbegeleide wisselsang in die vroegste Christen-byeenkomste voortgesit is (Strydom, 1994:23) en dat hierdie tradisie van psalmsang na die post-apostoliese fase oorgedra is (Fourie, 2000: 94-95).

Daar bestaan relatief baie gegewens oor hierdie geskiedkundige tydperk (Osbeck, 1987, Strydom, 1994; Westermeyer, 1998). Hierdie afdeling word volgens ontwikkelingsgebeure ingedeel met die liturgiese aanwending van psalmsang as uitgangspunt.

2.3.1 Psalmsang tydens die aanvangsjare van die Nuwe Testamentiese kerk

Die vroeg-Christelike kerk het gedurende die aanvangsjare van die eerste eeu n.C. in die tempel en sinagoges vergader (Osbeck, 1987:48). Hulle het egter die liefdesmaaltye in hulle huise gevier (Handelinge 2:46). Psalmodie asook antifonale psalmsang in die styl van die sinagogediens vorm waarskynlik 'n belangrike deel van hulle aanbiddingspraktyk (Strydom, 1994:23).

Gedurende die begintydperk van die Nuwe Testament is dit duidelik uit verskillende Bybelse verwysings dat die gemeentesang en veral psalms die

normale sangwyse was (Kolossense 3:16; Efesiërs 5:19). Paulus hanteer dit as 'n vanselfsprekende deel van die liturgie (1 Korintiërs 14:26; Strydom 1987:18).

Ongeveer 54-86 n.C., onder keiser Nero, het 'n gewelddadige vervolging van die Christene uitgebreek. Dit is gedurende hierdie tydperk wat die tempel ontheilig en vernietig is – wat gedeeltelik daartoe gelei het dat Christene in die katakombes begin vergader het (Fourie, 2000:100). In 135 n.C. is Jerusalem vernietig en die Jode oor die ganse Romeinse ryk verstrooi (Osbeck, 1987:49).

2.3.2 Psalmsang tydens die tweede tot vierde eeue

Aan die begin van die tweede eeu is Ignatius van Antiochië (110-117) se naam gemeld in verband met antifonale sang in die erediens (Barnard, 1981:156). Teen die einde van die tweede eeu het die eenvoudige herinneringsmaaltyd tot 'n uitgebreide liturgie, die eucharistie, ontwikkel (Strydom, 1994:25-30). Psalmsang is tydens die eucharistie-viering geïmplementeer deur dit antifonies tussen Skriflesings te sing (Fourie, 2000:109).

Gedurende die derde eeu het Tertullianus getuig van die belangrike rol van psalmsang in die Christelike aanbidding (Westermeyer, 1998:23). Verdere ontwikkelinge gedurende hierdie tydperk was musieknotering (Barnard, 1981:165), die ontstaan van die eerste himnes (Fourie, 2000:116) en die vestiging van die kloostertradisie – waar onder andere ook antifonale psalmsang gebruik is (Fourie, 2000:111).

By die aanvang van die vierde eeu het Athanasius, biskop van Alexandrië, op die voorgrond getree deur aan te dring daarop dat die psalmsang so na as moontlik by spraak moet aansluit. Sy motivering was die duidelike oordra van die Skriftelike boodskapinhoud van die teks sodat God se liefde deur die saambindende, koinoniale funksie van psalmsang beter beklemtoon kon word (Westermeyer, 1998:84).

2.3.3 Die vroeë kerkvaders en psalmsang

Ingrypende omwentelinge kenmerk ontwikkelinge in die kerk tydens die vierde eeu. Godsdienstvryheid is in die jaar 313 aan die Christene toegeken terwyl die Christelike godsdien in 380 as staatsgodsdien van die Romeinse Ryk verklaar is (Strydom, 1994:30). 'n Nuwe kultuursituasie het ontstaan, aangesien die vervolgde *corpus Christi* (liggaam van Christus) vervang is deur die *corpus Christianum* (kultuur-Christendom) (Bingle, 2000:84).

Alhoewel Chrisostomus (350-407) verantwoordelik is vir die eerste vrye kerkliedere, heg hy groot waarde aan die psalms wanneer hy erken dat "Dawid in werklikheid in al die kerk se aanbidding eerste, middelste en laaste was" (Westermeyer, 1998:23). Teen die tweede helfte van die vierde eeu voer responsoriese psalmsang tussen kantor en gemeente egter nog die botoon (Barnard, 1981:169 en Strydom, 1994:32).

Ambrosius (340-397), die biskop van Milaan, het gesorg vir 'n kentering in die kerkliedgeskiedenis. Hy kan as die vader van die Westerse strofiese himne beskou word. Sy himnes het geweldig byval gevind omdat hulle die gemeente aktief betrek het by die liturgiese gebeure (Strydom, 1994:35). Hoewel Ambrosius welsprekend was in sy lof van die psalms (Westermeyer, 1998:24) was sy himnes só gewild dat dit die liturgiese gebruik van psalmsang begin vervang het (Fourie, 2000:132). Hy het ook die siening onderskryf dat geen instrumentale musiek in die kerk behoort gebruik te word nie (Westermeyer, 1998:83).

Die volgende belangrike figuur is Augustinus (354-430), biskop van Hippo in Noord-Afrika. Sy standpunte oor die "positief-etiese" krag van kerksang het 'n verreikende invloed op die reformatore en veral Calvyn uitgeoefen (Strydom, 1994:36). Hy het aanbeveel dat "lofliedere en psalms gesing moet word volgens die Oosters-Joodse gebruik" (Coetzee:1993:9), waar die woorde die melodiese wendinge gedikteer het (2.2.6). Die uitwerking van musiek was vir hom waardevol

(Westermeyer, 1998:86), maar hy het gewaarsku teen “vleeslike genieting” wat soms op die voorgrond kon tree.

As gevolg van bostaande oortuigings het hy daarop aangedring dat die teksinhoud te alle tye prioriteit moes geniet, asook dat die genot van die musiek en die melodie ondergeskik aan die geestelike inhoudswaarde van die teks moes wees (Strydom, 1994:36). Hierdeur het hy rigtinggewende beginsels gevestig wat deur Calvyn verder uitgebou is en tot vandag toe as kerkmusieknorme in hoofstroomkerke geld.

2.3.4 Die invloed van Gregoriaanse psalmodie op psalmsang

Tydens die sesde tot sewende eeue was dit Pous Gregorius die Grote (540-604) wat groot organisatoriese, liturgiese omwentelinge in die erediens bewerkstellig het (Strydom, 1994:37). Die grootste liturgiese ontwikkeling wat aan hom te danke is, is dat hy verantwoordelik was vir die totstandkoming van die Gregoriaanse psalmodie, *Cantus Romanus*. Daarmee word onberymde, resiterende Latynse psalmsang wat eenstemmig-onbegeleid gesing is, aangedui (Strydom, 1994:38). Psalmodiërende sang uit die Ou Testamentiese, Joodse tempelkultus en sinagogedienste is deur Gregorius in 'n nuwe vorm teruggebring (Bingle, 2002:92).

Omdat hierdie styl van psalmodie deur 'n solis en kore behartig is, is gemeentelike deelname daarmee grootliks uitgeskakel (Osbeck, 1987:60). Gregoriaanse psalmodie het hoofsaaklik uit Latynse, antifoniese psalmsang bestaan (Barnard, 1981:229). Hierdie eenstemmige, onbegeleide kerksang is verteenwoordigend van die mees verhewe, estetiese kerksang van alle tye (Strydom, 1994:38).

Gedurende die agste eeu het keiser Karel die Grote die Gregoriaanse liturgie tot amptelike liturgie verklaar om daardeur eenvormigheid in die Romeinse ryk te bevorder (Strydom, 1994:37-38). Sy hoofdoel was egter eenvormigheid ten opsigte

van die kerklied – wat, volgens die Gregoriaanse tradisie, hoofsaaklik op 'n psalmbasis gegrond was (Westermeyer, 1998:104).

2.3.5 Die invloed van die Rooms-Katolieke kerk op psalmsang

Tussen die vierde en sestiende eeue het die onderliggende Christelike filosofie van die kerk geleidelik verander na dié van die Rooms-Katolieke kerk (RK). Grondliggend kan die verandering van die Christelike kerk na die Rykskerk hiervoor verantwoordelik gehou word, sodat die oorspronklike, Skrifgefundeerde filosofie by die Middeleeuse kerklied verlore geraak het (Roux, 1986:18).

Die bo-aardsgerigte, Gregoriaanse psalmodie, saam met die latere ontwikkeling van ingewikkelde polifoniese koorsang, het só verhewe geword dat dit vir die onontwikkelde kerkvolk geen betekenis kon inhou nie (Roux, 1986:18). Verder het die kerkmusiek, deur die ontwikkeling van polifoniese kerksang, steeds meer gekompliseerd geword sodat dit slegs professioneel gesing kon word (Fourie, 2000:138). Hierdeur is gemeentelike kerksang tot swye gebring (Westermeyer, 1995:12).

Saam met die gebruik van Latyn as liturgiese voertaal het die psalmsang vir lekekerkgangers onverstaanbaar geword en moes gelowiges ander maniere vind om hulle lof aan God uit te sing. Hierdie basiese behoefte van gelowiges moes noodwendig lei tot die ontstaan van alternatiewe sangvorme (Strydom 1994:40). So het verskeie soorte improvisatoriese style of sekwense en verskillende vorms van himnes ontstaan, sowel as volksgeoriënteerde, geestelike liederes in die moedertaal (Bingle, 2000: 92-93).

2.3.6 Oorsigtelike stand van psalmsang tydens die Middeleeue

Deur die Middeleeue het Gregoriaanse psalmodie feitlik onveranderd gebly as die wyse van Christelike lofuiting by die Roomse mis (Routley, 1979:1). Die katolieke, liturgiese struktuur is dus hoofsaaklik gehandhaaf (Strydom, 1994:44). Dit het daartoe gelei dat enige verdere ontwikkeling van psalmsang in die Gregoriaanse liturgie gestol het.

Tydens die vroeë Middeleeue is musikale ontwikkeling deur die Rykskerk (psalmsang ingesluit) beperk tot die liturgie. Gedurende die Middeleeue was die praktyke van die RK 'n groeiende beïnvloedingsfaktor. Dit het kulmineer in 'n oorheersende deelname tussen priesterlike kore en soliste waar van antifonale psalmsang sowel as ingewikkelde, polifoniese sang gebruik gemaak is (Osbeck, 1987:57-59; Strydom, 1994:39, 45).

Psalmsang het tydens die Middeleeue 'n belangrike rol in die kloosters begin vervul, waar die psalms op 'n gereelde basis deurgesing is (Westermeyer, 1998:24). Meerstemmigheid het gedurende die Middeleeue ook in die kloosters posgevat en uitgebrei (Fourie, 2000:140).

Die gesproke en gesonge liturgiese dialoog tussen gemeente en voorganger, wat eiendomlik van die vroeg-Christelike kerk was, het later plek gemaak vir sensasiewekkende praktyke: staatsplegtighede, indrukwekkende ampsdrag, verchristelikte heidense feeste en die brand van wierook en kerse (Strydom, 1994:30-31). As gevolg van hierdie ontwikkelinge het die behoefte aan "ingrypende hervorming" toenemend belangrik geword (Strydom, 1994:46). Die negatiewe gevolge van bo-aardse, ontoeganklike psalms het só ondraaglik geword dat meelewende gemeentelike deelname deur psalmsang feitlik onmoontlik geword het.

Dit is daarom duidelik dat psalms op verskillende maniere in die vroeg-Christelike kerk aangewend is en dat psalmsang 'n sleutelfunksie in die liturgie vervul het. Gedurende die vierde eeu het rigtinggewende ontwikkelinge plaasgevind wat die sing van psalms direk sou beïnvloed: in hierdie tydperk het die eerste vrye kerkliedere tot stand gekom, en Augustinus het sekere beginsels gevestig vir liturgiese liedere wat waarskynlik later die styl van die Gregoriaanse styl van psalmsang kon help vorm het. Voorts het pous Gregorius groot organisatoriese, liturgiese omwentelinge bewerkstellig in die erediens deurdat hy die psalms in 'n vaste styl laat giet het. Keiser Karel die Grote het Gregoriaanse psalmodie tot amptelike liturgiese liedstyl verklaar, om sodoende 'n eenvormige psalmstyl in die Romeinse ryk te bewerkstellig.

Gedurende die Middeleeue het liturgies-musikale ontwikkelinge gelei tot die verdringing van gemeentelike psalmsang uit die liturgie van eredienste. Die uitskakeling van die gemeente deur elitistiese psalmpraktyke het 'n versadigingspunt bereik, sodat die behoefte aan hervorming steeds dringender geword het.

2.4 DIE INVLOED VAN DIE REFORMASIE OP PSALMSANG

2.4.1 Die aanloop tot die Reformasie

Die Middeleeuse kerk het die reg toegeëien om as God se verteenwoordiger op aarde op te tree, wat die alleenreg besit het om "finale antwoorde op alle lewensvrae te gee" (Strydom, 1994:49). 'n Groei in geletterdheid, saam met die ontwaking van selfstandige denke tydens die Renaissance, het weerstand teen die oorheersende gesag van die kerklikes gestimuleer (Osbeck, 1987:68). Dit het daartoe gelei dat die intellektuele faksie van die samelewing uiteindelik die swakhede in die RK se dogmas en praktyke raakgesien en uitgedaag het (Strydom, 1994:50).

Die Renaissance het ongeveer van 1400-1600 geduur en het onder andere gelei tot 'n Christelik-geestelike ontwaking (Osbeck 1987:68). Die humanistiese denke van die antieke beskawings het herleef en gelei tot die groei en die volwassewording van 'n individualistiese ideologie. Hierdeur is die estetiese denke en musiekpraktyke van die antieke, poëtiese musiekbeskouinge opnuut beklemtoon (Roux, 1986:19).

Veral die Christelik-humanistiese Renaissance het hernude belangstelling in antieke tale en in Hebreeuse poësie gestimuleer. Saam met die humanistiese denkwyse het dit belangrik geword om die psalms in die volkstaal te omdig (Strydom, 1994:83-84). Ook die vroeg-Christelike geskrifte is opnuut bestudeer, sodat Augustinus se beginsels in verband met die kerklied nuwe belangstelling ontlok het (Roux, 1986:18).

2.4.2 Martin Luther as reformatoriese leier

Sekere leiersfigure het vanaf die veertiende eeu begin kapse maak teen die wanpraktyke van die RK. John Wycliffe het veral die belangrikheid beklemtoon van die Bybel in die moedertaal (Wilson-Dickson, 1992:55). 'n Volgende reformatoriese voorganger, Johannes Hus, is in 1415 as gevolg van sy oortuigings op die brandstapel verbrand (Osbeck, 1987:65). Gedurende die vyftiende eeu het Erasmus deeglik gegronde vertalings van vroeg-Christelike geskrifte gedoen (Roux,1985:55). Hierdie invloed het saam met die eskalerende behoefte aan hervorming uiteindelik gelei tot die groot reformatoriese omwenteling van die sestiende eeu.

Martin Luther (1483-1546) het na vore getree as leier van die eerste groot Protestantse beweging om 'n nuwe fase in die Westerse beskawing in te lei. Hy het op 31 Oktober 1517 vyf-en-negentig stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgeslaan. Hierdeur het hy, in een van die belangrikste dokumente van die Protestants-Christelike geloof, sy besware teen die dogmas en praktyke van die

RK uiteengesit. Ten spyte van sy ekskommunikasie uit die kerk in Worms in 1518, het hy voortgegaan om sy geloofsoortuigings op verskillende maniere te staaf (Osbeck, 1987:69).

Een van die maniere waarop hy sy sieninge verkondig het, was deur kerkliedere. Sy eerste Protestantse kerkliedversameling, die *Neue geistliche Gesänge*, is in 1523 as vier aparte boeke vir elke stemparty of –groep gepubliseer. Hierdie publikasie was bedoel vir informele samesang om Luther se saak onder die intellektuele kringe te bevorder (Wilson-Dickson, 1992:62). In 1524 is die *Achtliederbuch* gepubliseer en hierna is dit gereeld opgevolg deur nuwe en meer omvattende bundels (Viljoen, 2004:3). Luther se gemeenteliedere is *korale* genoem en dui op eenstemmige, onbegeleide liedere (Wilson-Dickson, 1992:62).

2.4.3 Luther se korale en psalmaanwending

Die hervormers was nog sterk onder die invloed van die Platonies-musikale etosleer (Strydom, 1994:58) sowel as van die Renaissance se musiekeстетiese en humanistiese denke (Roux, 1986:19).

Luther se melodieë is onder andere beïnvloed deur Gregoriaanse psalmodie, Middeleeuse, geestelike liedere in die volkstaal sowel as deur sekulêre volksliedere (Westermeyer, 1998:148). Die musiekstyl van die *Minnesänger* en *Meistersänger*, soos wat dit aan die howe van die aristokrasie uitgevoer is, het Luther onder andere beïnvloed (Routley, 1979:1). Tipies van hierdie melodiestyl was 'n barvorm AAB (Westermeyer, 1998:148) wat deur Luther as dig- en musikale vorm aangewend is.

Luther was op gemeentelik-liturgiese deelname ingestel, waaronder gemeentesang gesorteer het (Strydom, 1994:54,56). Om hierdie rede was die gebruik van 'n verstaanbare omgangstaal, in sy geval die Duitse volkstaal, by gemeentesang vir hom essensieel (Strydom, 1994:55). Deur estetiese, poëtiese

tekste en 'n goed beplande musikale benadering het hy vir die boonste lae van die samelewing ruimte gemaak (Routley, 1982:18). Die taalgebruik en musikale styl is terselfdertyd eenvoudig en volksidiomaties om die onontwikkelde lae van die bevolking te bereik (Strydom, 1994:55).

Uit bostaande is dit duidelik dat 'n begryplike spreektaal, gekombineer met 'n melodiestyl wat verskillende lae van die bevolking kon aanspreek, as doelwit gestel is. Hierdeur is 'n "nuut-meelewende gemeentesang-tradisie" gegenereer (Roux, 1986:19). Die bruikbaarheid van Luther se benadering tot liturgiese musiek (dus insluitend psalmsang) is daarin geleë dat hy doelbewus die daarstelling van eg-idiomatiese Duitse kerkliedere beoog het.

Die inhoud van Luther se psalmtekste is onder andere gerig op 'n Nuwe Testamentiese interpretasie daarvan. Verder behels dit 'n uitbreiding van die Bybelse psalminhoud ten einde die eietyds-toepaslike omstandighede te veraktualiseer (Bingle, 2000:104). Die inhoud van sy tekste was verder veral ingestel op die destyds-heersende polemiese debat wat deur die Reformasie ontketen is (Routley, 1982:16).

Luther het 'n psalm by elke erediensliturgie aangewend. Hy het 'n klein versameling liedere beoog, "*hymns, canticles and metrical psalms*", wat telkens saam met die liturgie gereeld maandeliks moes aanpas by die kerkjaar (Routley, 1982:16-17). Luther het sy waardering uitgespreek vir die psalms in die voorwoord tot sy *Psalmlieder* (1524) (Evangelisches Gesangbuch, 1994:957), deur dit as 'n Bybel in die klein te beskryf (Westermeyer, 1998:35). Luther se liedere was gekonsipieer as vaste dele van die mis; met liturgiese gebruiksmoontlikhede as doelwit (Routley, 1982:17) en om dogmaties-korrektiewe feite oor te dra (Fourie, 2000:170).

Baie van die uitstaande reformerende beginsels wat Luther ten opsigte van die liturgiese sang toegepas het, is later deur Calvyn aangewend. Die moontlikheid bestaan dat Calvyn die ouer hervormer se beginsels geëvalueer en selektief

toegepas het. Die belangrikste ooreenstemmende kenmerke is gemeentelike, liturgiese deelname in die vorm van liedere, die invoer van die volkstaal (moedertaal) as liturgiese taal, tekste in 'n verstaanbare of omgangstaal, eenvoudige, volksgeoriënteerde melodieë, die eenstemmige en hoofsaaklik sillabiese eenheid van die teks en melodie en die poëtiese en musikale struktuur, en die barvorm (AAB), wat ook by die Geneefse psalms aangewend word.

2.4.4 Die rol van Calvyn in die totstandkoming van die Geneefse psalms

Johannes Calvyn (1509-1564) het sterk krities teenoor die leer van die Middeleeuse RK gereageer en moes gevolglik uit Frankryk na Genève vlug (Fourie, 2000:178). Hy is in 1537 as medeleraar te Genève aangestel en in dieselfde jaar het hy die eerste weergawe van sy *Articles concernant l'organisation de l'église et du culte a Genève*⁶ aan die stadsraad van Genève oorhandig (Cillié, 1982:22). Een van die sake waarop hy aangedring het, was die aanwending van gemeentelike psalmsang as deel van die liturgie. As gevolg van hierdie en ander sterk liturgiese standpunte het hy in botsing gekom met die stadsraad, sodat hy in 1538 uit Genève verban is (Strydom, 1994:67).

Tot 1541 het hy in Straatsburg gebly, waar hy leraar van 'n klein Franssprekende vlugteling-gemeente was (Osbeck, 1987:72). Hier is hy beïndruk deur die tipe psalmsang wat onder die liturgiese leiding van Martin Bucer en die musikale leiding van die kantors Greiter en Dachstein gefloreer het (Strydom, 1994:67). In Straatsburg was die omstandighede gunstig vir Calvyn om sy idees in verband met psalmsang tot uitvoering te bring en sy eerste Franse psalmbundel het in 1539 verskyn. Dit het die tekste en melodieë van negentien psalms en drie lofliedere bevat (Cillié, 1982:23).

⁶ Artikels aangaande die organisasie van die kerk en die aanbidding te Genève.

Na die volgende stadsraadverkiesing is Calvin genooi om terug te keer na Genève. Sy eerste Geneefse diensboek, *La Forme des prieres et chantz ecclesiastiques*⁷, met dertig omdigtings deur Marot en vyf deur Calvin, is in 1542 gepubliseer (Strydom, 1994:70). Dit is in 1545 opgevolg deur 'n psalmbundel met 49 psalms en in 1551 deur 'n verdere uitgebreide uitgawe met 83 psalms. Louis Bourgeois het hom intussen in Genève gevestig en was verantwoordelik vir die melodieë van die 1551-bundel (Cillié, 1982:23).

Die voltooië Geneefse psalter is in 1562 met 123 melodieë vir die 150 psalms in gebruik geneem. Van hierdie bundel het Marot 49 en De Bèze 101 psalms omgedig (Van der Walt, 1962:37). 40 nuwe melodieë in die bundel is deur Maître Pierre gekomponeer, terwyl 73 skeppinge van Bourgeois was (Strydom, 1994:72).

2.4.5 Invloede op Calvinistiese psalms

Calvin se siening van liturgiese sang is hoofsaaklik deur die geskrifte van die Antieke Griekse filosowe asook deur dié van die vroeë kerkvaders beïnvloed (Roux, 1986:21).

'n Terugkeer na die Skrif saam met die geskrifte van die vroeg-Christelike kerkvaders het belangrike riglyne vir sy liturgiese benadering verskaf (Strydom, 1994:72). Hierdie siening het die psalms, as hoofbron van Bybelse liedere, sentraal in die Calvinistiese erediens geplaas (Roux, 1986:21). Hierdeur is "die Psalms van Dawid" aanvanklik uitsluitlik vir erediensgebruik gesanksioneer (Westermeyer, 1998:157).

Drie invloede op sy keuse van melodiestyl was dié van die Gregorianiek (Fourie, 2000:195), die Straatsburgse gemeentesang sowel as dié van die Franse *chansons*⁸ (Van der Walt, 1962:43-44). Verder is die Geneefse melodieë

⁷ Diensorde van kerklike gebede en liedere.

⁸ Sekulêre Franse liedere wat liefde, wyn of historiese gebeure beskryf.

“gekenmerk deur ’n bepaalde eietydsheid binne die heersende kultuurverband” (Strydom, 1994:81). Calvyn se musiekbeskouinge, soos dit in sy *Epistre au lecteur*⁹ (1542-43) uiteengesit word, bevestig die bostaande invloede en het die basis gevorm waarvolgens die Geneefse psalms konkrete vergestaltung gevind het (Van der Walt, 1962:28-34).

Sang was vir Calvyn ’n vorm van gebed, waardeur dit as een van die hoekstene van die erediens geld (Van der Walt, 1962:28) en wat daarom aan sekere vereistes moet voldoen. Hy het musiek gesien as ’n besondere gawe wat geskep is om die lof van God te verkondig en het daarom die aanwending daarvan deur die sing van psalms binne die erediens geduld (Westermeyer, 1998:155). Calvyn skryf verder dat sang “die woorde dieper in die hart laat indring as die gesproke woord” (Barnard, 1981:336). Daarom het liturgiese musiek die oortuigingskrag om die hart “in die regte rigting (te) buig” en mag dit nie ligsinnig of oppervlakkig wees nie, maar moet dit “gewig en majesteit” besit (Fourie, 2000:190).

’n Oorsponklik-humanistiese beginsel, naamlik dat die musiek ondergeskik aan die teks behoort te wees, het die herontdekte verhouding tussen musiek, poësie en retoriek beklemtoon terwyl dit onomwonde as standaard gestel is (Van der Walt, 1962:33). Hierdie beginsel, dat die musiek ondergeskik aan die teks behoort te wees, is deurgaans deur Calvyn toegepas en deur ekumeniese hoofstroomkerke gehandhaaf.

2.4.6 Toeganklikheid van Calvinistiese psalmmelodieë in die sestiende-eeuse Frankiese milieu

Calvyn was van mering dat die openbare, liturgiese gebede (gesproke en gesonge) ’n opdrag van God is (Strydom, 1994:74), sodat almal daaraan behoort te kan deelneem (Bingle, 2000:100). Hy het dus moeite gedoen dat die woorde en melodieë van die psalms “binne die bevattingsvermoë van letterkundig en

⁹ Voorwoord by die eerste Geneefse diensboek, “La Forme des prieres et chantz ecclesiastiques”.

musikaal ongeskooldes" sou bly (Fourie, 2000:193). Calvyn het gevolglik 'n spesifieke liedstyl voorgestel as doelwit wat natuurlik by die Franse volkskultuur sou kon tuiskom.

By die psalmomdigtings het die klem geval op duidelike volkstaal of spreektaal (Fourie, 2000:193), wat in samehang met die oorspronklike Hebreeus gedoen is (Roux, 1986:21). Die omdigtings maak gebruik van 'n natuurlik-Franse metrum waar die teksritme deur die melodiese vloei bepaal word (Strydom, 1999:20) en wat ideaal met die melodieë kon saamsmelt. As voorstander van integriteitvolle liturgiese sang, was absolute Skrifgetrouheid asook estetiese kwaliteit vir Calvyn noodsaaklik; dit het daartoe gelei dat die psalmomdigtings ook in intellektuele en adellike kringe groot aftrek gekry het (Roux, 1986:19,21). Toonaardgewys sowel as melodies is die musiek van die psalms daarop ingestel om die karakter van die woorde weer te gee en te onderstreep (Barnard, 1981:337). Calvinistiese psalmmelodieë is ook gekenmerk deur hulle eg Franse volksliedkarakter (Barnard, 1981:321).

Calvyn het daarop aangedring dat die gemeentesang esteties, besield en lewendig moes wees. Die liedere moes só inspirerend wees dat mense dit ook tuis sou wil sing (Fourie, 2000:192). Ook die tempo waarteen gesing is, was "taarnlik vinnig", met 'n uitgangspunt van 72 halfnootslae per minuut as tempo-aanduiding (Strydom, 1999:20).

Calvyn het die psalms beskou as 'n ideale weergawe van die emosies van die siel: alle smart, droefheid, angs, twyfel, verwagting, bekommernis, teleurstelling en selfs verwardheid wat die mens teister (Roux, 1986:21) word daarin subjektief-poëties beskrywe. Die gemeentes kon deur die psalms hulle emosies verwoord en voor God uitsing.

2.4.7 Die impak en evaluering van die Geneefse psalms

Die Geneefse psalms was uit die staanspoor in Frankryk gewild. Cillié (1982:25) verwys na “die geweldige impak wat die Geneefse Psalmboek in die vroeë, Frans-gereformeerde kerke gehad het”.

Indien die hoeveelheid kopieë asook uitgawes van die Geneefse psalmboek as norm geneem word, was dit 'n reuse sukses. Binne tien jaar na die 1562-uitgawe was dit dié publikasie waarvan die meeste kopieë tot op daardie stadium in die geskiedenis gedruk is (Strydom 1999:17). Tydens die tydperk 1539 tot 1685 is daar naasteby 225 verskillende uitgawes van die Geneefse psalmboek gepubliseer (Van der Walt, 1962:46).

Die verspreiding en die aantal vertalings van die Geneefse psalmbundel bevestig die gewildheid daarvan (Fourie, 2000:198-199). Volgens Strydom (1994:81) was die psalms “geliefd” in Protestantse kringe soos Duitsland, Nederland, Hongarye, Engeland asook Skotland. Verder is hulle in twee-en-twintig tale en dialekte vertaal, met behoud van die meeste melodieë (Van der Walt, 1962:47). Dat hierdie liedere geliefd was, blyk uit die waarde wat die Hugenote in tye van vervolging daaruit kon put – hulle het baie van die liedere van buite geken (Van der Walt, 1962:47). Die bostaande faktore het daartoe bygedra om van psalmsang “'n magtige wapen” te maak “wat die Hugenote-gemeentes deur die storms van die Reformasie” kon inspireer en dra (Van Namen, 1982:7).

Die poësie of omdigtings van die Geneefse psalms was van hoogstaande gehalte. Melodies is daar egter kontroversiële uitsprake daaroor gelewer. Malan (1984:44) besing die kenmerkende bo-aardse karakter van die musiek wat “'n gevoel van tydloosheid en majesteit” wek. Routley (1982:20) bewonder die melodieë omdat hulle nie op harmonieë steun nie, maar slegs op die praktiese singbaarheid daarvan vir die gemeentesang. Hy erken egter ook die beperktheid daarvan (Routley (1967:27-28):

“Calvin’s rigid fundamentalism produced a small quantity of church music of the very highest quality which proved to be of strictly local usefulness. What they had, were magnificent, but hardly anybody else has ever found a use for them ... where as the Lutheran tunes have invaded all Protestant hymnody *to stay*.”
(My kursivering.)

Fourie (2000:200) bewonder die Calvinistiese psalmstyl, maar lei ook af dat Calvyn “histories bepaald en histories begrens” geleef en gedink het. Hy was in “opleiding, lewensbeskouing en denke deel van die Middeleeuse, teologiese wêreld”.

Uit hierdie afdeling kan die volgende opsommende gegewens weergegee word: sommige vertakkinge wat uit die Renaissance voortgevloei het, het gelei tot die Christelik-godsdienstige toepassing van humanisme. ’n Oplewing in geletterdheid en die ontwikkeling van selfstandige denke het die swakhede in die RK se dogmas en praktyke uitgedaag en dit het gekulmineer in die Reformasie. Deur ’n gekombineerde belangstelling in antieke tale en Hebreeuse poësie is die omdigting van psalms in die volkstaal gestimuleer en aktiewe gemeentelike psalmsang geteiken.

Martin Luther se bydrae tot die reformatoriese kerklied is die herinstelling van gemeentelike sang, as ononderhandelbare komponent van die Protestantse erediens. Sy psalmgebaseerde liedere en korale is op verskillende maniere ’n produk van die verlede, maar toon terselfdertyd insig in sestiende-eeuse tendense en ’n openheid vir die ontwikkelende moontlikhede van die toekoms.
(Strydom, 1994:66).

Calvyn se belangrikste bydrae tot liturgiese liedere is die samestelling van die volledige Geneefse psalmbundel vir gemeentelike psalmsang. Die beginsels van beklemtoning van Gods eer, sy Woord, asook dié van helderheid van deklamasie is Calvyn se belangrikste beginsels vir psalmsang en het daartoe gelei dat psalms

eenvoudig, eenstemmig, sillabies, met woordhelderheid en begrip gesing is. Hy het daarin geslaag om deur die Geneefse psalmboek 'n teks- en melodiese styl daar te stel wat onmiddellik en deur alle lae van die Franse volk met entoesiasme aanvaar is.

Geneefse psalmsang kan as een van die hoogtepunte in die kerkgeskiedenis beskou word, maar tog kon dit slegs op beperkte wyse by kulture buite Frankryk ingang vind. Die beperkte toeganklikheid van die Geneefse psalms is bevestig deur die problematiese wyse waarin dit in Nederland, Engeland, Skotland en later in Suid-Afrika kon tuiskom.

2.5 DIE BRUIKBAARHEID VAN DIE GENEEFSE PSALMMELODIEË IN NEDERLAND, ENGELAND EN SKOTLAND

2.5.1 Die Geneefse psalms in Reformatoriese Nederland

Die Calvinistiese Reformasie het ook in Nederland posgevat. Een van die gevolge was dat hierdie berymde psalms, saam met hulle Geneefse melodieë, as die enigste bruikbare liedtipe beskou is (Bingle, 2000:102).

'n Volledige en waardevolle psalmberyming in Nederlands, deur Jan Utenhove, is in 1566 te Londen gepubliseer. In die gees van Calvinisme is dit hoofsaaklik op Geneefse melodieë in die Londense vlugteling-gemeente gesing (Bingle, 2000:113). 'n Verdienstelike, volledige Nederlandse psalmberyming deur Philips van Marnix van Sint Aldegonde het in 1581 verskyn. Dit is herhaaldelik onsuksesvol aan die sinode bekend gestel (Strydom, 1994:91).

Dit is moeilik om te verstaan waarom sommige van bogenoemde verdienstelike vertalings nooit goedgekeur of aangewend is nie – daar kan egter gespekuleer word dat die vertalers nie die nodige ondersteuning, geloofwaardigheid of bekendheid geniet het om die gereformeerde Nederlandse sinodes te oortuig nie.

2.5.2 Die Geneefse psalmberyming deur Dathenus

In 1566 is Petrus Dathenus se psalmboek uitgegee en in 1568 deur die Nederlandse sinodes amptelik vir erediensgebruik aanvaar (Van der Walt, 1962:49). Hy het sy berymings gekonsipieer om saam te val met die Geneefse melodieë. Daar is egter veel gehaper aan hierdie berymings (Strydom, 1994:90).

Die verskil tussen die Franse en Nederlandse prosodie was grondliggend problematies vir die natuurlike saamvloei van teks en musiek (Malan, 1985:20). Hierdie aspek is nie in aanmerking geneem by die samevoeging van Nederlands, as Germaanse taal, by die Geneefse melodieë nie. Dit is die bron van "talle probleme" wat sedert die invoer van die Dathenus-berymings uitgewys is (Roux, 1986:23). Dathenus se "oorhaastige en onbeholpe" berymings op die Geneefse melodieë het "blykbaar iets stroefs in die sang" laat ontstaan (Malan, 1985:18-20).

Om die verskille tussen die taalbeklemtonings en die musikale beklemtonings te verminder, is die isoritmiese sangwyse ingevoer (Luth, 1988:37) en sodoende het daar in baie gemeentes 'n heterofone sangwyse ontstaan (Strydom, 1994:110). Dit het "die dinamiese elemente, soos bewerkstellig deur die woordaksente, woordritmes" en die voortstuwende vloei van korter nootwaardes verwyder. Daardeur was dit bydraend tot die "onbevredigende, stagnerende sang" (Roux, 1986:23). Volgens verskillende bronne is dit duidelik dat daar "uiters stadig" gesing is en dat die gemeentesang baie hard, selfs skreeuend, vals en ongelyk was (Luth, 1989:21).

2.5.3 Besware oor die "onsingbaarheid" van Geneefse psalmmelodieë

Voor die einde van die sestiende eeu is waargeneem dat die Geneefse psalmmelodieë moeilik deur gemeentes gesing is (Luth, 1989:21). Bronne aan die begin van die sewentiende eeu meld dat "die psalmmelodieë te moeilik en te veel was" en dat gemeentes derhalwe probleme met die aanleer daarvan ondervind.

Slegs dertig Geneefse melodieë word in 1615 as “bekend en geliefd” geïdentifiseer. ’n Beswaarskrif in 1631 het gekla dat die sing van die psalmmelodieë geen genot vir die gemeente inhou nie en dat die Duitse melodieë baie meer aanvaarbaar is. Tydens verskillende sinodes in Noord-Holland (1636, 1638, 1639 en 1644) is die mening uitgespreek dat die “meeste melodieë onsingbaar en tot groot ongeluk en ongerief van die gemeentes is”. Gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu is gepleit vir die vervanging van die Geneefse melodieë (Luth, 1988:40).

Gedurende hierdie tydperk het “talle nie-amptelike pogings ... tot nuwe psalmberymings” ontstaan waarin telkens in die “voorwoord-uitsprake” kritiek op die Datheense-psalmberyming gelewer is. Na meer as twee eeue het die staat die inisiatief geneem vir ’n nuwe beryming, sodat die *Stateberyming* in 1773 ingevoer is (Luth, 1988:38-39). Hierdie bundel was ’n verbetering op dié van Dathenus deurdat dit van verstaanbare taal gebruik gemaak het en daar minder botsings tussen die teks en musiek voorgekom het. Die *Stateberyming* het steeds die gebruik van die Geneefse melodieë gehandhaaf en dit het ongelukkig nie “ ’n beduidende verandering aan die gemeentesang [gemaak] nie” (Fourie, 2000:230).

’n Verdere struikelblok, wat eers in die agtiende eeu na vore getree het, is dat gemeentes die modi as “verouderd” en nie aanpasbaar by die “smaak van die tyd” ervaar nie. ’n Verdere beswaar wat waargeneem is, was dat psalmmelodieë gebaseer op modi nie die teksbetekenis kon interpreteer nie, en dat hulle daarom as “onverstaanbaar” beskou is (Luth, 1988:41).

2.5.4 Die Geneefse psalms in Reformatoriese Engeland en Skotland

Die Reformasie het by die Anglikaanse kerk aanvanklik slegs die vervanging van Latyn met Engels as liturgiese taal, insluitend die gemeentelike sang, behels (Routley, 1977:13). Onder die Puriteinse invloed is die beginsel gevestig dat slegs psalms en lofliedere uit die Bybel gesing mag word (Routley, 1977:17,20).

Tydens die regering van koningin Mary (1553-1558) is 'n bloedige vervolging van die Protestante van stapel gestuur. Baie Engelse Protestante het na Genève gevlug, waar hulle sterk deur die Geneefse psalms beïnvloed word. Gevolglik is die *One and fiftie Psalms of David* in 1556 in Genève, op hoofsaaklik Geneefse melodieë, gepubliseer (Wilson-Dickson, 1992:70). Hierna het verskillende uitgawes van die *Anglo-Genevan Psalter* gevolg, waarby Calvyn se invloed merkbaar was; hierdeur is gepoog om Geneefse melodieë by bestaande en verbeterde tekste aan te pas (Brink & Polman, 1998:42).

In die volgende jaar, 1562, het die tipies Anglo-Saksiese *Whole Book of Psalms* of die geliefde *Old Version*, of *Day's Psalter* gevolg, uitgegee deur Thomas Sternhold en John Hopkins. Hierdie bundel, wat in Engeland uitgegee is, het slegs 13 Geneefse melodieë behou (Van der Walt, 1962:48). Dit het melodies as die grondslag van die Engelse "Hymns" gedien (Strydom, 1994:93) en was só gewild dat ten minste 65 uitgawes daarvan tussen 1560 en 1599 uitgegee is (Westermeyer, 1998:170). In hierdie bundel het die aantal Geneefse psalmmelodieë aansienlik verminder om plek te maak vir tipies-Engelse "common metre"-melodieë.

Die Presbiteriaanse Kerk in Skotland het die eerste *Scottish Psalter* in 1564 gepubliseer (Strydom, 1994:93). Dit het van 105 tipies Anglo-Saksiese "common tunes" gebruik gemaak (Fourie, 2000:213) wat uit eenvoudige vierreël-melodieë bestaan het (Strydom, 1994:94). Deur die toedoen van John Knox is egter 33 Geneefse melodieë hierby aangewend (Van der Walt, 1962:49). In 1612 is die *Booke of Psalmes Englished both in Prose and Metre* deur Henry Ainsworth gepubliseer. Hy het spreektaal-berymings en bekende volksagtige of volksmelodieë gebruik (Fourie, 2000:212). Hierdie publikasie het nog 'n tree verder van die styl van die Geneefse melodieë beweeg.

Eers in 1696, na een en 'n half eeue, is die *Old Version* van die *Whole Book of Psalms* vervang met die *New Version*, versamel deur Tate en Brady (Brink &

Polman, 1998:45). Hierdie bundel het die styl van die tipies-Engelse metriese psalms beklank, wat hoofsaaklik in *common metre* gedig is (Westermeyer, 1998:170-172). Die Geneefse psalmmelodieë is later verder deur die Wesleyaanse en Metodistiese liedere verdring (Van der Walt, 1962:48).

Samevattend vir hierdie afdeling blyk dit dat die Geneefse psalms nie gemaklik met Nederlandse taalaksente kon saamsmelt nie. Die beryming van Dathenus is goedgekeur en gehandhaaf ten spyte van opvallend ongemaklike beklemtonings. Die swak taalaksente het tot isometriese sang en uiteindelik tot stadige en onestetiese psalmsang aanleiding gegee. Vanaf die sewentiende eeu is by verskillende geleenthede pogings tot verbeterde psalmberymings aangewend en is besware teen die moeilik singbare Geneefse melodieë aangeteken.

Engelse himnoloë het, ten spyte van hulle Calvinisties-georiënteerde riglyne, besef dat die Geneefse melodieë nie ideaal met Engelse tekste kan saamvloei nie (Strydom, 1994:93). Hoewel daar met groot entoesiasme probeer is om die Geneefse melodieë aan te wend, het die himnoloë volgens Routley (1967:29), ervaar dat "the Genevan tunes could not be exported as they stood, for nearly all of them were in metres entirely foreign to the English manner".

Hoewel die Nederlandse en Engelse Protestante die Geneefse melodieë wou gebruik, kon dit nie saam met die verskillende taalaksente vlot nie. In Engeland het 'n eiesoortige styl van metriese psalms tot stand gekom, terwyl in Nederland, waar die Franse styl wel gehandhaaf is, heelwat probleme ondervind is. Dit was hierdie problematiese psalmtradisie wat oorgedra is na Suid-Afrika.

2.6 GEREFORMEERDE PSALMSANG IN SUID-AFRIKA

2.6.1 Inleidende geskiedenis

Saam met die 1652-volksplanting, onder leiding van Jan van Riebeeck, is die gereformeerde godsdiens in Suid-Afrika gevestig (Cillié, 1982:34). Die kerk aan die Kaap was onder beheer van die Gereformeerde Kerkreg soos bedryf in Nederland (Fourie, 2000:252). Gevolglik kon net goedgekeurde, Nederlands-gereformeerde kerkliedere gesing word: die psalms, gesing op Geneefse melodieë, en die *Eenige Gezangen* (Van der Walt, 1962:52).

2.6.2 Die Nederlandse Psalmboek in Suid-Afrika

Die Datheense psalmberyming is aanvanklik aan die Kaap gesing en later, in 1775, deur die *Stateberyming* (1773) opgevolg (Fourie, 2000:253). Beide hierdie bundels was Nederlandse berymings wat gekonstrueer was om op die Geneefse melodieë gesing te word (Cillié, 1982:35). Hoewel die *Stateberyming* die natuurlike Nederlandse taalritmes beter geakkommodeer het, het daar nogtans botsings voorgekom en het die nuwe beryming nie 'n noemenswaardige verskil by die gemeentesang tot gevolg gehad nie (Fourie, 2000:269).

Die ontwrigtende botsings tussen die Nederlandse prosodie en die musikale aksente by die Dathenus-psalms het veroorsaak dat die ritmies-gekonstrueerde Geneefse melodieë met ewe lang note gesing is. Die isoritmiese sang is ook by die psalmsang uit die *Stateberyming* toegepas en het, soos in Nederland, in Suid-Afrika "onbevredigende, stagnerende sang" in die hand gewerk.

2.6.3 Eerste besware teen die Geneefse Psalmmelodieë

Soos in Nederland het die vroeë Kaapse gemeentes om verskeie redes probleme ondervind met die sing van die Geneefse melodieë. By verskillende versoekskrifte

aan die sinode is die woord “onsingbaar” gebruik om die Geneefse psalmmelodieë te beskryf (sien 2.5.3). Die Datheense 1566-beryming, asook die 1773-*Stateberyming*, saam met die ritmiese ordening van die Geneefse melodieë, het “dwarstrekkerige en striemende” sang tot gevolg gehad (Roux, 1985:229).

Reeds voor die negentiende eeu is meermale in Suid-Afrika aangeteken dat die psalmsang nie na wense verloop nie: Cillié (1982:34-35) meld dat die gemeentesang “nie altyd inspirerend was nie” en Strydom (1994:147) noem dat psalms “isometries en langzaam” gesing is. Fourie (2000:260) wys daarop dat die “voorsangers ... ook nie altyd die oplossing (was) nie”. Die feit dat psalmsang grootliks sonder begeleiding plaasgevind het, was moontlik bydraend tot die probleme, want volgens Fourie (2000:267) het die orrelbegeleiding in Suid-Afrika ’n verskil gemaak, omdat dit die gemeentesang kon ondersteun.

Die eerste formele besware teen die Geneefse melodieë is tydens die 1852-sinode geopper. Voorstelle vir die vervanging van “onsingbare melodieë” is, volgens sinode-verslae, in 1876, 1883, 1890, 1895, 1911 en 1915 gemaak (Van der Walt, 1962:53-61). In reaksie op die besware is ’n kommissie vir die vind van doelmatige psalmmelodieë benoem (Van der Walt, 1962:53-54). Verskillende pogings tot proefbundels is gemaak en in 1883 het die kommissie ’n bundeltjie, *Halleluja! Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika*, gelewer (Strydom, 1994:147). Dit is in 1895 gevolg deur ’n proefbundel van De Lange waarin hy die 24 psalms, wat in 1890 deur ’n aangestelde kommissie as “onsingbaar” gekategoriseer is, van nuwe melodieë voorsien het. Hy het ook al 150 Geneefse melodieë ritmies en melodies “in ’n ‘moderne’ vorm probeer herstel” (Cillié, 1982:36).

Verdere proefbundels is saamgestel deur die “sangwysiekommissie” wat tydens die 1915-sinode aangewys is. Tydens dié sinode is 92 psalms met “onsingbare wysies” geïdentifiseer. Nuwe melodieë uit proefbundels van 1919, 1922 en 1926 is by die sinodes van 1919, 1922 en 1928 gekeur (Van der Walt, 1962:61). Die Suid-

Afrikaanse komponiste J de Heer, S de Lange, JS de Villiers, PK de Villiers, FW Jannasch en AC van Velden het noemenswaardige bydraes tot die melodieë in die proefbundels van 1919, 1922 en 1928 gelewer. Slegs 21 van die melodieë uit hierdie proefbundels is egter in die 1937-Psalmbundel aangewend (Van der Walt, 1962:62-63). Dit was te wyte daaraan dat mettertyd, ongeveer vanaf die begin van die twintigerjare, besef is dat die Psalmberymings in Afrikaans moet plaasvind.

2.6.4 Faktore wat die assimilering van die Geneefse melodieë binne die Suid-Afrikaanse kultuur teengewerk het

Voor 1688 was die meeste immigrante aan die Kaap arm, nederig en ongeskool (Giliomee, 2003:6). Eers nadat die kerk daarop aangedring het dat mense moes kon lees en skryf voordat hulle “aangeneem” word, het die burgers gedurende die agtiende en negentiende eeue probeer om basiese opvoeding te bekom (Giliomee, 2003:20). Kaapstad is beskou as die middelpunt van kultuur en die intellektuele lewe – tog was daar tot die einde van die Kompanje-tydperk, in 1795, geen hoërskool, teater, stadsaal, boekwinkel of koerant nie (Giliomee, 2003:28). Volgens Roux (1985:223) was in “Suid-Afrika as pioniersland min stimulus of tradisie wat kon lei tot die waardering en begrip vir ernstige musiek”.

Volgens Bouws (1982:8) was hierdie agterstand, wat aan die grootlikse afwesigheid van musiekgeletterdheid te wyte was, die rede waarom gemeentes gedurende die agtiende eeu “gesukkel (het) met die psalmsang”. Dit was egter ook weens die “taamlik moeilike psalmwysies” waarmee die “gewone onervare sangers (die gemeente) probleme ondervind het”. Die gevolge hiervan was dat die gemeentes dikwels “tydens die psalmsingery ... van die melodie afgedwaal” het sodat die voorsanger nie in staat was om die “samesang in die regte spoor te hou nie”.

Die meeste burgers het in groot afsondering in die binneland geleef. Hulle het egter moeite gedoen om bande met die NG Kerk as Calvinistiese geloofsbasis te

behou (Giliomee, 2003:xiv). Volgens Giliomee (2003:42) was daar tydens die jare van die Groot Trek (1834-54) geen volk so eg Godvresend as die Afrikaner Gereformeerde gelowiges nie. Die sing van psalms was die belangrikste daaglikse musikale aktiwiteit van die boere (Van der Walt, 1962:52).

Omdat hulle onbekend was, het die meeste Geneefse psalmmelodieë deur verwaarloosing in vergetelheid verval (Van der Walt, 1962:80). Terselfdertyd het die modi waarin die psalms gekomponeer is, toenemend vreemd begin klink en in onbruik verval (Cillié, 1982:35). Gevolglik het daar gedurende die negentiende eeu 'n weerstand teen die melodiestyl van die meeste Geneefse psalms opgebou.

Die bogenoemde oorsake het bygedra daartoe dat die Afrikaner-voorgeslagte ander melodieë – sogenaamde “ ‘liederwysies’ gesoek, geskep of aangepas het, waarop hulle by voorkeur sekere kerkliedere gesing het” (Cillié, 1982:35). Volgens Bouws (1982:111) is hierdie wysies tydens die Groot Trek “deur die mense self gemaak” en het dit “voortgelewe deur die voor- en nasing” daarvan. Die “liederwysies” vorm deel van die Afrikaner-kultuurerfenis en is ook in stede, dorpe en selfs in die kerk gesing (Cillié, 1993:1,5). As gevolg van die afgesonderde leefwyse asook die musikale ongeletterdheid van die trekboere het 'n tipe kultuur ontwikkel wat daartoe bygedra het dat die mees geliefde psalms op ander melodieë as dié Geneefse melodieë gesing is¹⁰.

Die *Evangelische Gezangen*, waarvan die meeste uit die Lutherse kerkliederskat afkomstig is, het sedert 1814 makliker by Suid-Afrikaanse gemeentes inslag gevind as die Geneefse psalms (Roux, 1985:229). Van der Walt (1962:74) voer aan dat, omdat die gesangmelodieë “maklik singbaar” was, dit een van die faktore was wat die onbruik van die psalmmelodieë laat toeneem het.

¹⁰Honderd en dertien variasies van psalm-“liederwysies” is deur Cillié in sy boek oor hierdie onderwerp opgeneem.

Verskillende bundels wat “buitengewoon populêr” geword het, het aanvanklik gedien as jeugliedere en uiteindelik as geestelike huismusiek (Van der Walt, 1962:74). Dit is later ook vir Sondagskool-gebruik aangewend (Strydom, 1994:150). Voorbeelde hiervan is die *Kinderharp* wat in 1883, *Zionsliedere* wat in 1871 en die *Halleluja*-bundel wat in 1903 gepubliseer is. Hierdie bundels het maklik singbare liedere uit Morawiese, Lutherse, Episkopale en Wesleyaanse bronne vertaal en in Nederlands beskikbaar gemaak; en later ook al hoe meer Sankey-liedere van Amerikaanse “revival”- of “gospel”-afkoms (Carstens, 1983:42). Die revivalistiese liedstyl van die 1903-*Halleluja* (met 0.8% psalms)¹¹ word in die *Die Nuwe Halleluja* van 1931 uitgebrei deur onder andere *Evangelie-Liedere* (met 0% psalms)¹² in te sluit. Hierdie Halleluja-bundel het egter ook 76 psalms in Afrikaans bevat (Van der Westhuizen, 2005:51), maar dit was isometries in halfnote afgedruk – soos in die opeenvolgende, gewysigde uitgawes van *Die Nuwe Halleluja* van 1949 en 1959¹³ (Fourie, 2000:328; 330-334). Indien hierdie psalms, wat op daardie tydstip stadig, isometries en sober gesing is, vergelyk word met die revivalistiese styl, wat uit ’n meevoerende verskeidenheid van ritmes en met ’n sentimentele aanslag gesing is, word dit duidelik waarom psalmsang nie voorkeur geniet het nie.

Hierdie bundels het meegewerk daartoe om die “Anglo-Saksiese en ‘revival’-invloede in ons gewyde sang te vermeerder en te bestendig” (Carstens, 1983:45). Van der Walt (1962:75) vestig die aandag daarop dat hierdie styl van liedere bygedra het tot die “verdringing van die psalms”.

¹¹ HALLELUJA LIEDEREN voor Sondagscholen, Strevers- en Jongelings-vereenigingen, conferenties en bijzondere diensten. MURRAY, C 1903 (1904). (red). Kaapstad: De Z.A. Bijbel Vereeniging.

¹² EVANGELIE-LIEDERE: ’n versameling van 400 uitgesoekte liedere, in Afrikaans verwerk uit ’n groot verskeidenheid Engelse liederbundels. (sonder jaartal) Johannesburg: Christelike Uitgewers-Maatskappy.

¹³ DIE HALLELUJA: Psalms, Gesange en ander liedere vir huis, dag- en Sondagskool en jeugverenigings. 1959 (1962). Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

2.6.5 Samestelling van *Die Berymde Psalms* (1937)

Gedurende die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1920 is besluit dat 'n Afrikaanse psalmberyming oorweeg behoort te word en word hierdie taak is aan Totius¹⁴ opgedra (Serfontein, 1956:105). Vanaf 1920 het Totius aan die eerste Afrikaanse berymings begin gewerk (Du Plooy, 2006:40). By die vertaling het hy bestaande Nederlandse berymings aangewend tot diens van die Afrikaans-berymde weergawe (Du Plooy, 2006:44). 76 van hierdie Afrikaanse psalmtekste van Totius het in Die *Nuwe Halleluja*-sangbundel van 1931 verskyn (Van der Westhuizen, 2005:51). Dit het egter ook gedien as nie-amptelike proefbundel vir die nuwe Afrikaanse berymings (Carstens, 1983:46-47). Na die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 kon Totius die eerste volledige Afrikaanse psalmberyming afrond (Cillié, 1982:37).

Gedurende 1933 het die drie gereformeerde kerke besluit om saam te werk aan die Afrikaanse psalmbundel. Vir hierdie doel is 'n *ad hoc*-kommissie saamgestel (Van der Walt, 1962:68). Ten spyte van ernstige verskille het vasberadenheid en die ideaal van 'n eenvormige psalmboek die drie kerke tot die gewenste doelwit gelei. Die verskyning van die Afrikaanse *Psalms* was 'n triomf vir die medewerking van die drie Afrikaanse kerke (Van Wyk, 1983:67). In 1937 het die Gereformeerde Kerk die *Die Berymde Psalms* in gebruik geneem. Eers in 1944 het die Nederduits Gereformeerde en Nederduitsch Hervormde Kerke die *Psalms en Gesange* feestelik in gebruik geneem (Cillié, 1982:37).

Melodies bestaan die *Die Berymde Psalms* uit 140 melodieë, maar weens alternatiewe het slegs 128 psalms een individuele melodie per psalmteks (Van der Walt, 1962:81). Van dié melodieë was 82 Geneefs. Hiervan is 6 gewysig aangewend terwyl 7 as alternatiewe melodieë aangedui word (*Die Berymde Psalms*, 1937:xv). Vir 'n hele aantal psalms moes nuwe melodieë geskep word: sommige omdat dit as "onsingbaar" beskou is en ander omdat die Afrikaanse

¹⁴ Totius is die skuilnaam van dr. JD du Toit.

versmaat verskil het van dié van die Geneefse melodieë (Van Namen, 1982:11). Die komponiste van nuwe melodieë wat die grootste of belangrikste bydraes tot hierdie bundel gelewer het, was JS de Villiers (1827-1902) met Psalms 48, 31/71, FW Jannasch (1853-1930) met Psalms 23, 90 en 91, J de Heer (1866-1961) met Psalms 9 en 107, AC van Velden (1886-1957) met Psalm 33, PK de Villiers (1874-1949) met Psalm 100 en S de Lange (1840-1911) met Psalm 8. Vanuit ander bundels het 'n paar "ingevoerde" melodieë hulle gevestig – dié van FG Bäsler se melodie by Psalm 146, M Teschner by Psalm 128 en van M Luther by Psalms 46 en 104 (Söhnge, 1983:88).

2.6.6 Die evaluering van *Die Berymde Psalms* (1937)

Die Afrikaanse psalmberyming deur JD du Toit was 'n voortreflike voortbouing op die Nederlandse *Stateberyming* van 1773 (Du Plooy, 2006:44). Dit word "aangeprys as van suiwer, literêre gehalte en hoogstaande, teologiese inhoud – 'n triomfbaken van die "onderdrukte, Afrikaanse taal teenoor die magtige, Engelse wêreldtaal" (Van Wyk, 1983:69). Van der Walt (1962:81) evalueer dit as "van die beste in die Dietse letterkunde". Volgens Bingle (2000:130) het die Totius-"prototipe" uitgestyg bokant vorige "argetipes" om 'n geïnspireerde herdigting van die Hebreeuse psalms daar te stel.

Die enigste grondige kritiek wat wel geopper kon word, het as oorsaak die feit dat Afrikaans in die jare 1920-1936 'n jong, ontwikkelende taal was (Du Plooy, 2006:44). Gevolglik kan daar soms 'n onmag waargeneem word om die Afrikaanse woorde in 'n digvorm te giet – "vandaar talryke voorbeelde van rymdwang" (Van Wyk, 1983:70). Omdat die teks Nederlands georiënteerd is, is baie woorde en uitdrukkings later as argaïes getipeer (Cillie, 1982:38).

Een van die probleme wat vanaf Nederlandse psalmsang dateer, die prosodiese botsings tussen taal en melodie en die gevolglike verwording van ritmiese na isoritmiese psalmsang, het 'n twisappel by hierdie bundel geword. Die

gesamentlike kommissie het besluit om die melodieë isoritmies en met maatstrepe af te druk, maar tog het dit met kort en lang note verskyn. Dit was weens die “eiehandige” optrede van ds JV Coetzee van die Gereformeerde Kerk wat die bundel persklaar moes maak (Cillié, 1982:37). Die vloeiende styl van die melodieë is as gevolg hiervan geïnhibeer, terwyl dit die gebruik van gepunteerde note genoodsaak het – wat ook vreemd aan die Geneefse melodieë is.

Melodiese wysigings het behels dat die Geneefse melodieë in majeur- en mineurtoonaarde met bypassende melodiese verhogings voorkom (Strydom, 1994:147). Hierdie wysigings het noodwendig hulle karakter “ingrypend aangetas” (Malan, 1986:63).

Die “nuwe” melodieë het ’n vloedgolf negatiewe kritiek ontketen. Kerkmusici in Suid-Afrika en veral in Nederland het hulle sonder uitsondering en onomwonde uitgelaat oor die lae standaard van hierdie melodieë (Cillié, 1982:38). Van der Walt (1962:126) beskryf die nuwe melodieë as “oppervlakkig en soutloos”. Hy beweer dat “die strewe om singbare musiek te voorsien” die oordeelsvermoë om artistieke gehalte of om die versoenbaarheid van teks en musiek te kon beoordeel, verdoof het. Cillié (1982:38) skryf dat verskeie van die nuwe melodieë wel singbaar, maar “onwaardig” was om tydens die gereformeerde erediens gebruik te word. Voorbeelde hiervan is Psalms 18 en 147.

Die 1937-psalmbundel verteenwoordig, saam met die 1933-Bybelvertaling, die eerste daarstelling van Afrikaanse, teologiese terme en het, ten spyte van velerlei probleme, die bestaande poëtiese uitdrukkingsvermoë begin bewys. Musikaal was dit aanduidend van die destydse, kulturele ontwikkelingspeil van die Afrikaanse voorsate, soos dit deur die nuutskeppings van die destydse, Afrikaanse kerkmusiekleiers gereflekteer word.

2.6.7 Totstandkoming en samestelling van *Die Berymde Psalms* (1976)

Kritiek teen *Die Berymde Psalms* (1937) het velerlei gebreke uitgewys (2.6.6). Die eerste aanduidings dat hierdie bundel hersien behoort te word, het in 1951 bekend geword (Van Namen, 1982:12). In 1953 het die eerste vergadering van afgevaardigdes van die drie Afrikaanse Gereformeerde kerke plaasgevind. Omdat al die kerke begerig was dat die hersiening gesamentlik sou geskied (Serfontein, 1983:133), is 'n Hersieningskommissie uit verteenwoordigers van die kerke saamgestel (Serfontein, 1967:xi). Aangesien die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, as eienaars van die kopiereg, nie toestemming vir wysigings aan die psalmteks wou gee nie, moes die Totius-beryming onveranderd gebruik word vir die beplande hersiene psalmbundel (Cillié, 1982:38).

Met die hersiening van die melodieë van die psalms is die doelwit gestel om 'n "stilisties-eenvormige psalmboek in die gees van die Reformasie" daar te stel (Serfontein, 1983:133). Veral die styl van die Geneefse melodieë is as ideaal gestel. Soveel moontlik outentiek-Genefse melodieë is gebruik – waarvan 'n aansienlike hoeveelheid in modi was. Geneefse melodieë wat kon pas op die Afrikaanse berymings is gebruik of aanpassings is gemaak om die Afrikaanse berymings te bedien (Jankowitz, 1986:17) (vergelyk Psalms 14, 18; 31). Heelwat nuutgekomponeerde melodieë is in 'n neo-Genefse styl geskep – wat oorwegend in die majeur- of mineurtoonaarde gekomponeer is (vergelyk Psalms 7, 70, 88; 129). Modi kom by uitsondering voor (vergelyk Psalms 11, 12; 120).

Vir die hersiening van die melodieë is 'n goeddeurdragte *modus operandi* uitgewerk. Daar is besluit dat melodieë singbaar moet wees; dat woord en toon bymekaar moet aansluit; dat Franse en ander melodieë aangepas moes word by die Afrikaanse teks; dat die psalmbundel 'n stilistiese eenheid moes handhaaf; dat daar ruimte gemaak kan word vir Duitse koraalmelodieë; dat "nuwe wysies" wat algemeen ingang gevind het behoue moes bly; en dat alle besluite eenparig moes wees (Serfontein, 1983:134-135). Indien meningsverskille oor 'n melodie nie

opgeklaar kon word nie, moes dit vervang word totdat konsensus bereik is. Hierdie werkswyse het goeie samewerking en 'n goeie eindresultaat tot gevolg gehad (Van Namen, 1982:12).

Die gedetailleerde hersiening, musikaal-tegniese versorging en die redaksionele verantwoordelikheid van die harmonisasies het onder leiding van HP van der Westhuizen plaasgevind (Serfontein, 1983:134). Wat die psalmberymings betref, is die tekste van Totius onveranderd gebruik. Van die melodieë wat gebruik is, was 92 Geneefs, 30 aangepaste Geneefse en sestiende-eeuse melodieë, 8 Duitse korale, 12 “nuwe” melodieë uit die vorige bundel en 13 nuutgekomponeerde melodieë (Van der Westhuizen, 2005:52).

Die voltooide psalmbundel is in 1976 deur die Gereformeerde Kerk in gebruik geneem (Serfontein, 1983:135). Tydens die landswye Hervormingsfees van 1978 is die hersiene *Afrikaanse Psalm- en Gesangbundel* deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in gebruik geneem (Van der Westhuizen, 2005:52).

2.6.8 Die evaluering van *Die Berymde Psalms* (1976)

Uit die staanspoor was dit duidelik dat groot sorg aan die samestelling, aanbieding en uitleg van hierdie psalmboek bestee is. In die voorwoord (Serfontein, 1976) word gemeld dat die Geneefse melodieë “so na as moontlik aan die oorspronklike” afgedruk is.

Wat die fisiese voorkoms betref, is dit deeglik versorg. Bo-aan elke psalm is die nommer aan die buitekant van elke bladsy aangebring – om die opsoek van 'n lied te vergemaklik. Inligting in verband met die afkoms en datum van 'n melodie verskyn telkens direk onder die titel. Die musiek lees maklik saam met die teks omdat dit reël-vir-reël afgedruk is. Verhogings wat alternatiewelik gebruik kan word, is met 'n kruisteken bokant die balk aangedui. By psalmtекste met baie

strofes is die melodie telkens op die keersy van 'n bladsy herhaal. Om die korter note in die teks aan te dui, is die betrokke woorde gekursiveer (Serfontein, 1976:Voorwoord).

'n Positiewe evaluering van hierdie psalmboek kom van Van Namen (1982:5,12). Hy skryf dat "die liefde en dankbaarheid" vir die psalms en hulle melodieë groei namate bekendheid daarmee toeneem. Hy impliseer dat die nuutste bundel 'n verbetering op die vorige een is weens die afkeuring van die meeste vorige "nuwe wysies" deur die Hersieningskommissie. Sodoende kon die norme van Calvinisme, veral ten opsigte van die sorgvuldige keuring van geskikte melodieë, gehandhaaf word (sien 2.6.6 vir ooreenstemmende menings.) Die melodiese samestelling van hierdie psalmbundel word deur Heyns (1993:51) aangeprys as ideale kerkliedere. Hy bewonder die Geneefse melodieë as gewyde kerkliedere en beskou die struktuur, omvang en hoë musikale waarde as normgewend. Troskie (1983a:156) evalueer die psalmbundel objektief, maar bevraagteken tog die wysheid daarvan om hoofsaaklik die sestiende-eeuse melodieë as uitgangspunt vir die psalms aan te wend.

Die Interkerklike Hersieningskommissie het grondige hersiening gedoen. Na deeglike navorsing is één groot doelwit gestel: " 'n terugswaai na die Geneefse melodieë met hulle oorspronklike ritmes" (Viljoen, 1997:73). Juis hierdie terugbeweeg na 'n oorwegend outentieke Geneefse styl het veroorsaak dat 'n konfliktsituasie ontstaan. Gemeentelede het gedurende die tagtigerjare 'n toenemende behoefte getoon aan 'n "ander kerklike idioom" as slegs die "reformatoriese kerklied" (Viljoen 1997:73-74). Viljoen (1997:197-198) skryf dat "onsingbaarheid" van veral die Geneefse psalmmelodieë 'n "groot struikelblok" by verskillende persepsies rondom die amptelike bundel veroorsaak. Die soberheid van die psalmmelodieë kon blykbaar slegs tot 'n klein minderheid spreek.

Barnard (1981:4) lys die besware teen die 1976-Psalmboek wat algemeen by kerklidmate gehoor word. Die taalgebruik word beskryf as "onbegryplik", "te

geleerd” of aanduidend van ’n “kultuurpeil wat te hoog” is vir die begrip van leke. Wat die idiomatiek van die taal betref, word dit as “argaïes” of “lewensvreemd” beskryf. Kritiek teen die melodiek van die hierdie psalms behels, volgens Barnard (1981:4), dat die “stemming te somber” is en dat dit “kleurloos” of “onbesield” klink. Daar word verwys na liedere “uit die verre verlede” wat “dood” is en die kerkvolk nie aanspreek nie. Wanneer Van der Colf (1987:8) die 1976-bundel bespreek, skryf hy :

“Die Psalms behoort eintlik in ’n ruim mate in ons behoefte te voorsien. Dit is die mees gelese liedboek ter wêreld. As ons dit nou net kan laat sing ook! ... Daar is ‘vaal’ liedere in; liedere waarvan die woord of die melodie nie inslag sal vind nie ...”

Roux (1985:220) ontleed die hierdie psalmbundel en beweer dat die poësie en musiek nie ’n idiomatiese eenheid vorm nie. Sy beskou dit as ’n leemte dat daar “nog nie ’n algemeen bruikbare en bevredigende Afrikaanse psalmbundel ... daargestel is nie” en voer aan dat “styleenheid” verabsoluteer is sodat die musiek nie “ondergeskik aan die woordinhoud is nie”. Die “musiek intensiveer nie die betekenis nie, maar dwarsboom dit eerder” (Roux, 1985:238). Geneefse ritmes asook nabootsings daarvan, soos in die psalms voorkom, het volgens Roux (1986:25) “verhoed dat die musiek waarlik aan Totius se beryming diensbaar gemaak is”.

In die tydperk na die verskyning van *Die Berymde Psalms* (1976) het ’n bepaalde gespletenheid binne die kerklike geledere geheers. Aan die eenkant het kerkmusici of ingeligte musiek liefhebbers groot waarde aan die tradisioneel-gereformeerde kerklied geheg; andersyds het predikante en gemeentelede toenemend die vryer, ervaringsgerigte of kultureel-kontemporêre lied verkies.

2.6.9 Totstandkoming en samestelling van die psalms in die *Liedboek* (2001)

Baie kort na die verskyning van *Die Berymde Psalms* (1976), tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1978, is besluit dat 'n nuwe beryming van die psalms gemaak moet word en dat die sogenaamde “onsingbare melodieë” in die psalmbundel vervang moet word (Troskie, 1983b:60). Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het in 1983 op die Algemene Kerkvergadering besluit dat die psalmberymings taalkundig hersien moet word (Botha, 1992:38). Die Hersieningskommissie is gevolglik opdrag gegee om toe te sien dat die besluite uitgevoer word. Terselfdertyd het die Algemene Sinode van die NG Kerk dit aan die Breë Moderatuur opgedra om die samewerking van die “ander twee Afrikaanse Kerke” te soek (Troskie, 1983b:61). Hierdie taak is deur die Interkerklike Hersieningskommissie met integriteit aangepak, deur die doen van deeglike voorbereidende navorsing. Gekonsentreerde, jarelange werk is ingeploeg om die psalms in die *Liedboek* daar te stel (Van der Westhuizen, 2005:52-53).

Die omdigting van die psalmtekste is “deeglik beplan” en het gaandeweg ontwikkel – dit het 20 jaar geduur. Veral nadat TT Cloete sy gewig daarby ingegooi het, het dit momentum begin kry (Du Plooy, 2006:45). Breë riglyne wat gegeld het, is dat die omdigtings ten nouste met elke psalm se samestelling moes ooreenstem, en Skrifgetrouheid is veral naas inhoudelike, strukturele getrouheid as vereiste gestel (Bingle, 2000:132). Cloete het omdigtings van al 150 psalms gemaak. Dit is aangevul deur 8 omdigtings deur Lina Spies, 2 deur Antjie Krog, 2 deur Andries Breytenbach en 1 deur Elsabé Kloppers (Van der Westhuizen, 2005:53).

Psalmmelodieë is gekategoriseer deur te onderskei tussen dié wat behou moes word en dié wat moes verval. Hierdie indeling is gemaak na aanleiding van 'n studie deur die RGN oor die inslag wat melodieë in die kerk gevind het, terwyl die ontstaansgeskiedenis asook die aanwending daarvan in ander wêreldwye Protestantse kerke in ag geneem is (Prinsloo, 1992:37).

Die gebruikte melodiese samestelling het die volgende behels:

- alle geliefde en bekende melodieë, soos Psalms 23, 33 en 146;
- bekende melodieë uit die Gereformeerde kerklied-erfenis, soos Psalms 25, 42 en 46; melodieë uit ander bundels soos Psalms 29 en 57 uit die Engelse himnografie;
- bekende Gesangmelodieë soos by Psalms 119 en 139 uit die Lutherse korale;
- liederwysies soos dié van Psalms 38 en 130;
- “nuwe melodieë” uit die 1944-Psalmboek soos Psalms 18 en 147; asook
- nuutskeppinge van vier eietydse Suid-Afrikaanse komponiste: GG Cillie vir Psalms 13, 15, 24, 39 en 101, van IJ Grové vir Psalms 53 en 111 (112), van GC Olivier vir Psalms 14, 26, 27, 60, 87, 110, 127 en 139, en dié van HP van der Westhuizen vir Psalms 3, 5, 12 (88), 41, 59, 63, 92, 127, 129, 131 en 147 (Barnard, 2001:15; *Liedboek*, 2001: 869-871).

Voor die ingebruikneming van die *Liedboek* is 'n bundel met 'n keur van dertig liedere gratis saam met 'n bypassende CD aan gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika versprei. Dit het gedien as reklame om entoesiasme te genereer asook om verkope van die bundel te stimuleer. Die *Liedboek* is by 'n groot feestelike byeenkoms in die Pretoriase Stadsaal deur die NG Kerk-Uitgewers aan die kerke oorhandig tydens Hervormingsfees op 28 Oktober 2001. Terselfdertyd is die sangbundel landswyd deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in gebruik geneem (Van der Westhuizen, 2005:53).

Die ingebruikneming van die *Psalmboek* deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het plaasgevind tydens Hervormingsfees op Sondag 26 Oktober 2003. Hierdie gebeurtenis het 'n hoogtepunt in die liturgiese lewe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verteenwoordig. Die bundel is gekenmerk deur nuutskeppinge van taal en melodie, wat saam met liedere in ouer vorme 'n nuwe sangbelevens kan ontsluit. Wat die nuutomdigte psalms betref, stem dit ooreen met dié van die susterkerke wat in 2001 in gebruik geneem is. Hierdie bundel behou die Totius-

berymings en plaas dit telkens voor die nuwe omdigtings (Bingle, 2003:6; *Psalmboek*, 2003).

2.6.10 Die evaluering van die psalms in die *Liedboek* (2001)

Opvallende vernuwende tendense is waarneembaar by die psalms van die Liedboek. Beleidmakers wat by die beplanning van die melodieë van die *Liedboek* betrokke was, het volgens Viljoen (1997:177) meer simpatiek teenoor die behoeftes van lidmate opgetree. Die nuwe omdigting is in 'n eenvoudige styl wat nie alleen pas by kontemporêre digkuns nie, maar goed by die eenvoudige, poëtiese styl van die Hebreeuse psalms aanklank vind (Du Plooy 2006:45). Objektiewe standpunt-inname, gebaseer op empiriese studies, eietyds-universele, himnologiese kennis en die postmoderne tydsgees, het hierdie bundel progressief beïnvloed.

Barnard (2001:15) beskryf Cloete se omdigtings as “van uitnemende kwaliteit”. Dat sy werk as van die hoogste kwaliteit beskou kan word, is duidelik uit die besondere toekennings en pryse wat hy ontvang het: die Andrew Murray-prys, die Totius-prys, die Ds Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Van Rooy, 2006:59) sowel as die SAKOV-oorkonde vir 'n uitstaande bydrae tot Kerkmusiek in Suid-Afrika is aan hom toegeken vir sy omdigtings in die *Liedboek* (Kruger, 2006:123-125).

Die benadering wat by die samestelling van die 2001-Psalmbundel gevolg is, reflekteer gedeeltelik die veelsydige, paradigmatiese verskuiwing van die eietydse kerkmusiek. 'n Bepaalde postmoderne taalaanwending by die teks, soos plastiese spreektaal-eenvoud sowel as bondiger uitdrukkingswyses het die melodiese komposisiestrukture in 'n korter en dikwels eietyds-bevatliker formaat gegiet. 'n Wyer spektrum van tydperke en style uit die protestantse kerkliedskat word verteenwoordig. Melodieë toon die insig dat taal en melodie as 'n eiesoortige,

simbioties-idiomatiese eenheid moet saamwerk. In samehang hiermee word in 'n mate vir die Afrikaans-eie bevatlikheidspeil van die kerkvolk begrip getoon.

2.7 SAMEVATTEND

As samevatting van hierdie afdeling kan die volgende feite uitgelig word: psalmsang in Suid-Afrika kon nooit werklik vlot nie. Die vroegste bewaarde dokumente aan die Kaap beskryf die psalmsang herhaaldelik as onbevredigend (sien 2.6.2 tot 2.6.4). Die Geneefse psalmmelodieë het moeilik aangeleer en kon moeilik onthou word. Later het die byvoeging van die Evangeliese Gesange en die invloed van ander maklik-singbare style die psalms verdring. Tog het die geleidelike vertaling van psalms in Afrikaans sedert die 1920's meer motivering vir die sing van psalms gebied (Serfontein, 1956:105).

Probleme met die “onsingbaarheid” van die Geneefse melodieë was die aanvanklike dryfveer vir die totstandkoming van die 1937-Psalmbboek. Sedert die begin van die twintigste eeu het die behoefte aan 'n Afrikaanse beryming bykomende dringendheid daaraan gegee. Die volledige Afrikaanse *Berymde Psalms* van 1937 bly egter 'n waardevolle kultuur-historiese dokument wat die kerklike en musikale strominge in Suid-Afrika (van die ontstaanstydperk) op 'n besondere manier uitbeeld (Malan, 1984:40).

Die samestelling van die 1976-Psalmbundel is geïnisieer deur kritiek teen die 1937-psalmbundel. Om die kwaliteit van die melodieë te verbeter, het die Interkerklike Kommissie vir Psalms 'n stilisties eenvormige styl, veral dié van die Geneefse psalms, as ideaal gestel. Ten spyte daarvan dat die Afrikaanse Totius-berymings van 1937 ná 39 jaar reeds verouderd was, weens die beperkte taalontwikkeling en woordeskat van die 1920's toe dit geskryf is, het die teks die Totius-berymings behou (Du Plooy, 2006:44). Melodies is 'n hoogstaande standaard deurgaans gehandhaaf, maar hierdie melodieë kon nooit in die

Afrikaanse kultuurmilieu tuiskom nie. Mettertyd het 'n weerstand, veral teen die Geneefse psalmstyl, ontstaan.

Die *Liedboek* (2001) het tot stand gekom weens die behoefte aan 'n nuwe psalmberyming asook weens klagtes oor die "onsingbare melodieë" in die vorige bundel. TT Cloete het die volledige 150 psalms omdig, hoewel 'n paar verdienstelike omdigtings van ander digters as alternatiewe ingesluit is. Die melodieë uit die 1976-bundel is beoordeel volgens die mate waarin dit deur die gemeentes geassimileer is, en 60 nuwe toevoegings is gemaak.

In hierdie bundel is die Afrikaanse liturgiese liedereskat uitgebrei met verdienstelike en meer toeganklike liedere. Tog het die vermoede ontstaan dat psalmgebruik besig is om af te neem. Daarom het dit nodig geword om die gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van die psalms aan empiriese toetsing te onderwerp, soos wat dit in die volgende hoofstuk uiteengesit sal word.

HOOFSTUK 3

DIE GEBRUIKSFREKWENSIE EN FUNKSIONALITEIT VAN PSALMS IN DIE *LIEDBOEK* (2001)

HOOFSTUK 3

DIE GEBRUIKSFREKWENSIE EN FUNKSIONALITEIT

VAN PSALMS IN DIE *LIEDBOEK* (2001)

Ten einde psalmsang in die NG Kerk weer optimaal te laat funksioneer, was 'n empiriese studie oor die *status quo* noodsaaklik. Die vasstelling van die gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van psalmsang sou as vertrekpunt kon dien om eietydse probleme ten opsigte van psalmsang te identifiseer.

Deur vas te stel watter psalms gebruik word, en watter psalms gewild is by lidmate, sou afgelei kon word aan watter vereistes eietydse psalms behoort te voldoen. Die gebruiksfrekwensie van individuele psalms asook dié van die volledige psalmkorpus, sou kon aandui watter behoeftes rondom psalmsang bestaan en watter psalms hierdie behoeftes vervul. Die funksionaliteit van individuele psalms sou ook kon aandui watter psalms tans bruikbaar is en aan watter vereistes psalms behoort te voldoen om eietyds liturgies te kon funksioneer.

Daar is besluit dat die uitstuur van 'n vraelys hierdie empiriese inligting behoort te kon inwin.

3.1 DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Na die registrasie van die studie-onderwerp, het die promotor met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus 'n afspraak gemaak. Onder hulle leiding is daar vanuit die hoof-probleemstelling vasgestel watter inligting benodig word en is 'n basiese omlýning van die ondersoek voorgestel. Na aanleiding van die genoemde leiding is die vraelys opgestel.

Die gegewens wat by elke vraag gevra word en die motivering vir elke vraag behels die volgende:

3.1.1 Vraag 1: Word Psalms voorbereidend tot die erediens gesing?

Die doel van hierdie vraag is om by benadering die hoeveelheid geleenthede waartydens psalms gesing word, te bepaal. Verder sou hierdie vraag kon aandui hoeveel geleentheid daar is om nuwe psalms aan te leer.

Vraag 1a: Word Psalms tydens die erediens gesing?

Hierdie vraag se doel is om vas te stel hoeveel gemeentes nog psalms sing en hoeveel gemeentes die gebruik van psalms gestaak het.

3.1.2 Vraag 2: Hoe gereeld gemiddeld per Sondag?

Die doel van die vraag is die vasstelling van 'n benaderde gebruiksfrekwensie van die aantal Psalms wat per Sondag gesing word.

3.1.3 Vraag 3: Hoeveel Psalms word gemiddeld per maand in die erediens gesing?

Hierdie vraag dien as 'n kontrole vir Vraag 2 en behoort te help om 'n geheelbeeld van die gebruiksfrekwensie van psalmsang duideliker te omlin.

3.1.4 Vraag 4: Watter vorm(s) van begeleiding word vir die begeleiding van Psalms gebruik?

Alhoewel hierdie vraag op die periferie van die hoofdoel van die vraelys lê, kan dit help om 'n beeld van die algemene musiekbediening in die gemeente daar te stel. Die aard van begeleiding sal ook help bepaal of daar ruimte is vir psalmsang, aangesien baie psalms nie gemaklik met alternatiewe of eietydse instrumente begelei kan word nie.

3.1.5 Vraag 5: Sing gemeentes uit die Liedboek, vanaf 'n skerm of word beide gebruik?

Die vraag sluit in 'n mate by die vorige een aan omdat dit help aandui in watter mate die bestuur van 'n gemeente van byderwetse metodes en tegnologie gebruikmaak. Aangesien 'n skerm hoofsaaklik die moontlikheid vir musieknotasie by die woorde uitskakel, sal hierdie gegewens die gemak waarmee nuwe liedere aangeleer kan word, kan help bepaal.

Vraag 5a: Gemiddeld hoeveel persone sing uit die Liedboek?

Hierdie vraag is beplan as ondersteuning van die vorige vraag en sal die aantal gemeentelede wat uit die *Liedboek* sing, kan help bepaal, maar sou ook kon aandui hoeveel lidmate die *Liedboek* besit.

3.1.6 Vraag 6: Maak asseblief 'n lysie van die Psalms wat die meeste in u gemeente gebruik word (dit geskied meestal volgens keuses van leraar(s) of sangleier(s). Probeer dit in volgorde van gebruiksfrekwensie plaas.

Die vraag wil bepaal watter spesifieke psalms deur gemeenteleiers, soos leraars of musiekleiers, gebruik word. Die doelwit is om die gebruiksfrekwensie en die funksionaliteit van spesifieke psalms uit te wys – leraars kies gewoonlik liedere wat by die liturgie kan inskakel, terwyl musiekleiers dikwels betrokke is by die keuse van liedere wat voorbereidend tot eredienste gesing word.

Vraag 6a: Watter psalms is die mees geliefde onder gemeentelede? Probeer dit sover moontlik in volgorde van gewildheid plaas.

Die doel van hierdie vraag is om te bepaal watter spesifieke psalms vir die kerkvolk toeganklik is. Gewildheid van sekere psalms sou kon help vasstel watter tekste en musiekstyle tot lidmate spreek. Hoewel hierdie vraag as kontrole vir Vraag 6 bedoel is, sou dit ook die algemene instelling van lidmate teenoor psalmsang kon toets.

3.1.7 Vraag 7: Om watter rede(s) is die bogenoemde psalms gewild?

Die doel van hierdie vraag is om vas te stel om watter redes sekere psalms gewild is en om te wete te kom watter eienskappe van psalms die toeganklikheid daarvan verhoog.

3.1.8 Vraag 8: Word die Totius-berymings, agter in die Liedboek, in u gemeente gebruik?

Die doel van hierdie vraag is om aan te dui watter rol die ouer psalmtekste en hulle melodieë nog speel.

Vraag 8a Indien ja, watter?

Vraag 8b Indien nee, waarom nie?

Antwoorde op hierdie vrae kan aandui watter Totius-berymings en saam daarmee watter ouer melodieë nog volkseienendom is. Redes wat hier aangevoer word, sal gedeeltelik as bevestiging kan dien vir die redes wat by Vraag 7 gekies is.

3.1.9 Vraag 9: Vind u die tekste van die nuwe psalmomdigtings aanvaarbaar?

Die doel van hierdie vraag is om deur 'n meningsopname te bepaal of die psalmomdigtings in die *Liedboek* in die algemeen tot die lidmate spreek.

Vraag 9a: Indien ja, waarom?

Vraag 9b: Indien nee, waarom nie?

Hierdie vrae sal terselfdertyd as kontrole vir Vraag 9 kan dien, maar respondente ook aanmoedig om hulle menings te lug.

3.1.10 Vraag 10: Vind u as gemeente die nuwe melodieë by die psalms, in die algemeen, makliker om te sing?

Antwoorde op hierdie vraag sou die geslaagdheid, of die mate waartoe die nuwe psalmmelodieë ingang gevind het, kon aandui. Omdat melodieë wat verander, netelige probleme kan veroorsaak, is hierdie vraag besonder belangrik.

Vraag 10a: Watter van die nuwe Psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse herkoms het by u gemeente inslag gevind?

Deur hierdie vraag kan bepaal word watter psalmmelodieë, van Suid-Afrikaanse herkoms, kon inslag vind, of daar aanduidings van 'n idiomaties-Afrikaanse kerkmusiekstyl bestaan en in watter mate die kerkvolk daarmee kan identifiseer.

Vraag 10b: Watter van die volgende psalmmelodieë vanaf ander himnologiese bronne het by u gemeente ingang gevind?

Hierdie vraag sluit aan by die vorige vraag en kan 'n beter perspektief help kry op dié tipe psalmmelodieë wat vir NG Kerk-lidmate aanvaarbaar is. Verder sou dit kon vasstel in watter mate liederes wat ekumenies ingang gevind het, in Suid-Afrika kon tuiskom.

Vraag 10c: Watter van die volgende Geneefse Psalmmelodieë in die 2001-bundel het u gemeente nog nooit gesing nie?

Die motivering van hierdie vraag is om die Geneefse psalmmelodieë wat nog nooit gesing is nie te identifiseer ten einde te bepaal watter psalmmelodieë onfunksioneel is.

3.1.11 Vraag 11: Word volledige psalms of slegs gekeurde strofes gesing?

Hierdie vraag is bedoel om vas te stel of die meerderheid psalms as 'n eenheid aangewend word, of gemeenteleiers geneë is om volledige psalms te laat sing en om die algemene ingesteldheid teenoor psalmsang te toets.

3.1.11a Vraag 11a: Hoe aanvaarbaar vind u die gevarieerde, verkorte vorms van psalms soos byvoorbeeld Lied 163 "Soos 'n wildsbok" (Ps. 42) of Lied 224 "Kom prys Hom alle nasies (Ps. 117)?"

Terwyl die sing van volledige psalms soms tyd in beslag kan neem, kan hierdie vraag die teenpool verteenwoordig as kontrole. Tegelykertyd kan dit as toets dien, vir style wat eie is aan die kortvorm-psalms.

3.1.12 Vraag 12: By watter liturgiese elemente word Psalms tydens die erediens aangewend?

Omdat die liturgiese bruikbaarheid van psalms, die funksionaliteit en daarom die gebruiksfrekwensie beïnvloed, wil hierdie vraag vasstel in watter mate die psalms in die *Liedboek* liturgies aangewend word.

Vraag 12a: Enige interessante of vernuwende liturgiese wyses waarop u psalms as gemeentelike response gebruik?

Hierdie vraag is daarop gemik om die ingesteldheid van leraars teenoor die liturgiese aanwending van psalms te toets en om inligting in te win oor vernuwende maniere waarop dit aangewend word.

3.1.13 Vraag 13: Word psalmverwerkings soms in die gemeente gehoor?

13a: Sing u koor/kantory/sanggroep enige psalms of verwerkings daarvan?

13b: Speel u orrelis soms psalmverwerkings as voor-, tussen- of naspele?

13c: Speel enige gemeente-ensembles of –orkes soms psalmverwerkings?

Omdat psalms makliker aangeleer sal word, indien melodieë vooraf op een of ander wyse gehoor word, sal hierdie vraag kan vasstel of gemeentes aan die melodieë blootgestel word. Indien psalmverwerkings in gemeentes aangewend word, kan vergelyk word of psalms meer toeganklik vir sulke gemeentes is en of dit daarom meer gereeld gebruik word.

3.1.14 Vraag 14: Enige bykomende kommentaar oor die psalmbundel of oor u ervaring van gemeentelike psalmsang?

Hierdie vraag is bedoel as 'n “klip-in-die-bos” om interessante menings uit te lok. Dit sou ook as 'n platform kon dien om kritiek of opbouende kommentaar te lewer.

3.2 STRATEGIE BY DIE INWIN VAN DATA

3.2.1 Die uitstuurproses

Die *modus operandi* by die uitstuurproses, het die volgende behels: 'n Algemene inligtingsbrief oor die ondersoek is saamgestel. Hierin is die noodsaaklikheid en doelwit van die ondersoek beklemtoon. Daar is gemeld dat dit as 'n navorsingsprojek aangepak word, dat die statistiese vraelys deur Noordwes-Universiteit goedgekeur is en dat die studie onder leiding van prof Daleen Kruger gedoen word.

'n Aanvullende, voorbereidende brief is aan alle sinodale streekkantore van die NG Kerk gestuur, waarin hulle versoek is om die projek te ondersteun en om die gemeentes binne die sinodale gebied in kennis te stel dat so 'n ondersoek geloods word. Hulle is verder versoek om gemeentes aan te moedig om die vraelyste in te vul. (sien Bylae A.1 en A.2 vir die briewe en B.1 vir die vraelys wat uitgestuur is).

3.2.2 Seleksie van teikengroepe

Gemeentes uit 9 van die 10 sinodale gebiede wat onder die Algemene Sinode van die NG Kerk sorteer, is geteiken¹⁵ (*Jaarboek*, 2007:6,73). Briewe is gestuur aan 'n verteenwoordigende verskeidenheid van gemeentes waaruit die NG Kerk bestaan: gemeentes uit kontrasterende stedelike en plattelandse gebiede moes verteenwoordig word; studentegemeentes is ingesluit sowel as gemeentes waar die gemiddelde ouderdom meer gevorderd is; terwyl makro- en mikrogemeentes doelbewus ingesluit is in die navorsing¹⁶.

3.2.3 Sirkulering en korrespondensie

Aanvanklik is 500 vraelyste elektronies uitgestuur. Teen die terugkeerdatum is egter slegs 90 voltooië vraelyste terugontvang. Een probleem wat dadelik geïdentifiseer is, was die feit dat baie van die respondente nie in staat was om die vraelyste elektronies te voltooi nie. Nog vraelyste is uitgestuur, waarby 'n faksnommer en posbusnommer ingesluit is. 'n Totaal van ongeveer 1000 e-briewe, waarvan verskeie herhalend was, is uitgestuur. Dit is gedoen totdat voldoende, verantwoordelike data vanaf 'n verteenwoordigende verskeidenheid gemeentes bekom is.

¹⁵ KwaZulu Natal is uitgelaat omdat 'n gebied waar lidmate oorwegend Engelssprekend is, nie van Afrikaanse psalms gebruik sal maak nie en nie 'n verteenwoordigende beeld van die situasie in sake psalmsang kan lewer nie.

¹⁶ Hierdie gegewens kon afgelei word uit die besonderhede wat in die *Jaarboek van die NG Kerke* (2007:161-246) gepubliseer is.

Die mikpunt was om 150 betroubare vraelyste as basis vir die statistiek te verwerk. Sommige vraelyste was onbruikbaar omdat dit by strategiese vrae onvolledig, onleesbaar of onbetroubaar was weens kontrasterende inligting. In uitsonderlike gevalle het dit geblyk dat die persoon wat die data voltooi het, nie die nodige kundigheid of begrip gehad het nie.

Opvolgende korrespondensie was voortdurend nodig. Sommige gemeentes het die vraelys verlê, sommige het vergeet om te reageer en soms was sekere vrae nie vir respondente duidelik nie. Die mees gewaardeerde reaksies was wanneer respondente spontaan hulle menings deur middel van kommentaar gedeel of bygevoeg het. By die meeste respondente was dit moontlik om 'n voltooide vraelys met 'n bedankingsbrief te beantwoord (sien Bylaag A.3).

3.2.4 Hantering van gegewens

Volgens die *Jaarboek van die NG Kerke* (2007) is aan elke sinodale gebied 'n verwysingsnommer toegeken, en hierdie nommer is bo-aan die vraelys aangebring. Groter gebiede is onderverdeel en elke onderafdeling is deur 'n identifiserende numeriese groepering aangedui. Aan elke individuele gemeente is 'n nommer toegeken en aangeteken wat nie op die vraelys getoon is nie, sodat anonieme hantering van die vraelys meer vryheid aan respondente sou gee. Wanneer vraelyste ontvang is, kon egter meestal bepaal word van watter gemeente dit afkomstig was – dikwels is die naam spontaan bygevoeg, of het die e-posbesonderhede of die faksweergawe dit aangedui.

Soos die voltooide vraelyste ontvang is, is individuele gemeentes se nommer bo-aan die vorm aangebring, volledige fotostate van die voltooide vraelys is gemaak en dit is volgens sinodale gebiede en die individuele nommers geliasseer. Gemeentes wat nie geïdentifiseer kon word nie, is volgens die gebied, onderverdeling en binne die numeriese konteks gesorteer. Daarna is die vraelyste

fisies hanteer en is gegewens asook die gemeentenommer in die sentrale databasis ingedra.

Vraelyste waaroor onsekerheid oor die betroubaarheid bestaan het, is apart geliasseer. Uiteindelik is 158 voltooide vraelyste ontvang en is 8 vraelyste wat as die mees onbetroubare response beskou is, uitgelaat¹⁷.

Data wat inligting bied oor die hoofprobleem, of die oorkoepelende doelstelling van die ondersoek, of wat noodsaaklik kon wees vir toekomstige kontrolering, is deur middel van 8 grafieke voorgestel. Die betrokke grafieke word ingesluit by die bespreking van die verskillende vrae. Sommige data wat as kontrole of as ondersteuning van die hoofondersoek ingewin is, is bloot in persentasies weergegee.

3.2.5 Die verwerking van data

Die data was verteenwoordigend van die volgende verskeidenheid gemeentes (sommige gemeentes kan onder meer as een van die kategorieë sorteer.): makrogemeentes = 11, gemeentes met geen orrelis of musiekleiding nie = 4, stedelike gemeentes = 62, plattelandse gemeentes = 74, gemeentes met 'n jeugfokus (met 'n jeugleraar, jeugwerker of studentegemeentes) = 10, hipermoderne gemeentes wat slegs kontemporêre begeleiding aanwend = 11 en gemeentes wat grootliks uit bejaardes bestaan = 16.

Data is aanvanklik in getalle aangeteken, daarna in persentasies verwerk en in 'n sentrale databasis ingedra. Hierdie persentasies is aan 'n statistiese kenner by Noordwes-Universiteit, dr S Ellis, gestuur vir kontrole en verifiëring van die persentasies.

¹⁷ Die volgende redes het veroorsaak dat vraelyste as onbetroubaar geklassifiseer moes word: kontrolevrae waarvan die essensiële gegewens mekaar weerspreek het, onleesbare data of gevalle waar dit geblyk het dat die respondente nie die nodige agtergrond gehad het om die vrae te kon interpreteer nie.

3.3 UITEENSETTING EN BESPREKING VAN RESULTATE

Die verskillende vrae, die resultate in persentasies en die toepaslike grafieke word voorts uiteengesit. By elke vraag word die data persentasiegewys gegee en 'n analise van die versamelde data gedoen. Vergelykende kontrolering met ander data uit die vraelys, plaas hierdie data binne die konteks en daarna volg die gevolgtrekkings.

3.3.1 Vraag 1: Word psalms voorbereidend tot die erediens gesing?

Vraag 1a: Word psalms tydens die erediens gesing?

Die hoeveelheid geleenthede en die hoeveelheid gemeentes wat psalms sing, is gesamentlik deur hierdie vrae gedek. Eers nadat 'n volledige profiel van die gebruiksfrekwensie bepaal is, sal dit in grafiekvorm uitgebeeld word.


- Vraag 1: data in persentasies
 - Gemeentes wat psalms voor die erediens sing = 62.0%
 - Gemeentes wat nie voor die erediens psalms sing nie = 38.0%
- Vraag 1a data in persentasies
 - Gemeentes wat psalms in die erediens sing = 84.0%
 - Gemeentes wat nie psalms in die erediens sing nie = 16.0%
- Analise van data
 - Met die eerste oogopslag lyk dit asof daar verrassend baie gemeentes is (62%) wat voor die erediens psalms sing.
 - 'n Verbasende aantal (84%) gemeentes sing tydens die erediens psalms.
 - Hierdie data is egter bloot gebaseer op die feit d  t dit nog plaasvind en reflekteer nie by watter geleenthede, hoeveel psalms en hoeveel kere dit gesing word nie.

- Dat psalms by 62% gemeentes voor en by 84% gemeentes psalms in die erediens gesing word, dui daarop dat gemeenteleiers poog om psalms by die beplanning van 'n erediens in te sluit.
 - Die hoeveelheid gemeentes wat by geleentheid voor die erediens psalms sing (62.0%) in verhouding tot dié wat in die erediens psalms sing (84%), is naasteby 3:4.
 - Uiteindelik sal hierdie data en dié van Vrae 2 en 3 vergelykenderwys in verband met mekaar gebring word (sien 3.3.3).
- **Gevolgtrekkings**
 - Dit is duidelik dat daar wel by 'n groot persentasie gemeentes psalms voorbereidend en tydens die erediens gesing word: Dit dui op 'n gewilligheid om psalms te sing, maar is nie aanduidend van die aantal eredienste, die geleentheid wanneer, die frekwensie of die hoeveelheid psalms nie.
 - In praktyk is dit feitlik onmoontlik om nuwe psalms tydens die erediens aan te leer en die voorafsang is as die beste geleentheid daarvoor uitgewys. Daarom sal die gemeentes wat voor die erediens psalms sing, meer psalms kan aanleer (sien die berekening by 3.5.1).
 - Die 150 psalms beslaan een kwart van die 602 liederes in die *Liedboek*. Indien die keuse so wyd is, is die gemiddelde moontlikheid om 'n psalm by die voorafsang te kies, 1 uit 4 – dit wil sê 25%.
 - Hoogstens 1 lied kan normaalweg voor 'n erediens aangeleer word. Slegs indien daar sistematiese vooraf beplanning gedoen word, sal psalms aan die beurt kom by die aanleer van nuwe liederes.
 - Faktore wat 'n rol sal speel, is die mate van entoesiasme om psalms te sing en die gretigheid om nuwe psalms aan te leer.

3.3.2 Vraag 2: Hoeveel keer per Sondag word psalms gesing?

Hierdie vraag kon die gemiddelde gebruiksfrekwensie van psalms per Sondag help bepaal. Aangesien hierdie gegewens essensieel is vir dié navorsing, word dit aanvullend grafies voorgestel.

Grafiek 1: Hoeveel keer per Sondag word Psalms gesing




- Data in persentasies
 - Minder as 1 keer per Sondag = 45.3%
 - 1 keer per Sondag = 36.0%
 - 2 keer per Sondag = 14.6%
 - Meer as 2 keer per Sondag = 4.0%
- Analise van data
 - Opvallende tendense is dat daar baie gemeentes is waar psalms minder as 1 maal per Sondag (45.3%) of net 1 maal per Sondag (36%) gesing word, en dat daar min gemeentes is waar psalms meer as 2 keer per Sondag (4%) gesing word.

- Grafiese analise
 - 45.3% uit die 150 respondent-gemeentes sing minder as 1 keer per Sondag 'n psalm en 36% sing net 1 keer per Sondag 'n psalm. Gesamentlik dui dit daarop dat 81.3% gemeentes 1 keer of minder per Sondag 'n psalm sing – wat gemiddeld neerkom op 'n maksimum van 1½ keer per Sondag of 6 keer per maand.
 - 15% gemeentes sing 2 keer per Sondag 'n psalm en 4% meer as 2 keer per Sondag. Daarom word by 19% gemeentes 2 of meer keer per Sondag 'n psalm gesing.

- Kontrolering met soortgelyke data
 - Vraag 3, wat ook gebruiksfrekwensie teiken, sal later saam met hierdie data 'n beter geheelbeeld kan bied.
 - Vrae 6 en 6a se inligting sal die gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van psalms vanuit 'n ander hoek benader.

- Gevolgtrekkings
 - Die gebruiksfrekwensie van psalmsang is laer as wat vermoed is. Psalms soos dit in die *Liedboek* voorkom, geniet lae prioriteit.
 - Die lae gebruiksfrekwensie blyk die gevolg te wees van die ongereelde gebruik van psalms by eredienste.
 - Data dui die heersende gesindheid van die gemeentes ten opsigte van psalmsang aan.
 - Indien psalms so min gesing word, is daar min geleentheid om nuwe psalms aan te leer of reeds bekendes vas te lê.

3.3.3 Vraag 3: Hoeveel psalms word gemiddeld per maand in die erediens gesing?



Hierdie vraag hanteer gebruiksfrekwensie vanaf die gemiddelde gebruik per maand en dra daartoe by om 'n duideliker geheelbeeld aan te bied. Dit dien verder as kontroledata vir Vraag 2, wat nodig was omdat die meeste gemeentes hier 'n geskatte antwoord sou gegee het. Aangesien die gegewens essensieel is vir die studie, word dit grafies uitgebeeld.

- Data in persentasies
 - 0-2 keer per maand = 42.66%
 - 3-4 keer per maand = 26.00%
 - 5-6 keer per maand = 13.33%
 - 7-8 keer per maand = 8.00%
 - 9-10 keer per maand = 5.33%
 - 11-12 keer per maand = 3.33%
 - Meer keer per maand = 1.33%

- Analise van data
 - Die daling in persentasies ten opsigte van die hoeveelheid kere per maand wat psalms gesing word, is opvallend. Omdat hierdie gemiddelde gebruiksfrekwensie meestal deur gemeentelidiers geskat is, kan 'n mate van onakkuraatheid te wagte wees. Die hoeveelheid gemeentes wat dieselfde tendense toon, bevestig die resultate.
- Grafiese analise
 - Die min kere per maand wat psalms gebruik word, asook die dalende tendens namate die hoeveelheid kere vermeerder, is duidelik uit die grafiese sektordiagram. Die ligblou en violet segmente, wat onderskeidelik 2 of minder en 4 of minder keer per maand verteenwoordig, oorheers die diagram.
- Kontroliering met soortgelyke data
 - Hierdie data bevestig die tendense wat by Vraag 2 uitgewys is.
 - Die data by Vraag 2 het aangedui dat 81.3% gemeentes 1 keer en minder per Sondag psalms sing. Dit korreleer *pro rata* met hierdie gegewens, wat aandui dat 81.9%¹⁸ gemeentes 6 keer per maand en minder psalms sing (dit wil sê 'n gemiddeld van 1½ en minder psalms per Sondag).
- Gevolgtrekkings
 - Uit hierdie data kan afgelei word dat die gebruiksfrekwensie van psalms tans by die oorgrote meerderheid van gemeentes te laag is om 'n beduidende rol in die liturgie te speel.
 - 'n Gemiddelde gebruiksfrekwensie van drie keer of minder per maand by 81.9% van NG gemeentes dui op 'n traagheid vir die sing van psalms en op 'n lae oorlewingsmoontlikheid daarvan in die NG Kerk.

¹⁸ Die totaal van die 3 segmente wat 0-6 keer per maand psalms sing (42.66%, 26.00% en 13.33%), is 81.9%.

- Indien psalms so min gesing word, is daar min kans om reeds bekende psalms te gebruik of nuwe psalms aan te leer.

3.3.4 Vraag 4: Watter vorm(s) van begeleiding word vir die begeleiding van psalms gebruik?

Die styl en instrument(e) wat vir musiekbediening by gemeentes aangewend word, kon dien om die persentasies van variërende begeleidingsmetodes asook die tipe kerklied wat deur die betrokke begeleiding moontlik gemaak word, te belig. Aangesien hierdie vraag slegs ondersteunende inligting vir die hoof navorsingsprojek inwin, word dit nie grafies voorgestel nie.

- Data in persentasies
 - Orrel = 83.3%
 - Klavier = 16.7%
 - Orkes = 8.0%
 - Ander begeleiding = 13.3% (Elektroniese klavier of CD's)
- Analise van data
 - Die hoeveelheid gemeentes wat hoofsaaklik die orrel vir gemeentebegeleiding gebruik, staan uit.
 - Die lae persentasie gemeentes wat 'n orkes of *band* gebruik, is opvallend.
 - Daar is 'n beduidende persentasie gemeentes wat van alternatiewe begeleiding, anders die orrel, gebruik maak.
 - Die gebruik van CD's vir gemeentebegeleiding is opvallend.
 - Die totaal van persentasies is nie 100% nie maar 121.3%, wat 'n oorvleueling van 21.3% verteenwoordig. Dit dui daarop dat sommige gemeentes meer as een soort begeleidingstipe aanwend.

- Kontrolering met soortgelyke data
 - Aangesien hierdie vraag nie-essensieel is vir die hoofdoel, is daar nie 'n direkte kontrolevraag daarvoor nie.
- Gevolgtrekkings
 - Die orrel speel tans 'n beduidende rol by die begeleiding van psalms in die NG Kerk.
 - Die persentasie gemeentes (38.0%) wat van alternatiewe begeleiding gebruik maak, dui op 'n beduidende hoeveelheid moderniserende elemente. Dit dui ook die mate van behoefte aan hierdie tipe begeleiding aan.
 - Die gebruik van CD's vir begeleiding dui gewoonlik 'n gebrek aan orrels, orreliste of beide aan.
 - Die feit dat die totaal van die tipes begeleiding 100% oorskry, dui aan dat, en in watter mate, verskillende tipe begeleidingstyle in sommige gemeentes naas mekaar aangewend word.

3.3.5 Vraag 5: Sing gemeentes uit die Liedboek, vanaf 'n skerm of word beide gebruik?

Die mate waarin 'n gemeente van die skerm afhanklik is, sowel as die benaderde hoeveelheid gemeentelede wat die *Liedboek* gebruik, kon hier ingewin word. Hoewel daar 'n program vir dataprojektor bestaan wat die *Liedboek*-notebeeld saam met die teks vertoon¹⁹, is dit blykbaar nie algemeen-bekend nie en maak min gemeentes daarvan gebruik. Dit beteken dat die mate waarin noteleesvaardigheid toegepas word, grootliks deur die gebruik van die skerm geïnhibeer word. Die gebruik van die *Liedboek* kan die aanleer en vaslegging van nuwe psalms vergemaklik. Aangesien Vrae 5 en 5a slegs ondersteunend vir die sentrale navorsingstema gebruik word, word dit nie grafies uitgebeeld nie.

¹⁹ Bybel-Media versprei 'n program wat die notebeeld en teks op 'n bypassende agtergrond vertoon. Sien www.bmedia.co.za

- Data in persentasies
 - Uit die *Liedboek* = 17.3%
 - Vanaf 'n skerm = 58.6%
 - Beide word gebruik = 24.0%

Vraag 5a: Watter geskatte persentasie lidmate per gemeente sing uit die Liedboek?

Hierdie vraag het gesentreer om die gebruik van die *Liedboek* tydens die erediens, maar kon ook help aandui hoeveel lidmate die sangbundel besit.

- Data in persentasies
 - 0-20% = 63.50%
 - 20-40% = 10.22%
 - 40-60% = 7.30%
 - 60-80% = 1.46%
 - 80-100% = 17.52%
- Analise van data
 - Die persentasie gemeentes en die persentasie lidmate wat uit die *Liedboek* sing, blyk 17-18% te wees.
- Kontrolering van data
 - Die aantal gemeentes wat slegs uit die *Liedboek* sing (Vraag 5), blyk 17.3% te wees en dit stem ooreen met die 17.5% lidmate (Vraag 5a) per gemeente wat uit die *Liedboek* sing.
 - 'n Diskrepansie het egter ontstaan by die terugvoer omdat verskeie gemeentes wat aangedui het dat hulle van beide die skerm en bundels gebruikmaak, aandui dat 0-20% van lidmate boeke gebruik. Indien net

0-20% lidmate van boeke gebruikmaak, kan die gemeente nie sonder 'n skerm sing nie; daarom is hierdie antwoorde verander na "skerm".


- **Gevolgtrekkings**

- In ooreenstemming met die verwagting is die aantal gemeentes wat slegs van die *Liedboek* gebruik maak, min.
- Wanneer die skerm gebruik word, neem die gebruik van die *Liedboek* af en sal lidmate ook nie gemotiveer word om bundels te koop nie.
- Wanneer die *Liedboek* gebruik word, kan nuwe liedere makliker aangeleer word, omdat gemeentelede wat note kan lees die aanleerproses vergemaklik sodat die hoeveelheid liedboeke wat aangewend word in 'n mate aanduidend kan wees van die gemak waarmee nuwe liedere aangeleer kan word.
- Noteleesvaardighede word gestimuleer indien die notebeeld van liedere beskikbaar is.
- Indien liedboeke tuis beskikbaar is, kan liedere (en psalms) in die alledaagse lewe van lidmate 'n rol speel. Wanneer min mense bundels besit, kan kerkliedere moeilik by ander geleenthede gesing word sodat die algehele gebruiksfrekwensie en bekendheid van psalms sal afneem. Die moontlikheid om buite die erediens nuwe liedere aan te leer of bekende liedere vas te lê word hierdeur verminder.

3.3.6 Vraag 6: Maak asseblief 'n lysie van die psalms wat die meeste in u gemeente gebruik word (dit geskied meestal volgens keuses van die leraar(s) of sangleier(s)). Probeer dit in volgorde van gebruiksfrekwensie plaas.

Hierdie vraag kon die gebruiksfrekwensie, die funksionaliteit en in 'n mate die toeganklikheid van psalms aantoon asook die algemene gesindheid van gemeenteleiers reflekteer. Hierdie data is essensieel en word grafies vertoon. Die persentasie gebruik, word na elke psalm aangegee. (Psalms wat nie aangetoon word nie, se waardes is nul.)

Grafiek 3: Psalms gebruik deur leraars en sangleiers



- Data in persentasies

<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>
1	= 1.3	2	= 0.6	5	= 9.3
8	= 30.0	9	= 13.3	10	= 10.6
11	= 0.6	14	= 0.6	16	= 19.3
18	= 44.6	19	= 5.3	20	= 4.0
23	= 66.6	25	= 22.6	26	= 2.0
27 ²	= 15.3	28	= 0.6	29	= 25.3
31	= 8.6	33	= 73.3	36	= 8.0
38	= 18.0	40	= 0.6	42	= 50.6
43	= 5.3	44	= 2.0	45	= 4.0
46	= 29.3	47	= 8.6	48	= 58.0
49	= 0.6	51	= 0.6	56	= 0.6
57	= 1.3	65	= 2.0	66	= 37.3
67	= 1.3	68	= 16.0	70	= 0.6
71	= 8.0	74	= 2.0	80	= 0.6
81	= 2.6	82	= 6.6	84	= 64.0
86	= 1.3	88	= 1.3	89	= 14.0
90	= 1.3	91	= 12.0	94	= 2.0
95	= 0.6	96	= 2.0	97	= 0.6
98	= 22.0	99	= 0.6	100	= 84.0
101	= 1.3	103	= 6.6	104	= 6.6
105	= 23.3	106	= 1.3	107 ²	= 11.3
108	= 3.3	111	= 46.0	112	= 13.3
113	= 0.6	115	= 0.6	116	= 49.3
118	= 32.0	119	= 22.6	121	= 2.6
124	= 0.6	125	= 13.3	127	= 1.3
128	= 18.6	130 ²	= 56.6	134	= 16.6

135 = 0.6	136 = 1.3	137 = 4.0
138 = 12.0	139 = 27.3	145 = 2.6
146 = 76.6	147 = 18.0	148 = 26.6
149 = 10.0	150 = 26.6	

- Analise van data

- 89 uit die 150 psalms is aangewend en 61 is nooit by enige gemeente aangewend nie.
- 14 van hierdie psalms is by tussen 30% en 84% van die gemeentes gebruik. Indien hierdie psalms oorleef, dui dit op 9.3% van die psalms.
- 136 psalms (90.7%) is by minder as 30% gemeentes gebruik.
- 51 psalms is by 10% en minder gemeentes gebruik. Saam met die 61 wat glad nie gebruik is nie, kom dit neer op 112 psalms wat 10% en minder gebruik is.

- Grafiese analise

- Op die grafiek word die verskille tussen die benutting van verskillende psalms uitgebeeld – dit wissel tussen 0 tot 84%.
- 30% en meer van die gemeentes gebruik die volgende psalms:
 - Psalm 8 = 30%,
 - Psalm 118 = 32%,
 - Psalm 66 = 37.3%,
 - Psalm 18 = 44.6%,
 - Psalm 111 = 46%,
 - Psalm 116 = 49.3%,
 - Psalm 42 = 50.6%,
 - Psalm 130 = 56%
 - Psalm 48 = 58%,
 - Psalm 84 = 64%,

- Psalm 23 = 66.6%,
 - Psalm 33 = 73.3%,
 - Psalm 146 = 76.6% en
 - Psalm 100 = 84%.
 - 23 psalms word tans by 20% en meer gemeentes gebruik. Die 9 psalms wat tussen 20% en 30% lê, is:
 - Psalm 98 = 22%,
 - Psalm 25 = 22.6%,
 - Psalm 119 = 22.6%,
 - Psalm 105 = 23.3%,
 - Psalm 29 = 25.3%,
 - Psalm 148 = 26.6%
 - Psalm 150 = 26.6%,
 - Psalm 139 = 27.3% en
 - Psalm 46 = 29.3%.
 - Die groot persentasie psalms wat minimaal gebruik is, is opvallend.
- **Kontrolering met soortgelyke data**
 - In vergelyking met Vrae 2 en 3, waar die aantal kere per Sondag en per maand getoets is, lyk die hoeveelheid psalms (89) wat gebruik is, hoog, maar dit dui nie aan by hoeveel gemeentes hierdie psalms gebruik is nie. 23 van hierdie psalms is by meer as 20% van die gemeentes gebruik.
 - Grafiek 4 (Vraag 6a), wat hierdie data kontroleer, sal later in berekening gebring word.
 - **Gevolgtrekkings**
 - Hierdie data reflekteer hoofsaaklik die keuses en die smaak van gemeentelidmers (leraars, musiekleiers of sangleiers), omdat hulle meestal verantwoordelik is vir die keuse van spesifieke psalms.

- Die funksionaliteit van psalms word aangedui deur die keuses van psalms wat as deel van die erediensliturgie moet kan funksioneer.
- 'n Algemene tendens van die lae voorkeur en funksionaliteit wat psalms in die algemeen geniet, is merkbaar.
- 127 psalms word tans by minder as 20% gemeentes gebruik; dit is onwaarskynlik dat hierdie psalms lewensvatbaarheid kan behou.
- Die 14 psalms wat tans deur 30% of meer gemeentes gebruik word, het die beste kans op oorlewing.
- Sekere kenmerke kom algemeen voor by hierdie 14 mees gebruikte psalms:
 - Die majeurtoonaard kom uitsluitlik voor.
 - 9 melodieë kom uit Afrikaanse bodem (7 as komposisies en 2 as liederwysies*): Psalms 8, 18, 23, 33, 48, 100, 111, 130* en 146*. Psalms 100, 146, 33 en 23 toon die hoogste gebruiksfrekwensie van al die psalms.
 - 4 Geneefse melodieë se gebruiksfrekwensie kan na die liturgiese bruikbaarheid of die veelseggende teks terugherlei word: Psalms 84 (64%); 42 (50.6%); 116 (49.3%) en 66/118 (37.3%).
- Gemeentes was blykbaar nie bewus daarvan dat die gewilde melodie van Psalm 111 ook by Psalm 112 gebruik word nie en dat hulle 'n eenheid vorm nie; dieselfde geld vir Psalms 42 en 43.
- Die verskil in gebruiksfrekwensie tussen Psalms 111 en 112, asook tussen Psalms 42 en 43, is opmerklik. Dieselfde tendens kom voor by verskillende ander psalms wat 'n melodie deel, soos Psalms 16 en 137; 36 en 68; 48 en 82; 27 en 46, 74 en 116. Daar word vermoed dat die teks hiervoor verantwoordelik is: die toepaslikheid van die spesifieke teksinhoud, die toeganklikheid of eenvoud van taalgebruik, die mate waarin dit spesifieke temas of liturgiese elemente toelig, of dit een sentrale tema of liturgiese elemente per strofe beskryf en of dit by


die alledaagse behoeftes van lidmate toepaslik is. Wanneer die groepe genoemde psalms bestudeer word, blyk dit dat die pasgenoemde faktore in verband gebring kan word met funksionaliteit en daarom positiewe of negatiewe uitwerkings op die gebruiksfrekwensie kan hê.

- Psalms 111/112 en 29 het, ten spyte van nuwe melodieë, besonder goed posgevat.
- Twee psalms wat vroeër van Geneefse melodieë voorsien was, het deur plasing by bekende melodieë in die *Liedboek* funksioneel geword: Psalm 38 het as liederwysie in die volksgeheue bly voortleef en deur die liederwysie aan te wend, het die psalm toeganklik geword. Deur by Psalm 148 die bekende melodie van Psalm 100 aan te wend, het dit nuwe lewensvatbaarheid gekry.
- Psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse herkoms toon skynbaar 'n hoër funksionaliteit vir die liturgiese musiek van die NG Kerk in Suid-Afrika.

3.3.6a Vraag 6a Watter psalms is die mees geliefde onder gemeentelide?

Hierdie vraag het die algemene ervaring van psalmsang en die mate waarin dit by die breë kerkvolk gewild is, getoets, maar het ook as kontrole van Vraag 6 gedien. Die gewildheid van sekere psalms sal nou as maatstaf dien om vas te stel waar die kerkvolk van die NG Kerk tans staan ten opsigte van die psalms en watter tipe style spiritueel tot hulle spreek. Aangesien hierdie data noodsaaklik is om toekomstige ontwikkelinge by psalmsang te rig en later te kontroleer, word dit in grafiekvorm getoon.

Grafiek 4: Psalms geliefd by lidmate



- Data in persentasies

<u>Psalms</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalms</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalms</u>	<u>Persentasies</u>
5	= 3.3	8	= 20.0	9	= 7.3
16	= 8.6	18 ²	= 24.6	19	= 0.6
20	= 3.0	23	= 58.6	25	= 10.6
27	= 6.0	29	= 17.3	31	= 1.3
33	= 66.0	38	= 9.3	42	= 33.3
43	= 1.3	44	= 0.6	46	= 10.0
47	= 3.3	48	= 40.0	56	= 0.6
57	= 0.6	65	= 1.3	67	= 0.6
66	= 17.3	68	= 4.0	71	= 0.6
74	= 2.6	77	= 0.6	84	= 44.0
86	= 0.6	89	= 6.0	90	= 0.6
91	= 4.0	96	= 0.6	98	= 5.3
100	= 66.6	102	= 0.6	103	= 2.0
104	= 1.3	105	= 6.0	107	= 6.6
108	= 2.0	111	= 30.0	112	= 3.3
116	= 32.0	118	= 16.0	119	= 5.3
124	= 6.0	125	= 5.3	128	= 9.3
130	= 34.6	134	= 8.6	136	= 0.6
137	= 2.6	138	= 4.6	139	= 14.6
143	= 0.6	145	= 1.3	146	= 69.3
147	= 13.3	148	= 14.0	149	= 4.6
150	= 15.3				

- Analise van data

- 64 psalms (42.7%) is by sommige gemeentes as geliefd aangegee en 86 psalms is hoegenaamd nie gemeld nie.


- Die algehele persentasies is laag. Slegs 10 psalms is by meer as 30% gemeentes gewild: Psalms 146 (69.3%); 100 (66.6%); 33 (66.0%); 23 (58.6%); 84 (44.0%); 48 (40.0%); 130 (34.6%); 42 (33.3%); 116 (32.0%); 111 (30.0%).
- 54 van hierdie psalms is by minder as 30% gemeentes gewild. Saam met die 86 psalms wat nie gemeld is nie, beteken dit dat 140 psalms by die meeste gemeentes minder gewild of glad nie gewild is nie.
- 43 uit die 64 psalms is by 10% en minder gemeentes gewild. Daarom is altesaam 129 (86+43) psalms by 90% gemeentes nie gewild nie.
- In Grafiek 4 is die groot verskil in gewildheid tussen die gewilde en ongewilde/gemiddeld gewilde psalms opvallend (0% - 69.3%).
- **Kontrolering met soortgelyke data**
 - Die mees vanselfsprekende vergelyking van hierdie data is met dié van Vraag 6 of Grafiek 3 – hulle reflekteer in 'n groot mate dieselfde tendense.
 - Die totale aantal psalms wat deur gemeenteleiers gebruik word, verskil met 25 (16.6%) van dié wat by gemeentes gewild is.
 - Wanneer die gemiddelde persentasies van die 12 mees gebruikte psalms by vraag 6 met die persentasies van die 12 mees geliefde psalms in vraag 6a vergelyk word, verskil dit met 16.7%.
 - Die aantal psalms wat 30% en meer gewild is by lidmate, is heelwat minder as wat by Vraag 6 aangedui is.
 - Die 12 mees gebruikte psalms (Vraag 6) is grootliks dieselfde as die 12 gewildste psalms.
 - Daar bestaan subtiele verskille tussen die gewildheid en die gebruiksfrekwensie. Psalm 100 het die hoogste gebruiksfrekwensie, maar Psalm 146 die hoogste gewildheid. Psalm 66, wat die 12de meeste gebruik is met 37.3%, val na 17.3% by gewildheid, terwyl

Psalm 29, wat as 'n nuwe wysie slegs 25.3% gebruiksfrekwensie geniet het, ook by 17.3% gemeentes gewild is.

- Gevolgtrekkings
 - Baie min psalms is by die algemene kerkvolk geliefd. Al word 64 psalms gemeld as geliefd, is die persentasie gemeentes waar dit gemeld word, laag.
 - Hierdie data is waarskynlik gebaseer op die beoordeling van die geesdrif waarmee gemeentes sekere psalms sing of die kere wat versoeke uit die gemeente gebruik word. Slegs psalms wat besondere betekenis het of geliefd is, word met oorgawe gesing.
 - Die gebruiksfrekwensie van psalms lei dikwels tot die geliefdheid van daardie psalms.
 - Die verskil tussen die gebruiksfrekwensie en die gewildheid van psalms dui waarskynlik die verskil tussen die funksionaliteit daarvan in eredienste en die behoeftes of die toeganklikheid vir gemeentelede aan.

3.3.7 Vraag 7: Om watter rede(s) is die bogenoemde psalms gewild?

Hierdie vraag kon bepaal om watter redes psalms gewild is. Verder sou hierdie data, saam met dié van Vrae 6 en 6a, kon help om redes vir voorkeure van sekere psalms af te lei. Aangesien hierdie data vir verdere kontrole en toekomstige beplanning essensieel is, word dit in grafiekvorm getoon.



- Data in persentasies (Hier kon meer as een opsie ingevul word.)

<u>Rede</u>	<u>Die hoeveelheid gemeentes</u>
Woorde is treffend	= 38.6%
Melodie is mooi	= 45.3%
Woorde en musiek vorm 'n eenheid	= 31.3%
Bekendheid	= 64.0%
Sentimentele waarde	= 35.3%
Ander redes	= 1.3%

- Analise van data
 - Die bekendheid van psalms as rede vir gewildheid staan uit (64%).
 - By die evaluering van die gewildheid van psalms is kerkliedere se melodieë (45.3%) belangriker as die teks daarvan (38.6%).

- Die impak van die teks (38.6%), die sentimentele waarde (35.3%) en die eenheid van woorde en musiek (31.3%) van psalms, lê ongeveer op dieselfde laer vlak van evaluering ten opsigte van gewildheid.
- **Kontrolering met soortgelyke data**
 - Die mate waarin bekende liturgiese psalms deel van die mens se geestesbestaan word, word herhaaldelik by die vraelys uitgewys – onder andere by Vrae 6 en 6a.
 - Hierdie data stem ooreen met die data by Vrae 6 en 6a waar die mees gebruikte en gewildste psalms ook die bekendstes is.
 - Bekende melodiese wendinge in psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse herkoms het waarskynlik veroorsaak dat dit makliker in die NG Kerk se liederkorpus geassimileer kon word (sien Vraag 6).
- **Gevolgtrekkings**
 - Enige vorm van bekendheid by 'n lied, veral ten opsigte van die melodie, skep 'n aanknopingspunt wat lei tot makliker aanvaarding.
 - Bekendheid kan ook melodieë in 'n bekende inheemse styl, soos Afrikaanse volksliedere, aanverwante style of melodieë uit eie bodem veronderstel, omdat hierdie liedere sekere identifiseerbare eienskappe kan bevat.
 - Vreemde idiomatiese style, byvoorbeeld die Geneefse melodieë, kon moeilik en ook slegs gedeeltelik wortelskiet sodat slegs enkeles, weens die funksionaliteit daarvan, kon ingang vind. (Vergelyk Vraag 6.)
 - Hoewel dit minder opvallend figureer, speel die woorde, sentimentele waarde en eenheid van woorde en musiek 'n rol by die aanvaarding van 'n psalm.
 - Psalms word deur die gemeentes as geestesgoedere geabsorbeer of toegeëien as gevolg van herkenbare melodiese eienskappe, die tekstuele, Skriftuurlike eienskappe, die geestelike en emosionele betekeniswaarde daarvan en deur die samehang van hierdie faktore.

3.3.8 Vraag 8: Word die Totius-berymings agter in die Liedboek in u gemeente gebruik?

Die antwoorde op hierdie vraag het aangedui hoe diep die ouer psalmtekste nog by die ouer kerkvolk ingebed is.

- Data in persentasies
 - Gemeentes wat dit (soms) gebruik = 54.0%
 - Gemeentes wat dit nie gebruik nie = 37.3%
 - Gemeentes wat nie hierdie vraag voltooi het nie = 8.7%

Vraag 8a Indien ja, watter?

Vraag 8b Indien nee, waarom nie?

Die antwoorde op hierdie vrae het aangedui dat Totius-berymings nog “soms” gebruik word, watter graag gekies word en waarom dit nog gebruik word. Redes wat hier aangevoer is, bevestig gedeeltelik die redes vir aanvaarding wat by Vraag 7 gekies is. Aangesien hierdie data slegs aanvullende gegewens inwin, maar nie deel van die hoofondersoek is nie, word dit nie in grafiekvorm uitgebeeld nie.

- 8a Persentasies van Totius-berymings wat gebruik is

<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasies</u>
8	= 16.79	23	= 29.93	25	= 20.44
33	= 32.15	48	= 27.01	84	= 25.55
100	= 43.07	116	= 18.25	130	= 20.44
146	= 29.93				

- 8b: Redes wat aangevoer is waarom Totius-berymings gebruik word
 1. “Ouer mense is verkleef aan die bekende woorde”; “dit het sentimentele waarde.”
 2. “Dit sing lekker omdat die woorde bekend is.”

3. "Die ou beryming word as onvervangbaar beskou."
- 8c: Redes waarom Totius-berymings nie gebruik word nie
 1. "Die nuwe omdigting laat nie ruimte vir die ouer weergawe nie"; "daar bestaan geen behoefte daaraan nie."
 2. "Die taal van die nuwe omdigtings is beter", "dit vind meer byval."
 3. "Die taal van die Totius-berymings is te verouderd."
 - Analise van data
 - Hierdie vraag is gevra sonder die woord, "soms". Respondente het dit egter so herhaaldelik by die antwoord gevoeg, dat dit ter wille van 'n reële weergawe ingevoeg is.
 - Die gemeentes wat nog "soms" die Totius-berymings gebruik, is in die meerderheid.
 - Redes wat aangevoer is vir die gebruik van die Totius-omdigtings sentreer veral rondom die bekendheid daarvan.
 - Gemeentes wat dit nie gebruik nie, of nie die vraag voltooi het nie (wat dit waarskynlik onbelangrik geag het) verteenwoordig 46.0% van die steekproef.
 - Kontrolering met soortgelyke data
 - Die ooreenkoms tussen die rangorde van die gebruiksfrekwensie van hierdie psalms en dié by Vraag 6, is opvallend.
 - Hierdie psalms is dieselfde wat by Vraag 6a (ten spyte van nuwe omdigtings) as die gewildste psalms aangedui is²⁰.
 - Die feit dat hierdie psalms in dieselfde mate gewild gebly het, ten spyte van die verandering van hulle teksinhoud, asook die redes wat by Vraag 8b aangedui is, bevestig die belangrikheid van 'n bekende melodie by psalmsang (sien Vraag 7).

²⁰ Waarskynlik is hierdie 10 Totius-psalms geselekteer omdat hulle as bekend beskou is.

- Gevolgtrekkings
 - Daar is nog onder sekere omstandighede ruimte vir die Totius-berymings.
 - Volgens die antwoorde is die Totius-tekste veral by ouer lidmate bekend en geliefd.
 - Deurdat hierdie psalms, volgens die resultate van Vrae 6 en 6a, gewild gebly het, ten spyte van die wisseling van die teks, beklemtoon hoe belangrik melodieë is, omdat die melodieë die enigste bekende faktor was. Die rol van bekendheid by die voorkeure van psalms word hierdeur beklemtoon.
 - Na aanleiding van die uiteenlopende kommentaar by Vrae 8b en 8c²¹ blyk dit dat 'n verskeidenheid behoeftes in die NG Kerk gehuisves word.

3.3.9 Vraag 9: Vind u die tekste van die nuwe psalmomdigtings aanvaarbaar?

Hierdie vraag kon 'n redelik duidelike beeld skets van die mate waarin die 2001-psalmomdigtings in die *Liedboek* deur respondente aanvaarbaar gevind is. Omdat hierdie data essensieel is vir die bepaling van die huidige situasie asook vir die toekomstige beplanning van psalmtekste, word dit in 'n grafiek weergegee. Aangesien hierdie data ook met dié wat ten opsigte van melodieë ingewin is, vergelyk word, word dit gesamentlik op Grafiek 6 vertoon (sien 3.3.10).

Vraag 9a: Indien ja, waarom?

Vraag 9b: Indien nee, waarom nie?

Die reaksie op hierdie vrae kon as bevestiging van Vraag 9 dien en het respondente 'n geleentheid gebied om hulle menings te lug. Goedgegronde

²¹ By 8b word "ouer mense" en die sentimentele waarde wat hulle aan die Totius-tekste heg, gemeld; by 8c word gemeld dat die nuwe teks die behoefte aan "die ouer weergawe" vervang het.

reaksies is ontvang wat as eietydse menings gelys kan word en as riglyne vir toekomstige beplanning kan dien.

- Data in persentasies

- Die psalmtekste is beter = 67.3%
- Sommige psalmtekste is beter = 13.3%
- Besware teen die nuwe psalmtekste = 24.6%

9a: Redes waarom nuwe omdigtings verkies word (nie deur almal ingevul nie)

1. Meer verstaanbare, eietydse, idiomatiese Afrikaans = 41.3%
2. Dit is kreatief, goeie digkuns, ou waarhede is nuut gesê = 8.3%
3. Die omdigtings is Skrifgetrou en teologies-diepsinnig = 5.3%
4. Gevoelens word betroubaar verwoord = 2.6%
5. Pas by die melodieë = 2.6%

9b; Redes vir kritiek teen die nuwe omdigtings (nie deur almal ingevul nie)

1. Weerstand teen vernuwning en verbreking van die tradisie = 12.6%
2. "Die teks is armer, Christus en Heilige Gees is weggelaat." = 2.6%
3. "Woordaksente klop soms nie melodies nie". = 5.3%
4. "Die teks is minder poëties", "onpersoonlik", "dit is te klinies". = 4.6%
5. "Die teks is onverstaanbaar", "dit is te outyds". = 3.3%
6. "Omdigtings is te lank", "dit leer moeilik aan." = 1.3%
7. "Dit bevat onaangename dinge waaroor mens nie wil sing nie" = 1.3%

- Analise van data

- Sommige respondente het meer as een opsie ingevul – die som van die gesamentlike persentasies is 105.2%.
- Hierdie data dui aan dat 67.3% respondente die nuwe omdigtings aanvaarbaar en 13.3% sommige omdigtings aanvaarbaar vind.
- Die persentasie respondente wat kritiek teen die nuwe omdigtings gelewer het, was 24.6%.

- Die uitstaande rede vir aanvaarding is die “meer verstaanbare”, “eietydse, idiomatiese Afrikaans” (41.3%).
 - Die uitstaande rede vir kritiek was ’n weerstand teen die verandering van teks (12.6%).
 - Die gesamentlike persentasie positiewe kritiek is 60.1% en die gesamentlike negatiewe kritiek 31%.
- Grafiese analise, soos vertoon op Grafiek 6 (3.3.10).
 - Die balk wat die aanvaarding van die omdigtings vertoon, staan uit op die grafiek as die hoogste persentasie teen 67.3%.
 - Besware teen die omdigtings kom van minder as ’n kwart van die respondente (24.6%).
 - Respondente wat teen sommige omdigtings kritiek lewer, word as die laagste persentasie op die grafiek getoon (13.3%).
- Kontrolering met soortgelyke data
 - Die redes vir aanvaarding van die Cloete-omdigtings stem ooreen met die kritiek teen die Totius-berymings by Vraag 8c.
 - Die psalms wat saam met die Cloete-omdigtings uitstaan, deur gebruiksfrekwensie, funksionaliteit en gewildheid (sien Vraag 6.) stem grootliks ooreen met die Totius-berymings agter in die *Liedboek*.
 - Die redes wat by Vrae 9a en 9b aangevoer word, bevestig die resultate by Vraag 9.
- Gevolgtrekkings
 - Vraag 9 was vir respondente belangrik – dit is uiters volledig en deur almal ingevul. Sommige respondente het selfs meer as een opsie ingevul sodat die gesamentlike persentasie op 105.2% te staan kom.
 - 60.1% gemeentes het aangedui waarom hulle die omdigtings verkies.
 - Waardering is uitgespreek vir meer verstaanbare, eietydse en meer idiomatiese Afrikaans, kreatiwiteit, digterlike kwaliteite,


gevoelsuitdrukking, Skrifgetrouheid, diepsinnigheid, teologiese insig en die eenheid tussen teks en melodie.

- Uit die kommentaar kan afgelei word dat die Afrikaans van die meeste Totius-berymings nie meer effektief kommunikeer nie en dat die voortgesette behoud daarvan, behalwe vir 'n paar uitsonderings, deur ten minste 67.3% gemeentes nie nodig geag word nie.
- Die nuwe tekste het relatief maklik ingang gevind ten spyte daarvan dat die Totius-berymings vir 46 jaar in gebruik was.
- Sommige kritiek sentreer rondom 'n weerstand teen vernuwing.
- Die besware by punt 9b.2 hierbo is teologies van aard en is veral deur die GKSA gedisputeer²², maar vind ook by die NG Kerk aanklank.
- Die kritiek teen die omdigtings hierbo by 9b.3-7 is musikaal- en poëties-deskundig van aard, sodat slegs ingeligte en 'n beperkte aantal respondente hierdie menings kon lug. Kritiek wat wel aangevoer is, is egter goed gemotiveer en gegrond op tegniese kennis.
- Daar bestaan blykbaar ook geldige kritiek teen die Cloete-omdigtings wat die singbaarheid daarvan negatief kan beïnvloed.
- Die meeste respondente het nie genoeg tegniese kennis gehad om die omdigtings se versoenbaarheid met die betrokke melodieë te beoordeel nie.
- Ten spyte van die kritiek wat teen die Cloete-omdigtings gelewer is, word daar algemeen aanvaar dat dit nodig was om die Totius-berymings te vervang. Ook wanneer die kritiek aandui dat die Totius-berymings meer "poëties" is en meer emosie toon, was kritiek nie gerig teen die feit dat die psalms nuut berym is deur Cloete nie, maar wel teen sekere, spesifieke aspekte van daardie omdigtings.

²²Van Rooy (2004:755-767 en 2006:61-65) weerlê die besware oor die "weglatings" by die psalmberyming van 2001 in twee artikels (sien die bronnelys).

3.3.10 Vraag 10: Vind u as gemeente die nuwe melodieë by die psalms in die algemeen makliker om te sing?

Grafiek 6: Menings oor nuwe omdigtings en melodieë



Hierdie vraag het getoon in watter mate die nuwe psalmmelodieë aanvaarbaar gevind is. Die versamelde data kon egter slegs gedeeltelik aandui in watter mate nuwe psalmmelodieë kon ingang vind, omdat gemeentes nog nie voldoende met die nuwe melodieë kennis gemaak het nie. Hierdie gegewens word wel per grafiek vertoon. Melodieë van Afrikaanse (10a) en ekumeniese herkoms (10b) is apart getoets en die response word in afsonderlike balke op grafiek 6 vertoon.

- Data in persentasie
 - Gemeentes wat nie die nuwe melodieë aanvaarbaar vind nie = 42.6%
 - Gemeentes wat sommige melodieë beter vind = 27.3%
 - Gemeentes wat die nuwe melodieë as meer aanvaarbaar beskou = 30.0%

- Gemeentes wat nie gepoog het om melodieë van Suid-Afrikaanse oorsprong aan te leer nie = 49.3%
- Gemeentes wat nie gepoog het om nuwe melodieë van ekumeniese oorsprong aan te leer nie = 62.0%
- Analise van data
 - Die 42.6% gemeentes wat die nuwe melodieë onaanvaarbaar vind, oortref die 30.0% wat die nuwe melodieë aanvaarbaar vind.
 - Die persentasieverskil tussen die 13.3% gemeentes wat sommige nuwe omdigtings beter vind en die 27.3% wat sommige nuwe melodieë beter vind, is opvallend.
 - Meer as die helfte van die gemeentes het nie gepoog om nuwe psalmmelodieë aan te leer nie.
- Grafiese analise
 - Die aanvaarding van nuwe melodieë deur slegs 30.0% van die respondente is teleurstellend.
 - Die twee ligpers balke wat aandui hoeveel gemeentes nie gepoog het om melodieë van Suid-Afrikaanse (49.3%) of ekumeniese (62.0%) oorsprong aan te leer nie, staan uit as die hoogste persentasiedata ten opsigte van melodieë.
 - Daar was meer weerstand teen melodieë uit ekumeniese bronne (62%) as teen dié van Suid-Afrikaanse oorsprong (49.3%). Feitlik die helfte van gemeentes het nie probeer om nuwe Suid-Afrikaanse melodieë aan te leer nie, terwyl die nuwe melodieë uit ekumeniese bronne meer as 10% swakker gevaar het.
 - Gemeentes wat die nuwe melodieë aanvaarbaar vind (30.0%), is die helfte minder as dié wat omdigtings (67.3%) aanvaarbaar vind (sien die 2 donkerblou balke).
 - Die besware teen die omdigtings (24.6%) is heelwat minder as die besware teen die melodieë (42.6%). (Vergelyk die 2 blou balke.)

- Gemeentes wat sommige nuwe omdigtings as beter ervaar (13.3%) is meer as die helfte minder as gemeentes wat sommige melodieë (27.3%) as beter beskou. (Vergelyk die 2 rooibruin balke.)
- **Kontrole met ander data**
 - Wanneer die resultate van Vraag 10 vergelyk word met dié van Vraag 9, blyk dit dat die nuwe omdigtings heelwat meer geredelik as die nuwe melodieë aanvaar is.
 - Hierdie data bevestig die resultate by Vraag 7, waar die melodie as 'n bepalende faktor aangedui is ten opsigte van die voorkeur of geliefdheid van 'n psalm.
 - Volgens hierdie data word die verandering van teks makliker aanvaar as die verandering van melodie. Dit korreleer met die bevindinge van Vrae 6a en 8, wat toon dat dieselfde psalms gewild gebly het ten spyte van die verandering van teks.
 - 'n Groot hoeveelheid gemeentes (42.0%) het aangedui dat die nuwe melodieë meer aanvaarbaar is, maar het dan volgens die response op Vraag 10a en 10b feitlik geen van hierdie melodieë aangeleer nie. Hierdie antwoorde moes derhalwe aangepas word, en is dan by "sommige" ingedeel, sodat die data verander het na 30.0%.
- **Gevolgtrekkings**
 - Volgens die data is die nuwe psalmmelodieë oor die algemeen nie aanvaar nie.
 - Sommige gemeentes het aangedui dat hulle die nuwe melodieë in die algemeen aanvaar, maar het die moeite ontsien om dit aan te leer.
 - Die persentasie gemeentes wat aandui dat hulle nie die nuwe psalmmelodieë aanvaarbaar vind nie, beklemtoon hoe traag gemeentes is om nuwe psalmmelodieë aan te leer.
 - Die resultate toon dat nuwe tekste makliker as nuwe melodieë aanvaar word.

- Gemeentes staan meer krities teenoor melodieë as teenoor omdigtings.
- Blykbaar is daar minder bereidwilligheid ten opsigte van die aanleer van nuwe psalmmelodieë as ten opsigte van die aanvaarding van nuwe tekste.

Vraag 10a: Watter van die nuwe Psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse herkoms het by u gemeente ingang gevind?

Hierdie vraag kon vasstel hoeveel en watter nuwe melodieë van Suid-Afrikaanse herkoms reeds ingang gevind het, maar kon ook by benadering bepaal watter tipe melodieë makliker kon tuiskom.

<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>
	<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>
3	= 1.3	5	= 16.6	12	= 1.3
13	= 0.6	14	= 0.6	15	= 1.3
24	= 1.3	26	= 4.6	27**	---
38 ²	= 24.0	53	= 1.3	60	= 1.3
87	= 0.6	88	= 0.6	101	= 0.6
110	= 2.0	111	= 53.3	127 ¹	= 1.3
127 ²	= 2.6	130 ²	= 46.0	131	= 0.6
139**	---	141	= 0.6		

(* Die klein syfertye dui aan watter melodie in die *Liedboek* ter sake is.)

(**Respondente het die nuwe melodieë waarskynlik met die bekende Duitse koraalmelodie verwar.²³)

²³ Daar word vermoed dat hier 'n misverstand ontstaan het as gevolg van verskillende faktore. Om die volgende redes word vermoed dat respondente telkens die twee melodieë by hierdie twee psalms verwar het:

- By vrae 6 en 6a, waar gemeentes moes aandui watter psalms gebruik word en watter psalms geliefd is, het die meeste respondente bloot die nommers aangedui sonder om te identifiseer watter melodie bedoel word (asof daar by Psalms 27 en 139 elk net één teks en melodie ter sake is).
- Slegs 7 respondente het by Psalm 27 en 6 respondente het by Psalm 139 aangedui watter melodie hulle bedoel het en dit was telkens die Duitse melodie. (Vervolg onder aan die volgende bladsy.)

Vraag 10b: Watter van die volgende Psalmmelodieë vanaf ander himnologiese bronne het by u gemeente ingang gevind?

Hierdie vraag kon vasstel watter melodieë asook watter tipe psalmmelodieë uit ekumeniese bronne by NG Kerk-lidmate ingang gevind het.

<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>
<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>	
11	= 2.0	29	= 36.0	34	= 1.3
37	= 2.6	57	= 8.6	78	= 1.3
85	= 0.6	109	= 1.3	126	= 2.0

- Analise van data 10a en 10b
 - Die hoeveelheid nuwe melodieë (Vraag 10a) wat aangeleer is, is min – in werklikheid net twee: Psalms 5 en 111/112.
 - Psalms 38² en 130² word wel gelys onder nuwe Afrikaanse psalms, maar is liederwysies wat voorheen bekend was.

-
- Waar daar meer as een melodie ter sake is in die *Liedboek*, word melodieë meestal as "Eerste melodie" en "Tweede melodie" aangedui, maar onder andere by Psalms 27 en 139 is dit nie só gedoen nie.
 - By die uitstuur van die vraelys is by Vraag 10a gevra watter van die "nuwe" psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse komponiste ingang gevind het. Hier is onder andere Psalms 27 en 139 aangegee sonder identifisering van watter melodie ter sake is. (Die Duitse koraalmelodieë is nie van Suid-Afrikaanse herkoms nie, nie nuut nie en geen van hierdie melodieë is as eerste of tweede in die boek geïdentifiseer nie.)
 - Blykbaar het respondente nie beseft dat die nuwe Suid-Afrikaanse melodieë ter sprake is nie, omdat hierdie Duitse koraalmelodieë vir die eerste keer by psalms geplaas is.

Sekere tendense bevestig die vermoede dat daar verwarring plaasgevind het:

- Die 10 psalms wat in die bekendstellingspublikasie, *'n Keur van 30 liedere*, geplaas is, het uitgestyg ten opsigte van gebruiksfrekwensie en gewildheid (sien die resultate by 3.3.6 en 3.3.6a). Slegs die Duitse melodie by Psalm 139 is daarin geplaas terwyl Psalm 27 nie geplaas is nie.
- Uit die vraelys het geblyk dat by alle psalms waar twee melodieë geplaas is en een van die melodieë reeds bekend was, die nuwe melodie geïgnoreer is. Beide die Duitse koraalmelodieë van Psalms 27 en 139 is goed bekend. Waar bekende melodieë vir die eerste keer by psalms geplaas is, was die gebruiksfrekwensie daarvan deurgaans hoër as gemiddeld (sien Psalms 16²=19.3%, 38²=24%, 119²=22.6%, 125=13.3% en 130²=56.6%).
- Kommentaar uit die vraelys het getoon dat respondente in die algemeen die teks van Krog of Spies verkies het. Beide nuwe melodieë is op die Cloete-omdigtings gebaseer, terwyl die bekende melodieë op woorde van Spies verskyn (sien die kommentaar by 3.4.1; en sien ook die plasinge in die keurbundel by Psalms 42, 130 en 139).

- Die mate waarin die nuwe melodieë van Psalms 27 en 139 ingang gevind het, kon ongelukkig nie bepaal word nie.
 - Die enigste psalm wat by 10b uitstaan, is Psalm 29.
 - Die min nuwe melodieë van Suid-Afrikaanse of ekumeniese oorsprong wat aangeleer is, is opvallend.
- **Kontrolering met soortgelyke data 10a en 10b**
 - Wanneer die data van Vrae 10a en 10b vergelyk word, blyk die algemene tendens van traagheid om nuwe liedere aan te leer.
 - Hierdie resultate bevestig dié van vraag 10 en dui daarop dat baie gemeentes nie die melodieë aanvaarbaar gevind het nie.
 - Die data by Vraag 10a bevestig dié van Vrae 6 en 6a, en toon aan dat melodieë van Suid-Afrikaanse oorsprong meer aanvaarbaar is.
- **Gevolgtrekkings 10a en 10b**
 - Die wyse waarop respondente hierdie vrae beantwoord het, bevestig die min belangstelling wat daar ten opsigte van nuwe melodieë bestaan – respondente het óf “geen” geskryf of die vraag oorgeslaan. Vergeleke met vraag 9, wat oorvleuelend ingevul is, dui hierdie houding op ’n dieperliggende probleem ten opsigte van psalmmelodieë.
 - Behalwe vir die melodieë van Psalms 5 en 111/112 is daar in die algemeen nie moeite gedoen om nuwe melodieë van Suid-Afrikaanse herkoms baas te raak nie.
 - In die algemeen word aanvaar dat liedere wat ekumenies ingang gevind het, oral gemaklik sal kan tuiskom, maar blykbaar is dit nie tans in die NG Kerk van toepassing nie.
 - Daar het moontlik ’n weerstand teen psalmsang in die NG Kerk gevorm, wat selfs ekumeniese liedere, wat elders goed gesing word, inhibeer.
-

- Uit hierdie data blyk dat die 10 psalms wat in 'n *Keur van 30 Liedere*, die bekendstellingsbundel en 'n meegaande laserskyf gepropageer is, goed ingang gevind het – dit bewys die waarde van blootstelling (sien 3.3.6 en 3.3.6a). Psalm 26 kon, ten spyte van goeie blootstelling, waarskynlik weens die lengte van die omdigting en die gevolglike lengte van die melodie, nie ingang vind nie.

Vraag 10c: Watter van die volgende Geneefse Psalmmelodieë in die 2001-bundel het u gemeente nog nooit gesing nie?

Dit was nie moontlik om te kon identifiseer watter Geneefse psalms onfunksioneel is nie, omdat die respons op hierdie vraag verwarrend was. Die eietydse evaluering van die Geneefse melodieë is as belangrik beskou, omdat hierdie melodieë 'n eiesoortige styl handhaaf, wat in die verlede verskillend en kontrasterend geëvalueer is. Ongelukkig is hierdie vraag deur respondente verwarrend gelees en beantwoord.

- Data in persentasies

<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Psalm</u>	<u>Persentasie</u>
	<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>		<u>gemeentes</u>
1	= 0	21	= 2.6	35	= 0
47	= 22.6	51	= 6.6	65	= 18.6
67	= 0	75	= 0	81	= 14.0
86	= 6.0	99	= 1.3	103	= 20.0
121	= 18.0	124	= 9.3	135	= 2.6
150	= 50.3				

- Analise van data
 - Analise van hierdie data het getoon dat daar by 'n minderheidsgroep verwarring geheers het, sodat vermoed word dat sommige respondente die vraag beantwoord het as watter psalms “wel gesing” is, alhoewel die vraag gelui het: “watter psalms is nog *nooit* gesing nie”. Dit het geblyk deurdat sommige respondente dié psalms wat deur meeste aangedui is as nog nooit gesing nie, oorgeslaan het om 'n soort spieëlbeeld van die algemene tendense in te vul. By sommige antwoordlyste was daar geen patroon identifiseerbaar nie.
- Kontrolering met soortgelyke data
 - Indien spesifieke ooreenstemmende psalms uit hierdie groep met dié by 3.3.6 en 3.3.6a vergelyk word, word die onjuistheidsfaktor duidelik. Om beter vergelyk te kan word met ander gegewens, is gepoog om die resultate te verwerk as watter Geneefse melodieë “al een of ander tyd gesing” is, maar dan was die onakkuraatheidsfaktor steeds te hoog.
- Gevolgtrekkings

Dit is ongelukkig duidelik dat hierdie data nie betroubaar is nie.

 - Die algemene, negatiewe gevoel oor hierdie melodieë blyk egter ook uit die resultate by Vrae 6 en 6a sowel as herhaaldelik uit die kommentaar (sien 3.3.6 en 14.2).

3.3.11 Vraag 11: Word volledige psalms of slegs gekeurde strofes gesing?


Die reaksie op hierdie vraag het 'n duidelike beeld getoon van veral leraars se algemeen-positiewe gesindheid om die psalms te gebruik en volledig te wil gebruik. Aangesien hierdie vraag as kontrole vir nie-essensiële inligting gevra is, word dit nie in grafiekvorm weergegee nie.

- Persentasie gemeentes wat volledige psalms gebruik = 24.8%

- Persentasie gemeentes wat slegs gekeurde strofes gebruik = 75.2%
- Analise van data
 - Die meeste gemeentes (75.2%) gebruik gekeurde strofes uit psalms.
 - Die data toon dat volledige psalms min (24.8%) gebruik word.
 - Feitlik alle respondente het aangedui dat die ideaal is om alle strofes te sing, maar dat die lengte van psalms en die teksinhoud van sommige strofes dit bemoeilik.
- Kontrolering met soortgelyke data
 - Hierdie gegewens toon dieselfde basiese positiwiteit teenoor psalmsang as wat by Vraag 1 (3.3.1) voorgekom het, maar volgens die kommentaar is die sing van volledige psalms blykbaar selde moontlik.
 - Volgens die kommentaar by Vraag 9 (3.3.9) bevat psalms soms dinge wat onaangenaam is – “waaroor mens nie wil sing nie”.
 - Dié gemeentes wat poog om volledige psalms te sing, sing ook meer gereeld en meer psalms. (Vergelyk Vrae 1-3: 3.3.1- 3.3.3.)
- Gevolgtrekkings
 - Blykbaar ervaar respondente dat die sing van volledige psalms nie in die praktyk werk nie, veral wanneer daar baie strofes is.
 - Die teksinhoud van sommige psalmstrofes is van so 'n aard dat gemeentes moeilik daarmee kan assosieer.

3.3.11a. Vraag 11a: Hoe aanvaarbaar vind u die gevarieerde, verkorte vorms van psalms soos byvoorbeeld Lied 163 “Soos ’n wildsbok” (Ps. 42) of Lied 224 “Kom prys Hom alle nasies”(Ps.117)?

Grafiek 7: Menings oor kortvorm psalms




Hierdie vraag is by die opstel van die vraelys bloot as bykomend beskou, maar uit die respons wat ontvang is, is hierdie psalmformaat oorweldigend aangedui as rigtinggewend vir eietydse psalmsang. Om dié rede word hierdie data grafies vertoon.

- Data in persentasies
 - Gemeentes wat kortvorm-psalms positief ervaar = 42%
 - Gemeentes wat kortvorm-psalms as uitstekend beskryf = 55%
 - Gemeentes wat kortvorm-psalms afwys of krities reageer = 3%

- Analise van data
 - Die vraag het nie 'n beskrywende antwoord geïmpliseer nie, maar respondente het dit spontaan beskryf, soos dit hierbo uiteengesit is.
 - Data wat hierdie psalmformaat goedkeur of uitstekend vind (97%), is verreweg in die meerderheid.
- Grafiese analise
 - Die bloupers segment (42%) van die sektordiagram dui aan watter persentasie gemeentes die kortvorm-psalms aanvaarbaar vind.
 - Die violet segment (55%) dui aan hoeveel respondente vind dat kortvorm-psalms baie goed of uitstekend werk.
 - Kritiek of voorbehoud teen hierdie psalmstyl, soos vertoon in die liggeel segment (3%), is minimaal.
- Kontrole met soortgelyke data
 - By Vrae 10 en 10a het dit geblyk dat die nuwe melodieë (111/112, 29, 5 en 57) wat die beste ingang gevind het, almal uit 4 reëls per strofe bestaan. Dit dui op 'n voorkeur aan korter psalmformate en -melodieë.
 - Die data by 3.4.1 sal later hiermee vergelyk kan word.
- Gevolgtrekkings
 - Uit die oorweldigende reaksie op die bruikbaarheid van kortvorm-psalms het geblyk dat hierdie vorm en styl tans die mees bruikbare formaat is.
 - Kort en kragtige psalms wat direk kan aanspreek, blyk gewild te wees.
 - Uit die spontane kommentaar by hierdie vraag kan afgelei word dat *kort* en *gebruikersvriendelik* as sinoniem beskou word.

3.3.12 Vraag 12: By watter liturgiese elemente word psalms tydens die erediens aangewend?

Grafiek 8: Liturgiese elemente waar psalmsang aangewend word



By hierdie vraag het 'n duidelike patroon vir die liturgiese gebruik van psalms by die verskillende liturgiese elemente uitgewys, maar gelyktydig is sekere leemtes blootgelê. Die mate van liturgiese bruikbaarheid by die 2001-psalms asook die mate van gewilligheid vir die aanwending daarvan, kon deur hierdie vraag ondersoek word.

Vraag 12a: Enige interessante of vernuwende liturgiese wyses waarop u psalms as gemeentelike response gebruik?

Vernuwende liturgiese eredienspraktyke kan daartoe bydra om nuwe betekenis-dimensies aan geeykte gebruike te gee – veral deur psalmsang. Hierdie vraag is

egter deur respondente as nie-essensieel beskou en het 'n onbeduidende reaksie ontlok.

Die respondente (6.6%) wat hierdie vraag voltooi het, het die volgende bruikbare voorstelle gemaak:

- Die kantory/koor sing onbekende psalms namens die gemeente.
 - Wisselsang tussen die gemeente, koor en/of tussen mans en dames word aangewend.
 - Die kantory/koor sing diskante saam met die gemeente.
 - Die gemeente neem deel aan die kanselgebed deur psalmsang.
- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vrae 12 en 12a
 - Psalmaanwending by verskillende liturgiese elemente van die erediens word onderbenut. Blykbaar bestaan daar struikelblokke wat verhoed dat psalmsang voldoende as bron vir liturgiese sang kan funksioneer.
 - Onderbenutting van psalms word veroorsaak deur onbekendheid met die teksinhoud, die melodieë, of min belangstelling in die liturgiese toepassing daarvan.
 - Liturge assosieer psalms hoofsaaklik met lof.
 - Dit blyk dat psalms wat gemaklik by die liturgie inpas, se gebruiksfrekwensie hoër is.
 - Die liturgie speel 'n belangrike rol in die bekendmaking en vaslegging van psalms.
 - Die min innoverende, liturgiese voorstelle wat gemaak is by Vraag 12a, kan dui op min belangstelling in die liturgie. Die reaksie kan ook dui op min begrip vir psalms as waardevolle, liturgiese rolspeler of op min belangstelling om die psalms by die liturgiese elemente aan te wend.

3.3.13 Vraag 13: Word psalmverwerkings soms in die gemeente gehoor?

13a: Sing u koor/kantory/sanggroep enige psalms of verwerkings daarvan?

13b: Speel u orrelis soms psalmverwerkings as voor-, tussen- of naspele?

13c: Speel enige gemeente-ensembles of –orkes soms psalmverwerkings?

Die gesindheid van die musiekleier, die begrip vir die waarde van psalms as voor-, tussen- en naspele sowel as die algemene bediening- of begeleidingstyl van 'n gemeente, is deur hierdie vraag geteiken. Blootstelling aan psalmmelodieë behoort die aanleer van die betrokke psalms te vergemaklik. Aangesien hierdie data op die periferie van die ondersoek lê, word dit nie in grafiekvorm vertoon nie.

- Versamelde data

Sing die koor/kantory/sanggroep soms psalmverwerkings? Ja = 40.0%

Speel die orrel soms psalmverwerkings ? Ja = 69.3%

Speel die orkesgroep of 'n instrumentale ensemble soms psalmverwerkings?
Ja = 10.6%

- Analise van data

- Orrelverwerkings van psalms word by die meeste respondent-gemeentes aangewend. Die data dui egter nie die gebruiksfrekwensie van hierdie aanwending aan nie.
- Die koor of kantory sing by geleentheid psalmverwerkings.
- Die feit dat orkesgroepe of instrumentale ensembles by 10.6% gemeentes psalmverwerkings speel, is verblydend.

- Kontrolering met soortgelyke data

- Volgens Vraag 3.3.4 maak 83.3% gemeentes nog van die orrel gebruik. 69% van hierdie groep orreliste speel by geleentheid psalms as orrelverwerkings.
- Die persentasie instrumentale groepe wat psalms speel (10.6%), lyk laag, maar dit vergelyk goed met die persentasie gemeentes (8%) wat

wel instrumentale groepe in die erediens gebruik (sien 3.3.4). Hierdie persentasie is moontlik effens hoër omdat dit klassieke instrumentale ensembles sou kon insluit.

- Wanneer die data in verband gebring word met die aantal nuwe psalms wat aangeleer is (sien 3.3.10), word dit duidelik dat die frekwensie van hierdie blootstelling laag is.
- **Gevolgtrekkings**
 - Hierdie data gee bloot 'n aanduiding dat psalms op hierdie wyses aangewend word, en nie van die hoeveelheid kere of die gereeldheid waarmee dit gebeur nie.
 - Die hoeveelheid psalms wat wel benut word en wat nuut aangeleer is, is egter só min dat hierdie spontane bekendmakingsmetode waarskynlik te selde aangewend word om 'n noemenswaardige uitwerking te kan hê.
 - Hoewel daar nie data ingewin is oor die persentasie gemeentes waar kerkkore of kantorye bestaan nie, kan hierdie persentasie tog 'n minimum aanduiding daarvan wees.
 - Die persentasie kore of sanggroepe wat psalmverwerkings sing, reflekteer gedeeltelik die tipe liedere wat gekies en gesing word.
 - Dat die orrel by 69.3% gemeentes vir die speel van psalmverwerkings aangewend word, reflekteer ook dat dit die mees voor-die-hand-liggende wyse is waarop psalmverwerkings in die erediens gehoor kan word.
 - Die persentasie orreliste wat psalmverwerkings op die orrel speel, toon dat daar tog 'n bereidwilligheid bestaan om psalms as voor-, tussen- en naspele aan te wend.
 - Die feit dat psalms in verwerkte vorm vir orkes of ensemble gehoor word, bewys dat musiekleiers gewillig is om aanpassings of verwerkings te maak vir die implementering van instrumentale groepe.

3.3.14 Vraag 14: Enige bykomende kommentaar oor die psalmbundel of oor u ervaring van gemeentelike psalmsang?

Hierdie vraag is gestel om 'n geleentheid te skep waar gemeentes hulle menings oor die psalms in die Liedboek kon lug. Die beantwoording van hierdie vraag het soveel waardevolle inligting verskaf, dat die volgende afdeling daaraan gewy word.

3.4 KOMMENTAAR UIT DIE GEMEENTES (VRAAG 14)

Vraag 14 het die vraelys afgesluit met die volgende vraag:

Enige bykomende kommentaar oor u ervaring van psalmsang in die algemeen.

Vervolgens word die kommentaar grootliks verbatim, maar ook samevattend onder hofies gegroepeer.

3.4.1 Kritiek oor die teks van die psalmomdigtings

3.4.1.1 Positiewe kritiek

- Response
 1. "Die taal van die nuwe omdigtings is meer verstaanbaar"; "dit is meer eietyds"; "dit is meer idiomaties-Afrikaans." (Hierdie of aanverwante opmerkings was oorheersend.)
 2. "Die nuwe omdigtings vind meer byval." "Gemeentes het die nuwe woorde reeds aanvaar en dit maak die ouer woorde onnodig.
 3. "Die digkuns is kreatief" en "van hoë kwaliteit"; "ou waarhede word nuut gesê."
 4. "Die nuwe teks is Skrifgetrou" en "teologies diepsinnig."
 5. "Gevoelens word betroubaar verwoord."
 6. "Die teks pas by die melodieë."

7. “Nuwe omdigtings is gereed om op die skerm te gebruik²⁴.”

- **Gevolgtrekkings**

- Die hoofrede waarom die nuwe omdigtings positief aanvaar is, is weens die meer idiomaties-Afrikaanse taalgebruik.
- Die behoefte aan eietydse, verstaanbare taal word beklemtoon.
- Gemeentes is sensitief vir kreatiewe en goeie poësie.
- Respondente waardeur die Skrifinhoud en die dieperliggende boodskap wat dit bied.
- Erediensgangers waardeur emosionele uitdrukkingsvermoë by die teks van psalms.
- Sommige respondente het gevind dat die teks en melodieë 'n eenheid vorm.
- Die aanwending van die skerm dui op die toenemende gebruik van moderne tegnologie.

3.4.1.2 Negatiewe kritiek

- **Response**

1. “Die teks is te gevoelloos”; “dit is te meganies”; “dit bevat te min emosie, dit moet die persoonlike geloofservarings vertolk”; “Die teks mis die gemeentes hart”; “mense soek uitdrukkingsvolle woorde soos van Lina Spies en Antjie Krog.”.
2. “Die teks is minder poëties as Totius”; “sommige is swak omdigtings.”
3. “Die psalms is lank en leer moeilik aan”; “die hele psalm kan nie gesing word nie.”
4. “Die taal is goeie literatuur, maar praat nie die kerkvolk se taal nie”; “dit is wêreldvreemd en te outyds”; “dit maak nie sin nie”; “Die teks is nie eietydstoepaslik nie”; “dit is nie hedendaags genoeg nie.”

²⁴ Hierdie respondente was waarskynlik nie daarvan bewus dat die Totius-berymings wél ook elektronies beskikbaar is nie.

5. "Die teks is armer, dit is verskraal"; "Christus is uit die psalms uitgehaal, die Heilige Gees is weggelaat."
 6. Weerstand teen vernuwing het kritiek veroorsaak: "die verandering is sleg"; "die tradisie is verbreek"; "die nuwes sing nie gemaklik nie"; "die woorde is onbekend"; "die woorde is vreemd vir die ouer mense."
 7. Probleme met woord-toon-verhoudings kom voor: "ongemaklike woord-beklemtonings kom voor veral by Geneefse melodieë"; "Mense is onseker hoe om die woorde in te pas"; "die aanpassing van woorde by die melodieë verwar."
 8. "Die nuwe woorde is teleurstellend – dit is nie sinvol nie"; "Berymings bly by die Bybelteks en mis die ware betekenis."
 9. Die omdigtings is kultuur- en ideologies vreemd vir die gemiddelde lidmaat: "Die skete van die vorige psalmberymings is nie herstel nie"; "daar is steeds dele waaroor mens nie kan sing nie"; "dit beklemtoon wreedheid, oorlog, wraaksug, onverdraagsaamheid, onsensitiwiteit, verwaandheid; dit is veroordelend en selfgesentreerdheid."
- Gevolgtrekkings
 - Baie respondente het nie genoeg tegniese-musikale kennis gehad om hierdie vraag te voltooi nie.
 - Die besware wat by punte 1-4, en 7-9 hierbo geopper word, is poëties- en musikaal-deskundig van aard.
 - Lidmate het 'n behoefte aan emosionele uitdrukking by psalmsang.
 - Daar bestaan 'n behoefte aan eenvoudige, maklik verstaanbare taal.
 - Respondente was sensitief daarvoor dat by sommige omdigtings, veral by Geneefse melodieë, die taal- en melodiese aksente nie saamvloei nie.
 - Die beleid waarop besluit is by die omdigting van die psalmtekste, naamlik die weergawe van die volledige psalminhoud, word tans problematies ervaar. Dit lei tot lang strofes en lang psalms wat moeilik

as 'n geheel gesing kan word. Die beleid om die volledige psalmbundel te omdig vir psalmsang, ontlok kritiek.

- Kultuurverskille tussen die leef- en denkwyse van die ontstaanstydperk van die psalms en die eietydse kultuur is in sommige opsigte problematies.

3.4.2 Kritiek oor die nuwe melodieë

3.4.2.1 Positiewe kritiek

- Response
 1. “Die nuwe melodieë is makliker singbaar.”
 2. “Die melodieë is meer gepas vir die tyd.”
- Gevolgtrekkings
 - Die nuwe melodieë is goed gevind – veral weens die bostaande twee redes.
 - Die toeganklikheid van melodieë en relevansie ten opsigte van tydvak was twee knellende behoeftes wat in 'n mate aangespreek is.

3.4.2.2 Negatiewe kritiek

- Response
 1. “Die Geneefse psalmmelodieë is onsingbaar”; “die meeste psalmwysies val op-die-oor as onsingbaar.”
 2. “Die Geneefse styl is volksvreemd”; “dit spreek nie die gemiddelde Suid-Afrikaanse kerkganger aan nie.”
 3. “Suid-Afrikaners is om vele redes ‘majeur-mense’ - miskien is dit 'n diepgewortelde kultuuragtergrond.”
 4. “Die nuwe psalmmelodieë word moeilik aangeleer.”
 5. “Sommige nuwe melodieë klink soos die Geneefses.”

6. "Psalmmelodieë lê meestal te hoog."
 7. "Sommige mense verlang na die ou bundel en leer die nuwe melodieë moeilik aan."
- Gevolgtrekkings
 - Uit die kritiek blyk 'n algemene persepsie, naamlik dat psalmmelodieë "onsingbaar" is en dat hierdie probleem met die Geneefse melodieë verband hou.
 - Die eerste vier punte van kritiek behels besware teen die Geneefse melodieë. Meer as 80% van die respondente het aangedui dat die Geneefse melodieë onsingbaar is.
 - Die Suid-Afrikaanse volksliedkultuur bevat nie voorbeelde van mineur liedere nie. In die Suid-Afrikaanse konteks word selfs hartseer volksliedere in majeur gesing. (Vergelyk die "liederwysies" vir die klaagpsalms, Psalms 6, en 130.) Enige lied in mineurtoonaarde of in modi word dus as vreemd ervaar.
 - Dit blyk dat gemeentes nuwe melodieë moeilik aanleer. Wanneer gekies kon word tussen 'n bekende of nuwe melodie, het die bekende meestal swaarder geweeg.
 - Selfs nuwe melodieë in majeur toonaarde word as Geneefs getipeer weens ritmiese en melodiese Geneefse tendense sodat lidmate onwillekeurig negatief reageer. Uit punt vier kan afgelei word dat negatiewe assosiasies met Geneefse melodieë oorgedra word op nuwe melodieë wat enige verwantskap met die Geneefse psalms toon en dit word veralgemeen om alle psalmmelodieë in te sluit.
 - Die sing van hoë toonhoogtes skep steeds probleme – dit wil voorkom asof die Suid-Afrikaanse kerkvolk se vermoë om hoë toonhoogtes te sing, steeds afneem.
 - Bekende melodieë word verkies bo onbekendes (sien ook 3.3.7).

3.4.3 Kritiek teen die teks en melodieë

- Response

1. "Mense vind nie aanklank by die woorde of die melodieë nie."
2. "Die psalms bied nie 'n aangename sangervaring nie"; "dit sing nie lekker nie"...; "dit is nie gebruikersvriendelik"; "nie bruikbaar nie" en "dit werk nie."
3. "Ons gemeente is 60% bo 60 jaar en selfs hulle verkies nie meer die Psalms nie!"
4. "Daar bestaan 'n sielkundige weerstand teen psalmsang."
5. "Die psalms is ongewild omdat dit onbekend is."

- Gevolgtrekkings

Blykbaar het gemeentes deur die jare ervaar dat psalmsang nie aangenaam is nie en dit blokkeer ook hulle ontvanklikheid om nuwe psalms te probeer aanleer.

- Weens die negatiewe ervarings van die kerkvolk is die Geneefse melodieë mettertyd en al die psalms uiteindelik, as onaangename sang gekategoriseer.
- Volgens die respondent(e) het selfs ouer mense wat hierdie melodieë ken, 'n negatiewe assosiasie daarmee.
- Verskeie struikelblokke word volgens hierdie kommentaar as oorsake genoem wat verhoed dat die psalms met oorgawe gesing kan word: dit is nie toeganklik vir die kerkvolk nie, bied nie 'n aangename sangervaring nie; en dit word as nie-gebruikersvriendelik, onbruikbaar, onfunksioneel en onbekend beskou. Gesamentlik kom dit daarop neer dat daar 'n sielkundige weerstand teen psalmsang bestaan en dat daar min motivering vir die aanleer of gebruik daarvan bestaan.

3.4.4 Kommentaar wat weerstand teen verandering toon

- Response
 1. “Verandering van melodieë en woorde is onnodig”; “dit is kontraproduktief.”
 2. “Totius moes as alternatief gebly het.”
 3. “Bekende psalms word uitstekend gesing.”
 4. “Ouer mense soek die ou woorde.”.
- Gevolgtrekkings
 - Al het dit geblyk dat die nuwe woorde makliker as die melodieë aanvaar is, het die Totius-berymings, veral by die getroue kerkgangers en die ouer gemeentelede, diep ingeslaan.
 - Dit blyk dat die behoefte bestaan, dat die volledige Totius-woorde in die *Liedboek* ingesluit behoort te word – moontlik in navolging van die *Psalmboek-2003* van die GKSA.
 - Dit is te verstane dat die kerkvolk moeilik van die Totius-berymings sou afstand doen; dit is vir 64 jaar gebruik en die ouer mense het hierdie woorde as kinders in die Sondagskool van buite geleer. Veral in gevalle waar sekere Totius-psalms geestelike betekenis en vertroosting vir lidmate gebied het, is dit begryplik dat hulle daarna sal hunker.

3.4.5 Psalmsang word deur die tydvak beïnvloed

- Response
 1. “Jong lidmate ken nie die psalms nie” en “vind nie daarby aanklank nie.”
 2. Psalms word as “oudmodies”, “swarmoedig” en “argaïes” beskou.

3. "Die CD wat vanaf Bloemfontein versprei is, is verwerk in 'n 'vinniger' weergawe sodat dit kan sing."²⁵
4. "Mense wil 'vinnig' sing."²⁶
5. "Die psalms is nie genoeg vernuwe nie"; "hulle is nog net gewild onder ouer lidmate"; "die jeug soek ligte (Engelse) geestelike musiek", "n charismatiese tipe lied" en "in kontemporêre styl."
6. "Die gemeente vra ander geestelike liedere, daarom gee predikante dit op."
7. "FLAM-liedere is gewild."
8. "Baie tyd word aan lofprijsing gespandeer."
9. "Die spirituele belewenis tydens die erediens is belangrik"; "sensitiwiteit vir stemming is in die verlede afgeskeep."
10. "Daar bestaan 'n behoefte aan kort en kragtige psalms."

- **Gevolgtrekkings**

Uit hierdie reaksies word die invloed van die eietydse musiektendense op jongmense duidelik:

- Jong lidmate wat gekondisioneer is deur die musiekkultuur van die tyd, vind nie aanklank by die styl van die psalms nie en blykbaar is die *Liedboek* nie genoeg vernuwe om hulle musieksmaak te akkommodeer nie.
- Met "vinnig" word eintlik 'n *beat* of beklemtoonde ritme bedoel. Die meeste gemeentelide, soos die X-generasie en veral die jeug, is gekondisioneer deur ritmegedrewe musiek.
- Die jeug ervaar die psalms as verouderd, vreugdeloos en vervelig. Ook enige styl waar ritme nie duidelik aangevoel kan word nie, word deur hulle as swaarmoedig getipeer.

²⁵ Die CD-reeks waarna die respondent verwys, is *Liedboek Begeleiding-CD's* wat in 2005 gemaak is onder leiding van ds. Jacques Louw as projekteier en wat uitgegee is deur die Sinodale Kommissie vir die Erediens van die NG Kerk in die Oranje Vrystaat.

²⁶ Gedurende 2007 is *Hersiene Liedboek Begeleiding-CD's* deur ADGO gemaak onder voorsitterskap van ds. Jacques Louw en deur Bybel-Media bemark. By die hersiene weergawes is die meeste liedere se tempi vinniger aangepas.

- Jongmense ken *Gospel*-musiek en charismatiese liedstyle wat grootliks deur medium van Engels gebeeldsaai word. Omdat die massamusiekkultuur hoofsaaklik van Engelse liedere gebruik maak, aanvaar die jeug dit as deel van hulle musiekidoom.
- Charismatiese strominge het die “praise and worship”-tradisie wêreldwyd by die gereformeerde hoofstroomkerke tuisgebring en dit het in die vorm van “lofprijsing” in die NG Kerk wortelgeskiet. Daarom word al hoe meer op hierdie tipe liedere aangedring.
- ’n Behoeftes aan die skep van atmosfeer en ’n spirituele belewenis deur middel van psalmsang word duidelik.
- Die behoefte aan “kort en kragtige” psalms beklemtoon die eietydse bruikbaarheid van kortvorm-psalms.

3.4.6 Psalmsang word deur die inrigting van die erediens beïnvloed

- Response
 1. “Die geleentheid om psalms aan te leer en te sing is beperk” – veral indien daar “slegs een formele diens per Sondag” plaasvind.
 2. Feitlik “slegs bekende psalms word tydens die erediens gesing”.
 3. Sommige gemeentes gebruik geen basiese “liturgiese orde” in die erediens nie en maak geensins van die *Liedboek* gebruik nie.
- Gevolgtrekkings
 - Baie gemeentes moes afskaal na een erediens per Sondag en dit het die aanleermoontlikhede en die geleentheid waar psalms gesing kan word, verminder.
 - Ter wille van die “sukses” van die erediens word meestal bekende psalms gebruik.
 - Die uitskakeling van ’n vaste liturgie skep ’n aanbiddingstyl wat ver verwyder is van “oudmodiese” psalmsang. Hierdie verwerping van tradisie laat nie ruimte vir psalmsang nie.

3.4.7 Psalmsang word nadelig beïnvloed deur praktiese omstandighede

- Response

1. "Met die infaseer van die *Liedboek* is daar te veel nuwe liedere om aan te leer" – wanneer "liedere vir aanleerdoeleindes gekies word, kom die psalms laaste; daarom word hulle afgeskeep."
2. Wanneer "swaar, kultuurvreemde melodieë teenoor makliker singbares opgeweeg word, is die keuses vir die erediens vanselfsprekend."
3. Psalms is "nie geskik vir kitaarbegeleiding nie en word daarom nie gebruik nie".
4. Daar bestaan 'n "gebrekkige waardering van ons geestelike liedkultuur by die gewone gemeentelede".
5. Sommige gemeentes het "geen orrelis" of "nie 'n orrel nie". Sommige gemeentes gebruik 'n *Clavinova* en ander gebruik CD's vir begeleiding.
6. Klein gemeentes is dikwels vakant en ander te klein om 'n leraar te onderhou – daarom bestaan 'n gebrek aan konstruksie en leiding ten opsigte van psalmgebruik.
7. "Die gemeente sing maar wat die dominee opgee." Indien die leraar nie 'n liefde vir psalms het nie, sal dit nie gesing word nie.
8. Uit die kommentaar het geblyk dat sommige stedelike gemeentes (aan wie wel vraelyste gestuur is) hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan het, en dat hulle daarom minder van psalms gebruikmaak. Liturge ervaar "probleme om psalms tematies te kies omdat so baie melodieë onbekend is".
9. Sommige dominees "leef onder oorlewingsdruk – die gemeente is besig om kleiner te word" – hulle "kan nie waag om 'vreemde' liedere, veral psalms aan te leer nie, want dan daal die bywoning nog meer".
10. "Mense sing nie meer nie"; "daar is min gemeentelede wat dit nog geniet om te sing."
11. "Die kloof tussen die orrelis(te) en die gemeente skep 'n probleem, want die gewone lidmaat se musieksmaak is te swak."

- **Gevolgtrekkings**

- Weens die groot hoeveelheid nuwe liedere in die *Liedboek* word Psalms afgeskeep – ook omdat daar 'n negatiewe konnotasie aan die psalms kleef (sien 3.4.5).
- Dit is duidelik dat psalms hoofsaaklik met "kultuurvreemde" en "onsingbare" wysies geassosieer word en dat daar 'n gebrek bestaan aan waardering vir die melodieë wat met hierdie kultuur geassosieer word.
- Sommige gemeentes konsentreer op meer moderne liedere en begeleidings. Hulle deins terug van enige liedere (soos psalms) wat moeilik met kitaar begelei kan word.
- Klein gemeentes wat geen leraar, orrel of orrelis het nie, kan moeilik psalmsang bevorder omdat daar nie iemand is wat kan leiding neem op die gebied van kerkmusiek nie.
- Die liturgiese bruikbaarheid van psalms kom in gedrang omdat te veel psalmmelodieë onbekend is en omdat daar nie registers met liturgies-tematiese indelings van die psalms bestaan nie.
- In hedendaagse tye sing mense nog skaars. Vermaakgerigte sang waarna geluister word, het die behoefte daaraan vervang. Om gemeentesang te inspireer, verg energie, inisiatief en inspanning.
- Beter kommunikasie tussen die orrelis en die gemeente kan die sing van psalms bevorder.

3.4.8 Positiewe voorstelle ontvang uit response

- **Response**

1. "Iemand moet die inisiatief neem om die huidige psalmbundel te bemark – dit is 'n kosbare erfenis."
2. "Die vraelys dien as motivering om die kennis van die psalms uit te brei en in die liturgie te gebruik."

3. Die afwesigheid van *Liedboeke* skep probleme omdat die notebeeld nie saam met die woorde vertoon word nie.
4. Voldoende kommunikasie tussen die orrelis(te) en die gemeente kan die probleme ten opsigte van psalmsang beter aanspreek.
5. Volgens respondente blyk dit dat die verkorte vorms van psalms die mees aanvaarbare opsie bied.
6. Gemiddelde lidmate kan bereik word deur "singbare, eietydse melodieë wat kwalitatief aanvaarbaar, maar tog maklik aanleerbaar is – met eenvoudige woorde."
7. "Eietyds is die psalms in onbruik – hulle sal miskien later herontdek word."

- **Gevolgtrekkings**

- Blykbaar word besef dat die psalms 'n kosbare erfenis is, maar daar bestaan 'n behoefte aan inisiatief en leierskap vir die bemaking daarvan.
- Die vraelys het as aansporing gedien om die huidige psalmbundel beter te benut.
- Die gebruik van die skerm veroorsaak probleme – respondente ervaar dat die notebeeld wél die gemeente help om liedere makliker aan te leer en te onthou.
- Kommunikasieprobleme tussen die orrelis en die gemeente skep probleme wat daarop dui dat die orrelis nie die gemeente se musikale ontwikkelingsvlak begryp en aanspreek nie.
- Punte 5 en 6 dui op behoeftes wat ter sake is vir nuwe, klassieke kerkliedere.
- Daar bestaan dikwels 'n gebrek aan wedersydse begrip tussen musiekleiers en gemeentelede weens 'n groot verskil in musikale agtergrond en smaak.
- Die Bybelse psalminhoud is kosbaar en almal wil dit graag sing, maar tans bestaan daar praktiese hindernisse wat dit verhoed.

3.5 PERSPEKTIEWE EN AANBEVELINGS VOORTSPRUITEND UIT DIE RESULTATE

By elke vraag uit die vraelys is daar, deur die feite wat ingewin is, sekere probleme aangetoon. Sommige probleme kan verduidelikend uiteengesit word en vir ander, waar moontlike oplossings deur die versamelde data uitgekristalliseer het, kan aanbevelings gemaak word. Die ingewinde data word vervolgens opsommend uiteengesit en aanbeveling word gemaak.

3.5.1 Die algemene gebruiksfrekwensie van psalms

Die algemene gebruiksfrekwensie van psalms is laag omdat die aantal psalms wat tans met gemak gesing word min is, waarskynlik steeds minder word en omdat daar min nuwe psalms aangeleer is. Hierdie studie wil derhalwe ook die persentasie-moontlikheid vasstel dat nuwe psalms aangeleer sal word. Vir hierdie doel word sekere basiese feite in berekening gebring en wiskundig uitgewerk om naasteby 'n realistiese beeld te gee van so 'n moontlikheid.

3.5.1.1 Die moontlikheid dat nuwe psalms aangeleer kan word

Bepaling van 'n persentasie vir die moontlike aanleer van nuwe psalms

Die persentasie gemeentes waar psalms aangeleer kan word:

- Die data by Vrae 2 en 3 het aangedui dat 81.3% gemeentes 1 maal en minder psalms per Sondag sing. Die aanleer van psalms sal normaalweg alleen kan plaasvind indien daar meer as 1 maal per Sondag psalms gesing word – dus by (100% - 81.3%) gemeentes:

$$100\% - 81.3\% = \underline{18.7\%}$$

By watter persentasie van die 18.7% gemeentes vind voorafsang plaas:

- Omdat dit feitlik onmoontlik is om psalms gedurende die erediens aan te leer, is dit nodig om die hoeveelheid gemeentes wat voor die erediens en dié wat in die erediens psalms sing, (62% en 84%) in berekening te bring. 62% en 84% staan in die verhouding 3 tot 4. Daarom moet $\frac{3}{4}$ van die 18.7% bereken word:

$$\frac{3}{4} \times 18.7\% = \underline{14.025\%}$$

Die moontlikheid dat 'n psalm vir die voorafsang gekies kan word

- 4 tot 5 liedere word gewoonlik by die voorbereidende sang gesing en die maksimum van 1 lied kan normaalweg voorbereidend tot die erediens aangeleer word. Die 150 psalms beslaan ongeveer een kwart van die 602 liedere in die *Liedboek* en die moontlikheid dat 'n psalm aangeleer sal word, is daarom 150 uit 602, of ongeveer 1 uit 4. Die moontlikheid dat 'n psalm gekies kan word, is daarom 150 uit 602 van 14.025%:

$$\begin{aligned} 150/602 \times 14.025\% &= 24.9\% \text{ van } 14.025\% \\ \text{uitgedruk as desimale} &= 0.1403 \times 0.249 / 100 \\ &= (0.563)/100 \\ \text{uitgedruk as 'n persentasie} &= \underline{5.63\%} \end{aligned}$$

Die totale moontlikheid dat 'n psalm normaalweg aangeleer kan word

- By die kommentaar uit die vraelys (3.4), het daar ten opsigte van die psalms in die *Liedboek* 11.1% positiewe aanmerkings en 88.9% negatiewe aanmerkings gespruit. Omdat die gesindheid ten opsigte van psalms 'n invloed sal uitoefen op die gewilligheid om nuwe psalms aan te leer, word dit in berekening gebring. Dit beteken dat by 11% van die 5.63% hierbo, psalms moontlik aangeleer sal word:

$$\begin{aligned} 11\% \text{ van } 5.63\% &= 11\% \times 5.63\% \\ \text{uitgedruk as desimale} &= (0.11 \times 0.563) / 100 \\ &= (0.0062)/100 \\ \text{uitgedruk as 'n persentasie} &= \underline{0.62\%} \end{aligned}$$

Uit die bostaande berekenings is dit duidelik dat daar normaalweg feitlik geen moontlikheid vir die aanleer van psalms bestaan nie; dit sou te midde van heersende omstandighede selfs die moontlikheid om verdienstelike, onbekende psalms aan te leer, uitsluit. Die resultate by 3.3.10 het bewys hoe min belangstelling daar tans vir die aanleer van nuwe psalms is – slegs psalms wat doelbewus “bemark” is, is aangeleer. Dit kom daarop neer dat die aanleer van psalms slegs na aanleiding van navorsing, deur deeglike beplanning, met goeie motivering en met deurstellingsvermoë sal kan geskied.

3.5.1.2 'n Praktiese aanleermetode

Die grootste uitdaging vandag is om die negatiewe oor die aanleer van psalms teen te werk – om gemeentelike te laat ervaar dat psalms kan “mooi” klink en maklik sing. Daarom word die volgende aanleermetode voorgestel:

- Die enigste beproefde metode vir die kweek van 'n liefde vir psalms, is dié wat Calvyn en Luther toegepas het, naamlik om dit vir die kinders aan te leer. Indien die Algemene Sinode hierdie behoefte identifiseer en daadwerklike optrede daaruit kan volg, behoort die NG Kerk weer 'n psalmsangtradisie te kan skep.
- Om 'n aanleertradisie in 'n gemeente te skep, is die “sukses” van die eerste pogings baie belangrik. Daarom moet psalms met sorg gekies word – dit moet werklik maklik kan aanleer, en kort wees, verkieslik slegs uit vierreël-strofes of uit 'n keervers plus vierreël-strofes bestaan.
- By twee of meer Sondae behoort 'n psalm vooraf op die orrel of deur 'n instrumentale groep voorgespeel te word. Dit behoort egter voor die erediens, sonder aankondiging en as “toevallige” deel van die normale orrelvoorspel te geskied. Outentieke begeleiding wat aanpas by die styl en tydperk van die psalm behoort hier aangewend te word. Alternatiewelik kan dit “toevallig” op 'n CD voorgespeel word.

- By die geleentheid waar die aanleer van 'n psalm aangepak word, verskyn daar eers (sonder aankondiging) slegs 'n prentebeeld wat die algemene tema uitbeeld, byvoorbeeld iemand in 'n gebedshouding of 'n gebedsgroep indien die psalminhoud 'n gebed is, iemand in groot ellende of 'n bedelaar by 'n klaaglied, of mense wat uitbundig juig by 'n loflied. Daarna verskyn die woorde (moontlik bo-oor die beeld) op die skerm, lank genoeg dat mense die woorde kan lees of iemand dit kan voorlees terwyl die orrel of 'n solo-instrument dit saggies speel.
- Ideaal sou wees dat 'n kinderkoor, of die kantory, die lied dan sing, of dat 'n DVD van mense wat die lied met oorgawe sing, vertoon word, terwyl die woorde op die skerm verskyn. Alternatiewelik kan dit op 'n CD voorgespeel word. (Lofliedere kan eintlik net oortuigend deur 'n groep oorgedra word, terwyl 'n boete- of klaaglied veral deur 'n solis bekendgestel kan word.)
- Die musiekleier of voorganger wys vervolgens op die besondere psalm se inhoud – met beklemtoning van hoe dit situasies en behoeftes in die werklike lewe aanspreek. Die besondere toepaslikheid of skoonheid van die melodie behoort beklemtoon te word en die feit dat dit onproblematies aangeleer kan word.
- Hierdie voorsing of voorspel kan herhaal, terwyl die gemeente die woorde van die eerste vers volg en saggies die melodie begin saamneurie.
- Afhangende van die tipe psalm, kan 'n maklike frase geselekteer word wat dadelik sal ingang vind, byvoorbeeld die eerste reël of die eerste twee reëls sodat die gemeente net eers dit saamsing. Indien die psalm 'n refrein of keervers bevat, kan die gemeente dit eerste aanleer en saamsing terwyl die kantory of solis al die strofes sing. Indien daar enige vorm van herhaling in 'n lied voorkom, kan die kantory die eerste frase sing en die gemeente die herhaling (sien Bylaag D.1 vir 'n uiteensetting van die funksies van die kantory).
- Die voorganger se houding en aanslag is belangrik – dit behoort uitnodigend, oortuigend en aanmoedigend oor te kom.

- Die belangrikste is dat die gemeente sal ervaar dat psalms aktueel is, dat dit tot eer van God en as gespreksmedium met God aangewend kan word en “mooi” en singbaar is.
- Om die psalm vas te lê, behoort gereelde herhaling daarvan as deel van die aanleerprogram ingebou te word.

3.5.1.3 Aanbevelings vir die aanleer van psalms

- Die aanleer van nuwe psalmmelodieë behoort deeglik beplan en met entoesiasme aangepak te word.
- Omdat die kanse vir die aanleer van nuwe psalms so skraal is, behoort navorsing gedoen te word om die mees verdienstelike onbekende psalms uit die *Liedboek* vir aanleerdoeleindes te selekteer – dit sou psalms met kort, treffende of veelseggende psalmtekste en goed-toeganklike melodieë kon teiken. Terwyl daar tans doelbewus eietydsgesoriënteerde psalms in klassieke styl deur VONKK geskep en bemark word, behoort hierdie skeppinge ook oorweeg te word.
- Alle moontlike metodes om die aanleer van nuwe psalms te vergemaklik, behoort aangewend te word. Veral liedere met 'n refrein waar die gemeente slegs die refrein sing, terwyl die kantory die strofes behartig, kan help (sien Lied 199/Psalm 148). By liedere waar een of twee reëls herhaal, soos Psalm 11, kan die eerste frase(s) deur die kantory of 'n solis gesing word en die gemeente by die herhaling bykom. By die aanleer van 'n lied met kort strofes, soos Psalm 12, kan die kantory of 'n solis 'n strofe sing en die gemeente dit herhaal. 'n Kort en toeganklike psalmmelodie wat by meer psalms herhaal, sal meer motivering bied vir die aanleer van 'n melodie (sien Psalms 37, 40, 70).
- Die gebruik van 'n kantory vir die voorsing en ondersteuning tydens die aanleerproses is feitlik onontbeerlik.
- 'n Trompet kan handig aangewend word om die melodie uit te lig of die orrel kan die melodie as 'n solo speel om die aanleerproses te vergemaklik.

- Omdat daar tog 'n behoefte aan die sing van psalms bestaan, behoort dit as uitgangspunt gebruik te word. Vanuit geliefde Bybelpsalms kan die teks van psalmomdigtings nuut belig word en met mekaar in verband gebring word.
- Indien die inhoud van omdigtings as 'n samevatting van kernwaarhede of vanuit 'n eietydse invalshoek onderstreep kan word, kan dit opnuut emosionele bestaansreg toe-eien.
- Indien die behoeftes van die tyd aktueel en affektief tot uiting kom, behoort dit aan leraars en musiekleiers nuwe stimulus te gee om hierdie psalms aan te leer en te laat sing.
- Omdat die kanse om psalms te onderhou of nuwes aan te leer, skraal is, behoort moeite gedoen te word om die waarde van gesamentlike psalmsang te demonstreer. Praktiese geleenthede vir die beleving van entoesiastiese psalmsang soos 'n "psalmsondag" of "psalmfees" kan aansteeklik werk. Die GKSA reël jaarliks op Hervormingsondag 'n psalmfees waar psalms met oorgawe gesing word. Die program sluit gemeentesang, koorsang, solosang en bloemlesings uit omdigte psalms in²⁷.

3.5.1.4 Redes vir die gebruiksfrekwensie van individuele psalms

By Vraag 6 is individuele psalms wat tans die meeste by gemeentes aangewend word, aangetoon. Hierdeur is 14 psalms, gebaseer op 13 melodieë, wat by meer as 30% van die gemeentes aangewend word, uitgewys. Die volgende psalms word by tussen 84% en 30% gemeentes gebruik en word vervolgens van die hoogste tot die laagste persentasies aangedui: Psalms 100, 146, 33, 23, 84, 48, 130, 42, 116, 111, 18, 66/118 en 8.

Aangesien ooreenkomste wat by hierdie psalms voorkom, redes kan bied vir die gebruiksfrekwensie, word ooreenstemmende eienskappe uiteengesit:

- Al die bogenoemde melodieë kom in die majeur toonaard voor.

²⁷ Volgens "Psalmfees"-program te Gereformeerde Kerk, Wapadrant, 28 Oktober 2007.

- Psalmmelodieë van Suid-Afrikaanse herkoms toon skynbaar 'n hoër funksionaliteit vir die liturgiese musiek van die NG Kerk in Suid-Afrika.
- Hoë gebruikfrekwensie kan dikwels terugherlei word na 'n liturgiese bruikbare of veelseggende teks.
- Bekende melodieë of melodieë met bekende of logiese wendinge word makliker geabsorbeer.

3.5.1.5 Aanbevelings om die gebruiksfrekwensie te bevorder

Die gebruiksfrekwensie van psalms word beïnvloed deurdat sommige gemeentes moes afskaal na slegs een erediens per Sondag. By makro-gemeentes word meestal net een formele of klassieke erediens per Sondag gehou, waartydens psalms gesing word. Omdat psalms ook tans as onbekend en onfunksioneel gesien word, word dit minder dikwels gesing.

- Die gebruiksfrekwensie van psalms behoort te vermeerder indien die liturgiese waarde en bruikbaarheid daarvan opnuut prakties beleef en doelbewus beklemtoon kan word. Dit kan aangewakker word deur voorbeelde van hoe psalms die liturgie kan verryk, beskikbaar te maak op die webwerf van die NG Kerk of op 'n DVD (sien Bylaag D2).
- 'n Praktiese metode wat met vrug aangewend kan word, is om 'n Bybelstudiereeks aan te bied waar die Skrifpsalms behandel word, waar telkens na die poëtiese verwoording en die besondere uitdrukking daarvan deur die omdigtings verwys kan word en dit daarna opgevolg kan word deur 'n weergawe van die gesonge psalm.
- Die gereelde instelling van geleenthede waar dialogiese bloemlesings²⁸ uit Skrifpsalms in kombinasie met psalmomdigtings voorgedra word, kan saam

²⁸ Die Bybelse psalmstrukture wat in die omdigtings weergegee word, bied hierdie moontlikheid – soms is God aan die woord en soms die psalmdigter. Die teks is gerig aan die gemeente in die vorm van 'n onderwysing waar die liturg namens God aan die woord is – of dit is as 'n gebed gerig aan God sodat die gemeente of 'n spreekoor (die kantory) dit behoort te uiter en dit word gekenmerk deur die persoonlike voornaamwoorde “ek” of “ons”.

met toepaslike instrumentale agtergrondmusiek, meditatiewe momente binne 'n erediens skep. Dit kan afgewissel word met psalmsang deur kantory, of as lewende uitvoerings plaasvind wat op CD opgeneem en vrygestel word.

- Die psalms behoort voortdurend aangepas te word by die liturgiese behoeftes van die NG Kerk. Veral weens die groeiende behoeftes van die tydperk en die ontwikkelinge op die gebied van liturgiese musiek, behoort die psalms voortdurend getoets te word aan die prakties-funksionele behoeftes van eredienste.
- Indien die behoeftes van die tyd en van besondere omstandighede van verskillende teikengroepe binne die NG Kerk omdig kan word, na aanleiding van die inhoud van Skrifpsalms, kan nuwe motivering vir die gebruik van psalms ontstaan. Veral die beklemtoning van die emosionele aktualiteit van spesifieke psalmtekste om die behoeftes van die tyd aan te spreek, behoort aan leraars en musiekleiers nuwe stimulus te gee om hierdie psalms bekend te stel of te laat sing.

3.5.2 Eietydse eredienspraktyke rondom psalmsang

Diversiteit is aan die orde van die dag. Hoewel die NG Kerk nog met 'n pyporreltradisie geassosieer word, verg veranderende omstandighede, behoeftes en tegnologiese ontwikkelinge voortdurende aanpassings. Daarom behoort die situasie realisties in oënskou geneem te word. In die lig van die toenemende aanpassings wat hanteer moet word, word die volgende aanbevelings gedoen.

3.5.2.1 Begeleidingspraktyke

- Die orrel word nog as hoof- begeleidingsinstrument (83.3%) in die NG Kerk aangewend. Daarom behoort voortdurende aandag aan die praktiese opleiding en inspirering van orreliste ten opsigte van die funksionele begeleiding van gemeentelike psalmsang gegee te word.

- Die orrel het in die NG Kerk deel van die psalmpraktyk geword en kan as die beste instrument vir die begeleiding van die bestaande psalmkorpus beskou word.
- Die mees ideale begeleidingspraktyk is egter die aanwending van menslike stemme. Geen ander begeleidingsmetode kan opweeg teen die oortuigingskrag en atmosfeerskepping van entoesiastiese menslike stemme nie.
- Alternatiewe begeleidingsinstrumente kan egter verrykend saam met sekere psalmstyle aangewend word en 'n openheid vir hierdie toepassing behoort gepropageer te word.
- Moderne instrumentale klanke is deel van 'n wêreldwye musiekkultuur; dit behoort in die NG Kerk akkommoderend gehanteer te word sonder om dit af te dwing op gemeentes wat nog nie daarvoor gereed is nie en sonder om afbreuk te doen aan die outentieke musiekstyle van die bestaande psalms. Omdat orrelbegeleiding by psalmsang tans 'n leidende rol in die NG Kerk vervul en omdat sommige musiekleiers en lidmate se smaak in 'n orreltradisie gevestig is, behoort hulle siening sensitief hanteer te word.
- Klassieke musiekinstrumente behoort sover moontlik ingesluit te word by instrumentale begeleiersgroepe. Dit kan soms solisties aangewend word en 'n musikaal-estetiese bydrae lewer tot die geheelklank.
- Die gebruik van die beskikbare CD-orrelbegeleidings vir psalms dui onder andere op 'n behoefte aan opgeleide orreliste en dat aandag aan hierdie opleiding gegee behoort te word.
- Wanneer begeleidingstyle wat 'n instrumentale groep behels, ingevoer word, word voldoende ruimte vir die opstel van so 'n groep binne die kerkgebou benodig, wat 'n verskil ten opsigte van die atmosfeer, simboliek en argitektuur kan veroorsaak. Dit is nodig dat so 'n verandering met deeglike oorleg en goeie smaak aangebring sal word.
- Voorsiening vir 'n toename in hierdie begeleidingstyle behoort gemaak te word deur die insluiting van 'n dergelike opleidingspakket by kerkmusikale

opleiding. Opleiding vir instrumentale begeleiersgroepe en instrumentaliste is 'n dringende noodsaaklikheid waarvoor permanente beplanning nodig is.

- Terwyl daar tans 'n behoefte bestaan aan 'n verskeidenheid aanbiddingstyle, ook by psalmsang, kan alternatiewe instrumentale klanke 'n verrykende bydrae lewer om aan spesifieke aanbiddingsbehoefte uiting te gee. Dit sou veral vir lidmate met "hart"- en "hand"-spiritualiteitstipes tot betekenisvolle aanbidding kan lei (sien 5.2).
- Daar behoort dringend aandag gegee te word aan die beskikbaarstelling van publikasies vir kontemporêre begeleidings vir psalms. Om die kwaliteit daarvan te verseker is daadwerklike, kundige leiding op hierdie gebied onontbeerlik.

3.5.2.2 Psalmverwerkings

- Die ideale manier om die psalms bekend te stel is deur medium van 'n kantory. Hiervoor behoort eenvoudige psalmverwerkings gebruik te word, waar die melodie duidelik uitstaan en die teks duidelik gehoor en vertolk sal word.
- 'n Hedendaagse kantory bestaan dikwels uit 'n kleiner sanggroep en sommige kleiner sanggroepe het begin om van mikrofone gebruik te maak. Verwerkings wat hierdie nuutontwikkelende opset teiken en ook die vele ontwikkelinge op die gebied van eietydse psalmsang in ag neem, het egter 'n leemte aan funksionele psalmverwerkings vir hierdie genre laat ontstaan, waarin voorsien behoort te word.
- Die orrel is tans die mees voor-die-handliggende instrument om psalmverwerkings te laat hoor, maar tog bied die klankkleure en interpretasiemoontlikhede van instrumentale ensembles goeie afwisseling wat ook aangewend behoort te word.
- Hoewel daar heelwat orrelverwerkings van tradisionele kerkliedere bestaan, is daar tog 'n leemte aan voldoende, eenvoudige psalmverwerkings van die psalms wat tans in die liedboek opgeneem is.

- Instrumentale verwerkings van psalms, waar die melodie duidelik uitstaan, is 'n ideale metode om psalms ongemerk en aangenaam bekend te stel en te laat hoor. Klassieke musiekinstrumente is ideaal, maar meer moderne psalmstyle behoort te baat by die aanwending van meer moderne klankkleure.
- 'n Dringende behoefte waarin voorsien behoort te word, is instrumentale psalmverwerkings waar die orrel saam met eietydse instrumente oordeelkundig en esteties aangewend word.

3.5.2.3 Elektroniese borde

Die data wat by 3.3.5 en 3.3.5a versamel is, dui daarop dat 'n gemiddeld van meer as 60% gemeentes oorwegend van elektroniese borde gebruik maak en dat 82.6% gemeentes reeds borde besit. Lidmate beskou dit as voordelig omdat hulle nie die boekies hoef saam te neem kerk toe nie en omdat hulle nie nodig het om liedere na te slaan nie. Min gemeentes besef die waarde daarvan om die notebeeld saam met die teks op die skerm te vertoon. Ook omdat 'n dataprojektor duur is en omdat die bestaan van hierdie program nie algemeen bekend is nie, word dit meestal nie gebruik nie. Dit behels die verlies van die notebeeld wat in die boekies vertoon word, die verlies van die stimulering van noteleesvaardighede wat daardeur geskied en die feit dat lidmate as gevolg daarvan nie die nodigheid sien om die *Liedboek*-bundeltjies aan te koop nie. Die ideaal bly egter dat alle lidmate die boekies sal besit. Met die oog hierop word sekere aanbevelings gedoen.

- Indien inspirerende psalmtekste uit die *Liedboek* as gebede of as deel van die liturgie voorgelees of deur 'n kantory gesing word, kan dit lidmate stimuleer om self die *Liedboek* aan te skaf (sien ook Bylaag D.2).
- As verdere stimulering om self die *Liedboek* te besit, behoort 'n reeks bloemlesings van inspirerende psalmtekste, gesorteer onder aktuele, eietydse temas op die NG Kerk-webwerf beskikbaar gemaak te word.

- 'n Prakties bruikbare elektroniese formaat waardeur die musieknotebeeld saam met die teks op die skerm vertoon kan word, behoort geprogrammeer en beskikbaar gemaak te word.

3.5.3 Die (on)gewildheid van psalms

Die algemene gewildheid van psalms by gemeentede is laag. Volgens grafiek 4 is slegs 10 psalms tans by meer as 30% van die gemeentes gewild, wat beteken dat 140 psalms (93.3%) tans nie gewild is nie. In 3.3.6a is sekere gewilde psalms uitgewys en in 3.3.7 is die redes vir gewildheid aangedui.

3.5.3.1 Redes vir die gewildheid van psalms

By Vraag 3.3.7 moes gemeentes aandui om watter redes psalms gewild is. Respondente moes na aanleiding van voorgestelde moontlikhede vir die gewildheid van psalms merk wat die redes vir die gewildheid van voorkeurpsalms is. Die volgende redes vir gewildheid is aangetoon. Bekendheid was die belangrikste rede vir gewildheid en daarna is die volgende voorkeure in volgorde van gewildheid aangedui: 'n "mooi" melodie, treffende woorde, sentimentele waarde en die eenheid van teks en toonsetting.

By 3.3.6a is individuele psalms wat tans as die gewildste psalms by lidmate beskou word, aangetoon. Die volgende 10 psalms is by meer as 30% van die gemeentes as gewild beskryf (in volgorde van gewildheid): Psalms 146, 100, 33, 23, 84, 48, 130, 42, 116 en 111.

- Hierdie psalms het om verskillende redes gewild geword. Die meeste psalms kan by sekere geleenthede en in sekere situasies betekenisvolle, emosionele uitdrukking moontlik maak: as uitdrukking van individuele of gesamentlike vreugde (Psalms 23, 33, 48, 100, 111, 146), as troosliedere (Psalms 23, 146), as hulpgeroep of bevestiging van redding

uit nood (Psalms 130, 116), as vertrouenslied (Psalm 23) en as uitdrukking van die verlange na God (Psalms 42, 84).

- Sommige van hierdie psalms kan as geestelike, Afrikaanse volksliedere beskou word: Psalms 130 en 146 is gebaseer op liederwysies. Psalm 130 was een van die liederwysies wat die meeste gebruik is²⁹. Die Voortrekkers het besondere waarde aan Psalm 146 geheg (sien 5.2.2) en dit is een van die liedere wat deur die Boerekrygsgevangenis aangeteken is (Cillié, 1993:96). Psalm 48 word in die besonder met geloftedag geassosieer (Kloppers, 2002a: Abstrak).
- Die feit dat al hierdie liedere gewild gebly het ten spyte van die veranderende tye en ten spyte van die verandering van teks (behalwe Psalm 111 wat nuut is), dui daarop hoe diep dit deel geword het van die geestesgoedere van die NG Kerk.
- Uit die 10 liedere wat as die gewildste aangegee is, was 8 uit Suid-Afrika afkomstig. Die moontlikheid dat hierdie liedere aanduidend kan wees van 'n Afrikaanse geestelike volkslied-idioom word by 5.2.3 uiteengesit.
- Al hierdie liedere vorm deel van dié liedere waarvan die gebruiksfrekwensie die hoogste is; dit bewys dat gereelde gebruik verband hou met die geliefdheid van psalms en waarom psalms so aangepas behoort te word dat dit meer gereeld gesing kan word.

3.5.3.2 Die ontleding van psalms wat besonder toeganklik is

Psalms 29 en 111/112 het as nuwe melodieë besonder goed ingang gevind. Na aanleiding hiervan word dit ontleed om vas te stel waarom dit binne 'n relatief kort periode kon inslag vind.

²⁹ Die hoogste aantal, naamlik 12 variasies daarvan, is aangeteken, wat daarop dui dat dit op soveel verskillende plekke en vir so 'n lang tydperk gebruik is, dat hierdie verskillende variasies in die volksmond ontwikkel en oorgelewer kon word (Cillié, 1993:72-79).

- Beide Psalms 29 en 111 is vooraf gepropageer. Dit is vooraf in die bekendstelingsbundel, *'n Keur van 30 Liedere*, gepubliseer, op CD opgeneem en daarmee saam versprei.
- Die teks van Psalm 29 is een van die poëties mees uitstaande in die *Liedboek* (Du Plooy, 2006:48); dit maak gebruik van bekende natuurbeskrywings en simboliek waarmee die Suid-Afrikaanse kerkvolk kan assosieer. Die teks van Psalm 111 is 'n himne oor die grootheid van God en dit is antifonies gekonsipieer ten spyte daarvan dat die Bybelteks dit nie impliseer nie. Beide vervul die gewildste liturgiese funksie, naamlik dié van lof (sien 3.4.12).
- Beide bestaan uit vier-reël strofes en Psalm 111 het bykomend 'n tweereël-keervers wat die sentrale tema van die psalm beklemtoon, terwyl dit die geleentheid tot liturgiese dialoog daarstel.
- Die melodie van Psalm 29, van Stainer uit die Engelse himnologie, verloop eenvoudig en logies met maklike spronge op strategiese plekke en die derde reël vorm 'n logiese sekvens wat as hulp vir die geheue kan dien.
- Die melodie van Psalm 111/112 is saamgestel om die teks te onderstreep. 'n Subtiele kontras is ingebou tussen die teks van die keervers wat meer lofprysend is en die psalmvers wat meer meditatief-lerend van aard is.
 - Lofuiting word by die keervers ingekleur deur 'n vinniger ritme wat van kwart- en agstenote gebruikmaak. Die eerste reël is uitnodigend, omdat dit ten spyte van eenvoud, spanning opbou deur die herhaalde note. Melodies herinner dit aan die styl van 'n kinderlied; dit het 'n klein omvang, met goeie afwisseling tussen herhaalde note en spronge en is ritmies-dinamies.
 - Die psalmstrofes se teks bestaan telkens uit 'n verduideliking waarom God geloof behoort te word en gee diepgang aan die inhoud. Dit word verklank deur die langer nootwaardes van halwe en kwartnote. Die melodiese omvang van die strofes sentreer om 'n vyfde en breek dan in die laaste reël stygend klimakties uit op 'n uitgebreide dominant

harmonie. Hierdie wending skep afwagting vir die terugkeer na die keervers wat op die tonika begin, sodat dit telkens vars opklink.

- Die formaat maak dit moontlik om die antifoniese struktuur liturgies te benut en kan beklemtoon word, deur die variërende dinamiek tussen 'n kleiner groep stemme (soos 'n kantory) en die gemeentesang.

3.5.3.3 Aanbevelings om die gewildheid van psalms te bevorder

- Die heftigste kritiek, wat herhaaldelik in die kommentaar na vore getree het, was teen die Geneefse melodieë en komposisiestyle wat hierdie melodieë naboots. Die lae algehele gewildheidspersentasies van psalms (Vraag 3.3.6a) dui daarop dat 'n nuwe benadering tot psalmsang in die huidige opset toegepas behoort te word.
- Dié Geneefse psalms, wat wel goed of gedeeltelik ingang gevind het, behoort egter behou te word en dié wat tans nie funksioneel is nie behoort op die ys geplaas te word, vir toekomstige tye waar weer 'n behoefte daaraan kan ontwikkel.
- Bekende en gewilde psalms behoort sensitief hanteer te word, aangesien die inhoud van geestelike liedere in sommige gevalle dieper in die geheue vasgelê word as Bybelwaarhede.
- Omdat 9 uit die 10 gewildste psalms reeds deel was van die 1937-psalmbundel, kan afgelei word dat hierdie liedere gewild is omdat lidmate dit van kleins af geleer het. Daarom kan die belangrikheid vir die aanleer van psalms van 'n jong ouderdom af nie genoeg beklemtoon word nie. Ook die beskikbaarmaking, keuring, skepping en propagering van psalms wat vir kinders toeganklik kan wees, behoort as prioriteit beskou te word.
- Die individuele gewildste psalms is by 3.5.3.1 bestudeer om daaruit af te lei waar die kerkvolk van die NG Kerk tans staan ten opsigte van die tipe psalms wat hulle spiritueel aanspreek. Sekere ooreenstemmende tendense is aangetoon wat aangewend behoort te word.

- Vraag 3.3.7 het gevra om watter redes psalms gewild is. Aangesien bekendheid as die hoofrede vir die gewildheid van psalms aangedui is, behoort dit op verskillende maniere aangewend te word, om nuwe psalmmelodieë te keur of te skep.
- Omdat melodieë uit Suid-Afrikaanse bodem die grootste gewildheid toon, behoort psalmmelodieë by voorkeur uit hierdie bron te kom. Melodieë behoort volksidiomaties georiënteerd te wees sodat selfs onbekende melodieë as logies en bekend ervaar sal word. Hieronder sal tipies Afrikaanse geestelike liedstyle, kwaliteit, geestelike popliedstyle en selfs gekeurde sekulêre liedstyle as aanknopingspunte vir bekendheid kan dien.
- Ook sommige melodieë uit ekumeniese oorsprong, veral dié wat ooreenstemmende eienskappe met die Suid-Afrikaanse idioom vertoon, behoort na meer blootstelling ingang te vind.
- Herkenbare melodiese konsepte behoort makliker ingang te vind as totaal nuwe melodieskeppinge. Reeds bekende melodieë of melodieë met bekende melodiese figure of opeenvolgings behoort voorkeur te geniet.
- Voortreflike voorbeelde uit die volgende bronne behoort nuut ondersoek te word vir liturgiese bruikbaarheid as psalmmelodieë: Afrikaanse komposisies of liederwysies uit eie bodem, volksliedere of volksgebaseerde liedere, liedere uit inheemse of etniese kulture.
- Bekende klankkleure uit die eietydse musiekkultuur vir begeleiding van eietydse psalmmelodieë behoort makliker die brug te slaan by die aanleer van nuwe melodieë.
- “Mooi” melodieë, wat gelyktydig toeganklik is en estetiese waarde het, behoort gekeur te word vir psalmgebruik. (Die persepsie dat psalmmelodieë “onsingbaar” en vervelig is, moet teengewerk word.)
- “Mooi”, melodieë wat kort en eenvoudig is, wat maklik sal aanleer, maar tog estetiesbevredigend is, behoort aanvanklik gepropageer te word.
- Verdienstelike wêreldwye volksliedmelodieë behoort gekeur te word as psalmmelodieë.

- Kwaliteit treffers uit die verlede soos verdienstelike sekulêre melodieë en liedere uit kontemporêr-populêre style behoort as psalmkontrafakte oorweeg word. Die emosionele konnotasie van hierdie melodieë behoort in alle gevalle ooreen te stem met die teksinhoud van die betrokke psalms.

3.5.4 Liturgiese gebruike

Min belangstelling in die liturgiese implementering van psalms in die erediens het uit die vraelys geblyk. Ook 'n gebrek aan innoverende idees van psalms, as deel van die liturgie, was opvallend. Veral indien die liturgiese moontlikhede van die psalms ontgin word, word die bruikbaarheid daarvan duidelik (sien Bylaag D.2).

3.5.4.1 Aanbevelings vir die liturgiese aanwending van psalms

- Die ingesteldheid van leraars of gemeenteleiers wat lei tot die onderbenutting van psalmsang behoort aangespreek te word by die opleiding van leraars. Voortdurende, vernuwende kursusse behoort leraars en gemeenteleiers op hoogte te hou van vernuwende wendinge en nuwe ontwikkelinge op die gebied van liturgiese psalms en die aanwending daarvan.
- Psalmsang kan nuwe stimulus bied as teenvoeter vir belangeloosheid en stagnasie op liturgiese gebied. 'n Nuwe invalshoek kan nuwe waarde en energie toevoeg aan gevestigde, liturgiese handeling.
- Volgens die gegewens wat by (3.3.7) ingewin is, behoort die onbekendheid van psalms tans prioriteit te kry.
- 'n Sangdiens wat psalms as verskillende elemente van die erediens aanwend, behoort die psalms in 'n nuwe lig te stel, maar behoort ook nuwe idees vir sinvolle liturgiese aanwending voor te stel. Gemeentelike psalmsang, psalmvoorlesings, kantorysang en solistiese sang kan hiervoor aangewend word.

- 'n Leksikon volgens die liturgiese jaar vir elke Sondag se eredienste ingedeel, waar eietyds-funksionele psalms saam met die Bybelpsalms op internet beskikbaar is, behoort nuwe stimulasie aan psalmsang te kan gee. Dit kan jaarliks volgens nuwe behoeftes aangepas word.
- Psalms behoort as 'n aktiewe deel van die erediensliturgie ingesluit te word. Psalmvoorlesings en psalmsang was in die vroeë liturgieë 'n permanente instelling in die erediens (sien 2.3.2). Deur die Lima-liturgie wat tans wêreldwyd aangewend word, is die waarde van psalms en die vasgestelde gebruik daarvan tydens eredienste opnuut beklemtoon (Strydom, 1994:130-131). (Sien ook 6.2.)
- Geskikte strofes uit bestaande psalmomdigtings behoort ondersoek te word om spesifieke liturgiese temas te identifiseer en daarvolgens te kategoriseer. Veral psalms wat op tans bruikbare melodieë aangewend kan word, behoort op hierdie manier ondersoek te word (sien Bylaag D.2).
- Wysies waarop psalms verskillende elemente van die erediens kan verryk, behoort tuisgebring te word deur psalms wat liturgiese elemente belig, en behoort in nuwe toonsettings met bondige tekste en op toeganklike wysies beskikbaar gemaak te word (sien Bylae D1 en 2).
- Die parallelle poëtiese struktuur van die Bybelpsalms kan nuwe perspektief aan die gesonge psalms bied indien dit antifonies gesing word (sien 2.1.6). Hierdie struktuur behoort beklemtoon te word deur die omdigtings en die liturgiese aanwending daarvan behoort impliseer te word.
- Die liedkorpus van ekumeniese kerkliedbundels behoort te kan lig werp op formate waarop psalms in eietydse opset liturgies-funksioneel aangewend kan word.
- Struikelblokke uit die kommentaar wat ondersoek behoort te word, is die onfunksionele psalmtekste en melodieë en die algemene weerstand teen psalmsang wat as gevolg van verskillende redes ontstaan het (sien 3.4.1 tot 3.4.3).
- By die skepping van psalmomdigtings behoort die praktiese implementering daarvan in die liturgie as teken gestel te word. Alle aspekte van die liturgie

kom in die Skrifpsalms voor, maar die funksionaliteit daarvan behoort te verbeter indien een liturgiese element of tema per strofe uiteengesit word.

- Psalms behoort meer liturgies-toeganklik beskikbaar gemaak te word, deur dit per indeks onder die verskillende liturgiese elemente en duideliker tematies nageslaan kan word, sodat leraars en musiekleiers geskikte en funksionele psalms makliker kan vind (sien kritiek by 3.4.7 en Bylaag D.2).
- Kort psalmstrofes wat as *Singsprüche* of kort liturgiese response uit die Skrifpsalms kan funksioneer, behoort uitgesoek en getoonset te word, byvoorbeeld: “Sing ’n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van sy Naam” (Psalm 96).
- ’n Kantory behoort as ’n waardevolle toevoeging tot die liturgie beskou en aangewend te word: deur die gemeentelike psalmsang te ondersteun en te lei; deur antifoniese dialoog met die gemeente soos by sommige psalms soos Psalm 111/112; deur soms namens die gemeente te sing soos om gedeeltes uit die psalms as votum te sing; deur as spreekkoor soms dele van die liturgie te behartig soos die wet of die geloofsbelydenis; deur soms kort psalmresponse te sing, soos “Halleluja” of “Heer wees ons genadig” (as litanieë by die kanselgebed); deur elemente van die erediens namens die liturg te sing byvoorbeeld die seëngroet of die vryspraak en deur die gemeente te lei by gesproke dialoog (sien Bylaag D.1 vir ’n volledige uiteensetting van die aanwending van die kantory).
- Die essensie van die liturgie, naamlik dat gemeentes psalmsang ervaar as gesonge kommunikasie met God, behoort te alle tye beklemtoon te word.

3.5.5 Riglyne vir eietydse psalmomdigtings

Respondente het die nuwe psalmomdigtings grootliks aangeprys weens die meer idiomatiese Afrikaans, maar tog het die funksionaliteit van psalms, volgens die resultate van die vraelys, nie daarby gebaat nie. Kritiese kommentaar uit die gemeentes dui op verskillende redes vir die onfunksionele teks. As oorheersende rede word gemeld dat die huidige omdigtings nie die eietydse kerkvolk op so ’n wyse aanspreek dat dit ware kommunikasie met die lewende God moontlikmaak

nie – en daarmee die vernaamste lewegewende aspek van die gemeentesang mis. Verdere kritiek behels die lengte van strofes en die groot hoeveelheid strofes.

3.5.5.1 Aanbevelings vir eietydse psalmomdigtings

- Aangesien sommige van die liedere in die *Liedboek* uitstaande omdigtings verteenwoordig, behoort hierdie omdigtings geselekteer en geteiken te word as uitgangspunt vir die positiewe verdere bemarking van psalms.
- Die bestaande tekste behoort liturgies ingedeel te word, om die bruikbaarheid en toepassing daarvan aktueel voor te stel en die funksionaliteit daarvan te bemark (sien Bylaag D.2).
- Aandag behoort gegee te word aan die kritiek wat gelewer is by 3.3.9b, 3.4.1 en 3.4.3. Besware is geopper teen die benadering om al 150 psalms by die bundel in te sluit, aangesien sommige psalms problematiese temas soos wraak of wreedheid beskryf, wat moeilik liturgies-verantwoordbaar is. Kritiek soos woordaksente wat nie goed met die melodieë saamsmelt nie, en teks wat te klinies en te min poëties is, verdien aandag. Behoeftes ten opsigte van die teks wat geuiter is, behels 'n meer persoonlike benadering en emosievolle uitdrukking en teks wat minder hoogdrawend, minder outyds en meer verstaanbaar is. Kritiek word uitgespreek teen die formaat van lang psalms met te veel en te lang strofes, en teen teks wat kultureel of spiritueel onversoenbaar met die tyd is. Hierdie kritiek behoort pertinent in gedagte gehou te word by die skepping van nuwe omdigtings.
- Blykbaar bestaan daar nie tans 'n behoefte aan die volledige 150 psalms nie; maar die innerlike samehang en die veelsydigheid van die psalmbundel behoort verteenwoordig te word in die samestelling. Daarom behoort die keuse van watter besondere psalms ingesluit behoort te word, aan deskundiges oorgelaat te word.
- Indien teks by bestaande melodieë geskep word, behoort sorg bestee te word dat die woordaksente sal saamvloei met dié van die melodiese aksente.

- Die teks behoort die affektiewe aspekte van die oorspronklike psalm getrou, binne die emosionele konteks van die kerkvolk, uit te druk. Die aanslag behoort ook 'n persoonlike benadering te akkommodeer en deur middel van poëties-beskrywende taal oorgedra te word.
- Eietydse taalgebruik, wat meer verstaanbaar en minder hoogdrawend is, en wat die uitdrukkingswyses van die huidige tydperk gebruik, is tans in aanvraag.
- Die eietydse formaat in die vorm van kort, kernagtige of samevattende tekste met min en kort strofes behoort aangewend te word.
- Psalmomdigtings behoort voortdurend die kulturele omstandighede van die teikengroep in gedagte te hou om die oorspronklike psalms aktueel te kan oordra. Bekende en alledaagse natuurbeskrywings, behoeftes of simboliek wat eie is aan die ervaringswêreld van die teikengroep, behoort aangewend te word om ekwivalente beskrywings in die psalms te vervang.
- Spirituele aanpasbaarheid behoort sensitief vertolk te word sodat die verskeidenheid spirituele uitdrukkingsmoontlikhede, soos dit in die Skrifpsalms voorkom, eietyds vergestalt kan word.
- Ingewikkelde en selfs basiese teologiese begrippe is vreemd aan die algemene woordeskat van mense wat ongereeld die Bybel lees en eredienste nie gereeld bywoon nie; dit vorm struikelblokke wat veroorsaak dat gemeentelede dit moeilik verstaan en moeilik daarmee kan vereenselwig. Daarom behoort dit vermy of eietyds uitgedruk te word.
- Aangesien kortvorm-psalms as oorweldigend positief deur die vraelys aangewys is, dui dit tans die mees opvallende weg vir psalmgebruik in die direkte toekoms aan. Kort, kragtige en eenvoudige psalms, met kwaliteit maar eenvoudige en uitdrukkingsvolle tekste en melodieë, behoort as doelwit gestel te word.
- Aangesien die behoud van die geheelinhoud van 'n psalm as belangrik beskou word, maar die totale lengte van psalms kort behoort te wees, behoort metodes ondersoek te word om dit effektief te verkort.

- Kernpsalmverse uit psalms kan as kortvorm-psalms omdig en getoonset word, sonder om die geheel van die psalminhoud uit die oog te verloor. Omdat die teks van kortvorm-psalms slegs seleksies uit die psalms kan gebruik, is dit belangrik dat goedgegronde keuses ten opsigte van geskikte Bybelverse gedoen word. 'n Perikoop, 'n paar Bybelverse wat tematies bymekaar hoort, een volledige vers of selfs 'n kernfrase uit 'n Bybelpsalms kan gebruik word.
- Psalmperikope kan beter tematies afgebaken word deur kort strofes waar elke strofe een perikoop se kernbetekenis of kernwaarheid weergee, sodat die lengte van 'n psalm verkort word sonder om die geheelbeeld in te boet.
- Verteenwoordigende liturgies- of tematies-funksionele perikope of groeperings uit Skrifpsalms behoort geselekteer te word vir omdigting en toonsetting.
- Verskillende kortvorm-psalmformate uit die ekumenies-liturgiese liedereskat behoort ondersoek en by die plaaslike bevatlikheid en kultuur van die NG Kerk aangepas te word.

3.5.6 Riglyne vir eietydse psalmmelodieë

Die data wat by Vraag 10 (3.3.10) ingesamel is, het die mate van teenkantiing teen die nuwe psalmmelodieë laat blyk. Nuwe psalmmelodieë word tans in die NG Kerk moeilik aanvaar en geassimileer in die bestaande kerkliedereskat. Kritiek wat gelewer is, kon lig werp op die redes vir die teenkantiing wat NG Kerklidmate teen die aanleer van nuwe psalmmelodieë openbaar, maar ook op hulle eietydse voorkeure.

3.5.6.1 Redes vir die moeilike assimilering van nuwe psalmmelodieë

- Weens die weerstand wat teen die Geneefse psalmmelodieë gegroei het, het gemeentes belangstelling in psalms as sodanig verloor.

- Literêre leesvaardighede is algemeen, terwyl musikale geletterdheid skaars is binne die bestaande kultuur. Die meeste lidmate kan nuwe tekste lees om saam met 'n bekende melodie gesing te word, terwyl die aanleer van nuwe melodieë meestal bloot van die musikale geheue afhanklik is. Onsekerheid wanneer nuwe psalmmelodieë aangeleer word, is baie groter, omdat die woorde ook onbekend is en die woordplasing saam met die melodie bykomend uitgesorteer moet word.
- Daar word dikwels 'n emosionele konnotasie tussen 'n teks en 'n wysie gevorm, wat mettertyd deur middel van assosiasie groei. Die verandering van 'n melodie word dan as 'n persoonlike verlies, soos die ontworteling van 'n emosionele verwantskap, ervaar. 'n Voorbeeld uit die Afrikaanse kerkmusiekgeskiedenis is die emosionele reaksies wat ontstaan het toe bekende Hallelujalied-tekste en -melodieë as ongewens beskou en by die 1949-uitgawe weggelaat is (Die Halleluja, 1959: Voorwoord). Dieselfde reaksie het ontstaan toe baie van die "nuwe melodieë" van die 1937-psalmbundel by die 1976-uitgawe vervang is met Geneefse melodieë of melodieë in 'n dergelike styl (Viljoen 1997:73-74; 197-198).

3.5.6.2 Onontdekte "nuwe" psalmmelodieë

Die meeste nuwe melodieë in die *Liedboek* is nog nie deur die gemeentes ontdek nie en die volgende opsommende beeld kan volgens Vrae 10a en 10b gegee word:

- Nuwe melodieë wat reeds gedeeltelik inslag gevind het, is: Psalms 5, 29, 57 en 111/112.
- Nuwe Psalms met toeganklike teks en melodieë is Psalms 14, 15, 37/40/70, 41, 92, 126, 127¹, 127² en 139¹.
- Nuwe psalmmelodieë wat volgens die ingewinde kommentaar aanklank behoort te vind, is Psalms 3, 11, 26, 53 en 60.

3.5.6.3 **Aanbevelings vir psalmmelodieë**

- Nuuttoegevoegde melodieë in die *Liedboek* uit Afrikaanse en ekumeniese bronne behoort (soos hierbo) ondersoek en geëvalueer te word omdat hulle minder geleentheid gehad het om “ontdek” te word en ingang te vind.
- Die sirkulering of die kuberbekendstelling van ’n lys psalms wat die potensiaal het om ingang te vind, maar nog nie “ontdek” is nie, saam met eietydse nuutskeppinge kan help om doelmatige keuses vir die aanleer van psalms te maak.
- Die begeerte om psalms te wil sing behoort gekoester en gestimuleer word sodat gemeentelike persoonlike waarde daaraan kan heg as ’n manier om individueel en gesamentlik met God kontak te maak.
- Gemeentes behoort bewus gemaak te word van die waardevolle psalms of nuutgeskepte psalms wat hulle nie ken nie. Indien daarna ’n goedbeplande “aangename kennismakingsprogram” bestaande uit maklik aanleerbare psalms, saam met ’n kort aantreklike DVD-snit van dergelike psalms as voorskou gewys word, behoort ’n geleidelike afwagting geskep te word. Indien gemeentes eienaarskap hiervan kan aanvaar, behoort die aanleer- en onderhoudingsprogram makliker te vlot. Dit is ook belangrik om die gemeente op hoogte te hou van die vordering wat gemaak is, sodat hulle trots daarvoor kan voel en kan besef hoe waardevol dit is.
- Omdat eietydse lidmate min sing, behoort ’n kort, poëtiese struktuur met ’n eenvoudige, moontlik volksliedagtige melodie toeganklik te wees. Mense wat min sing, is nie geneë om lang of moeilike wysies te sing nie en sal dit moeilik bemeester.
- ’n Ondersoek na metodes waarop eietydse, wêreldwye, ekumeniese kerke hierdie behoefte aanspreek, behoort as voorvereiste gestel te word.
- Die gebruik van majeurtoonaarde behoort tans, veral by die klassiek-Afrikaanse psalmstyl, waar die volksidiomatiese invloed nog sterker is, voorkeur te geniet.

- By eietydse, liturgiese liedere vanuit ekumeniese of volksliedgebaseerde bronne kom meermale mineur of modale melodieë voor. Hierdie liedere sluit dikwels aan by die eietydse massamusiekkultuur deurdat dit opvallend ritmies-lewendig is. Jonger generasies, wat deur eietydse musiektendense beïnvloed is, ervaar hierdie musiekstyle as toeganklik omdat dit wél in 'n postmoderne opset tuis kom. Daarom behoort dit in hierdie opset oorweeg te word.
- Eietydse psalmmelodieë behoort voortdurend vir elke generasie nuut kultureel-toeganklik geskep te word. Hierby behoort die taal- en die musikale aspekte van die tyd in ag geneem te word.
- Kerkmusici behoort die vinger op die pols te hou van alle musikale ontwikkelinge op die gebied van geestelike, *gospel*- en popmusiek ten einde die toeganklikheidsvlak van die kerkvolk voortdurend te kan peil. 'n Realistiese beeld van heersende musiekstyle en watter eienskappe van musiek die toeganklikheid daarvan by gemeentes beïnvloed, is essensieel. Alleen deur grondige kennis kan die beste musiek uit elke genre vir die kerk geannekseer word en kan die kerk verryk word met nuwe psalms wat saam met die hartklop van die lidmate kan groei en bloei.

3.6 SAMEVATTEND

Deur hierdie empiriese studie het die statistiese beeld oor die gebruiksfrekwensie en funksionaliteit van psalms in die *Liedboek* getoon dat psalms tans nie liturgies doelmatig is nie. Hierdie stelling word bevestig deur die totale persentasie negatiewe kommentaar (88.9%) te vergelyk met die totale positiewe kritiek (11.1%) wat oor psalmsang in die huidige opset ontvang is (sien 3.4).

Die kommentaar dat “die teks en die melodieë van psalms nie by die mense aanklank vind nie”, is baie ernstig. Die aanklagte dat psalmsang “geen aangename ervaring bied nie” en “nie werk nie”, is ewe verdoemend, want die Skrifpsalms bied 'n fees van seëninge (sien 1.1). Psalmsang behoort die draer te wees van die

gemeentelike kommunikasie met God. Indien dit die kommunikasie moontlik maak en bevorder, beantwoord dit aan die doel – indien dit die kommunikasie bemoeilik, het dit 'n ongemaklike plek in die erediens. Volgens die meeste respondente is dit duidelik dat psalmsang tans nie aan hierdie doel beantwoord nie.

Duidelike kritiek is teen die huidige omdigtings en die melodieë gelever, waardeur sekere kernvrae onderstreep word: Hoe kan die Woordinhoud van die psalms deur middel van geskikte teks en melodieë in menseharte ingang vind? Hoe kan die psalms die nood van ons tyd aanspreek? Hoe kan die psalms tans in die NG Kerk in Suid-Afrika as gespreksmedium tussen God en die gemeente dien?

Al die terugvoer wat ontvang is – die statistiese resultate van die vraelys, sowel as die opbouende kritiek (positief en negatief) wat gelever is, dui daarop dat die probleme rondom psalmsang in die NG Kerk aktueel is. Indringende beleidsaanpassings blyk voor-die-hand-liggend te wees. Om die nodige beleidsaanpassings te doen, is dit nodig om te verstaan watter beleid of norme tot die bestaande probleme gelei het en om te besluit watter norme voortaan toegepas behoort te word. Hoofstuk 4 sal vervolgens hierdie norme uiteensit en bespreek.

HOOFSTUK 4

NORMATIEWE VEREISTES BY PSALMS AS LITURGIESE LIEDERE

HOOFSTUK 4

NORMATIEWE VEREISTES BY PSALMS AS LITURGIESE LIEDERE

Die stel van norme by alle aspekte van die erediens kan as noodsaaklik beskou word, omdat die erediens 'n ontmoetingsgeleentheid tussen die heilige, drie-enige God en 'n gemeente is (Strydom, 1994:250). Duidelike vereistes vir aanbidding word in Levitikus 20:7-8a gestel: "Wy julle aan My. Wees heilig, want Ek is heilig, want Ek is die Here julle God. Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens."

4.1 KATEGORISERING EN OMSKRYWING VAN NORME

Daar word twee kategorieë norme onderskei: standhoudende norme, wat altyd van toepassing behoort te wees; en aanpasbare norme, wat telkens by die teikengroep se ontvanklikheid behoort aan te sluit en as gevolg daarvan telkens sal varieer. Standhoudende norme bly egter deurgaans die uitgangspunt vanwaar daar aanpassings ter wille van mense se beperkte kommunikasievermoëns gemaak behoort te word.

4.1.1 Standhoudende norme

Liturgiese sang dien as draer van die gemeentelike kommunikasie met God en veronderstel die primêre doel – dat dit vir God aanvaarbaar sal wees en tot sy verheerliking sal geskied. Omdat God onveranderlik, ewig en heilig is, is daar sekere standaarde wat vasstaan en waardeur sy wese gerespekteer word.

Alle norme vir die liturgiese lied wat daarop fokus om hierdie doelwit te verwesenlik, kan as standhoudend beskou word. Veral drie hoofnorme tree deur die bestudering van die aanbiddingsvereistes wat God in die Skrif uitspel, na vore: kwaliteit, die gesindheid van die aanbieder en God se estetiese vereistes. Hierdie norme, geld ook as gereformeerde beginsels by liturgiese musiek, hoewel veral dié

van kwaliteit en estetika oorspronklik vanuit die Platonies-filosofiese etosleer 'n invloed uitgeoefen het tydens die reformatie (sien 2.4.3, 2.4.5 en 4.3.3). By hierdie studie is dit as belangrik beskou om standhoudende norme vanuit die Skrif te motiveer asook om aanpasbare norme as onseibare ontwikkeling vanuit die Skrif waar te neem ten einde dit later uit te bou.

4.1.2 Aanpasbare norme

Beperkte menslike vermoëns maak dit nodig dat standhoudende norme ter wille funksionaliteit aangepas moet word. Die volgende faktore maak sekere aanpassings by die liturgiese lied nodig: die liturgiese tradisie, die historiese agtergrond, die opvoedkundige en kulturele peil en die spreektaal is gebaseer op ontwikkelinge wat vanuit die verlede spruit en geleidelik voortgaan in die hede. Daarenteen tree die bewussyn van spiritualiteitsbehoeftes, die aktuele probleme van die tyd, die postmoderne filosofie en die massamusiekkultuur tans met soveel dringendheid op die voorgrond dat dit hoofsaaklik as eietydse faktore benader word (sien ook gedeeltelik Wolvaardt, 1999:24-25.) Die norme vir liturgiese liedere wat voortdurend deur hierdie faktore beïnvloed word, kan as aanpasbare norme beskryf word.

Psalms kan om verskillende redes as ideale norm vir liturgiese liedere beskou word. Vanuit die basisbetekenis van die term *liturgie*³⁰ omspan die psalms al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente. Vir Oud-Israel het hierdie liedere alle aanbiddings- en lewensaktiwiteite ingesluit en dit behoort vandag ook 'n sleutelrol in die geloofsgemeenskap van die NG Kerk te speel.

Vervolgens word beide standhoudende en aanpasbare norme vanuit die volledige Bybelvisie op die Godsaanbidding van toepassing gemaak. God se volmaakte norme word belig, maar ook God se begrip vir die beperktheid van menslike

³⁰ Liturgie (*leitourgia*) is 'n gesamentlike term vir "al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente" (Burger, 1999:204).

vermoëns wat dan telkens die noodsaaklikheid van aanpasbare norme tot gevolg het, word bespreek.

4.2 BYBELSE BEGRONDING VAN STANDHOUDENDE NORME

Vir die bestaan van standhoudende norme vir aanbidding word voorbeelde uit die Skrif as uitgangspunt gebruik. Beide die Ou en die Nuwe Testament stel normatiewe vereistes vir aanbidding, wat daarom op liturgiese musiek van toepassing gemaak kan word. Voorskrifte by die bring van offers stel die vereistes van gehalte en gesindheid terwyl God se estetiese norme op verskillende maniere geïllustreer word.

4.2.1 Die norm van kwaliteit

Aanbiddingstoenadering het in die Ou Testament by wyse van offerandes geskied. By die eerste offers wat in die Bybel aangeteken is, dié van Abel en Kain, het dit duidelik geword dat die kwaliteit van die offer asook die gesindheid van die offeraar ter sake is. Kain het “van die opbrengs van die land” geoffer, maar Abel het “van die eersteling uit sy kudde, van hulle vet”, gebring. Abel het die beste uit sy kudde vir die offer geselekteer en God het “hom en sy offer aangeneem” – God het die gesindheid wat daartoe gelei het dat hy ’n kwaliteit offer wou bring, waargeneem en aanvaarbaar gevind (Genesis 4:3-5)³¹. Waar God vir Abraham opdrag gee om sy enigste, lang verwagte seun te offer, word die norme van kwaliteit en gesindheid nog duideliker geïllustreer (Genesis 22:2)³².

God se voorskrifte vir aanbidding word in Levitikus te boek gestel waar bepaalde standaarde vir die kwaliteit van offers saam met prosedures by die offerdiens uiteen gesit word. Die kwaliteit van offers moes eersterangs, die beste, wees: alle eersgeborenes of eerste insamelings van die oes moes aan God geoffer word

³¹ Abel se gesindheid word verder gekwalifiseer by Hebreërs 11:4. (Sien ook Maleagi 1:12-13.)

³² Sien Abraham se gesindheid soos verder uiteengesit by Hebreërs 11:17-19.

(Levitikus 23:10); offerdiere moes jonk, sonder liggaamsgebrek en in puik fisiese toestand wees (Levitikus 23:12). Die volk kon egter volgens hulle vermoë 'n offer bring: beeste, kleinvee, tortelduiwe, jong duiwe of meel was aanvaarbaar (Levitikus 1; 5).

Met die Nuwe Testamentiese verbond, gelyktydig met die uitfasering van die offerdienste, is daar egter 'n verrykte dimensie van aanbidding bygevoeg. God inisieer die nuwe verbond deur sy enigste Seun as volmaakte offer te gee vir 'n sondige wêreld (1 Petrus 1:19). Volgens Markus 8:34-36 eis God van sy Nuwe Testamentiese dissipels die kosbaarste wat hulle besit - die lewe self. In Romeine (12:2) word die tema uitgebou waar gelowiges aangemoedig word om hulleself aan te God te gee as "offers wat vir Hom aanneemlik is".

Hieruit kan die volgende afgelei word: slegs volmaakte offers is vir God aanneemlik, maar omdat God die beperkte vermoëns van die mens besef, pas Hy die norm aan deur dit wat die mens in staat is om aan te bied, te aanvaar. Aangesien die Skrifpsalms deur die inspraak van God aan sy volk gegee is, kan aanvaar word dat dit vir Hom aanneemlik is en kan dit tydloos as ideaalbundel vir die lofsang van die Godsvolk dien. Tog was onvolmaakte mense die digters en musici terwyl die bestaande Israelitiese kultuur die bron was waaruit dit voortgekom het.

4.2.2 Die norm van gesindheid

Die gesindheid waarmee die offer vir God aangebied word, is belangrik – selfs belangriker as die offer self. Soos by die offerdiens, groei die omvang van elke gesindheidsfaset met die kronologiese ontplooiing van die Bybel. Die oorsprong van die gesindheid bly egter deurgaans die motivering van die offeraar en die innerlike fokus op God.

'n Gesindheid waarmee lofbetuiging aan God geoffer word, geniet voorkeur bo volmaakte diere-offers (Psalm 50:14,23; 69:31-32). Volgens Kronieke word die bring van offers en die bring van lof gelykwaardig aan mekaar gestel by die Godsaanbidding (1 Kronieke 16:39-41; 2 Kronieke 29:28,30). Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat liturgiese sang in die Ou Testament die bring van lof impliseer het en dat dit in die vorm van psalmodie uitgevoer is.

In die Nuwe Testament staan die offer van Jesus sentraal in die motivering vir die bring van lof (Hebreërs 13:12-15). Voorbeelde van ewigdurende lofoffers wat voor God se troon gebring word, word in Openbaring 4 en 5 beskryf. In Openbaring 5:5 tree die geslagte Lam van God as sleutelfiguur na vore en dan breek die “nuwe lied” uit wat in omvang uitbrei en in volume toeneem om “alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see ... alles wat daar is” in te sluit (Openbaring 5:9-14). Uit verskillende Bybelse bewysplase is dit duidelik dat God daar woon of Homself op besondere maniere openbaar waar daar aan Hom lof gebring word (Psalm 22:4; 2 Kronieke 5:13-14; 20:21-22; Handeling 16:25-26). Opregte lof kan dien as 'n toegangspoort tot God se teenwoordigheid.

Ook die gesindheid van liefde, toewyding en trou aan God is waardevoller as brandoffers, duisende offers van ramme, of selfs dié van 'n mens se eersteling (Hosea 6:6; Miga 6:6-8). Liefde tot God kom op verskillende maniere tot uitdrukking in die psalms (Psalm 18:2, 84:2-3; 116:1). Die beantwoording van God se liefde deur die mens bly steeds vir God die belangrikste (Hosea 6:4,6), maar bloot die begeerte om toegewyd aan God te leef, laat Hom reageer met sy verskyning, teenwoordigheid en die uitstort van sy seën (Hosea 6:3).

'n Gesindheid van verootmoediging is noodsaaklik vir God en belangriker as 'n brandoffer wanneer die mens voor God verskyn (Psalm 51:18-19). Job is “in sak en as” (Job 42:6), Moses en Josua trek hulle skoene uit by die bewussyn van hulle onheiligheid (Eksodus 3:5-6; Josua 5:15), Jesaja en Esegïël word oorweldig deur God se heiligheid (Jesaja 6:5; Esegïël 1:28) terwyl Daniël, Paulus, en Johannes op

die grond val by God se magtige verskyning (Daniël 10:9; Handeling 9:4; Openbaring 1:17). By elkeen van hierdie genoemde voorbeelde openbaar God Homself op 'n unieke manier.

'n Gesindheid van gehoorsaamheid aan God se wet en Woord, word deur God hoog aangeslaan (Deuteronomium 28:1-2)³³ – dit is selfs belangriker as offerhande (1 Samuel 15:22). 'n Sondige lewenswyse word nie deur middel van offers uitgekanselleer nie, en veral hoogmoed en ontrou is onverskoonbaar (Hosea 5:5-7). Sonder 'n lewenswandel van reg en geregtigheid, is brandoffers en maaltydoffers met die “rumoer” van gesing en harpmusiek vir God afskuwelik (Amos 5:21-24). Ook selfsugtige offers vir eie bevrediging, is verwerplik (Hosea 8:13). God nooi sy volk om sy wil te doen, sodat Hy sy liefde en “weldade” oor hulle kan “uitgiet” (Hosea 10:12).

'n Gesindheid van totale offervaardigheid word deur God geseën. Dit was presies wat God van Abraham geëis het en word beantwoord deur die seën van God (Sien 4.2.1.) Die geskiedenis van die ryk jongman (Markus 10:21) beaam dat God alles van die mens eis – alle aardse besittings. God belowe dat Hy dié wat gewillig is om alles vir Hom te offer, ryklik sal beloon in tyd en ewigheid (Markus 10:29-30). Hierdie vereiste van offervaardigheid is eers moontlik na 'n selfoorgawe (2 Korintiërs 8:2-5) waar selfsug uitgeskakel word en 'n blymoedige offergesindheid heers (2 Korintiërs 9:7). Volgens Strydom (1994:175) is die primêre doel van die erediens nie “om selfgesentreerd” geestelik gevoed te word nie, maar “om offers te gaan bring” en “styg die ware selfofferande aan die ... Here ... uit bó die hoorbare en sigbare”.

Die verlangde norm by die aanbiddingsgesindheid ontstaan wanneer daar gefokus word op God: dan kry die loflied 'n entoesiastiese ondertoon; die liefde tot God aktiveer die wet in menselewens; dan vind ootmoedige sondebelydenis plaas; die

³³ Sien ook Psalm 19:8-12 en die inhoud van Psalm 119 waar die vreugde wat op hierdie gehoorsaamheid volg, beskryf word.

opregte strewe om Gods Woord te gehoorsaam word 'n kenterende ervaring; ware offervaardigheid spruit uit dankbaarheid vir God se Offerlam en dan word die gemeentelike lied telkens Godverheerlikend as 'n lofoffer gesing. Hieruit volg dat die standhoudende norm van gesindheid 'n fokus op God behels, om Hom heelhartig vererend te dien, terwyl God tog ook genadiglik berou, die erkenning dat die mens hieraan kortkom en die begeerte om Hom opreg te wil dien, aanvaar.

In die psalms kom hierdie gesindhede op verskillende maniere aan die woord. Om hulle liturgies-tematies te kan aanwend, behoort woordgebruik en strofe-indelings op 'n wyse te geskied wat hierdie aanwending kommunikatief moontlik maak – dit benodig om aanpasbaar gemaak te word by die beperkte bevattingsvermoëns van die teikengroep. Indien hierdie gesindhede deur die lied kan kommunikeer, kan dit bydra tot 'n aanneemlike, Godverheerlikende offer. (Sien ook Bylaag D.2 waar 'n volledige uiteensetting gegee word van wyses waarop psalms liturgies funksioneel in die erediens aangewend kan word.)

4.2.3 Estetiese norme

Estetiek speel 'n rol by alle kunsskeppende aktiwiteite. Daarom sal woord- en toonskepping, soos dit by die kerklied aangewend word, aan estetiese beoordeling onderworpe wees. Aangesien liturgiese liedere 'n gespesialiseerde funksie vervul, vereis dit 'n eiesoortige skeppingsproses waar God se estetiese norme ter sake kom. God se volmaakte estetiese standaarde word beklemtoon by die skepping, die oprigting van die tabernakel en die tempel en by geleenthede waar mense gegun is om iets van God se glansryke heerlijkheid te sien.

Die estetiese standaarde van God kom tot uiting in die volmaak gekoördineerde skepping van die heelal – in die volmaakte orde, struktuur, balans en skoonheid daarvan (Genesis 1:31; 2:8-9). Dit is tot eer van God gemaak en vertoon sy grootheid, almag en onbeperkte wysheid (Psalm 19:1-5).

God se voorskrifte by die totstandkoming van die tabernakel was uiters presies maar ook prakties, omdat die middele daarvoor binne die volk se bereik was (Eksodus 26-31). Die ontwerp van die tempel het God aan Dawid geopenbaar (1 Kronieke 28:19). Die beste vakmanne, was betrokke by beide die strukture van die tabernakel en die tempel (Eksodus 31:1-6; 2 Kronieke 2:14). Tog is dit gemaak uit die beperkte, maar die beste middels wat die Israeliete in daardie tyd beskikbaar gehad het. (Eksodus 25:3-8; 1 Kronieke 29:7-8, 17). God maak hier van beperkte aardse middels gebruik om Homself en sy estetiese norme aan die mens bekend te stel (vergelyk ook die norm by 4.2.1).

Aan bevoorregte Bybelse figure het God die geleentheid gegee om sy glansryke heerlijkheid gedeeltelik te sien. Die glorie van hierdie openbaringe is só verruklik, dat woorde dit moeilik kan beskrywe. Die volgende onsamehangende sinsnedes is deel van Esegïël (1:26-28) se poging: “[Daar was] iets soos saffier met die vorm van ’n troon” en “[d]ie glans rondom was soos dié van die reënboog in ’n wolk na die reën”. Volgens Johannes, was God se voorkoms soos “opaal en karneool en was daar om die troon “ ’n reënboog met die glans van smarag” (Openbaring 4:3). Dit kom daarop neer dat die heerlijkheid en estetika van God op ’n vlak lê, wat die mens nie vir hom kan voorstel nie – wat die “oog nie gesien”, “die oor nie gehoor” en “in die hart van ’n mens nie opgekom het nie” (1 Korintiërs 2:9). Nogtans gebruik God menslike onbeholpe uitdrukkings om sy grootheid uit te druk.

By die keuring en samestelling van psalms as liedere sal dit daarom van die beste, estetiese standaarde waartoe die mens in staat is, moet wees, maar tog die praktiese omgewingsfaktore van die kultuur, tyd, taal en beskikbare middele in gedagte kan hou (sien ook die vereistes by die offerandes by 4.2.1, waar die minderbevoorregte Israeliete hulle offer kon aanpas by hulle vermoëns.) Hierdie faktore maak deel uit van die aanpasbare norme.

4.3 BYBELSE BEGRONDING VAN AANPASBARE NORME

Wanneer aanpasbare norme vir liturgiese liedere oorweeg word, is die Skrif weereens die uitgangspunt. Behalwe dat die Ou en Nuwe Testamente standhoudende norme vir die aanbidding van God stel, is dit duidelik dat God voortdurend genadig is en die menslike beperkinge akkommodeer. Aanpasbare norme ontwikkel daarom as aanpassings vanuit die standhoudende norme ter wille van sekere praktiese omstandighede. Aanduidings hiervan is reeds by 4.2.1, 4.2.2 en 4.2.3 waargeneem.

4.3.1 Kommunikasie as oorkoepelende begronding vir aanpasbare norme

Aangesien die psalms as liturgiese kommunikasie tussen God en die gemeente dien, begryp God in sy akkommoderende liefde watter bepaalde omstandighede die mens se begripsvermoë afbaken. God se genadige begrip lei daartoe dat praktykgebaseerde aanpasbare norme ter wille van funksionele aanbidding van toepassing gemaak word. Die volgende aanhaling onderskryf hoe God sy boodskap aan sy volk kommunikeer, terwyl dit by hulle praktiese situasie aanpas:

“Throughout the entire Old Testament, we find God communicating with his people ... (He never communicated) in a vacuum, it was always at a specific time to specific people with a specific message” (Wolvaardt, 1999:18).

Soos uit die aanhaling blyk, is daar sekere faktore, soos die tydvak, die spesifieke teikengroep en 'n spesifieke boodskapinhoud, wat suksesvol tuisgebring moet word. Die mens kan op sy beurt slegs vanuit sy spesifieke beperkthede met God kommunikeer: vanuit sy filosofiese denkwêreld, binne sy tydvak, met sy beperkte taalvermoëns, deur sy eiesoortige kultuur, vanuit sy problematiese of gunstige omstandighede en met sy geskiedkundige agtergrond as basis.

So kon God en Job slegs in gesprek tree met Job se beperkte filosofiese sienings as uitgangspunt. God begenadig die volk telkens binne die tydvak van hulle

volksbestaan en hulle loof Hom of kla by Hom vanuit hierdie raamwerk (sien Eksodus 14; 15:1-21; Ester 8-9; Psalm 137). God praat met sy volk in 'n verstaanbare idiomatiese taal en simboliek en die volk antwoord en loof Hom met hulle beskikbare woordeskat (1 Konings 18:27-39). God kommunikeer met mense binne hulle haglike omstandighede en hulle redeneer met Hom daaroor, verwyf Hom selfs (1 Konings 19:3-18; Jona 2; 4). God kommunikeer met mense op kulturele maniere wat hulle kan verstaan en hulle aanbid Hom vanuit hierdie agtergrond (Genesis 12:1-9; 28:10-22). God gee hoop vir die toekoms vanuit die hartseer geskiedenis van die volk se verlede en hulle reageer met oorweldigende emosie (Esra 3:10-13). In alle gevalle waar hierdie faktore ter sake was, het God dit aangewend om 'n besondere dimensie aan die Godsontmoeting te verleen.

In die Nuwe Testamentiese opset kom hierdie faktore ter sake: Jesus en Paulus kommunikeer op die vlak van die teikengroep se filosofiese begrip en lewensbeskouing (sien Johannes 3; Handeling 17:18-33). Jesus spreek die probleme van sy tydvak deur die bergrede aan en baan so die weg vir nuwe aanbiddingspatrone tydens die Nuwe Testamentiese era (sien onder andere Matteus 5:17-48; 6:5-14; 7:7-12). God kommunikeer deur verstaanbare taalidiomatiek en simboliek (sien onder andere Matteus 5:13-16; 6:16-34 en Handeling 2:3-11). Jesus identifiseer met mense in hulle omstandighede en hulle loof God daarvoor (sien onder andere Lukas 7:13-16 en 18:38-43). God kommunikeer met mense op die kulturele vlak waaruit hulle kom en hulle word in staat gestel om te reageer uit geloof (sien onder andere Lukas 7:2-10; Johannes 4:7-26; Handeling 10:3-29; 44-48). Petrus gebruik die profesieë en voorbeelde uit die Israelitiese geskiedenis as kommunikasiepunt vir die verkondiging van die evangelie aan die Jode, met gevolgryke resultate (Handeling 2:14-36).

Die doelwit van aanpasbare norme is wedersydse funksionele kommunikasie tussen God en die mens. In die erediens kom dit ter sake deur die gemeentelike liturgiese lied. Funksionele liturgiese liedere sal die gemeente in staat te stel om die liedinhoud begrypend toe te eien en dit dan as persoonlike gesprek met God

aan te wend, sodat vertikale kommunikasie moontlik gemaak word. Wanneer al die gemeentelede ingesluit word by die erediens-dialoog, word sosiaal-saambindende interaksie gestimuleer, wat horisontale kommunikasie of *koinonia*³⁴ moontlik maak (Strydom, 1994:289; Burger, 1999:231). Indien dit gebeur, verbreed die persoonlike voornaamwoord “ek” en word dit uitgebrei na “ons”. Hierdie samesmelting van die individuele en gesamentlik denke is juis een van die psalms se kenmerkende styleienskappe (sien ook 2.1.7).

Die psalms kan om verskillende redes as die ideale voorbeeld van liturgiese liedere beskou word, omdat dit aan God se eise vir aanbidding voldoen, maar ook vir die mens op verskillende maniere toeganklik is – sodat beide die standhoudende en aanpasbare norme gebalanseerd daarin geïllustreer word.

4.3.2 Die toepassing van norme by liturgiese psalms gedurende Bybelse tye

Israel se psalms het onlosmaaklik as deel van hulle Godsverering en aanbidding bestaan: “Jahwe, die Verbondsgod van Israel, was beide die inhoud én die gerigtheid van hulle sang.” (Strydom, 1994:9-10.) In Ou Testamentiese tye het God baie duidelik uiteengesit hoe Hy deur middel van die tabernakel- en tempeldienste en die liturgiese sang aanbid moet word. Hierdeur het God standhoudende norme bepaal (sien 4.2.1).

Met verloop van tyd het veranderende, belewenisse en historiese omstandighede aanleiding gegee tot toevoegings by die kultiese psalmsang (sien byvoorbeeld Psalm 106, waar daar vanuit die ballingskap-tydperk teruggekyk word na ’n opeenvolging van historiese gebeurtenisse). Psalmsang het voortdurend ontwikkel. Dit is duidelik dat daar veral na die traumatiese gebeure van die ballingskap nuwe psalms ontstaan het soos sommige Asaf-psalms (Psalms 74, 79, 80) en by ander psalms latere byvoegings gemaak is (sien die tweede perikoop van Psalm 102).

³⁴ *Koinonia* veronderstel ’n besondere soort sosialisering: ’n Christosentriese, gemeenskap-skeppende samehorigheid, begrip vir, asook ’n uitreiking na mekaar (Burger, 1999:231-232).

Psalmsang het ontstaan as integrale deel van hulle volkseie kultuur en het voortdurend die volk se belewenisse en nood uitgedruk – dit het saam met die volk se praktiese omstandighede ontwikkel sodat daar by God se standhoudende norme deernisvolle aanpasbare norme openbaar word, waardeur daar telkens nuwe motivering vir God se lof ontstaan (sien Psalm 107).

By die aanvang van die Nuwe Testament was 'n taamlik ontwikkelde sinagoge-liturgie reeds in plek. Psalmsang is tussen verskillende Skriflesings en gebede geplaas en is in 'n vorm van psalmodie voorgedra (Strydom, 1994:14). Paulus gee voorskrifte en ken bepaalde funksies aan die liturgiese gebruik van psalms toe in sy briewe (sien 1 Korintiërs 14:15,26; Efesiërs 5:19; Kolossense 3:16). Uit hierdie Skrifgedeeltes is dit duidelik dat Paulus die psalms as standhoudende norm vir lering en vir die sing van lofliedere stel en dat hy daaraan voorkeur gee. Volgens (1 Korintiërs 14:26-39) is die psalmsang die enigste bedieningspraktyk waarvoor hy nie voorskriftelik is nie - wat bo verdenking staan. Deurdat Jakobus na psalms as 'n spontane uiting van lof kan verwys, dui dit aan dat die psalms op daardie stadium as natuurlike uitvloeisel van die emosies kon dien, wat kenmerkend dui op die aanpasbaarheid daarvan vir die Godsvolk (Jakobus 5:13).

Hieruit kan afgelei word dat die psalms in Bybelse tye as voorbeeld van God se standhoudende norme gehandhaaf is. Verder het die voortdurende aanwending van psalms gedurende veranderde tye en in verspreide gemeentes die aanpasbaarheid daarvan illustreer en dit as die ideale norm vir liturgies-funksionele liedere bewys. Samevattend kan gestel word dat psalmsang in Bybelse tye kon floreer as deel van 'n lewende liturgiese sangpraktyk omdat beide die stelle norme ewewigtig van toepassing was.

Verdere historiese ontplooiing, veral gedurende die vierde eeu, veroorsaak weereens dat norme op verskillende maniere toegepas word en dat dit telkens die funksionaliteit van liturgiese liedere en psalms beïnvloed.

4.3.3 Die rol van norme in die voor-Middeleeuse kerk: Ambrosius en Augustinus

Ambrosius (339-397) word die “vader van die Westerse strofiese kerklied” genoem. Sy belangrikste bydrae was die invoer en aanwending van ’n Griekse, metriese lied (Barnard, 1981:221) wat verdeel is in strofes en waarvan elke strofe op dieselfde verspatroon en melodie gesing is. Hierdie “himnes” was eenvoudig genoeg dat dit vir gemeentesang aangewend kon word (Cillié, 1982:15; Fourie, 2000:125). Al was hierdie liedere nie psalmgebaseerd nie, het dit sekere elemente bevat wat daaraan ’n besondere momentum gegee het: Die struktuur was geskik vir gemeentelike sang. ’n Gelykmatige metrum het daaraan voortstuwing gegee. Melodieë was volksgerig en dit het strofies herhaal. Antifoniese beurtsang tussen twee dele van die gemeente wat mekaar strofegewys afgewissel het, was kenmerkend. Die teksinhoud van die Ambrosiaanse himnes was in die eerste instansie Godverheerlikend, maar het dikwels natuurgebeure of die oordra van heilsfeite as invalshoek gebruik – dit was ook praktykgerig. Stilisties was die himnes volksgeoriënteerd en het dit entoesiastiese deelname tot gevolg gehad. Dit het ’n bruikbare konstruksie vir liturgiese gemeenteliedere daargestel, wat as voorbeeld vir latere psalmsang kon dien. Dit was egter ook diep ontroerend, soos Augustinus daarvan getuig het (Strydom, 1994:35-36; Fourie, 2000:127-128).

By die Ambrosiaanse himnes bestaan ’n ideale balans tussen standhoudende en aanpasbare norme omdat dit aan die vereistes vir die verheerliking van God beantwoord, maar ook die gemeente binne die praktiese situasie van die tyd bereik het. Hierdeur kon die gemeente totaal betrek word om God se lof van harte te sing.

Augustinus (354-430) het sterk standpunte ten opsigte van liturgiese sang gehandhaaf. Hy evalueer ’n lofsang as ’n dubbele gebed, en waarsku dat dit voortdurend met totale oorgawe moet plaasvind (Van der Walt, 1962:28). Die liturgiese lied moet ingesluit word by die aanbiddingsgebeure en bydra tot die lof van God – dit moet met God se lofwaardigheid ooreenstem (Castle, 1994:21).

Hierdeur meet hy die liturgiese lied aan die standhoudende norme wat pas by die Godsaanbidding.

Augustinus sluit by die Platoniese etosleer aan deur te wys op die positiewe of negatiewe invloed van sang op die gemoed van die mens. Hy waarsku teen die gevare van sintuiglike genot en vermaan dat dit 'n potensiële struikelblok kan wees om geestelike waarde te versluier. Die sintuiglike mag net tot bevordering van die begrip van die teksinhoud aangewend word. Daarom moet die melodie aanpas by die woordinhoud – nie opdring nie, maar slegs die inhoud van die lied onderskryf (Strydom, 1994:36). Die dualisme tussen Goddelike norme en vleeslike werklikheid waarbinne die mens leef, kom in Augustinus se waarnemings en standpunte voor. Sy siening oor liturgiese liedere verteenwoordig die standhoudende norme, terwyl aan aanpasbare norme beperkte ruimte gegun is.

Gedurende die tyd van Ambrosius en Augustinus is erkenning aan die Christelike godsdiens verleen en dit is later as staatsgodsdiens aanvaar, wat drastiese nuwe wendinge tot gevolg sou hê.

4.3.4 Die gevolge van eensydig toegepaste norme by die Middeleeuse kerk

Gedurende die 4de eeu is die Christelike kerk tot staatskerk verklaar sodat die staat en kerk saamsmelt om 'n kultuur-Christendom³⁵, die *corpus Christianum*, te vorm. Hierdeur het die Roomse geloof nie alleen deur die kerk nie maar ook deur die staat 'n leidende rol in die Westerse geskiedenis begin speel (Barnard, 1981:179). Pous Gregorius I (590-604) het die leiding geneem om 'n liturgiese sisteem te ontwikkel wat dwarsdeur die Middeleeue gehandhaaf is (Strydom, 1994:38).

³⁵ 'n Algemene term wat met 'n staatskerk verband hou, sodat die staat Christelike norme afdwing, maar die kerk ook by die staat aanpas en wat lei tot 'n verwaterde tradisie-godsdiens (Barnard, 1981:179). Die tydperk tussen die 4de en 20ste eeue word as sodanig getipeer.

Tipies van die Gregoriaanse psalmodie is eenstemmigheid, antieke modi, 'n eteriese kwaliteit, ongeleide voordrag en Latyn as liturgiese taal. Antifonale en responsoriese sang is toegepas. Omdat hierdie psalmsang uitgevoer is deur geoefende sangers, soliste en die koor, is die gemeentesang verdring. Slegs by uitsondering het die volk 'n himne gesing (Fourie, 2000:134). Die fokus het geval op die eenvormigheid van kerkliedere, gekompliseerde versierde priestersang en die hoogstaande gehalte van uitvoering. Min aandag is gegee aan die welsyn van die gemeente, sodat die kerklied sy fundamentele funksie verloor het (Roux, 1985:37-38). Mettertyd het meerstemmigheid ontwikkel en dit is later tot sulke ingewikkelde uiterstes gevoer dat liturgiese tekste meestal onherkenbaar verbloem is (Fourie, 2000:140).

Gedurende die Middeleeue het die gemeentelike liturgiese lied die laagste punt ooit bereik, omdat die gemeentes uitgeskakel is ten opsigte van begrip en deelname. Van die standhoudende norme is slegs dié van kwaliteit en van die estetiese vereistes ter sake. Dit kan egter bevraagteken word of die aanbiddingsdoelwit die eer van God of die uitmuntende musikale uitvoering was. Geen aanpasbare norme kon 'n rol speel nie, omdat die begripsvermoë, die bevatlikheid en die deelname van die gemeente nie in ag geneem is nie. Die veelvoudige standhoudende norm van gesindheid wat in die Skrif uit verskillende hoeke belig word, het hierdeur feitlik onmoontlik geword (sien 4.2.2).

Hierdie ondraaglike aanbiddingspraktyke het egter gedien as dryfveer vir die ontwaking en toepassing van gebalanseerde norme by liturgiese sang soos dit deur die Hervorming nuut funksioneel en gemeentelik herstel is.

4.3.5 Luther se toepassing van norme by liturgiese sang

Luther het hom lank besig gehou met prinsipiële standpunte oor die keuring van liturgiese liedere. Hoewel hy aan psalms 'n belangrike plek toegestaan het, was sy benadering eerder insluitend as uitsluitend. Hy het ruimte gelaat vir die insluiting

van alles wat nie in die Skrif verbied word nie – alles wat tot eer van God en tot heil van die mense aangewend kon word, was toelaatbaar (Fourie, 2000:165). Die basiese begrippe van kwaliteit in samehang met die bevatlikheid van gewone lidmate geld ten opsigte van teks en melodie. Melodieë van die Duitse korale was onder andere dié waarmee gelowiges in die alledaagse lewe bekend was (Fourie, 2000:472).

Kommunikasie van die teksinhoud en melodie het by Luther 'n belangrike rol gespeel en daarom het hy seker gemaak dat verstaanbare taal gebruik word en dat melodieë wat by die volksliedaard sou aansluit, aangewend word. Gemeentelike deelname was vir hom belangrik en gevolglik is aan die gemeente aktiewe deelname in die liturgie toegeken. Hy het sang gesien as 'n "natuurlike verhouding tussen menswees en musiek", wat vir hom die wese gevorm het van volksmusiek en die kerklied (Strydom, 1994:55-57). Gemeentesang moes 'n vierledige funksie vervul: dit moes die lof van God verkondig, Christene lei tot geestelike volwassenheid, die evangelie verkondig en dien tot opvoeding van die jeug (Strydom, 1994:61).

Luther het verskillende bronne gebruik vir die tekste van Duitse korale, waarvan geparafraseerde gedigte van Bybelse psalms en ander Skrifgedeeltes 'n belangrike deel uitgemaak het. Melodieë vir die korale kom uit bestaande voor-reformatoriese liturgiese bronne, volksliedere en uit nuutgekomponeerde liedere in 'n bekende styl. Dit was 'n algemene praktyk dat komponiste gedurende die 16e eeu nuwe melodieë geskep het deur die samevoeging van bekende melodiese motiewe (Strydom, 1994:61-63). Daarom was die meeste koraalmelodieë reeds gedeeltelik bekend.

Uit die bostaande is dit duidelik dat Luther se benadering standhoudende asook aanpasbare norme gebalanseerd verteenwoordig het en dat die heilsame gevolge daarvan liedere laat ontstaan het, wat vandag nog vrugbaar en wêreldwyd aangewend word.

4.3.6 Calvin se toepassing van norme by psalms as liturgiese liedere

Calvyn was sterk onder die invloed van Augustinus en dit vind onder andere weerklank in die voorskrifte vir liturgiese liedere wat tydens die Hervorming deur Calvyn uiteengesit is. Calvyn het vaste voorskrifte en hoë standaarde vir die liturgiese lied neergepen (Castle, 1994:48). Duidelike prinsipiële oortuigings word in sy bekende *Epistre au lecteur* as deel van die voorwoord tot die 1542 Psalter, *La forme des prières*, uiteengesit (Strydom, 1994:71).

Hy onderskei twee vorms van gebed: dié deur woorde alleen, of dié wat gesing word. Liturgiese sang as gebede het dan een van die hoekstene van die erediens geword. Omdat musiek die hart in een of ander rigting kan beïnvloed, wou hy dit ter intensivering van die gebed aanwend. Om hierdie rede mag dit nie ligsinnig en oppervlakkig wees nie, maar moet dit gewig en majesteit (*poids et majesté*) hê (Van der Walt, 1962:30). Sang is deur God geskep as 'n orgaan van lof; die mens moet hom dus in God verbly en nie in ydelheid sy vreugde soek nie, en om dié rede moet musiek gematig word (Wilson-Dickson, 1992:65). Die waarde van liturgiese musiek met die teks as uitgangspunt is deur Calvyn besef sodat die melodie van 'n lied as konsentrator van die teks moes dien “om die hart in die regte rigting te buig”. Die liturgiese lied dien as 'n tregter om “die woorde in die hart in te lei”. Calvyn het beslis dat die ritme van psalms gemodereer moet word tot hoofsaaklik twee soorte nootwaardes om beter aan bogenoemde vereistes te voldoen. Ter wille van woordbegrip en woordhelderheid, word melismas, asook polifone musiek vermy en die melodie in die sopraan geplaas (Van der Walt, 1962:30-31).

Anders as Luther het Calvyn gereageer op die omringende musiekkultuur deur hom te distansieer van die vermaaklikheidsmusiek van sy tyd. Hy openbaar 'n tipe van dualisme ten opsigte van die skeiding wat hy tussen sekulêre en geestelike musiek maak – tussen ontspanningsmusiek en die liturgiese lied (die psalms) wat in die kerk gesing word “in die teenwoordigheid van God en sy engele” (Van der

Walt, 1962:30; Strydom, 1994:82). Tog kon hy nie die sekulêr-kulturele invloed vryspring nie. Daar bestaan opvallende ooreenkomste tussen die aanvangsreëls van sommige Geneefse melodieë en sekere sestiende-eeuse, Frans-sekulêre *chansons* (Van der Walt, 1962:44). Verder het die gewildheid van Geneefse psalms veroorsaak dat hulle onder andere op straat, in die huise en in die Franse hof gesing is en selfs spottenderwys "*Genevan jigs*" genoem is (Strydom, 1994:81).

Calvyn fokus hoofsaaklik op die standhoudende norme van God-verheerliking deur die handhawing van kwaliteit by teks en melodie, die beklemtoning van die gesindheid by die sing van die psalms, die toepassing van estetiese norme en die uitsluitlike benutting van psalms as liturgiese liedere. By die toepassing van aanpasbare norme was daar egter 'n mate van beperktheid: die afskaling van die Chanson-styl na hoofsaaklik twee soorte nootwaardes by melodieë, die toepassing van 'n versoberende melodiestyl wat die stempel van gewigtigheid en majesteit moes dra en die prinsipiële uitskakeling van sekulêre musikale invloede. Hoewel die geesdrif en tempo waarmee die Geneefse psalms gesing is³⁶, die lied by die Franse gereformeerde gemeentes van sy tyd kon tuisbring, was daar tog 'n sekere beperkte funksionaliteit wat veroorsaak het dat dit gestol het in die sestiende-eeuse styl en verhoed het dat dit verder vrugbaar kon uitkring.

4.3.7 Normatiewe toepassing by psalmsang in Nederland

Calvyn se leerstellinge het grootliks by die Nederlanders ingang gevind en heelwat Calvinistiese gemeentes het gedurende die 16de eeu in Nederland ontstaan. Nederlandse predikante is in Genève opgelei sodat die Calvinistiese leer "vurige" aanhang geniet het (Fourie, 2000: 219-222). Ook Calvyn se norme vir die kerklied is verabsoluteer en slaafs nagevolg. Petrus Dathenus het die volledige Frans-

³⁶Calvyn het dit as doelwit gestel dat die gemeentelike psalmsang hartlik sou wees – dit het later in Nederland en Suid-Afrika as 'n onemosionele pligpleging verword.

Geneefse Psalmboek in 1566 in Nederlands vertaal³⁷, waar hy konsekwent die Geneefse melodieë van 1562 as uitgangspunt gebruik het.

Baie swakhede het hierdie bundel gekenmerk. Die Nederlands, saam met die Frans-gekonsipieerde melodieë, het swak woord-toon-verhoudings tot gevolg gehad, sodat die woorde moeilik saam met die musiek kon vloei. Die versreëls het bloot dieselfde aantal lettergrepe as die Franse reëls gehad en is onder andere as “die grootste ramp in die geskiedenis van die Nederlandse kerk” beskryf (Cillié, 1983:30). Dit is deur verskillende skrywers as onbeholpe, van swak letterkundige standaard en as ’n haastige en slordig gemaakte bundel beskryf (Fourie, 2000:224-225).

Die Nederlanders het van die standpunt uitgegaan dat om navolgers van Calvyn te wees, slegs die Geneefse vorm van psalmsang vir die sing van psalms aangewend kon word. Voor 1600 was daar egter slegs ’n klein aantal van hierdie psalms en hul melodieë in Nederland gewild en bekend. Vanaf die 17de eeu is daar al meer besware teen die moeilikheidsgraad van die melodieë geopper: daar is geskryf dat dit moeisaam aangeleer word, “onsingbaar” is en dat die psalms vir die “meeste gemeentede nooit ontsluit word nie”. Teen die tweede helfte van die 17de eeu (met die volksplanting in Suid-Afrika) word daar toenemend pleitredes gelewer vir die vervanging van die Geneefse melodieë (Luth, 1988:40).

Die wyse waarop Calvinisties-gereformeerde beginsels in Nederland toegepas is, het sommige van die fundamentele gereformeerde beginsels ondergeskik gestel: dié van die prioriteit van die Woord, woordhelderheid, dat die melodie ondergeskik aan die teks moet wees en dat die sang tot eer van God moet plaasvind. Omdat die Geneefse melodieë gehandhaaf moes word, moes die woorde daarby inskakel; sodat die melodie belangriker as die teks geag is en dit nie die woordbetekenis kon aanvul nie. Daar is verkeerdelik aanvaar dat die teks en melodieë wat in Frankryk

³⁷Kwaliteit psalmomdigtings maak gewoonlik van die outentieke Hebreeuse teks gebruik by die dig van liedtekste.

sukksesvol aangewend is, bloot deur vertaling op die Nederlandse gemeentes van toepassing gemaak kon word. By die teks asook by die saamvloei van woorde en melodie is die standhoudende norme van kwaliteit en estetiese buite rekening gelaat. Sekere aanpasbare norme – dié van die eiesoortige eienskappe van die taal en die idiomatiese musiekkultuur, is buite rekening gelaat. Gevolglik kon aan een van die belangrikste standhoudende norme nie voldoen word nie, naamlik die gesindheid van die gemeente. Hierdeur kon gemeentes moeilik bedoel wat hulle sing; hulle kon nie die dieper betekenis van die liturgiese lied beleef nie (Luth, 1989:22). Hulle repertorium het verskraal tot 'n beperkte aantal psalms (Luth, 1988:40), sodat die ideaal van 'n gebalanseerde heilsuiteensetting deur die gesamentlike liedkorpus nie kon realiseer nie.

Deur die ongebalanseerde toepassing van norme in Nederland het die psalmsang sommige essensiële eienskappe verloor. Hierdeur kon dit moeilik die basiese funksie van kommunikasie tussen God en die gemeente tydens eredienste vervul. Hierdie Nederlandse problemsituasie is na Suid-Afrika oorgedra, soos in die volgende hoofstuk bespreek sal word.

Vervolgens sal aangetoon word hoe die psalms juis ten opsigte van die toepassing van norme as ideale liturgiese bundel beskou kan word.

4.4 DIE BYBELBOEK PSALMS

Die psalms as kan as voorbeeld vir liturgiese bundels geld, omdat dit aan al die vereistes vir liturgiese liedere beantwoord het. Dit sou egter nooit kon inslag vind en deel van die volk se tradisie kon word indien dit nie oortuigend voorgedra is nie. Omdat dit oortuig het, kon funksionele kommunikasie bewerkstellig word – nie alleen deur kwaliteit van musikale uitvoering nie, maar ook omdat dit heelhartig en met inlewing plaasgevind het (sien 2.1.5).

4.4.1 Norme toegepas by die uitvoering van Bybelse psalmsang

Die norm van kwaliteit by die skep en uitvoering van psalms is in só 'n mate gehandhaaf dat hierdie norm deel van die psalmsangtradisie van Oud-Israel geword het. Deeglike organisasie by die liturgiese psalmsang is deur Dawid in plek geplaas, wat doelmatige musiekinstrumente, die opleiding van musici, goeie leierskap, organisasie en dissipline behels het.

Die kwaliteit opleiding van musici het behels dat manne uit die Leviete gekeur en onderrig is om as liturgiese musici diens te doen, aanvanklik in die tabernakel en later in die tempel (1 Kronieke 25:7). Vierduisend sangers en instrumentaliste het verantwoordelikheid vir die lofprysing van God aanvaar sodat hulle professionele musici was (1 Kronieke 23:5, 16:4-6; 16:41-42). Intensiewe maatreëls het gelei tot die esteties-musikale uitvoering van psalmsang (1 Kronieke 9:33; 2 Kronieke 5:13; 30:22; 34:12) (sien ook 2.1.5). Hierdie norme was ook vir God esteties aanvaarbaar, want Hy seën en bekroon dit met sy teenwoordigheid (2 Kronieke 12:13b-14; 2 Kronieke 30:21, 27).

Psalmsang was sinoniem met die lof van God (1 Kronieke 16:4, 41) en die motivering vir die moeite wat daarmee gedoen is, was sodat die lof van God ten beste gedien kon word. Volgens 1 Kronieke (16:37, 41; 23:30) is daar voltydse lofliedere aangehef. Die Leviete het die gesindheid van toewyding by die uitvoering van hulle pligte gehandhaaf en het die lof van God oortuigend en met bekwaamheid behartig (2 Kronieke 29:30; 30:22a).

Deeglike organisasie deur Dawid het presiese opdragte en verantwoordelikhede aan die Leviete toegeken om die psalmsang tot eer van God te behartig (1 Kronieke 6:31-33; 2 Kronieke 23:18). Sang- of koorleiers is aangestel om opleiding en koorleiding waar te neem (1 Kronieke 16:5, 42). Daar was 'n bepaalde estetiese orde waarin die optog na die tempel beweeg het (Psalm 68:25-27). Sangers en instrumentaliste het bepaalde plekke gehad waar hulle gestaan het (1 Kronieke

6:39, 44; 2 Kronieke 7:6; 29:25a) en hulle was eenvormig in linneklere geklee (2 Kronieke 5:12). Levitiese sangers en instrumentaliste is ingedeel om volgens hulle familie-groepe diens te doen (1 Kronieke 25:2), wat kontinuïteit tot gevolg gehad het in die vorm van die oordrag van verantwoordelikheid na die nageslag (1 Kronieke 9:33-34; 2 Kronieke 29:13-14) (sien ook 2.1.5). Dawid het as soldaat die waarde van deeglike dissipline geken, maar hy was ook 'n toonkunstenaar en was toegerus met kennis en ervaring vir hierdie taak.

Die musiekinstrumente wat gebruik is by psalmsang, was ontwerp volgens “ 'n opdrag wat van die Here self gekom het” (2 Kronieke 29:25). Hulle is geskep vir die lof van God (1 Kronieke 23:5; 2 Kronieke 7:6) en is oordeelkundig gebruik, sodat estetiese variasie van volume en toonkleur die gewenste vertolking by verskillende liedere kon skep (2 Kronieke 5:16) (sien ook 2.1.4). Hierdie musiekinstrumente was eie aan die Israelitiese volks- en kultuskultuur (1 Samuel 10:5) en dié van hulle omringende buurvolke³⁸ (Grollenberg, 1719 vert. 1958:72, 100; Gardner, 1959: 74, 78, 132). Dit blyk dat God gebruik maak van die faktore uit die beskikbare sosio-kulturele omstandighede en dit heilig vir sy diens. God gebruik egter vir Dawid as toegewyde leier om hierdie taak binne die volkskultus aan te pak en dit tradisioneel tuis te bring.

Samevattend by hierdie afdeling kan gestel word dat al die standhoudende norme by die uitvoering van liturgiese psalmsang nagekom is: die kwaliteit van die lied as aanbiddingsoffer, die gesindheid waarmee hierdie offers gebring is en die handhawing van God se estetiese waardes. Terselfdertyd het die norme van aanpasbaarheid spontaan ter sake gekom omdat die psalmtekste, melodieë en die instrumente waarmee dit begelei is uit die beskikbare omgewingskultuur gespruit het en die psalms as natuurlike kommunikasiemiddel by die samekomste aangewend kon word.

³⁸ Die Kanaäniete, Egiptenaars en Babiloniërs het teen 2000 v.C. harpe, liere, fluite en trompette gebruik. Aangesien die Kanaäniete hoogs ontwikkelde instrumente gemaak het, kon Israel by hulle leer.

Die handhawing van 'n balans tussen standhoudende en aanpasbare norme by die uitvoering van psalms, lei tot 'n instelling wat deel word van die volkskultus in Israel, maar wat ook as 'n voorbeeld kan dien vir alle psalmsingende denominasies deur die eeue. Deur die praktiese uitvoering daarvan kon die toepassing van die bogenoemde norme realiseer, maar ook omdat die psalms as liturgiese liedere op verskillende wyses funksioneel aangewend kan word.

4.4.2 Die Bybelse Psalms as norm vir die liturgiese lied

Psalms is die hoof lieder- en lofbundel in die Bybel. Aangesien dit deel van die kanonieke boeke³⁹ van die Bybel uitmaak, kan dit as aanvaarbaar vir God beskou word. Van al die Bybelboeke, is Psalms dié boek wat die mees diepgaande invloed op die Christelike liturgie deur al die eeue uitgeoefen het (Vos, 2005:19). Die psalms is die versinnebeelding van standhoudende norme sowel as van aanpasbare norme; dit het uit die Oud-Israelitiese kultuurtradisies ontspruit, kon op die Nuwe Testamentiese bedeling van toepassing gemaak word en het deur die eeue tot opeenvolgende kultuur-generasies gespreek. Daardeur word die voortreflike voorbeeld van aanpasbare norme wat die psalms stel, bevestig.

Terwyl die psalms reeds in die Ou Testament vir liturgiese funksies gebruik is en hulle die toets van die eeue deurstaan het, kan dit as die beste voorbeelde van liturgiese liedere beskou word (Vos, 2005:19). Psalmsang is onder aanvoering van Dawid, as 'n onvervangbare aanbiddingsmedium, binne die Israelitiese volkskultus ingestel. Dit stel sekere norme ten opsigte van teks sowel as musiek.

Die standhoudende norm van kwaliteit by die psalms – dat dit vir God aanvaarbaar is – word uit verskillende oogpunte bevestig. God is self die Bron van inspirasie by die totstandkoming van die psalms; dit is waarskynlik waarom hulle reeds in die sinagogedienste as die Woord van God aangewend is. Goddelike inspirasie word ook veronderstel as Dawid (2 Samuel 23:1-2), Asaf, Heman en Jedutun (1

³⁹ Bybelboeke beskou as geskryf onder onmiddellike ingewing van die Heilige Gees.

Kronieke 25:1) het as profete opgetree terwyl hulle die psalms gesing het. Deur die inspirasie van God ontstaan die psalms as 'n unieke digbundel wat standhoudende norme handhaaf omdat dit uitmunt ten opsigte van teksinhoud en poësie, maar ook ten opsigte van die aanpasbaarheid daarvan, aangesien dit as voorbeeld van opregte kommunikasie tussen God en die mens kan dien (sien 2.1.6).

Die norm van die gesindheid in die aanbidding van God word as standhoudende sowel as aanpasbare norme prakties deur die psalms geïllustreer. Die gesindheid van lof aan God vorm die sentrale fokuspunt van die psalms en daar is groepe psalms wat uitsluitlik lof as tema handhaaf, soos Psalms 146-150. Die feit dat psalms vanuit verskillende invalshoeke van menslike waarneming aan God lof bring, bevestig egter die aanpasbare norme: God word geloof deur vertrouensliedere (soos Psalms 23 en 61), dankliedere (soos Psalms 30 en 100), liedere wat God se reddingsdade en hantering van die mens bewonder (soos Psalms 18, 89 en 139), liedere wat die skepping bewonder (soos Psalms 8, 19 en 29) en oorwinningsliedere (soos Psalms 21 en 118). Die volk Israel gebruik psalms om lof aan God te bring vanuit hulle filosofiese wêreldbeskouing (soos Psalms 90, 127 en 128), hulle tydvak (soos Psalms 60 en 79), hulle gebruikstaal⁴⁰ (sien 2.1.6), hulle kultuur en leefwyse (soos Psalms 72, 114 en 122), hulle goeie en slegte omstandighede (soos Psalms 9 en 13) en ook deur God se groot daad uit die geskiedenis te onthou (soos Psalms 105, 106 en 136).

Gesindhede wat verder uit die psalms spreek, is liefde en toewyding aan God (Psalms 16 en 84), verootmoediging (Psalms 32 en 51), gehoorsaamheid (Psalms 25 en 26), en offervaardigheid (Psalms 27:6 en 66:13-20). Volgens Bekker (1999:237) staan God as Verbondsgod sentraal in die volk se lewens – Hy vorm hulle vertrekpunt en die Bron van vertroue. Op Hom is hulle hoop, diens, moraliteit en aanbidding gebou. Die psalms ontspring uit die behoefte om God te eer vir Wie

⁴⁰ Die taal van die Psalms was tipierend van 'n taalgebruik wat naby aan die gewone spreektaal was.

Hy is, sy roem te besing vir sy historiese reddingsdade, maar om Hom ook te vertrou in die hede en die toekoms.

God se standhoudende estetiese norme word deur die psalms uitgebeeld deur die besondere beplanning en samehang daarvan. Wat die interne konstruksie betref, vorm die Bybelse Psalms 'n eenheid met vyf hoofafdelings:

- I. Psalms 1-41,
- II. Psalms 42-72,
- III. Psalms 73-89,
- IV. Psalms 90-106 en
- V. Psalms 107-150.

Ook groeperinge binne hierdie afdelings het 'n interne samehang. Die wye verskeidenheid onderwerpe wat gedek word, is nie toevallig nie; dit is duidelik dat die totale samestelling van die psalms die resultaat van deeglike beplanning is (Vos, 2005:23,26). Verder voldoen die poësie van die psalmbundel aan die norm van estetiese kwaliteit.

Uitstaande kwalitatiewe kenmerke van die psalms is die ordening, die argitektuur⁴¹, tekstuur⁴², beeldspraak en fonologie. Sommige psalms, soos Psalm 119, wat 'n akrostiese⁴³ gedig is, verteenwoordig van die beste voorbeelde uit die manuskripte van die betrokke ontstaansperiode. Poëtiese tegnieke behels metafore, kontras en fonologiese verwantskappe soos alliterasie, assonansie, rym en ritme. 'n Opvallende, poëtiese strategie is parallelisme, waar die twee reëls van 'n koeplet 'n tipe van herhaling, kontras of komplement vorm. Verdere

⁴¹ Die argitektuur van 'n psalm dui op die karakteristieke struktuur of vorm daarvan (sien ook Vos, 2005:21; 30).

⁴² Tekstuur is die algemene term vir die tipe taalgebruik wat die teks aanmekeerweef (Vos, 2005:21).

⁴³ Akrostiese poësie is ingedeel volgens die letters van die alfabet en elke letter belig die hoofonderwerp vanaf 'n ander hoek. Die digter wend dit aan om te oortuig dat dié onderwerp volledig ondersoek is. Hoewel dit die digter bind, bied dit ruimte om poëtiese vermoëns ten toon te stel (Vos, 2005:35).

kenmerkende strategieë wat onder andere in die psalms voorkom, is *inclusio*⁴⁴, personifikasie, vergelykings, hiperbole en herhalings (Vos, 2005:29-36).

Die funksionele waarde van die psalms beklemtoon aanpasbaarheid (4.1). Voorbeelde van die aanwending van psalmsang word in die Ou Testamentiese tabernakel- en veral die tempeldiens geïllustreer (1 Kronieke 16:39, 41; 23:4, 5, 30). Psalms is gesing by die kultiese seremonies, soos daaglikse offerandes (1 Kronieke 16:39-41) en by godsdienstige volksfeeste soos die Paasfees (2 Kronieke 30:21; 35:6, 15) en die Loofhuttefees (2 Kronieke 7:6, 9). Ook die toepassing daarvan in die Nuwe Testamentiese bedeling bevestig die waarde van die psalms. Die prominensie wat Jesus (sien onder andere Matteus 4:4,6 en 13:35), Paulus (Efesiërs 5:19) en later Luther (Westermeyer, 1998:35) en Calvyn (Strydom, 1994:67) aan die psalms verleen, bevestig die voortgaande bruikbaarheid daarvan in die Christelike geloofserfenis.

Die psalms se aanpasbaarheid maak dit geskik om van die mees diepgaande menslike emosies tot uitdrukking te bring: ekstatische lof (Psalm 148), smeking (Psalm 142), worsteling (Psalm 22), verwyte (Psalms 42, 43), klagtes (Psalm 13), verlange na God (Psalms 63, 84) en verskeie gebedsversugtinge (Psalms 38, 71, 139) (sien ook Vos, 2005:29). Hulp en raad op verskillende maniere en vir 'n verskeidenheid omstandighede maak dit toepaslik om met verskillende teikengroepe te kommunikeer: die Tora-psalms soos Psalms 1, 19 en 119 bied riglyne vir die lewe, essensiële lewenswaarhede is vervat in die vertrouenspsalms soos Psalms 23, 46 en 91 sowel as in die wysheidpsalms soos Psalms 73, 112 en 133. 'n Besondere groep psalms, die pelgrimsliedere, Psalms 120-134, bevat riglyne vir die Godsvolk op hulle geestelike pad te midde van die sosiale uitdagings van hulle tyd. Deurdat die psalms aan aanpasbare norme kon voldoen, kon dit die Godsvolk deur al die bogenoemde situasies in hulle praktiese omstandighede bystaan en van raad bedien.

⁴⁴ 'n *Inclusio* word gevorm wanneer dieselfde gedagte aan die begin en einde van 'n gedig voorkom.

Deur die postuur⁴⁵ van die psalms word dit moontlik dat die inhoud van die psalms in die werklike lewe gestalte kan kry – dat dit die mens se ervaringswêreld aktueel kan betree (Vos, 2005:21,37). Die postuur van elke psalminhoud behoort daarom duidelik in eietydse idioom oorgedra te word by die omdigting sowel as deur die musikale inkleding daarvan.

Uit die voorbeeld wat die psalms as riglyne vir liturgiese liedere stel, blyk daar verskillende standhoudende en aanpasbare norme wat vandag as riglyne vir liturgiese psalmsang behoort te geld. Die psalms handhaaf 'n balans tussen norme wat uitmunt in kwaliteit, gesindheid, estetiese waardes en norme wat gelyktydig funksionele toeganklikheid fasiliteer, omdat dit kan aanpas by al die fasette van menswees, terwyl dit ook tydloos aanpasbaar is. Die Bybelse Psalms beantwoord aan al die gestelde norme en kan gevolglik as ideale liturgiese liedere beskou word omdat al die bogenoemde vereistes in die praktyk toegepas word.

4.5 SAMEVATTEND

Samevattend uit hierdie hoofstuk het geblyk hoe psalms as liturgiese liedere deur beide standhoudende en aanpasbare norme beïnvloed is. Die vasstelling van norme uit die Bybel is deur praktiese voorbeelde uiteengesit (4.2) en (4.3). Hierdie norme kan deurgetrek word na die wyses waarop die reformatore dit hanteer het: die gevolge wat daaruit voortgevloei het, het bewys dat 'n ewewigtige benadering langdurige en vrugbare resultate lewer.

Die uitvoering van die psalms in Oud-Israel illustreer beide stelle norme, naamlik dat dit standhoudend is by die toepassing van Goddelike estetika by die beplanning, organisasie en die uitvoering daarvan, maar dat dit ook aanpasbaar is deur die gebruikmaking van tegnies-beperkte musiekinstrumente en volksidiomatiese taal en melodieë. Beide tipes norme word deur die teks van die

⁴⁵ Onder postuur van die psalms word die praktiese toepasbaarheid daarvan in die werklike, eietydse lewe verstaan (Vos, 2005:304, 306, 330).

Bybelse psalms as voorbeeld voorgehou: Standhoudende norme kom tot uiting deur die samestelling en uitmuntende poëtiese vakmanskap, terwyl aanpasbare norme deur middel van die aanslag en invalshoek toegepas word om met die mens binne sy beperkte vermoëns te kan kommunikeer.

Die gelyktydige en gebalanseerde toepassing van norme het deur al die tydperke 'n beslissende rol gespeel. Wanneer enige van die standhoudende of die aanpasbare norme geïgnoreer is, het die standaard of die kommunikatiewe waarde van die psalms gedaal.

Twee basiese stelle norme behoort daarom by die liturgiese psalms van toepassing te wees: standhoudende sowel as aanpasbare norme. Standhoudende norme is gefokus op God, as die ewig onveranderlike en die ewige standaard van Godsaanbidding; terwyl aanpasbare norme God se genadige aktualisering van sy standaard binne die praktiese omstandighede van die mens behels. Sekere faktore wat aanpassings nodig gemaak het in Bybelse tye en gedurende die eeue wat daarop gevolg het, geld egter ook vandag in Suid-Afrika vir die psalmsang in die NG Kerk. Dit word in Hoofstuk 5 uiteengesit, waar ondersoek ingestel word na hoe liturgiese psalmsang in Suid-Afrika beïnvloed is deur die aanwending van norme en deur 'n studie te maak van die faktore wat as aanpasbare norme behoort te geld.

HOOFTUK 5

DIE ONTPLOOIING EN TOEPASSING VAN NORME BY SUID-AFRIKAANSE PSALMSANG

HOOFSTUK 5

DIE ONTPLOOIING EN TOEPASSING VAN NORME BY SUID-AFRIKAANSE PSALMSANG

Deur die eeue, vanaf Bybelse tye tot by eietydse psalmsang in Suid-Afrika, is standhoudende norme te alle tye toegepas. Dit het 'n onderliggende, maar beslissende rol tydens beduidende ontwikkelingsfases van psalmsang in die Christelike kerk gespeel. Die toepassing van aanpasbare norme het egter gevarieer en in Suid-Afrika die storielyn van psalmsang grootliks positief of negatief laat swaai. In tye toe slegs standhoudende norme toegepas is, het die gemeentelike sang aan meelewing en deelname ingeboet; tye waar beide tipes norme gebalanseerd toegepas is, is gekenmerk deur sinvolle gemeentelike deelname en groei.

5.1 DIE INVLOED VAN TOEGEPASTE NORME OP SUID-AFRIKAANSE PSALMSANG

5.1.1 Die invloed van die Nederlandse tradisie

Die psalmberymings van Dathenus op die Geneefse melodieë is vanaf 1652-1775⁴⁶ deur Suid-Afrikaanse kerke gesing. Die swak berymde Nederlandse psalms wat isometries, slepend en onbesield gesing is, ter wille van die handhawing van die Geneefs-Franse tradisie, is na Suid-Afrika oorgedra (sien 4.3.6). Die ideologiese oorweging hiervoor was die persepsie dat dit "gereformeerde"-Calvinisties is om psalms so na as moontlik aan die Franse voorbeeld te sing – ongeag die resultate. Hieruit het die liturgiese psalmpraktyk van die Afrikaanssprekende, gereformeerde kerke gegroei en is dieselfde norme wat in Nederland gegeld het, in Suid-Afrika toegepas.

⁴⁶ Die *Nuwe Psalmberyming* of die *Stateberyming* is in 1773 voltooi en in 1775 in Suid-Afrika in gebruik geneem.

5.1.2 Die gevolge van tradisionele norme in Suid-Afrika

Afrikaners was diep gelowig en het die psalms as deel van hulle aanbidding gesien, maar hulle was opvoedkundig en kultureel minder ontwikkel as die Nederlanders. Musikale geletterdheid het feitlik nie bestaan nie, sodat die sing en onthou van melodieë 'n wesenlike probleem was. Baie vroeg reeds het hulle plaasvervangende melodieë probeer vind of skep, of uit sekulêre bronne probeer aanpas in 'n styl wat vir hulle meer toeganklik was (Cillié, 1993:5-9).

Met die uitgawe van *Die Berymde Psalms* (1937) kon die onverstaanbare, Nederlandse berymings uitgeskakel word. Plaaslike komponiste het probeer om sommige moeilike Geneefse melodieë te vervang met makliker singbare melodieë wat nader aan die Afrikaanse volksliedstyl was. Hierdeur is die norm van kwaliteit wél by die psalmtekste gehandhaaf, maar was daar ongelukkig by baie van die nuwe melodieë 'n onaanvaarbare standaard.

By die samestelling van *Die Berymde Psalms* (1976) was kerkmusici vasbeslote om die gehalte van die melodieë te verbeter en is die Geneefse psalmstyl as voorbeeld vir 'n eenvormige melodiestyl gestel. Die tekste was egter verouderd, aangesien die Afrikaanse taal sedert die totstandkoming van die Totius-berymings geweldig ontwikkel het. Al was die Geneefse melodieë van hoogstaande gehalte, was hulle ver verwyder van die bevatlikheid van die deursnee-lidmaat en die aard van die volkslied-idioom. Die standhoudende norm van kwaliteit was wel van toepassing op die tekste en die melodieë, maar omdat aanpasbare norme nie in aanmerking geneem is nie, kon die psalms nie kommunikatief funksioneer ten opsigte van die bevatlikheid van die kerkvolk nie. Gevolglik was die grootste leemte die feit dat die kerkvolk nie hierdie liedere hartlik kon sing nie, sodat een basiese standhoudende norm, dié van gesindheid, daaronder gely het.

Die psalms uit die 1976-psalmbundel is vir 23 jaar in die NG Kerk gebruik. Veral weens die verouderde taal het die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1978

besluit om 'n nuwe beryming van die psalmboek te laat maak (sien 2.6.9). Die kerkmusici was teen hierdie tyd bewus van die groeiende weerstand teen die Geneefse melodieë en het besluit om die melodiese styl vernuwend aan te pas. Moeite is gedoen om melodieë van aanvaarbare kwaliteit wat ook toeganklik sou wees, te skep. Gedurende hierdie tydperk het daar geweldige ontwikkelinge op die gebied van populêre musiek plaasgevind, wat steeds meer lidmate ten opsigte van ontwikkelende, sekulêre en geestelik-populêre liedstyle gekondisioneer het.

'n Empiriese studie deur Viljoen ontbloot die groeiende weerstand teen die Geneefse psalmmelodieë tussen 1975 en 1994 (Viljoen, 1997:123-124, 129-131,148). Die rede hiervoor is vermoedelik omdat daar nie rekening gehou is met die toeganklikheidsvlak van gemeentes nie. Na die publiserings van die *Liedboek* (2001) is vermoed dat die meeste psalms in elk geval besig is om verder in onbruik te verval. Hierdie studie het bevestig dat die toegepaste psalmbeleid nie met die ontwikkelende tendense van die tyd kon tred hou nie. Volgens die gegewens blyk dat slegs 14 (9.3%) psalms tans voldoende funksioneel by meer as 30% van die gemeentes is (sien 3.3.6).

Uit die geskiedenis van psalmsang in Suid-Afrika blyk dat 'n gebrek aan die toepassing van aanpasbare norme verhoed het dat psalmsang kon floreer en dat die eensydige handhawing van standhoudende norme nie 'n gesonde psalmsangtradisie kon genereer nie. Verskillende faktore behoort in berekening gebring te word by die toepassing van aanpasbare norme in Suid-Afrika.

5.2 FAKTORE WAT AANPASBARE NORME BY PSALMSANG IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED

Die faktore wat aanpasbare norme by psalmsang beïnvloed en wat effektiewe eredienskommunikasie by psalmsang in Suid-Afrika kan bevorder, het uit verskillende omstandighede ontwikkel. Alle tersaaklike faktore kan onder kultuur sorteer, want kultuur is 'n omvattende begrip wat die ganse geestelike besitting van

'n volk op elke terrein behels (Vos en Pieterse, 1997:111). Dit het ontwikkel uit historiese en eietydse, plaaslike en wêreldwye omstandighede. Terwyl interne faktore soos die liturgiese tradisie, geskiedkundige en opvoedkundige agtergrond aanvanklik 'n belangrike rol gespeel het, word eksterne faktore soos die tydsgees en veral die massamusiekkultuur vanuit die wêreldsamelewing as gevolg van globalisering, toenemend belangrik.

Faktore wat deur aanpasbare norme gemonitor behoort te word, spruit eerstens uit die onmiddellike milieu, maar hedendaags word faktore vanuit die wêreldkultuur toenemend in die plaaslike kultuur geabsorbeer en behoort dit daarom as aanpasbare norme geëvalueer en toegepas te word. Deur die proses van inkulturasie kan geselekteerde eienskappe van die wêreldkultuur 'n vorm van liturgiese lied skep wat kultureel deur die plaaslike geloofsgemeenskap toegeëien kan word (De Klerk, 2008:3).

Die volgende faktore word verduidelikend uiteengesit: die liturgiese liedtradisie soos dit deur verskillende, teologiese strominge beïnvloed is; historiese gebeure en onlangse politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika; volkskulturele faktore soos die Afrikaanse opvoedkundige en musiekkulturele ontwikkelingspeil; die postmoderne filosofie, die Afrikaanse spreektaal as kommunikatiewe faktor van ons tyd; die spiritualiteitsbehoefte van lidmate; die aktuele probleme van die tydvak en die toenemende invloede van die wêreldmassakultuur.

5.2.1 Die liturgiese tradisie as beïnvloeding van norme by psalmsang

Die liturgiese geesteseiendom, veral die liedtradisie van 'n geloofsgroepering, behels onder andere gedeelde spirituele ervarings met 'n historiese of eietydse oorsprong. Hierdie ervarings word mettertyd deel van die geloofsbeleving en persepsie sodat sterk emosionele bande daardeur gevorm word.

Wanneer die liturgiese liedtradisie ter sake is, word meer spesifiek op die gesamentlike musikale geloofservarings wat die teks en die melodie sal beïnvloed, gefokus. By die teks van 'n lied kom die filosofies-spirituele denke van 'n tydperk tot uiting. By die melodie word die geestesklimaat van die oorheersende musiekstyl in 'n bepaalde tydperk vasgelê (sien 4.3). Die liturgiese liedtradisies van die NG Kerk is die resultaat van verskillende invloede. Afrikaanse gereformeerde kerkliedere en spesifiek psalmsang het aanvanklik uit Nederlands-Calvinistiese wortels gegroei. Verskillende taalfaktore het gedeeltelik daartoe gelei dat die oorspronklike Calvinistiese visie (sien 4.3.5) van psalmsang verwater geraak het. Onder andere het die Afrikaanse taalaksente onnatuurlike woordvloei saam met die Frans gekonsipieerde melodieë in die hand gewerk. Verder het 'n verlies aan idiomatiese taalgebruik probleme veroorsaak sodat spontane deelname afgeneem het om te lei tot “onbesielde, geforseerde, strammerige sang” en uiteindelik tot “gebrek aan belangstelling” (Roux, 1985:213) (sien 2.5.2 vir 'n volledige uiteensetting).

Sekere omgewingsfaktore in Suid-Afrika het degenererend ingewerk: die Afrikaans-eie volksmusiekkultuur, onvoldoende musikale opleiding, 'n gebrek aan kerkmusikale leiding – veral in afgeleë gebiede en teenkanting teen die “vreemde” styl van die Geneefse psalmmelodieë. Die siening dat “Geneefse psalmmelodieë as sinoniem met Calvyn se beginsels vir gereformeerde kerkmusiek” beskou behoort te word (Roux, 1985:240), het veroorsaak dat die “verhewenheid en soberheid” wat met die psalmmelodieë geassosieer is, verkeerdelik as tipies gereformeerde gesien is (Roux, 1985:232) en gevolglik verabsoluteer is. Die koinoniale erediensbelewenis en die geloofsdinamiese moontlikhede van psalmsang sou noodwendig nadelig deur die genoemde faktore beïnvloed word.

Invloede vanaf Lutherse, Presbiteriaanse en Metodistiese oorde het 'n bydrae gelewer om 'n algemene smaak van kerkmusiek te vorm. Verder het opeenvolgende kommissies vir nuwe psalmwysies sedert die einde van die negentiende eeu, verskillende sangbundels, soos die *Kinderharp* en *Zionsliederen*, (sien 2.6.3), die De Lange-bundel (sien 2.6.5) en as belangrikste positiewe figuur,

FW Jannasch, se invloede gegeld (Ottermann, 1982:25-26). Deur Skotse predikante soos Andrew Murray, is individualistiese vroomheidstipes soos die piëtisme en Metodisme bevorder (Jonker, 1998:6). Deur opwekkingsbewegings, die Pentakostalisme en ook later deur die Charismatiese Beweging is subjektiewe vroomheidstipes bekendgestel (Jonker, 1998:7). Spesifieke kerklik-historiese invloede en ontwikkelinge het die kerklied beïnvloed: Metodistiese teoloë, die verskillende sendingaksies, die pinksterbiduur-tradisie, die Halleluja-liedere en die CSV (König, 1989:28).

Bogenoemde invloede het die weg gebaan vir die geestelike sentiment en musikale styl waarby die tipiese Moody-en-Sankey-styl sou kon aansluiting vind, om te kulmineer in die verskyning van die verskillende *Halleluja*-bundels (Viljoen, 1997:64-66). 'n Smaak vir dié liedstyl was toe reeds by die NG Kerk vasgelê, sodat dit onmiddellike gewildheid geniet en saam met die pinksterbiduur-tradisie groot emosionele trefkrag ontwikkel het. Ligte koortjies is aanvanklik deur die CSV aan die Afrikaanse gereformeerde liederskat bekend gestel.

Met die toenemende invloed van die pinkster- en charismatiese bewegings en aanverwante kerkgroepe in Suid-Afrika, het daar vanaf die begin van die 1980's in die NG Kerk 'n lofprysingstyl ontwikkel. Aanvanklik is die koorgedeeltes van liedere gebruik, maar mettertyd is selfstandige, geestelike liedjies in 'n ligtemusiekstyl geskep en gebruik. Dit het die samestelling van die twee jeugsangbundels geïnisieer wat onderskeidelik in 1984 en 1993 deur die NG Kerk in gebruik geneem is (Viljoen, 1997:128). Hiermee is die eerste treë op die pad van sekulêre vervlakking gegee, wat die smaak van veral die kerkjeug stelselmatig sou weglei van die tradisionele kerklied (sien ook Viljoen, 1997:142). Vandag kan dit aanvaar word dat eietydse pop- of *gospel*-liedere allerweë in jeugdienste van die NG Kerk gebruik word. Gesamentlik het hierdie invloede die kerkvolk se musieksmaak en spiritualiteitsvoorkeure negatief beïnvloed en verder verwyder van die sober styl van Geneefse psalms.

Tradisie speel wél in die kerklied 'n belangrike rol. Die hoofrede waarom gemeenteliede sekere psalms as geliefd aangee, is die feit dat hulle daarmee grootgeword het (Fourie, 2000:458) – wat aandui hoe diep kerkliedtradisies in hierdie lidmate se geloofsbeleving veranker is. Hierdie tradisies vorm dikwels 'n weerstandigheid teen vernuwing. Kloppers (1997:266) beskryf dit as 'n “rituele preserveringskrag” (sien ook 3.4.4).

In sommige gevalle word “een enkele liedtipe as enigste moontlikheid” gesien en slegs dié “afgesonderde sakrale styl” vir psalmsang gepropageer (Roux, 1985:221). Afkeuring het dikwels op grond “van smaak, tradisie of estetiese voorkeure” plaasgevind, wat andersdenkendes outomaties uitgesluit het (Strydom 1994:168). Dit was veral kerkmusici wat oortuig was dat die “kerklied musikologies, teologies en literêr” aan bepaalde standaarde moet voldoen en getrou aan die kerk se “eiesoortige identiteit” moet bly, sodat kerkliedere uit die tyd van die Hervorming as 'n historiese erfenis en by sommige as 'n vorm van “geloofsoorlewing” beskou is (Kloppers, 1997:18).

Daar bestaan egter vernuwende strominge wat tradisionele gemeenteliedere, en veral die psalms, as uitgedien beskou (Fourie, 2000:406). Die empiriese studie deur Viljoen (1997:129,135) het bewys dat lidmate veral teen die Geneefse melodieë kapse maak. Gemeentes wat slegs aan tradisionele bedieningstrukture vashou, is uit evangeliese kringe as “doods” getipeer (Huisamen,1997:16). Hierdie studie het bewys dat lidmate grootliks nie meer deur die sogenaamde tradisionele styl aangespreek word nie (sien 3.4.2). Volgens Fourie (2000:436) sal die NG Kerk die uitdaging tot vernuwing moet oorweeg deur voortdurend nuwe bedieningstyle beskikbaar te maak. Fourie (2000:457) beveel aan dat 'n balans gehandhaaf word: “(o)m tradisionalisties te wees is gevaarlik. Om geen tradisie te hê nie, is kortsigtig.”

Hierdie bogenoemde ervarings is deel van die NG Kerk-tradisie wat by kommunikatiewe, normatiewe aanpassings in aanmerking geneem behoort te

word. Daarom behoort dit in Suid-Afrika by die besluitneming oor die musiek van liturgiese liedere vir eietydse psalmsang in ag geneem te word. Tog bied die tradisionele basis alleen nie 'n oplossing nie, want tradisionele stagnasie kan nie oplossings in 'n vinnig ontwikkelende tyd bied nie. Tradisionele beginsels behoort as basis gebruik te word, om voortdurend die kerklied se funksionaliteit te herinterpreteer en herevalueer in die lig van eietydse ontwikkelinge. Beide die liturgies-kulturele agtergrond saam met eietydse ontwikkelinge behoort telkens as rolspelers by aanpasbare norme by die psalms in ag geneem te word.

5.2.2 Die historiese agtergrond as faktor by die benadering tot psalms

Ingrypende geskiedkundige ervarings van 'n volksgroepering dien as kragtige beïnvloedingsfaktore en as stimulus vir 'n solidariteitsgevoel. Dit help vorm die identiteit van bepaalde bevolkingsgroepe en kan daarom vrugbare teelaarde vir die kerklied wees. Die kerkvolk het nodig om dinge wat in die hart leef, te verwoord en die psalms beskryf deurleefde krisisse wat dikwels aansluiting by soortgelyke gebeure kan vind.

Volksgebeure is in Oud-Israel spontaan oorvertel en gesing deur volkspoësie in die psalms en kon bydra tot die kragtige invloed van hierdie liedere. Voorbeelde hiervan word by Psalms 78, 105, 106, 135 en 136 gevind (Bekker, 1999:231). Veral traumatiese gebeure uit die volksgeskiedenis, waar God se versorging, kragtige reddingsdade en leiding uitgehelp het, het deur die psalms Godverheerlikend voortgeleef in die volksgeheue.

Laagtepunte uit die 19de tot 20ste eeue wat nog in Afrikaansprekende Suid-Afrikaners se geheue lewe, is die worstelinge van die Voortrekkers, ontberinge en lewensverlies tydens die Anglo-Boereoorlog en die 1914-Rebellie. Twintigste-eeuse gebeurtenisse wat diep indrukke gelaat het, is die 1933-depressie, die twee wêreldoorloë en die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme (Jonker, 1998:3-4). Hierdie belewenisse het telkens die kerkvolk se geestelike wortels versterk en is

dikwels met sekere psalms in verband gebring. By die Gelofte voor die slag van Bloedrivier in Desember 1838 is Psalm 3 gesing (Fourie, 2000:298). Toe die Voortrekkers die Oranjerivier op vlotte moes oorsteek, terwyl die rivier vol in vloed was, het hulle telkens wanneer een vlot veilig die oorkantste wal bereik het, Psalm 146 as dank- en loflied aangehef (Fourie, 2000:297).

Die rol van Psalms in die lewens van die Gereformeerde, Afrikaanse voorouers, word bewys deur die ontstaan van Afrikaanse liederwysies. Altesaam 113 variasies op 32 psalmmelodieë is deur GG Cillié versamel (Cillié, 1993:17-97)⁴⁷. Die behoefte om hulle klagtes voor God uit te sing, blyk uit die aantal variasies wat daar op klaagpsalms bestaan: Psalms 6 en 130 het 12 variasies elk. Lofliedere waarvan die meeste weergawes bestaan, is Psalm 100 met 9 en Psalm 65 met 6 variasies. Boerekrygsgevangenes het liederwysies gebruik om hulle verlange en hartseer uit te sing – sommige van hierdie psalms is vierstemmig verwerk en Cillié (1993:17-97) het 14 voorbeelde hiervan versamel.

Oorlewingsnood wat herhaaldelik deel van die Suid-Afrikaners se bestaan was, het vrugbare teelaarde vir psalms geskep. Die “hert” wat “smag na waterstrome” (Psalm 42) het vir ’n Boerevolk in ’n droë land emosionele waarde gehad. Aanpassing by plaaslike omstandighede het Totius die navolging van die Nederlandse beryming by beide Psalms 42⁴⁸ en 65⁴⁹ laat verontagsaam en die volgorde van die Bybelse inhoud van Psalm 65 laat omkeer. Totius se eerste strofe begin met die Skrifpsalm 65:10, om ’n bekende belewenis van Suid-Afrikaners, naamlik die vreugde van volop water na ’n somerdroogte, te skilder.

⁴⁷ In hierdie versameling is 32 Psalms op ’n verskeidenheid van variasies aangeteken. Volgens Cillié het hulle ontstaan omdat ons Suid-Afrikaanse voorsate die 16de-eeuse Geneefse Psalmmelodieë as “vreemd” ervaar het en dit moeilik kon onthou.

⁴⁸ Die Nederlands lui: “’t Hijgend hert, der jacht ontkomen ...”, maar Totius pas dit aan by Suid-Afrikaanse omstandighede, deur ’n bok wat in droogte na water smag, te beskryf.

⁴⁹ Die Bybel asook die Nederlandse Psalm 65 (*Statebelyming*) begin met lof en die betaling van geloftes, maar Totius begin die eerste strofe met “Na bange tyd van somerdroogte is daar die uitkoms weer!” (Sien ook *PSALMEN EN GEZANGEN voor den eredienst*, 1938: III, 101 en 152.)

Gedurende die laaste twee dekades het ingrypende politieke gebeurtenisse in Suid-Afrika plaasgevind, wat 'n omwenteling in die lewens van alle Suid-Afrikaners en van NG Kerk-lidmate tot gevolg gehad het (Burger, 2001:11). Die apartheidsbeleid van die Nasionale Party is sedert die 1940's deur die kerk gesteun (Jonker, 1998:5-6) sodat die NG Kerk gedurende die 1950's as 'n "volkskerk" getipeer is (Jonker, 1998:26-27). Vanaf die 1980's het die kerk besef dat die toepassing van apartheid nie teologies verantwoordbaar is nie (Jonker, 1998:157-170). Dit het daartoe gelei dat apartheid as "ideologiese en etnosentriese" benadering by die Algemene Sinode van 1990 amptelik afgewys is (Jonker, 1998:196). Deur hierdie bekentenis is 'n reeks pynlike gevolge ontketen: Die verbintenis tussen die NG Kerk en die Nasionale Party het 'n stille dood gesterf; beide die NG Kerk en die Nasionale Party het geloofwaardigheid verloor; die status van die NG Kerk het gedaal vanaf 'n bevoorregte leiersposisie na dié van 'n bedreigde minderheidsgroep (Vos & Pieterse, 1997: Voorwoord). Lidmate was kwaad, teleurgesteld en wou hulle nie meer met die kerk vereenselwig nie (Burger, 2001:27-28). Die kerk is in die skande gedompel en gestroop van aanhang, maar ook gesnoei van nuttelose geloofsperspeksies.

In die harte van NG Kerk-lidmate van alle kultuurgroepeerings leef tans klagtes oor die nagevolge van apartheid (Burger, 2001:29) asook weens die ontrugtering en veronregting wat gevolg het op die omkering daarvan. Veronregting in die verlede of die hede raak vandag net so diep soos in Bybelse tye en laat ruimte vir emosionele uiting deur psalms soos Psalms 9, 26 en 94. Daar bestaan daarom 'n behoefte aan innerlike vrede (Psalms 31 en 34) en onderlinge versoening tussen verskillende politieke en kulturele groepe (Psalms 62 en 85) (Burger, 2001:15) wat deur die psalms aangespreek kan word (sien Kameeta, 2006:215-219).

Alle gemeenskaplike historiese traumas is sensitief – dit kan sterk positief of negatief aangewend word. Ignorering daarvan dryf mense uitmekaar omdat die potensiële saambindende krag daarvan verlore raak. Liturgiese liedere, soos bogenoemde psalms, kan gesamentlike emosies positief en versoenend verwoord,

die geloofsgemeenskap versterk asook op 'n besondere manier aan God en mekaar verbind.

Indien die historiese agtergrond voortdurend as 'n faktor van aanpasbare norme by psalmsang kan geld, kan dit kragtige emosies ontsluit en daartoe bydra dat die psalms opnuut eiendomsbesit van die NG Kerk in Suid-Afrika word.

5.2.3 Die Afrikaanse opvoedkundige en kulturele ontwikkeling as faktor

Die kulturele ontwikkeling van 'n volk of volksgroepering is die gevolg van faktore soos opvoeding, opleiding, maniere waardeur mense se intellektuele ontwikkeling en morele siening verruim word en deur die beskawingsvlak verfyn word. Vir die toeganklikheid van sekere kerkliedstyle soos die psalms sal dit gereelde blootstelling aan verskillende musiekstyle insluit.

Die Afrikaanse kultuur ontwikkel met die oorspronklike, Westerse afkoms as verwysingsraamwerk. Deur afsondering vanaf die Europese lande van herkoms, het 'n verwatering van die oorspronklike kulture plaasgevind. Saam daarmee het 'n vermenging van die oorspronklike en die omringende omgewingsfaktore geleidelik 'n eie Afrikaanse kultuur laat ontstaan.

In 1652 het Van Riebeeck die 90 blankes saam met hom beskryf as "swak van karakter en onnosel". Die meeste immigrante was behoeftig, eenvoudig en onontwikkeld. Selfs in 1705 is die meeste burgers as arm, ongeskool of skaars geskool beskryf (Giliomee, 2003:4,6 en 24). Die enigste musiek- of skolingsmoontlikhede het teen die einde van die 18de eeu in die Wes-Kaap gesentreer (Bouws, 1982:6) sodat 'n lae opvoedingspeil kenmerkend van die trekboere was (Giliomee, 2003:33 en 51). Tydens die Groot Trek was skoolonderrig en kulturele opvoeding minder belangrik – oorlewing was die eerste prioriteit. Psalms is met viool, fluit of akkordeon begelei en die trekkers het onbekende of moeilike psalmmelodieë met eenvoudiger liederwysies vervang.

Tydens die stigting van die Afrikaanse boererepublieke in (1852 en 1854) was daar nie predikante wat geestelike leiding kon neem nie, sodat skoolmeesters ook die kategese moes behartig en slegs basiese onderwys kon behartig (Giliomee, 2003:176). Teen die einde van die negentiende eeu was 'n basiese geleerdheid onder die Afrikaners 'n rariteit sodat die Britte op hulle kulturele agterlikheid en sosiale wangedrag neergesien het (Giliomee, 2003:90,195).

In 1876 is *Di Afrikaanse Patriot* vir die eerste keer gepubliseer en in 1890 is die Zuidafrikaanse Taalbond vir die bevordering van die Afrikaanse taal in die lewe geroep (Giliomee, 2003:217,224). Die stigting van die ATKV het in 1930 plaasgevind en saam daarmee is die eerste *FAK-sangbundel*, 'n bundel met Afrikaanse vertalings van Europese volksliedere en plaaslike volksliedere, gepubliseer. Die Afrikaanse letterkunde is egter in 1931 as in "sy kinderskoene" beskryf en die Afrikaners as hoofsaaklik "onopgeleide landbouers" wat materieel en geestelik arm is (Giliomee, 2003:400, 402).

Uit hierdie wankelrige Afrikaanse kulturele onderbou het die eerste Afrikaanse Psalmboek in 1937 verskyn. Die plaaslike kerkmusici het waarskynlik by die destydse kulturele ontwikkelingspeil probeer aansluit deur 'n tipe eiendommlike volksliedkarakter in die styl van die liederwysies aan te wend (Malan, 1984:39-40). Die meeste melodieë was egter van "twyfelagtige" gehalte. Tog het sommige van hulle ingang gevind en geliefd geword; soos hierdie studie dan ook bewys het. Hierdeur kan Johansson (1992:70-71) se stelling dat enige kerklied wat binne 'n spesifieke tydperk wil kommunikeer, binne 'n volk se verwysingsraamwerk moet kan inpas, bevestig word, want veral die melodieë van Suid-Afrikaanse afkoms het volgens hierdie studie maksimum toeganklikheid getoon.

5.2.3.1 Die psalms as volks-idiomatiese, Afrikaanse, geestelike liedere

Uit hierdie gegewens kan die moontlikheid oorweeg word dat daar reeds in Afrikaans 'n geestelike volkslied-idioom bestaan. Afrikaanse himnoloë het tot nog toe nie diep daarop ingegaan nie.

As eerste stap sou gevra kan word wat is 'n volkslied-idioom? Volksliedere word algemeen geïdentifiseer as liedere wat deur mondelingse oordraging bly voortbestaan het; dit is gewoonlik eenvoudige, populêre liedere van 'n anonieme oorsprong wat in die volksmond lewe. 'n Volksmelodie word beskryf as 'n sangwysie wat by die volk byval vind, en uit die volksgevoel gebore is (HAT, 1992:1303). In hierdie verband kan 'n idioom beskou word, as iets wat eie is aan 'n bepaalde volksgroep (HAT, 1992:428). Westermeyer (2008:10,12 en 13) meen dat die geestelike liederfenis van 'n denominasie bestaan uit die liedere waarmee die kerkvolk spontaan identifiseer sodat dit deel word van die eiendomlike liederkorpus. 'n Volkslied-idioom sou dan verteenwoordig word deur liedere wat deur mondelingse oordraging bly voortbestaan het, waarvan die oorspronklike bron vervaag het, wat uit die volksgevoel gebore is, of wat deur die volk as hulle eiendom aanvaar is – dit sal dan ook verteenwoordig word deur liedere waarmee hulle van nature assosieer of aanklank by vind.

Bestaan daar liedere wat deur die volksgevoel ingang gevind en bly voortleef het in die volksgeheue? Het hierdie liedere ooreenstemmende eienskappe, ten opsigte van die teksinhoud, melodie of emosie? Kloppers (2002: Abstrak) meen dat daar nog nie 'n ware Afrikaanse himnologiese styl bestaan nie – dat dit nog ontwikkel behoort te word. Sy redeneer dat die liedere wat by Geloftefees gesing word, aanduidend van so 'n himniese of psalmkorpus kan wees, maar dat die ontstaan van dergelike liedere deur die oorheersende drang vir die behoud en beskerming van die nasionale erfenis geïnhibeer is. Grové (2001:32) daarenteen meen dat die liederwysies die “gees van die ‘volkseie’ adem” omdat dit ongekompliseerde melodieë is wat deur mondelingse oorlewering steeds bekend is.

Dit is wel so dat die psalms deel van Afrikaner-nasionalisme gevorm het wat ontstaan het omdat die Grensboere en Voortrekkers beskerming nodig gehad het. Hulle moes oorleef teen die vyande. Die vyande was in hulle geval die swart inheemse volke. Baie van die psalms byvoorbeeld Psalms 3⁵⁰ en 48⁵¹ se teksinhoud kan in hierdie lig vertolk word. Mettertyd ontwikkel die siening dat God aan die blankes se kant is en hulle enigste hoop op oorlewing is. Hierdie gedagtegang kom later ook teologies na vore en kulmineer in die Apartheidsteologie van die Nasionale Party.

Die Afrikaners se kenmerkende volks-idiomatiese styl vir die kerklied het eintlik tot uiting gekom in die liederwysies. Psalm 146 wat besondere emosionele waarde vir die Voortrekkers gehad het, (Fourie, 2000:297) is 'n liederwysie wat ook deur die Boerekrygsgevangenes gesing is (Cillié, 1993:96) en volgens hierdie empiriese resultate as die mees gewilde psalm aangedui is. Die twee psalmliederwysies Psalms 38 en 130, wat in die *Liedboek* opgeneem is, is voorbeelde van liedere wat, ten spyte daarvan dat dit nooit in enige amptelike psalmbundel opgeneem is nie, bly voortbestaan het in die volksmond. Hierdie liedere kan as geestelike volksliedere beskryf word.

Baie Suid-Afrikaanse komponiste het psalmwysies geskep wat so goed ingang gevind het dat dit van nature deur die kerkvolk toegeëien is en as deel van die geestelike volkliederfenis beskou kan word. Sommige van hulle is: Psalms 18, 23, 33, 48, 100 en 147. By sommige psalms het die besondere teksinhoud 'n bydraende rol in die aanvaarding daarvan gespeel: Psalms 23, 42, 48 en 84 kan as sodanig beskou word. Nuwe psalmmelodieë in die *Liedboek* wat onmiddellik geabsorbeer is, byvoorbeeld Psalms 29 en 111/112, kan moontlik ook as deel van die volks-idioom beskou te word, maar die duursaamheid daarvan sal met die loop van tyd bepaal word.

⁵⁰ Psalm 3 is in 1838 by die Gelofte by Bloedrivier gesing (Fourie, 2000:297).

⁵¹ Psalm 48 word in die besonder met geloftedag geassosieer (Kloppers, 2002:Abstrak).

Die algemene eienskappe van volksidiomatiese psalmmelodieë kan as volg uiteengesit word:

- Melodieë is deurgaans diatonies in die majeurtoonaard.
- Soms is melodienote uitgebrei deur versierings wat dikwels twee- of drienoot melismas tot gevolg het, byvoorbeeld Psalms 77(2) en 102 (2) (Cillié, 1993:47 en 65).
- Die meeste melodieë is op twee- of viermaatstrukture gebaseer (Grové, 2001:34).
- Baie van die melodieë is soetsappig of sentimenteel van aard, byvoorbeeld Psalms 18 en 130 (*Liedboek*, 2001).
- Soms het alt- of tenoorstemme die melodienoot in parallelle derdes of sesdes vervang, soos by Psalms 75 (1) en 100 (4) (Cillié, 1993:44 en 60).
- Dikwels kom tweenoot-melismas as sugmotiewe voor (Grové, 2001:34) byvoorbeeld Psalms 100 (6), 126:3 (1) en 142 (7) (Cillié, 1993:61,70 en 92).
- Frases eindig soms op 'n swak pols as vroulike uitgange byvoorbeeld Psalm 38 (*Liedboek*, 2001).
- Spronge kom dikwels voor byvoorbeeld Psalms 18, 33, 38 en 48 (*Liedboek*, 2001).

Bepaalde, kenmerkende eienskappe kan identifiseer word as eiendomlik van die Afrikaanse, geestelike volkslied-idioom. Die persepsie van 'gereformeerde' dat die enigste 'korrekte' kerklied-idioom sober en nie-sentimenteel behoort te wees, het egter daartoe bygedra dat die volks-idiomatiese, geestelike liedere nie erkenning gegun is nie. (Sien ook 5.1.1.) Hierdie styl van sang is nie deur Suid-Afrikaanse himnoloë as 'goeie en waardige' kerkliedere beskou nie (Grové, 2001:32). Dieselfde is waar van die Halleluja-liedere wat in dieselfde kategorie val en as sodanig beoordeel behoort te word. Dit kan egter nie geïgnoreer word as 'n realistiese beeld van dié tipe liedstyl wat van nature by die kerkvolk aanklank vind nie - dit is hierdie Afrikaanse volks-idiomatiese kerkliedstyl waarmee die NG Kerk vereenselwig wanneer hulle opreg met God wil kommunikeer.

5.2.3.2 'n Vergelyking tussen Afrikaanse volksliedere en die Geneefse melodieë

Wanneer die algemene eienskappe van Suid-Afrikaanse volksliedere (asook die liederwysies) teenoor die eienskappe van die 16de-eeuse Geneefse melodieë, wat aansluit by die Romaans-Franse volksliedere van die tyd, gestel word, word dit duidelik waarom teenkating teen die Geneefse styl ontstaan het. Die volgende uiteensetting verteenwoordig die mees kontrasterende eienskappe:

- Afrikaanse volksliedere⁵² is slegs in majeurtoonaarde, terwyl die Geneefse psalmmelodieë hoofsaaklik op modi gebaseer is.
- Afrikaans, soos ander Germaanse tale, het vaste beklemtonings van lettergrepe by die uitspraak. Afrikaans is van nature perkussief, terwyl Romaanse tale en veral Frans sonder vaste beklemtonings en sonder onderbrekende medeklinkers kan vloei.
- Afrikaanse, soos Germaanse volksliedere, het vaste metriese strukture ingedeel in maatsoorte. Geneefse melodieë het die vrye ritmiese vloei van Romaanse tale soos Frans.
- Afrikaanse volksliedere het dikwels dinamiese spronge terwyl die Geneefse melodieë hoofsaaklik vloeiend bly en spaarsamig van spronge gebruik maak.
- Afrikaanse volksliedere vertolk emosies op verskillende wyses, terwyl Geneefse melodieë doelbewus versigtig met emosie omgaan.

Hierdie uiteenlopende verskille kan verklaar waarom die Geneefse melodieë nie natuurlik in Suid-Afrika kon tuiskom nie. Dit was 'n vreemde volks-idioom wat in te vele opsigte van die inheemse volkslied-idioom verskil het; dit kon nie in die plaaslike kultuur absorbeer word nie.

⁵² In die *FAK-sangbundels* (1961 en 1979) is daar slegs Suid-Afrikaanse volksliedere in majeurtoonaarde. Ook alle liederwysies is in majeurtoonaarde (Cillié, 1993).

5.2.3.3 Die voordele van inkulturasie

Volgens De Klerk (2008:4) is ruimte vir alle positiewe tendense uit die plaaslike kultuur van 'n geografiese gebied, 'n aspek wat vandag nuut onder die soeklig kom. Shelt (1996:77) meen dat doelbewuste kontekstualisering essensieel is om mensegroepe binne hulle eie kultuur, hulle ideale, sienswyses en optredes aan te spreek. De Klerk (2008:2) beklemtoon dat die juiste balans van hierdie proses belangrik is. Hy beskou "inkulturasie"⁵³ as die ideaal en beskryf dit as die proses waardeur "wedersydse respek vir die liturgie en die kultuur gehandhaaf word". By psalmsang is dit nodig om hierdie sienswyse doelbewus aan te pak weens die groot verskille in die liturgiese musiek en dié musiek wat kenmerkend van die eietydse kultuur is. Die plaaslike kulturele verwysingsraamwerk van die musiek van NG Kerk-lidmate bestaan hoofsaaklik uit: volksidiomatiese liedere as onderliggende oriëntering, eietyds-Afrikaanse ligte, sekulêre en geestelike musiek, tans veral die toenemende invloede vanaf die wêreldmusiekkultuur en in 'n ontwikkelende mate dié van die omringende Afrika-musiekkulture.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die Afrikaanse opvoedkundige, kulturele en musikale verwysingsraamwerk van die NG Kerk-lidmate as faktor by die toepassing van norme vir psalmsang in ag geneem behoort te word. Hierdeur kan die outentieke psalminhoud telkens nuut met inagneming van die bestaande opvoedkundige en kulturele peil saam met toeganklike musiek herskep word.

5.2.4 Die postmoderne filosofie as faktor by norme vir die psalms

Die postmoderne paradigma veroorsaak 'n eiesoortige lewensiening wat deel van die postmoderne epistemologie uitmaak. Vorster (1996:21) skryf dat "[d]ie kerklike bediening ... die geestelike reseptore wat die postmoderne mens as gevolg van die

⁵³De Klerk (2008:2) beskryf inkulturasie soos volg: "Dit gaan om die inplanting van Christelike waardes deur die liturgie in die kultuur op so 'n wyse dat die betrokke kultuur getransformeer word. Tegelyk word kultuurelemente van die plaaslike kultuur (wat nie in stryd is met die evangelie nie) as voertuie gebruik om die boodskap liturgies oor te dra."

Melodieë sal egter geëvalueer moet word vir die eietydse toeganklikheid daarvan binne 'n bepaalde gemeente-opset: Psalms 8, 11, 14, 19, 29, 31, 33, 37, 46, 50, 53, 58, 65, 89, 90, 104, 125, 127, 136, 146.

Erediensgangers wat emosioneel-intuïtief ingestel is, verkies uitdrukkingsvolle, emosievolle of ekstatiëse woorde en wil gloedvol en hartlik sing. 'n Melodie met 'n losser struktuur, ruimte vir persoonlike interpretasie, selfs 'n gesinkopeerde en beklemtoonde ritme, sal hulle aanspreek. Naas die orrel, sal hulle hou van alternatiewe instrumentale begeleidings en klankkleure. Die volgende psalmtekste en sommige van die psalmmelodieë kan hierdie behoefte vervul: Psalms: 5, 9, 16⁵⁵, 18, 23, 26, 33, 42, 47, 48, 57, 66, 84, 92, 93, 100, 108, 111, 130, 137, 146:1+6 en 150.

Die meditatiewe spiritualiteitstipe hou van musiek wat 'n rustige atmosfeer skep. Hulle verkies 'n rustige, meer subtile styl van musiek of selfs totale stilte wat hulle kan help om mediterend te bid. Veral die Taizé-liedere is hiervoor geskik, byvoorbeeld *Chants de Taizé* nommers 17, 18, 26 en 50, gebaseer op Psalms 17:1, 107:1, 139:12 en 34:9-11 onderskeidelik. Die volgende psalmtekste kan ondersoek word en sommige van die psalmmelodieë sal hierdie spiritualiteitstipe kan bedien: Psalms 1, 4, 5, 8, 19:3-5, 25, 28:2,4,5, 31, 49, 51, 61, 63, 93, 96:3,4,6, 99, 101, 116, 127, 139 en 145:2,3,5.

Gemeentelede wat God konkreet wil ervaar, is pragmaties ingestel en verkies dat liedere sal "werk". Motivering vir die bywoning van eredienste staan vir hulle in lyn met die opskerpings om God telkens met nuwe toewyding te gehoorsaam en met die uitdaging om by verskillende aksies soos barmhartigheidsdiens, evangelisasie of sending betrokke te raak. Liedere wat betekenisvol behoort te wees, is die volgende: Psalms 5:2,4,15; 24:2-7; 37, 41:1-2; 50:3-7, 96, 105, 112, 119, 127, 128, 141 en 145:1,4,9.

⁵⁵ In hierdie geval word die teks en melodie wat tweede geplaas is, aangedui.

Elke gemeente ontdek mettertyd watter styl van erediens(te) aan die gemeentelike aanbiddingsbehoefte kan uitdrukking gee terwyl elke gemeentelid volgens individuele persoonlikheidsamestelling by sekere aanbiddingstyle aanklank vind. Kondisionering speel egter ook 'n vormende rol om sekere aanbiddingstyle aanvaarbaar te maak vir gemeentelide. Verskillende style van aanbidding word dikwels deur die samestelling van liturgiese liedere gelyktydig bedien. Die totale samestelling van die psalmbundel gee uitdrukking aan al die verskillende behoeftes van aanbidding deur middel van die teks, maar dit behoort bykomend deur variërende, melodiese style verteenwoordig te word.

Hierdie studie het getoon dat die verskillende spirituele behoeftes in gemeentes bestaan, maar ook dat die psalmbundel in die *Liedboek* nie hieraan beantwoord nie. Volgens die kommentaar wat by Hoofstuk 3 gelewer is, blyk dit dat (volgens die behoeftes van die kop-spiritualiteitstipes) daar 'n waardering vir die feitlike inhoud van psalmomdigtings bestaan – dat dit gemeet word aan die Skrifpsalms, dat nuwe waarhede graag daarin ontdek word (3.3.9a), maar ook dat die omdigtings “armer” en “onverstaanbaar” is, dat (volgens die hartspiritualiteitstipes) die teks te “onpersoonlik” is, “te min emosie bevat” (3.3.9b) en die melodieë te min subjektiewe “belewenis” moontlik maak (3.3.5 en 3.4.5), dat (volgens die mistieke spiritualiteitstipes) daar 'n waardering vir diepsinnigheid bestaan (3.3.9a), maar dat 'n behoefte aan stemmingsvolle of meer atmosfeerskeppende psalms bestaan (3.4.5), dat (volgens die behoeftes van die handspiritualiteitstipes) psalms toepaslik moet wees, dat dit tans te “lewensvreemd” (3.4.1) is, dat die melodieë nie “werk nie” en nie “gebruikersvriendelik is nie”. Hieruit word dit duidelik dat hierdie spiritualiteitsbehoefte doelbewus geakkommodeer behoort te word by die skep van eietydse psalms.

Die psalms is besonder geskik om spiritualiteit as aanpasbare norm toe te pas. Omdat die psalms die volledige spektrum van menswees dek, behoort die verskillende spiritualiteitstipes doelbewus geakkommodeer te word by die omdigting daarvan. Hierdeur kan die gesamentlike spiritualiteitsbehoefte van

gemeentes in 'n spesifieke tydvak, en dié van individuele gemeentelede aangespreek word.

5.2.7 Aktuele tendense van die tydvak as faktor by psalmsang

“Ons moet werklik die tydsgees ken, maar bo alles God in die tydsgewrig erken.” (Barnard, 1981:8.) Elke tydperk in die geskiedenis het 'n besondere geestelike ingesteldheid, probleme en hoopvolle momente wat die gevolg is van die tydsgees, van sosiale omstandighede of wat as gevolg van geskiedkundige gebeure ontstaan. Voldoende kennis van die tydsgewrig en die omstandighede daarvan is essensieel om God se werking binne 'n besondere tydperk waar te neem en die kerklied daarby te laat aansluit.

5.2.7.1 Die eietydse Christelike geestesklimaat

Die postmodernistiese lewensfilosofie van die tydsgewrig word oorheers deur 'n soeke na vryheid – in die kerke veroorsaak dit 'n wegbeweeg van reëls, vaste strukture en tradisionele kerkliedere soos die psalms (5.2.4). In Suid-Afrika geskied tans “ 'n duidelike skuif weg van ... die Gevestigde Kerke ... na Pinkster en Nuwe Onafhanklike Kerke” (Hendriks, 2003:2). Dit is 'n omkering van die magsbasis van die Christelike kultuurgodsdiens wat geheers het sedert die vierde eeu. Hierdie skuif kan daarom geïnterpreteer word as 'n terugbeweeg na die vroeg-Christelike tydperk – 'n pinkster, geestelike klimaat, waar die werking van die Heilige Gees ervaar is en waarin psalmsang prioriteit geniet het.

Die Christelike geestesklimaat van die eie tyd word oorheers deur 'n soeke na beleving en vrye uitdrukking – 'n soeke na die vrye werking van die Heilige Gees. Dit is egter nie vreemd aan die Kerk nie: In Ou Testamentiese liturgieë is psalms op twee wyses voorgedra, gestruktureerd en profeties – in 'n vryer styl (sien 5.2.6). In die Nuwe Testament word dit duidelik dat psalms naas die sinagoge-liturgie (Strydom, 1994:22) deur individuele gemeentelede as ongestruktureerde bydraes

gelewer is (1 Korintiërs 14:26). In die vroeg-Christelike kerk kom 'n ekstatische liedvorm, die *jubilus*⁵⁶, ongestruktureerd en spontaan tot uiting naas die gestruktureerde gemeentelike sang, wat hoofsaaklik uit psalms bestaan het. Strydom (1994:29) beskryf dit as “'n gesonge oorblyfsel van die glossolalie” – die ekstatische spreek in tale. Wat egter uit hierdie voorbeelde tersaaklik is, is dat hierdie vryer vorme van psalmsang telkens ontstaan het in tye toe die kerk maksimaal gegroei het.

Terwyl daar tans die behoefte aan 'n vryer spiritualiteit bestaan en die gemeentelike psalmsang tans grootliks onfunksioneel is, het die tyd aangebreek om naas die bestaande psalms wat wel inslag gevind het, 'n vryer, eietyds-vernuwende gestalte van psalmsang bekend te stel. Volgens Hendriks (2008:1) behoort die wesenlike psalminhoud dieselfde te bly, maar moet dit “telkens in elke nuwe konteks nuut ontdek” word, sodat “die temas en die wese daarvan telkens sal terugkeer”. Die “temas” en die “wese” van psalmsang in die Ou Testamentiese opset was juis so dat die volk daarmee kon vereenselwig – dat dit as persoonlike en gesamentlike dialoog met God kon dien (2.1.2 en 2.1.7).

Die nuwe lied dien as “inleier” om die kerk in die vryheid van God se nuwe werklikheid in Christus in te lei. Dit dien egter ook as 'n inleiding tot die ewige nuwe lied (Bingle, 2008:2). Die “temas” en die “wese” van psalms bevat hierdie basiese inhoud, maar dit kan alleen deur die krag van die Heilige Gees uitbreek in eietydse nuwe psalms waardeur God aktueel en heelhartig, in tyd en in ewigheid geloof sal word.

Omdat die psalms tydlose liedere is, behoort dit liturgies-aktueel te bly. Dit vorm 'n brug tussen “die tydgebonde en die ewige, tussen die ruimtelik-universele en die plaaslike” (Routley, 1982:107). Die nuwe konteks van die tyd, soos vryer spirituele

⁵⁶Dit ontstaan by die voordrag van die psalms, waar die gemeente na elke perikoop 'n *halleluja*-respons gesing het. Die vreugde om die Skrif te hoor, het die laaste a-vokaal laat oorloop in 'n improvisatoriese lofuiting, waar die diepste, woordlose ekstase van die hart tot uiting kon kom (Strydom, 1994:29).

psalms, saam met gestruktureerde psalmsang, behoort as aanpasbare norme te geld, sodat die “wese” van die psalms, die kontak met God, kan herleef. Om met die eietydse mens te kan kommunikeer, behoort die “tydlose” en “ruimtelik-universele” psalms nuut in te fokus op die “tydgebonde” en “plaaslike” kulturele bevatlikheid van die NG Kerk.

5.2.7.2 Eietydse sosiale en omgewingsprobleme

Die kerklied en veral psalms kan besondere nuwe betekenis in krisistye en probleem-situasies kry. Ook in Suid-Afrika kan die aktuele probleme van die tydvak deur die teksinhoud van die psalms aan God opgedra word.

Routley (1982:6) beskryf die interaksie tussen die kerklied en die kerkvolk as ’n tipe ekologie – lewende organismes wat deur hulle omgewing beïnvloed word. Klaagpsalms, wat vroeër by verskillende kerkliedbundels uitgelaat of geïgnoreer is, het as gevolg van twee wêreldoorloë nuwe betekenis gekry en het begin om ’n funksionele rol as gebedsliedere te vervul (Brink & Witvliet, 2003:328). Hulle kan nuut ontdek word wanneer dit gebruik word om verskillende probleme en bekommernisse voor God te bring (Curtis, 1997:288). ’n Besondere kenmerk van die klaagpsalms is dat hulle nie net oor probleme kla nie, maar dit gelowig voor God bring as die Regter, die Almagtige, wat alle lotgevalle van die mens in sy hand hou. Daarom het klaagpsalms ’n hoopvolle ondertoon en eindig dit dikwels met lofprysing aan God (Curtis, 1997:290). Die volgende behoeftes of klagtes word verwoord: ’n behoefte aan leiding (Psalms 86, 143) of ’n verlange na God (Psalms 22, 42, 43 en 63), klagtes oor vyande (Psalms 56, 64 en 109), veronregting (Psalms 4, 5 en 94), uiterste nood of doodsangs (Psalm 28, 54, 55, 69, 88 en 142), sonde en smart (Psalms 13, 38, 39, 51 en 102). Dikwels word meer as een klagte egter per psalm aangehef.

Mense ervaar verligting wanneer hulle bewustelik met God hulle hartseer, twyfel en depressie kan deel (Bell 1996:8). Die taal van die Skrifpsalms is poësie wat

gevoelens en ervarings realisties kommunikeer en stel lesers in staat om iets van die psalmdigters se pyn, frustrasie of vreugde aan te voel (Curtis, 1997:288). Curtis (1997:288) noem emosievolle belewenisse wat deur middel van beskrywende beeldspraak tot eietydse mense kan spreek: heimwee – die verlange na die geboorteland (Psalm 137), uitgelaate blydschap oor God se verhoring (Psalm 126) 'n noodroep – wanneer die swaarkry te veel word om te dra (Psalm 42:8) en die eensaamheid van Godverlatenheid (Psalm 42:7). Daarom behoort die affektiewe woordgebruik en uitdrukkingswyses van die Skrifpsalms tot uiting te kom by die omdigting van psalms as liedere (Shelt, 1996:73).

Algemene probleme waarmee die meeste mense in Suid-Afrika (maar ook wêreldwyd) tans worstel of in aanraking kom, word in die volgende Skrifpsalms aangespreek: die behoefte aan beskerming (Psalms 3, 4, 7, 57, 59 en 91), angs en vrees (Psalms 30 en 56), siekte (Psalms 30, 38, 39, 41), ouderdom (Psalms 71 en 92:14-15), dood en lewe (Psalm 31), spanning (Psalm 131), hartseer (Psalm 147:3-6) wanhoop (Psalm 61), moedeloosheid of depressie (Psalms 40 en 69) die voorsiening in alledaagse middele (Psalms 23, 37 en 40:12-13,17-18), onsekerheid (Psalm 37:23-24,31), twyfel (Psalms 31:8-11,15-16,22,25 en 40:4-6,17), bekommernis (Psalms 13, 31:11 en 34:6-11,18-20), koersloosheid (Psalms 25:8-10 en 143:8-10) en betekenisloosheid (Psalm 119:37-38).

Maatskaplike probleme wat eietydse aktueel is, word in die Skrifpsalms aangespreek. Sommige daarvan is misdaad (Psalms 27, 59, 94), werkloosheid en armoede (Psalms 37 en 72:12-14), uitbuiting (Psalm 58:2-6), korrupsie en bedrog (Psalms 10, 12, 52). Uitdagende omstandighede heers wêreldwyd en NG Kerk-lidmate kry ook daarmee te kampe. In die psalms word dit geopper en kan dit nuut belig word: oorloë (Psalms 33:16-19, 46:9-12 en 60), terrorisme (Psalm 59:2-6), hongersnood (Psalms 33:18-21 en 34:10-11), Godloosheid (Psalms 36:2-5, 37:10-22) en die ekologies bedreigende toestand van aardverwarming (Psalm 33:6-9). Sekere natuurrampe neem toe as gevolg van hierdie situasie en dit kan in die lig van die psalms nuwe betekenis kry (Psalms 18:8-16, 46:3-4, 65).

Uit die voorafgaande blyk dat die psalms se funksionaliteit direk deur doelgerigte, tematiese omdigting daarvan verhoog kan word. Deur bewustelik die probleme van die tydvak en die behoeftes wat daardeur ontketen word, as 'n faktor vir aanpasbare norme te hanteer, kan die psalms 'n daadwerklike gespreksmedium tussen God en sy bondsvolk bly.

5.2.8 Die massamusiekkultuur as faktor by Afrikaanse psalmsang

Die massakultuur het 'n toenemende invloed op alle Christelike kerkmusiek omdat die musieksmaak van die kerkvolk direk daardeur geaffekteer word. Ononderbroke agtergrondmusiek in die moderne popmusiekstyle het 'n leefwyse geword. Jonger generasies van ons tyd word feitlik slegs daaraan blootgestel en kan nie effektief bereik word sonder om hulle musiektaal in ag te neem nie. 'n Kerk se liedrepertorium word uiteraard geraak deur die omringende kulturele milieu. Aangesien eietydse musiek deel van 'n bepaalde "sosiale profiel" uitmaak, sal dit onder andere bepaal watter soort liturgiese liedere geskik is om as "mondstuk" vir gemeentes te kan dien (Grové, 2006:26). Deur 'n uiteensetting van die motivering, eienskappe, omvang en invloed van hierdie musiekkultuur, kan dit realisties benader en objektief beoordeel word.

Kommersiële strategieë dien as hoofmotivering van die wêreldmusiekkultuur, daarom word die mens se behoefte aan vermaak en die voorsiening daarvan uitgebuit (Strydom, 1994:204). Trefferliedjies word in oormaat geproduseer; omdat dit min substansie het, klink dit gou afgesaag en word dit gou vergeet. Tans geld hierdie musiekstyle, by die grootste deel van die Westerse wêreld, as die enigste, standhoudende maatreël tot toeganklikheid (Miller, 1993:209). Die musiek stel nie ten doel om aanspraak op enige vorm van "kunskwaliteite" te maak nie (Grové, 2006:25). Hierdeur het die algemene smaak van die verbruikersmassa die enigste maatstaf vir gehalte geword.

Die klank van die massamusiekkultuur word gekenmerk deur 'n oorbeklemtoonde ritme, versterkte bas, sintetiese klank en alles-oorheersende klankversterkers (sien ook Roux, 1985:265). Strydom (1994:220-222) lig die volgende eienskappe van die musiek uit: dit is simplisties ten opsigte van elemente soos melodie, harmonie, ritmiese afwisseling en vorm, dit is gestandaardiseer, herhalend, gebruik eenvoudige, harmoniese progressies en vra geen inspanning van die verbruiker nie, dit bied geen diepte of inhoud nie sodat dit onmiddellike bevrediging kan bied, dit is aggressief en bied ruimte vir protes en kritiek teenoor alle outoriteite (Viljoen, 1997:46,51). Hierdie kuns bied hoofsaaklik plesier, opwindning en ontvlugting, dit vereis geen inoefening of inspanning nie – die enigste norm is die beantwoording aan die massasmaak (Strydom, 1994:221).

Verspreiding van die wêreldkultuur geskied deur die massamedia en as hoofeksponent daarvan geld die eietydse musiek – veral die lied van die dag (Van der Colf, 1997:21). Vorster (1996:70) skryf die radikale veranderinge in kommunikasietegnieke aan die ontwikkelinge op die gebied van elektroniese media toe, hy sien dit as 'n kubernetiese revolusie. Dit behels radio- en televisieuitsendings, laserskywe (CD's), video's, veelvoudige digitale skywe (DVD's), en kubernetiese kommunikasies deur rekenaars en selfone. Hierdie kontemporêre liedkultuur word as "wêreldbesit" beskou (Viljoen, 1997:25).

Die invloed van die massamusiekkultuur word deur *gospel* en kontemporêre Christelike musiek in verskillende poplied-genres vergestalt en as sodanig het dit naas die tradisionele kerkliedstyl op die voorgrond getree. In Suid-Afrika word *gospel* toenemend op radiosenders (televisiesenders asook op die CD- en DVD-mark) gehoor – meestal ten koste van tradisionele kerkliedere (Fourie, 2000:468). Deur die wêrelddorpsituasie (*global village*) word hierdie invloede toenemend in Suid-Afrika waargeneem en het dit 'n negatiewe invloed op die funksionaliteit van die tradisionele, liturgiese sangstyl in die NG Kerk – hierdeur word die psalms, volgens die kommentaar by 3.4.5, as "oudmodies, swaarmoedig en argaïes beskryf".

Die eietydse massamusiiekkultuur kontrasteer in alle opsigte met tradisionele psalmsang en veral met die Geneefse styl. Dit verklaar waarom daar eietyds 'n toenemende weerstand teen die Geneefse psalms openbaar word. Die volgende is die belangrikste teenstellende eienskappe wat uitgelig kan word:

- Die massamusiiekkultuur plaas solosang en die solis sentraal, terwyl die psalms gemeentelik en met die fokus op God plaasvind.
- Die massamusiiekkultuur van die dag word deur ritme gedryf (sonder ritme is dit futloos en kragteloos), terwyl ritme by die Geneefse styl toevallig plaasvind.
- Ritme en perkussie by die massamusiiekkultuur is belangriker as die melodie en woorde, terwyl die teks by die Geneefse styl juis die uitgangspunt vorm.
- Begeleiding by die massamusiiekkultuur geskied met eietydse instrumente en elektroniese klankkleure wat totaal kontrasteer met die ongeleide gemeentesang van die Geneefse psalms.
- Die sangstyl, aanslag, passie, liggaamsbewegings, die beligting en teatrale verhoogstatus van die massamusiiekkultuur verskil totaal van die sober styl wat kenmerkend van die Geneefse psalms is.

Uit die bostaande blyk waarom postmoderne mense, ook NG Kerklidmate, toenemend die Geneefse styl as onaanvaarbaar of vreemd beskou – die musikale styl van die massamusiiekkultuur en die musiek waaraan hulle blootgestel word, is voortdurend besig om hulle smaak en toeganklikheidspeil in 'n teenoorgestelde rigting te stuur. Die resultate van hierdie ondersoek bevestig dat daar tans 'n algehele negatiwiteit teenoor psalmsang heers – veral die vrees vir die aanleer van nuwe psalmmelodieë, blyk 'n aktuele struikelblok te wees.

Die mate waarin die massamusiiekkultuur tans die liturgiese psalmsang van die NG Kerk in Suid-Afrika beïnvloed, kan nouliks oorskat word. Volgens Viljoen (1997:46) is dit die grootste, enkele, vormende faktor op jongmense se innerlike lewens,

hulle lewensbeskouing en –waardes, hulle word daarmee groot en dit vorm 'n integrale deel van hulle lewens. Die uiteindelik deurslaggewende openbare mening van die tyd word daardeur gevorm (Miller, 1993:160).

Die prominensie van die massamusiekkultuur en die gevolge daarvan op die kerklied en op psalmsang van die NG Kerk in Suid-Afrika veroorsaak dat dit toenemend as 'n faktor vir aanpasbare norme in ag geneem behoort te word. Die bestaande massamusiekkultuur behoort normatief geëvalueer te word met die doel om vas te stel in watter mate en watter tendense daarvan vir psalmsang aangewend kan word. Die NG Kerk in Suid-Afrika kan egter baat by die besinning van leidende ekumeniese himnoloë oor die aanwending van eietydse musiek vir liturgiese doeleindes.

5.2.9 Wêreldwye norme vir eietydse liturgiese psalmsang

Wêreldwyd moes himnoloë veral gedurende die laaste drie dekades voortdurend besin oor die groeiende, ontwikkelende invloed van die massamusiekkultuur en die impak wat dit op die liturgiese kerkmusiek uitoefen. Hoewel kerkmusici dit vanuit die staanspoor eens was dat estetiese norme die uitgangspunt behoort te bly, het hulle tog mettertyd wyer daaroor begin dink en skryf.

In hierdie afdeling word estetiese kwaliteit as standhoudende norm eietyds prakties toegepas by 5.2.9.1, terwyl aanpasbare norme, wat op eietydse psalmsang van toepassing is, by 5.2.9.2 tot 5.2.9.5 bespreek word. Die oorheersende vraag is hoe om die liturgiese liedere en veral psalms in 'n vinnig veranderende, kulturele situasie te veraktualiseer – watter balans tussen die standhoudende en aanpasbare norme in verskillende situasies behoort te geld. Die basiese beginsels wat deur wêreldhimnoloë uitgelig is, word van toepassing gemaak op die situasie in die NG Kerk in Suid-Afrika.

5.2.9.1 Praktiese voorstelle vir die keuring van liturgiese liedere

Bell (1996:5-11) gee wenke vir die keuring van eietydse liturgiese liedere. Die praktiese toepassing daarvan op psalmsang is telkens in hakies bygevoeg.

- Is hierdie lied Skrifgefundeerd? (By psalms behoort die teologiese inhoud van 'n Skrifpsalm getrou weergegee word.)
- Hoeveel van die liedinhoud fokus op die outeur meer as oor ander sake? (By psalms gaan dit dikwels om subjektiewe belewenis wat aan God blootgelê word; dit is belangrik dat hierdie fokus gehandhaaf sal word.)
- Is dit 'n solo-lied vir 'n pop-ster of is dit bedoel om deur 'n gemeente gesing te word – sal almal kan saamsing? (Die psalmomdigting en melodie behoort die gemeentelike teikengroep se beperkings in ag te neem.)
- Het die lied 'n wysie of is dit afhanklik van die begeleiding om dit aan die gang te hou? (Psalmmelodieë behoort opsigself 'n boeiende, melodiese verloop te handhaaf.)
- Bied die lied vars insig in die wese van God of van die mensdom, of sê dit maar net wat reeds gesê is – net erger of swakker? (Nuwe psalmomdigtings of psalmgebaseerde liedere kan alleen oorweeg word, indien dit 'n verbetering of 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande liedere kan bied.)
- Praat hierdie lied met God oor vandag se lewe op enige besondere manier? (Die meeste eietydse probleme kom in die Skrifpsalms voor, dit behoort egter geaktualiseerd aangebied te word – dit kan geweldig waarde toevoeg aan die lied indien dergelike ooreenkomste subtiel kultureel aangepas word.)
- Indien hierdie lied vir kitaar is, gebruik dit meer as drie akkoorde? (Bell impliseer die handhawing van estetiese kwaliteit en goeie smaak.)

Uit die bostaande blyk dat basiese Calvinistiese beginsels vir die kerklied veronderstel word, maar dat eietydse omstandighede himnoloë genoop het om

eietydse liturgiese sang nuut te beoordeel. Binne die tydsgewrig het daar 'n nuwe definisie van kwaliteit liturgiese sang vanuit 'n kommunikatiewe benadering ontwikkel – naas die handhawing van standhoudende norme, word algemeen besef dat aanpasbare norme noodsaaklik is vir meelewende, gemeentelike sang.

5.2.9.2 Funksionaliteit

Psalmsang, as die primêre bron vir liturgiese musiek, veronderstel die doelmatige fasilitering van die liturgiese dialoog tussen God as die fokuspunt en die gemeente as die teikengroep. Brink en Witvliet (2003:339) beskryf die dienende funksie van liturgiese musiek en hoe dit behoort aan te pas by die funksies wat dit in 'n besondere geloofsdienstigheidsverband volvoer as volg: "If the point of worship is to engage in relational actions between the gathered community and its Creator (e.g. confessing sin, praising God, interceding for divine intervention), then good liturgical music enables these actions to be accomplished..." Verder beskryf hulle goeie liturgiese musiek as 'n voertuig waarmee die doelwit van elke liturgiese aksie bewerkstellig behoort te word - elke aksie moet tot uitvoering gebring word, dit bekragtig, dit uitbeeld en verwerklik. Hulle rond hierdie gedagte as volg af: "Liturgical music, in other words, must be functional, it does not serve as an end in itself."

Funksionele liturgiese psalmsang veronderstel dat dit effektiewe kommunikasie tussen God en die gemeente by verskillende elemente van die erediens moet kan bewerkstellig. Aangesien die oorspronklike psalms in die tempelliturgie diens gedoen het (2.1) en baie van hulle in 'n dialogiese formaat gedig is, kan die psalms as ideale maatstaf vir funksionele liturgiese liedere dien (sien 4.4). Sommige psalmomdigtings uit die *Liedboek* reflekteer hierdie dialoog, maar is om vele redes, soos bespreek in Hoofstuk 3, nie uiters funksioneel nie. Tematies-liturgiese omdigtings uit geselekteerde psalmgedeeltes wat eietydse toeganklikheid en funksionaliteit ten doel stel, behoort as 'n dringende noodsaaklikheid beskou te word.

5.2.9.3 Toeganklikheid

Profetiese musiek wat toeganklik is, is dikwels eenvoudige kerkmusiek vir gewone mense. Ten opsigte van kerkmusiek kan mense nie slegs bly vassteek by dít wat as 'n aangename ervaring beleef is (Routley 1964:202) of wat hulle as aanvaarbaar beskou nie – dit bied nie die geheelprentjie nie. Die algemene en onveranderlike beginsel van estetiese kwaliteit by kerkmusiek bly die uitgangspunt, maar dit mag nooit gekritiseer word omdat dit in 'n jazz-, ligte, populêre, jeug- of moderne idioom geskryf is nie. Slegs dít wat hooghartig, oneerbiedig, onbeskaafd of van swak gehalte is, moet gekritiseer word. 'n Goeie liturgiese lied is ongeveer 10 persent oorspronklik en 90 persent volksgeoriënteerd (Routley, 1978:89, 91), en daarom toeganklik.

Volgens Routley (1982:1,3) is “kerkliederere die volksliederere van die Christenvolk”, dit is “ 'n gemeenskaplike of gemeentelike aktiwiteit ... geskik om gesing te word deur 'n gemeente wat uit onopgeleide sangers bestaan”. Daarom kan die gewilde, eietydse geestelike musiek dieselfde rol speel as die volkse musiekstyle wat telkens in tye van geestelike hernuwing ontstaan het (Hustad 1994:14) en in die ekumeniese kerkliederskat geabsorbeer is.

Om die teksinhoud suiwer oor te dra, moet die psalms literêr en musikaal op so 'n verstaanbare vlak aangebied word, dat dit sal tuiskom by die kerkvolk. Hierdeur sal die psalms toeganklik wees om as doelmatige gespreksmedium tussen God en die gemeente te kan funksioneer, maar kan dit ook vir gemeentelike as persoonlike gebedsuiting toeganklik word.

5.2.9.4 Intellektuele en emosionele kommunikasie

Curtis (1997:288-289) voer aan dat die volledige mens deur liturgiese sang betrek moet word. Wanneer die intellek en die emosie gekombineer word met die gelyktydige aanwending van poëtiese en musikale vorme, soos by die psalms

gebeur, is die impak daarvan op die geheue kragtiger. Deur dit gemeentelik aan te wend, word die invloed van koinonia ook betrek en kan die betekenis soveel sterker inslag vind. Daarom propageer hy dat 'n balans tussen die kognitiewe en affektiewe benaderings in die eietydse liturgiese lied en spesifiek by die skep van psalms gehandhaaf moet word.

Ware entoesiastiese gemeentesang begin egter by kommunikasie met die lewende God. Wanneer God en die gemeente in dialoog tree deur die lied, verander die dimensie. Dan word die dialoog omvorm in trioloog, aangesien die kontak vertikaal en horisontaal werk. Wilson-Dickson (1992:244) brei uit hierop deur te vra: "What is Excellence?" en skryf dan: "Enthusiastic congregational singing, which arises from positive spiritual commitment, may be a dimension far more important than the musical idiom." Hy impliseer hiermee dat die musikale idioom nie noodwendig al kriterium is nie, maar dat entoesiastiese gemeentelike sang wat uit geestelike toewyding spruit, vir God belangriker is as menslike maatstawwe wat bloot 'n hoë standaard van musikale styl vir kerkliedere toepas.

Samevattend dui dit daarop dat 'n toeganklike, tekstuele en musikale idioom, waar die hart en verstand betrek word, saam met 'n gesindheid van toewyding, die verlangde dimensie by psalmsang kan bewerkstellig. Daarom behoort die aanslag of benadering wat hierdie totale betrokkenheid kan help bevorder, doelbewus toegepas te word by skep van die omdigting en die melodie, terwyl alle faktore wat volledige kommunikasie kan inhibeer, uit die weg geruim behoort te word.

5.2.9.5 Kulturele akkommodering

Kulturele akkommodering behels begrip en ruimteskepping vir die mens binne sy denk- en leefwyse. Ten opsigte van psalmsang behoort die teks en toonsetting daarvan tematies en melodies herkenbaar in die plaaslike en ontwikkelende volksidioom aangebied te word.

Shelt (1996:70) beklemtoon dat liturgiese sang heelhartige gemeentelike deelname behoort te bewerkstellig deurdat komponiste van liturgiese liedere die kulturele teikengroep in ag neem. "Composers of worship songs must produce an authentic vital expression of the text in the musical language of the culture or subculture for which it is intended." (Shelt, 1996:74.) Die kerkliedteks behoort eerstens te kan kommunikeer, aangesien dit "volkspoësie" en "gebruikskuns" is - dit moet verstaanbaar met die teikengroep deur die "volkstaal" in gesprek tree. Die spreektaalidroom moet gebruik word sodat beeldspraak lewensgetrou, logies, raakbeskrywend binne die bepaalde kultuur kan wees. Die eenheid van woord en toon is 'n basiese vereiste vir kommunikatiewe trefkrag (Strydom, 1994:255-257).

Die kulturele konteks behoort ten opsigte van die begeleiding van psalms te geld. Shelt (1996:76) beveel aan dat 'n wye verskeidenheid van instrumentale teksture vir dié doel aangewend word, gegrond daarop dat volgens Psalm 150 afgelei kan word dat "alle beskikbare instrumente" aangewend is om God te loof. Bell (1999:18-19) onderstreep dat liturgiese liedere, volgens die styl van die kultuurgroep, met outentieke, begeleiding sal geskied. Dit sal beteken dat kulture wat reeds deur die wêreldmassamusiek geïnfiltreer is, ook sal identifiseer met die instrumente uit hierdie kultuur en dit daarom behoort aangewend te word.

Ter wille van akkommodering van diversiteit in gemeentesamestellings is dit belangrik om wyer as die eie gemaksone of smaak aan te pas. Volgens Miller (1993:57-58) vind sommige kritici dit moeilik om musiekstyle wat buite die persoonlike smaak val, te kan goedkeur vir liturgiese gebruik. Kulturele kondisionering verhoed dat hulle die werking van Gods Gees buite die bekende tradisionele kan raaksien. Anderson (1986:63) beskryf die aanpassing wat gemaak moet word om 'n wyer missiologiese visie en pluraliteit te akkommodeer. Die vraag by die kerklied is nie: "Sluit dit aan by ons kerk se tradisie nie?" maar "Is dit Christelik?", met ander woorde, verteenwoordig dit die dienende missie van die Christendom in die wêreld?

In aansluiting hierby skryf Payton (2007:10) dat die kerk slegs daarby kan baat indien die beste voorbeelde uit die bestaande wêreldwye musiek en sang gekeur kan word vir liturgiese gebruik. Hy waarsku dat selfsugtige behoeftes van individue of teikengroepe die liggaam van Christus kan verdeel. Wanneer diverse kulture in 'n psalmbundel ingesluit word, kan dit slegs die plaaslike liturgiese kultuur verryk. Stam en Witvliet (1998:56) redeneer dat weens die groeiende ekumeniese bewussyn, daar 'n openheid en belangstelling in kulturele verskeidenheid bestaan wat verrykend ontgin behoort te word. Hierdeur kan Christelike musiek vanaf Suid-Amerika, Afrika en van Asiatiese bronne toenemend ingesluit word by eietydse kerkliedbundels.

Uit hierdie afdeling kan afgelei word dat plaaslike kulturele akkommodering deur psalmsang beteken dat die psalms op so 'n wyse aangebied behoort te word dat die teiken-kultuurgroep dit as eiendomlik sal herken. Aangesien die wêreldmassakultuur reeds deur globalisering gedeeltelik in die plaaslike kultuur geabsorbeer is, bestaan daar elemente van die ekumeniese kultuur wat reeds ingang gevind het en wat verder verrykend aangewend behoort te word. Ruimte vir wêreldwye kulturele ontwikkeling in die eietydse musiek behoort daarom akkommoderend benader te word.

5.3 DIE EVALUERING VAN EIETYDSE MUSIEK VIR PSALMSANG IN DIE NG KERK

Die liturgiese psalms van die NG Kerk is deur verskillende strominge en ontwikkelinge op die gebied van eietydse musiekaanbidding beïnvloed. 'n Bespreking van eietydse liturgiese musiek om dit verantwoordelik en positief te kan hanteer en normatief te beoordeel, is daarom ter sake.

Eienskappe van die eietydse musiek is in werklikheid 'n musikale weergawe van die postmoderne filosofie. Dit kom op verskillende maniere tot uiting deur die eietydse geestelike musiek: die eensydige beklemtoning van lofprysing, die

optrede van soliste en instrumentaliste wat vanaf 'n verhoog leiding gee, emosionele uitdrukking, liggaamlike beweging, die gebruik van elektroniese instrumente, rustelose onvoorspelbaarheid, spirituele atmosfeerskepping, herhaling, die uitskakeling van reëls en strukture, groot klankvolumes, beklemtoonde, ritmiese effekte, teatrale verhoogeffekte, oppervlakkigheid en simplistisisme (5.2.8) (sien ook König, 1998:75-77).

Beginsels vir die evaluering van eietydse musiek vir liturgiese psalmsang behoort primêr vanuit die standhoudende norme beoordeel te word. Daarom bly kwaliteit Christelike norme essensieel en behoort kontekstualisering die kenmerkende elemente van die Christelike geloof uit te lig (Brink & Witvliet, 2003:344-346). Die integriteit en majesteit van God dien as bron vir die liturgiese lied, maar dit kan egter nie eensydig vergeestelik word, sonder om die sekulêre kultuurwêreld van erediensgangers, te veraktualiseer nie (Kloppers 1997:308).

Die kerklied is 'n uiting van volkskultuur wat bokant nasionale en etniese grense uitstyg, omdat dit deur die Goddelik-geïnspireerde Skrif gemotiveer word en die kerk deur volksgemeenskaplike interaksie saamgebind word (Payton, 2007:7-8). Eietydse kerkliedere en psalms kan alleen funksioneel wees, indien dit deel van die sosiale struktuur uitmaak. Psalmsang moet reageer op die omringende kultuur, maar terselfdertyd ook die kulturele inhoud daarvan krities ontleed en beoordeel.

Geselekteerde volksmusiek het sedert die Hervorming as bron van kontrafakte vir liturgiese liedere gedien. Waar spontane volksliedskeppende sosialisering grootliks in onbruik verval het, het die mediagedrewe massamusiekkultuur situasies geskep waardeur die behoefte daaraan uitgeskakel is (sien ook Payton, 2007:1, 7-8). Hierdie eietydse musiekkultuur het 'n belangrike bron van eietydse kontrafakte geword.

Weens die behoefte aan eietydse, liturgiese musiek ontspring nuwe geestelike liedere oral. Hoewel dit nie altyd kwalitatief aanvaarbaar is nie, is dit tog 'n

hoopvolle ontwikkeling omdat dit uit outentieke, aanbidding spruit (Kloppers, 1997:103). Megakerke stel groot hoeveelhede geestelike liederes in 'n populêr-kommersiële styl op die internet beskikbaar wat geselekteer kan word vir gebruik (Brink & Witvliet, 2003:338). Geestelik volwasse lidmate uit verskillende teikengroepe behoort by die besluitneming oor kerkliedere betrek te word, aangesien hulle as die beste raadgewende partye beskou kan word (Miller, 1993:19). Weens die groot hoeveelhede van hierdie liederes, sal slegs dié paar wat werklik diepgaande waarde het, oorleef (Payton, 2007:10), maar hulle sal bly voortbestaan as monumente van die werking van die Heilige Gees binne die tyd waarin ons lewe (Miller, 1993:1). Hierdie ontwikkelende style behoort in musiekkategorieë saamgebundel te word tot heil van die kerk (Bell, 1999:18).

Indien die meeste eienskappe van eietydse musiek in oënskyn geneem word, vorm dit in baie opsigte die teenpool van dié wat die gereformeerde kerke as aanvaarbare tradisies aanhang – wat dui op 'n gebrek aan begrip vir die nodige aanpasbare norme ten opsigte van die ontwikkelende kultuur. Terselfdertyd word die leemtes wat gelei het tot 'n wegbeweeg van hierdie tradisies hierin gereflekteer. Daarom is dit nodig om die eietydse musiek te evalueer, die eienskappe wat teen die standhoudende norme indruis, te identifiseer en uit te rangeer. Daarteenoor behoort eienskappe wat doelmatige verryking kan bewerkstellig, geassimileer te word in die kerkliedkultuur en tot bevordering van psalmsang aangewend te word.

Die volgende eienskappe van eietydse musiek behoort verrykend op psalmsang in die NG Kerk te kan inwerk:

- Gevoelsmatige aanbidding is inherent deel van Ou Testamentiese psalmsang (2.1.6) en vorm deel van die postmoderne mens se spirituele voorkeure.
- Spirituele atmosfeerskepping is een van die pluspunte van eietydse aanbidding, dit was oorspronklik deel van die uitvoering van psalmsang

(2.1.3) en kan deur eietydse klankkleure geskep word om aan te pas by verskillende psalms.

- Herhaling is een van die tendense wat vernuwend deur eietydse omdigtings en toonsettings ontgin behoort te word en wat liturgies verrykend kan bydra tot die erediens. Die parallelle poëtiese strukture, soos eiendomlik van die oorspronklike psalms (2.1.6) kan nuut deur die eietydse tendense beklemtoon word. 'n Andersoortige vorm van herhaling kom veral by die Taizé-liedere voor: Kortvorm-psalms word herhalend aangewend om, saam met die melodiestyl 'n meditatiewe gemoedstemming te skep.
- Liggaamlike beweging is een van die aspekte wat in gevestigde kerke afgeskeep is. Dit was in Oud-Israel deel van die uitvoering van psalms in die vorm van koordanse (Psalms 149:3 en 150:4), die klap van hande (Psalm 47:2) of die ophef van hande (Psalms 28:2, 63:5 of 141:2). Hierdie bewegings is tans deel van die ritmegebaseerde, eietydse kultuur en indien daar 'n behoefte daarvoor bestaan en dit ordelik, met die fokus op God uitgevoer word, kan dit verrykend aangewend word.
- Elektroniese instrumentale begeleiding of klankkleure is deel van die eietydse "volksmusiek" en behoort 'n rol in die musikale toeganklikheid van psalms te kan speel. Dit kan verrykend naas of saam met die orrel gebruik word by gepaste psalms of moontlik afwisselend as verskillende klankkleure by antifoniese sang.
- Beklemtoonde, ritmiese psalmsang was deel van die oorspronklike uitvoeringswyse. Drie soorte slaginstrumente word in verband met die begeleiding van psalms genoem: tamboeryne, simbale en galmende simbale (Psalm 150). Eietyds funksioneer ritme as 'n basiese, energiewekkende krag en kan dit ondersteunende oortuigingskrag aan lofpsalms verleen, terwyl ander psalms, met inagneming van die teksinhoud, daarby kan baat.
- Groot klankvolumes is deel van die uitvoeringswyse van die Ou Testamentiese psalms (Psalms 81:2-4, 98:5-6, 2 Kronieke 5:12-13, 2 Kronieke 15:14) (sien 2.1.4). Dit is een van die eienskappe van eietydse

musiek wat mense aangryp en dit kan die volume van die orrel afwisselend balanseer of in kombinasie daarmee aangewend word.

Die volgende eienskappe van eietydse musiek, is onaanvaarbaar vir erediensgebruik omdat dit indruis teen grondliggende, liturgiese beginsels en psalmsang:

- Die eensydige beklemtoning van lofprijsing is onversoenbaar met die volledige Skrifinhoud en die inhoud van die 150 psalms. Klaagpsalms en sondebelydenis vorm ongeveer een derde van die psalms (2.1.7).
- Solosang met die fokus op die kunstenaar, druis direk in teen die fokus van die erediens en die psalms – waar God die middelpunt vorm.
- Teatrale verhoogeffekte, of sensasionele beklemtonings, wat deel van die vermaaklikheidswêreld uitmaak, is onaanvaarbaar in die erediens en openbaar die teenoorgestelde gesindheid as wat uit die psalms spreek. Simbolies-liturgiese handelinge of simboliese versierings behoort egter by psalmsang ontgin te word. (Deurdat die gemeente byvoorbeeld gesamentlik hulle hande ophef wanneer 'n psalm as votum of as aanbiddingspsalm aangehef word, dat hulle sit en die hande op die bors vou by 'n boetepsalm of hande vat by 'n lofpsalm om die koinoniale aspek te beklemtoon. Simboliese versierings kan op die skerm vertoon word om die atmosfeer van 'n psalm te reflekteer.)
- Die rustelose eienskappe van eietydse musiek staan teenoor die meditatiewe atmosfeer wat by geleentheid tydens 'n erediens en psalmsang noodsaaklik is.
- Onvoorspelbaarheid of die afwesigheid van strukture by die teks of toonsetting van psalms kan alleen geduld word indien dit die psalminhoud onderstreep.
- Oppervlakkigheid kan nie met die psalms geassosieer word nie, omdat liturgiese psalmsang as kommunikasie met God dien – dit raak die diepste wese van menswees.

- Simplistisisme is deel van eietydse musiek, waar cliché-agtige tekste en niksseggende melodiese fragmente dikwels herhaaldelik, sonder diepgang of motivering gebruik word. Eenvoudige, maar innige tekste en eenvoudige, toeganklike melodieë wat as respons teenoor God aangewend kan word, is egter die teendeel.

5.4 SAMEVATTEND

Samevattend het hierdie hoofstuk beredeneer watter faktore die toepassing van aanpasbare norme by psalmsang in Suid-Afrika noodsaaklik gemaak het en steeds essensieel maak. Aktuele historiese gebeure en ontwikkelinge skep spesifieke leemtes wat in die psalms hanteer word, maar wat sensitief omdig en getoonset behoort te word. Faktore wat as gevolg van tendense uit die postmoderne tydvak op die voorgrond tree en veral die massamusiekkultuur is bestudeer om vas te stel watter eienskappe daarvan aangewend kan word om psalmsang in die NG Kerk te bevorder.

Die eietydse massamusiekkultuur het ekumeniese hoofstroomkerke genoop om tendense daarvan by die samestelling van hulle kerkliedbundels te inkorporeer. Deur die bestudering van 'n seleksie van hierdie bundels is dit moontlik om verskillende benaderings, style en praktiese voorbeelde daaruit teen mekaar op te weeg en te evalueer watter tendense vrugbaar in die NG Kerk in Suid-Afrika aangewend kan word. Dit word vervolgens in Hoofstuk 6 uiteengesit.

HOOFSTUK 6

EIETYDSE ONTWIKKELINGE TEN OPSIGTE VAN EKUMENIESE PSALMSANG

HOOFSTUK 6

EIETYDSE ONTWIKKELINGE TEN OPSIGTE VAN EKUMENIESE PSALMSANG

Die term *ekumene* se aanvanklike betekenis dui op die universeel bewoonde gebied van die aarde, maar deur die aktiwiteite van die Wêreldraad van Kerke het dit nuwe betekeniswaarde gekry en tans dui dit alle Christelike kerke in die wêreld aan. Hierdie ekumeniese skakeling tussen kerke het naas die ondersteunende uitruiling van gemeenskaplike belange soos wêreldvrede en armoede ook 'n daadwerklike invloed gehad op die ontwikkeling van die liturgie en himnologie.

6.1 HERNUDE BELANGSTELLING IN LITURGIE EN PSALMS

'n Bewuswording van die waarde van die liturgie is in 1833 deur die *Oxford Movement* in Engeland geïnisieer (Shelley, 1982:389-392). Vanaf Engeland het nuwe belangstelling in die vorm van die *Liturgiese Kring* (1933-1955) na Nederlands-Gereformeerde en Lutherse kerke uitgekring (Strydom, 1994:127-131) sodat dit uiteindelik wêreldwyd 'n invloed uitgeoefen het.

By die Vatikaanse Konsilie II van 1962 is vernuwende liturgiese resolusies geneem wat 'n wye impak gehad het: gemeentesang asook die gebruik van die spreektaal as liturgiese taal is goedgekeur en is saam met 'n ekumeniese leksikon waarby die sing van 'n psalm vir elke Sondag aangedui word, ingevoer. Deur die ekumeniese liturgiese beweging het die gedagte om psalms gereeld as deel van die kerkjaar aan te wend versprei, sodat 'n hernude belangstelling in psalmsang ontwikkel het. Hierdeur het die belangstelling ontwikkel om die Geneefse Psalter in die oorspronklike ritmes te herstel (sien byvoorbeeld die *Psalter Hymnal* van die *Christian Reformed Church* van Noord Amerika 1987 en die *Liedboek voor de Kerken* Proefbundel 1998 waar alle Geneefse melodieë in hulle oorspronklike ritmes herstel is). Sedertdien vind daar eksperimentering met vernuwende,

metriese⁵⁷ psalmtoonsetting en responsoriese vorms plaas. Ook charismatiese kerke neem aan die psalmbeweging deel, waar dit in die vorm van Skrifkoortjies aangewend word (Anderson, 1986:70; Brink & Witvliet, 2003:326).

Deur die Wêreldraad van Kerke is die Lima-liturgie in 1983⁵⁸ saamgestel en word dit sedertdien by hulle ekumeniese vergaderings aangewend. Hierdeur het liturgiese bewussyn verder versprei. In hierdie liturgie word psalms beklemtoon deurdat dit antifonies en by die verskillende afdelings van die liturgiese jaar, onder toepaslike elemente, ingedeel is (Thurian, *World Council of Churches*, 1983: *Introduction*); (sien ook Anderson, 1986:67).

Saam met die postmodernisme ontstaan die behoefte aan die vrye hantering van die liturgie en die liturgiese lied, waarskynlik in reaksie op die modernistiese hantering van die erediens waar die monologiese preek, 'n hoofsaaklike vaste liturgie en slegs tradisionele kerkliedere aan die orde van die dag was (sien 5.2.8). Hierdeur negeer die eietydse liturgiese musiekbeskouing, behoudende, liturgiese kerkliedere, soos die psalms (sien 5.2.10). Waarskynlik as gevolg van die Lima-liturgie en as teenreaksie op die postmodernistiese verwerping van vaste liturgiese gebruike het daar wêreldwyd by Christelike hoofstroomkerke die behoefte aan 'n meer bewuste funksionaliteit by die liturgie ontstaan.

Aktiewe deelname van die gemeente is steeds aan die toeneem, wat ook deelname van leke by die beplanning en leiding van eredienste insluit (Richter, 1998:1-4). Aansluitend hierby ontwikkel die besef dat die gemeente as liggaam van Christus, veral tydens die gemeentelike sang, gesamentlik 'n uitdrukking van lof kan voortbring wat groter as die somtotaal van die stemme is. Volgens Shelt (1996:71) styg ook die eietydse koinoniaal-singende gemeenskap van gelowiges

⁵⁷ Metriese psalms kan gedefinieer word as psalmomdigtings in poëtiese metrum met 'n vaste strofestructuur waar die ritmiese beklemtonings en die aantal lettergrepe per reël vir elke strofe herhaal, sodat die melodie strofies herhalend aangewend kan word (Witvliet, 2007:106).

⁵⁸ Hierdie liturgie lewer nie alleen 'n bydrae tot liturgiese bewussyn en ontwikkeling nie, maar dien uiteraard tot verdere hegting van ekumeniese bande.

uit bokant die hier en nou – dit sluit aan by die ewige. Hierdie uitsprake bevestig die ontplooiende fokus op funksionele liturgiese sang.

Om die leemte ten opsigte van liturgiese liedere te vul, word nuwe liedere geskep, sodat dit onder andere 'n groot toename in die skryf en toonsetting van psalms tot gevolg gehad het (Brink & Polman, 1998:52). Opvallend is die beklemtoning van strukture waar aktiewe deelname van die gemeente moontlik gemaak word. Meer liturgiese deelname deur die gemeente lei tot meer nuwe liedere en meer nuwe kerkliedbundels. Deur die liturgiese beklemtoning is die rol van die koor/kantory ook by psalmsang verskuif van 'n uitvoerende na 'n ondersteunende of deelnemende liturgiese funksie (Stam & Witvliet, 1998:56).

Uit die bostaande blyk dat die siening wat ten opsigte van funksionele eietyds-liturgiese psalmsang besig is om te ontplooi, holisties is, dat dit die psalms wil herstel tot die doel waarvoor dit geskep is, maar dat dit tog die uitdagings van die tyd wil aanspreek om opnuut 'n aktuele liturgiese rol te vervul. Vervolgens word enkele eietydse bundels bespreek om aan te toon hoe psalms daarin benader word.

6.2 PSALMS IN EIETDSE EKUMENIESE BUNDELS

Verskillende ekumeniese, Christelike organisasies en hoofstroomkerke het hulle eiesoortige benadering by die hantering van psalms. Hierdie studie kan baat by die kennisname van nuutste ontwikkelinge op die gebied van ekumeniese psalmsang, daarom word 'n verteenwoordigende verskeidenheid van eietydse liederbundels ondersoek. Die bundels word onder die volgende afdelings bespreek: die benadering waarvolgens psalmtekste omgedig is, teksstrukture by die psalms, toonsetting van psalms, atmosfeerskepping en uitdrukkingsmoontlikhede, liturgiese formate en gebruikersvriendelike aanwending van registers. Sommige voorbeelde uit bundels word ter toeligting in Bylaag C opgeneem.

6.2.1 *Hymns Old & New* (1986)

'n Relatief moderne benadering word by hierdie bundel gevolg. Van die 38 psalms in die bundel dateer die meeste uit die 20ste eeu; slegs 11 is van ouer komponiste of bronne. Kenmerkende teksstrukture in hierdie bundel is die strofe-en-keervers en die gebruik van kort twee-, drie- of vier reël strofes, wat tydens die publikasiedatum van hierdie bundel rigtinggewende en innoverende tendense was. 'n Noemenswaardige hantering van die teks word gebruik deur soms by die laaste strofe 'n trinitariese of Nuwe Testamentiese gesigspunt by die oorspronklike psalmteks by te voeg soos by nommer 16 (Psalm 100).

Ten opsigte van die toonsettings is dit duidelik dat vernuwende tendense aangewend is: Wat die nuutgekomponeerde psalmmelodieë betref, is die meerderheid in 'n vernuwende, melodiese styl wat dikwels volksliedgebaseerde wendinge bevat. Ritmiese tendense wat redelik algemeen voorkom, is sinkope en verskillende maniere waarop lofpsalms doelbewus ritmies gekonsipieer is, ter wille van die skep van 'n opwindende atmosfeer. Die begeleidingstyl suggereer meestal 'n klavierstyl, moontlike elektroniese instrumentasie en dikwels is kitaarakkoorddrukke bygevoeg – selfs by liedere wat normaal deur 'n orrel begelei sou word, soos by nommer 60 (Psalm 137). In die geheel is daar nie vernuwende tendense ten opsigte van liturgiese bruikbaarheid nie, maar dit word wel moontlik gemaak deur die oorwegende strofe-en-keerversstruktuur,⁵⁹ weens die antifoniese moontlikhede daarvan.

Tiperend van hierdie bundel is 'n laaste strofe wat 'n trinitariese lofuiting bevat, kort strofes, volksliedgebaseerde wendinge, sinkopes, ritmies-dinamiese tegnieke vir die skep van 'n lofatmosfeer, 'n tipe klavier- of klawerbordbegeleiding, asook met

⁵⁹ Hoewel daar nie in hierdie bundel aangedui word dat dit antifonies bedoel is nie, spruit die gebruik van liturgiese keerverse uit Christelike psalmsang se eerste wortels en veronderstel dit liturgiese antifoniek (Strydom, 1994:14).

akkoorddrukke vir kitaar of alternatiewe instrumentasie en die strofe-en-keervers struktuur. 'n Konsentrasie van die meeste tendense kom voor in nommer 224, gebaseer op Psalm 43 (sien Bylaag C.1)

6.2.2 *Hymns Ancient and Modern* (1988)

Die benadering wat by hierdie bundel gevolg is, toon dat psalms nie 'n belangrike rol in die himnologiese tradisie van die Anglikaanse kerk speel nie. Slegs 31 psalms kom tussen die altesaam 533 liedere in die bundel voor. By hierdie psalms ontbreek daar enige poging om moderne tendense toe te pas. Ten opsigte van teksstrukture toonsettings en liturgiese formate word slegs tradisionele strukture tekste en melodieë verkies. Blykbaar word die handhawing van sekere historiese Anglikaanse psalmtradisies as beleid gehandhaaf. As gevolg hiervan is geen navolgingswaardige voorbeelde gevind wat in Bylaag C opgeneem kan word nie.

6.2.3 *Psalter Hymnal* (1987)

Die benadering wat by die psalms in die *PH* gevolg is, is die volledige plasing van die 150 psalms in 'n eerste afdeling. Alle psalms is volledig omgedig en een omdigting per psalm word aangebied. Tussen die Bybelliedere waaruit die tweede hoofdeel bestaan, word 30 psalms of psalmgedeeltes ingesluit. Teksformate is hoofsaaklik in tradisionele strukture en in rymvorm. Omdat volledige psalms omgedig moes word, is die omdigtings relatief lank – meestal meer as vier strofes en dikwels meer as vier reëls per strofe. Slegs vier strofe-en-keerverspsalms kom voor.

By die toonsettings is moeite gedoen om singbare wysies te kies en by melodieë en harmonieë is hoofsaaklik van tradisionele metodes gebruikgemaak. Veral by die eietydse melodieë en begeleidings is moeite gedoen om die teksinhoud te onderstreep deur die skep van atmosfeer. Die harmoniserings is hoofsaaklik vierstemmig en vir orrelbegeleiding, maar sommige bestaan uit 'n melodielyn en 'n

tipe klavierbegeleiding, soos nommer 44 (Psalm 44). By die meeste psalms word twee melodienote per harmonie hanteer. Behalwe vir 'n paar uitsonderings is daar min voorbeelde van eietydse tendense soos sinkopasie en beklemtoonde ritmiese effekte.

Hoewel die Christian Reformed Church klem lê op die gesproke liturgie, gebaseer op psalmgedeeltes, en hoewel liturgiese response as aparte onderafdeling voorkom, ontbreek daar by die gesonge psalms beplande, liturgiese formate. By psalms waar die strofe-en-keerversformaat of diskante voorkom, kan die kantory aangewend word, byvoorbeeld by nommer 160, wat gebaseer is op Psalm 22:3.

'n Psalm waar kenmerkende en navolgingswaardige tendense uit hierdie bundel aangewend word, is nommer 52 (sien Bylaag C.3). Kenmerkend is singbaarheid, harmoniese intervalgebruik, die afwesigheid van dinamiese ritmes, twee melodienote per harmonie en die skep van atmosfeer deur die begeleiding.

6.2.4 *Evangelisches Gesangbuch* (1994)

Die benadering wat by *EG* gevolg is, was om 'n beperkte hoeveelheid psalms in te sluit (64 psalms uit 'n totaal van 646 liederes), maar dit veelsydig en funksioneel beskikbaar te maak. 41 psalms se inhoud word volledig of samevattend hanteer en by 'n verdere 19 word slegs een of twee kernverse as liedtekste omgedig.

Toonsettings behels 'n verteenwoordiging van alle styltydperke, maar heelwat melodieë dateer uit die Hervorming en die meeste uit die twintigste eeu. Sommige volksliedmelodieë of volksliedstyle word gebruik, soos by nommer 337 (Psalm 117). Vernuwende tendense kom by melodieë voor as intervalgebruik wat 'n stadige harmoniese ritme impliseer, byvoorbeeld nommer 305 (Psalm 148), as sinkopasie, byvoorbeeld nommer 291 (Psalm 108), of as onreëlmatige maatsoorte, byvoorbeeld nommer 292 (Psalm 116). Atmosfeerskepping vind plaas deur die

keuse van toonaard, melodiese wendinge en deur die aanwending van ritmiese dinamiek, byvoorbeeld nommer 381 (Psalm 22:2).

Kanons as miniatuurvorm word beskikbaar gestel as selfstandige, liturgiese response, byvoorbeeld nommer 456, Psalm 113:3. Keerverspsalms word op innoverende maniere aangewend: Veral sinvol is die gebruik van die keervers as samevatting van die psalminhoud, terwyl die strofes die psalminhoud uiteensit. Sommige keerversliedere word in kanonvorm gebruik en vorm die klimaks van 'n lied. By nommer 306 word atmosfeerskepping en simboliek toegepas deurdat die woorde "... *der Freude über Gott*" dinamies met opwaartse spronge en strategiese woordbeklemtonings uitgebeeld word en die kanon vreugde in klankstapeling weergee (sien 306, Bylaag C.4) Uitsonderlik dien die keervers as inleiding tot 'n vierstemmige Anglikaanse⁶⁰ koraalsang (sien 577 Bylaag C.4).

Die liturgiese repertorium word uitgebrei deur verskillende liturgiese response van *Kyrie eleison*- en Halleluja-toonsettings⁶¹, soos 178, waarvan sommige ook in kanonvorm voorkom. 'n Moontlike epiklese gebed is verwerk na aanleiding van twee psalmverse: waar die inleiding as sangspreuk deur die gemeente gesing en antfonies deur 'n vierstemmige kanon geantwoord kan word. Na 'n herhaling van die sangspreuk sluit dit af met 'n vierstemmige "Amen" (sien Bylaag C.4 nommer 176).

Hoewel psalms nie groot verteenwoordiging in hierdie bundel geniet nie, lewer dit vernuwende bydraes wat liturgiese verryking en bruikbaarheid betref. Kanons en keerversliedere speel hierin 'n belangrike rol.

⁶⁰ Anglikaanse koraalsang (*Anglican chant*) is 'n sangstyl wat uit die Anglikaanse tradisie spruit. Dit is die vierstemmige gemeentelike sang van prosa (soms Skrifgedeeltes) op 'n eenvoudige melodiese en harmoniese basis, waarby natuurlike woordbeklemtonings resiterend en herhalend ingepas word.

⁶¹ Die *Kyrie eleison* en Halleluja-toonsettings word ingesluit omdat hulle herhaaldelik in die psalms voorkom.

6.2.5 *Liedboek voor de Kerken* (1998)

Die benadering by hierdie bundel was om die 150 psalms saam met hulle sestiende-eeuse Geneefse melodieë te gebruik en so ver moontlik in die oorspronklike ritmes te plaas. Onder die rubriek van Bybelliedere word daar 10 psalmgebaseerde liedere ingesluit. By die tekste van psalms is volledige omdigtings van die 150 psalms gemaak, wat breedsprakig benader is, sodat baie strofes en lang strofes benodig word om 'n psalminhoud weer te gee. Ook by die psalms onder die Bybelliedere is lang omdigtings die norm. Streng rymskemas en teksformasies word deurgaans gehandhaaf.

Toonsettings by die 150 psalms van die Geneefse melodieë word outentiek hanteer. Onder die 10 psalmgebaseerde *Gezangen* dateer slegs 2 melodieë uit die twintigste eeu en 1 uit die negentiende eeu; die res kom uit die sestiende en sewentiende eeue. Die meeste melodieë maak gebruik van Duitse koraalmelodieë of toon die invloed daarvan – hierdie tendense geld ook ten opsigte van ritmiese kenmerke. Min of geen vernuwende eienskappe is ten opsigte van toonaarde of atmosfeerskepping waargeneem nie.

Volgens hierdie gegewens blyk dit dat die Nederlandse kerklik-kulturele beskouing, die psalms hoofsaaklik met historiese kerkliedere assosieer – waarskynlik om hierdie rede is dit kleurloos en met min kreatiewe geesdrif gehanteer. Hoewel daar interessante en bruikbare nuwe melodieë onder die gesange voorkom, is daar nie navolgingswaardige voorbeelde van psalmgebruik gevind nie en is daar nie 'n voorbeeld in die Bylaag ingesluit nie.

6.2.6 *Chants de Taizé* (2001)

Taizé-liedere is hoofsaaklik op Skriftekste gebaseer sodat psalms redelike prioriteit geniet: psalmgebaseerde voorbeelde maak 23% van hierdie bundel uit. Kort teksstrukture, soos kerngedeeltes uit psalms, of treffende frases uit psalmverse, word aangewend. Liedtekste bestaan uit een, twee of uitsonderlik uit meer reëls. Strofiese strukture kom by uitsondering voor en rym vind net soms of toevallig plaas. Ter wille van die ekumeniese bedieningsbenadering word Latyn en Engels oorwegend gebruik, maar altesaam 41 verskillende tale word gebruik. Gemiddeld word ongeveer 10 tale per lied geplaas.

Toonsettings handhaaf 'n eenvoudige, kort melodiese stelwyse wat op 'n sentrale tema gebaseer is. Kenmerkend van Taizé-melodieë is dat dit herhaal word en sommige, soos nommer 1, eindig op die dominantharmonie sodat dit logies teruglei na die begin. Harmonies word eenvoudige progressies gehandhaaf, wat in sommige gevalle aan 'n vierstemmige *chant* herinner. Omdat die "gemeente" liedere vierstemmig sing, is die stemvoering eenvoudig genoeg om gemaklik van-die-blad singbaar te wees. Begeleidings by Taizé geskied gewoonlik op 'n klawerbordinstrument wat met 'n tipe klassieke kitaarstyl en -klank speel. Baie psalmgebaseerde liedere is aanvullend vir 'n aanpasbare verskeidenheid instrumentale en solistiese sangstemme verwerk waar elke melodie keurig is en individualiteit besit. Dit maak estetiese afwisseling van dinamiek en klankkleure moontlik.

Atmosfeerskepping is kenmerkend by hierdie liedere: 'n meditatiewe atmosfeer word geskep deur eenvoudige melodiese lyne, modale toonaarde, herhalende melodienote of akkoorde, onopvallende stadig-wisselende harmonieë met 'n stadige tempo. In teenstelling hiermee word 'n atmosfeer van lof verklank deur opwaartse spronge van die 4de en 5de, sinkopiese of dinamiese ritmepatrone en word dit in 'n vinniger tempo gesing (sien Bylaag C.6 nommers 17 en 24).

Hoewel die psalmgebaseerde liedere in *CdT* nie noodwending vir liturgiese dialoog geskep is nie, vind antifoniese aanvulling by Taizé plaas, deur die byvoeging van solistiese stemme wat afwisselend of kontrapuntaal met die gemeente optree. Verskillende verwerkings van die vierstemmige *Alleluia* word as antifoniese dialoog tussen die gemeente en soliste aangewend. Die gemeente begin met die sing van die *Alleluia* en herhaal dit as keervers terwyl solistiese teenstemme die psalmteks opeenvolgend uiteensit. Die laaste vierstemmige “a” van die “halleluja” eindig dikwels op die dominant harmonie en word saggies aangehou terwyl die solistiese psalmkantilering voortgaan⁶² (sien Bylaag C.6.3 en C.6.4).

Die Taizé-bundel bevat heelwat vernuwende tendense soos die eiesoortige, meditatiewe aanslag, doelbewuste herhalings, eenvoudige harmoniese en melodiese wendinge, die gelyktydige gebruik van verskillende tale en eenvoudige, kernagtige tekste.

6.2.7 *Agape Songs of Hope and Reconciliation* (2003)

Hierdie bundel is saamgestel vir die Wêreldfederasie van Lutherse Kerke en is doelbewus vir die bevordering van versoening tussen verskillende bevolkingsgroepe gekonsipieer. Van die nuutste ekumenies-himnologiese tendense word by die benadering van psalmaanwending in hierdie bundel verteenwoordig. Die Skrif en veral psalmgebaseerde liedere speel 'n belangrike rol omdat die psalms universeel as bron vir liturgiese sang aangewend word. Onder andere word 83 psalmverwysings by die inhoudsopgawe aangedui (*Agape*, 2003:200-211).

Verskillende teksstrukture word aangewend: Net enkele psalms is volledig omgedig; uit verskillende Skrifpsalms is slegs een of 'n paar verse gebruik; by sommige psalms word slegs 'n prominente frase of sin van een vers uitgelig wat

⁶²Die liturgiese gebruik om die psalms deur kantors voor te dra, afgewissel met gemeentelike Halleluja-response dateer uit die vroeg-Christelike kerk (Strydom, 1994:26; 29).

dan herhalend gebruik word – dit is veral tipies van volksmusiek uit ontwikkelende lande soos Brasilië, Indonesië of Malawi (sien nommer 111, Psalm 24:1). In sommige gevalle is elke strofe van 'n lied op 'n verskillende psalmvers gebaseer. Keerversliedere word algemeen op verskillende maniere aangewend, en dikwels vorm die keervers 'n samevatting van die psalminhoud (by nommer 36 is strofe 1, Psalm 11:7, strofe 2, Psalm 25:4 en strofe 3, Psalm 140:12).

Toonsettings maak dikwels gebruik van volksliedere of liedere wat doelbewus volkse style as inspirasie vir nuwe kerkliedere gebruik, waar outentiek-inheemse kenmerke deur die melodieë, harmonieë, identifiserende ritmes, etniese instrumente en karakter aanduidings aangewend word. Interessante voorbeelde van liedere uit ontwikkelende lande soos Chili, Nigerië, Brasilië, Indonesië, Paraguay, Karibië, Malawi, Ghana, Brasilië, Zimbabwe en Kuba, soos nommer 84, Psalm 51:1, is in die bundel opgeneem. Tipies van Suid-Amerikaanse lande is die gebruik van kitaarbegeleiding, inheemse slaginstrumente en dinamiese ritmes. Nommer 54 is Brasiliaans: kitaarakkoorde is bygevoeg en akkordeon, driehoek, inheemse slaginstrumente soos *zabumba* en dromme word aangewend (sien Bylaag C.7). Kenmerkend van Afrika-liedere is die gebruik van slaginstrumente met tradisioneel-gesinkopeerde ritmes. 'n Unieke vorm van antifoniese wisselsang word by Afrika-liedere aangetref waar die voorsanger en die gemeente afwisselend sing, maar die invalle oorvleuel (sien nommer 58, Bylaag C.7).

Atmosfeerskepping speel 'n rol by die meeste liedere in hierdie bundel: opwindende lof word deur ritmes, tempo en slaginstrumente geskep; 'n gebedsatmosfeer word reflekteer in die musiek deur vloeiende melodieë, egalige, onopvallende ritmiese onderbou en rustige, gebroke akkoordbegeleidings, waar die teks dit impliseer; 'n meditatiewe strekking beeld die verlange na God uit; of uitdrukking word aan die roep om genade, gegee. Nommer 71 (Psalm 102:1,2) verklank byvoorbeeld die noodroep tot God.

Liturgiese aanwending is as belangrik beskou by die samestelling van hierdie bundel. Dit blyk uit die liturgiese indelings van psalmgebaseerde liedere by die registeraanhang van die boek (*Agape*, 2003:204-207). Heelwat liedere het 'n strofe-en-keervers struktuur. Verskillende tale, bewoordings, toonsettings en style van die *Kyrie eleison* is verspreid in die bundel geplaas. Een lied wat antifoniese aanwending impliseer, is nommer 73, waar die *Alleluia* as 'n refrein ingebou is.

'n Voorbeeld van bruikbare, vernuwende tendense kom by nommer 33 voor (sien Bylaag C.7). Liturgiese, antifoniese aanwending is moontlik weens die teksstruktuur; die teks is bondig maar gelaai; die melodie smelt saam met die teks en beklemtoon dit. 'n Kontemporêre melodie en begeleiding is gekies, ritmiese sinkopes, verskillende pedaalpunte, 'n *ad libitum* solo-instrumentale party word bygevoeg en boeiende dinamiese opbou geskied.

'n Verteenwoordigende psalmgebaseerde lied in hierdie bundel is nommer 58. Dit verteenwoordig tipiese Afrika-tendense soos etniese slaginstrumente, eiesoortige gesinkopeerde ritmes, tipiese harmonieë en antifoniese wisselsang. 'n Besondere teksstruktuur maak gebruik van 'n keervers as 'n tipe *inclusio*¹; dit vorm terselfdertyd 'n samevatting van die liedteks, maar is gebaseer op Psalm 99:1-3, terwyl elke strofe gebaseer is op 'n frase uit 'n ander psalm. Al die strofes is antifonies, tussen die kantor en gemeente gekonstrueer sodat die gemeente telkens slegs een herhalende sinsnede sing² (sien Bylaag C.7).

6.2.8 Complete Mission Praise (2005)

Liedkeuses sluit aan by die titel van die boek, wat ekumenies en op lofprysing ingestel is. Die benadering wat gevolg is by die samestelling het die psalms bloot

¹Dit is waar die begin en die einde van 'n psalm identies is. In hierdie geval word die strofes van die lied voorafgegaan en afgesluit deur 'n keervers wat terselfdertyd 'n samevatting van die sentrale tema vorm.

² Waarskynlik kan 'n groot persentasie gemeentelede in die land van oorsprong, Zimbabwe, nie lees nie.

toevallig, volgens die verskillende kategorie-indelings, ingesluit. Deur hierdie werkswyse is 32 Bybelsalms aangewend, waarvan drie die volledige psalminhoud en sommige dit opsommend hanteer. Die meeste liedere gebruik slegs gedeeltes uit die psalms, terwyl heelwat psalms slegs van 'n kernteks gebruik maak, wat dikwels die eerste vers is. Teksstrukture wat aangewend word, behels 'n verskeidenheid, maar verreweg die meeste liedere maak gebruik van die strofiese struktuur en rym. 'n Paar psalms word deurgekomponeer en sommige strofe-en-keerversstrukture word aangewend.

Toonsettings herhaal die melodieë meestal strofies, behalwe by die deurgekomponeerde psalms waarvan sommige eerder as luisterliedere beskryf kan word en waar moeite gedoen is om die teksbetekenisse deur middel van die begeleiding te belig. Melodieë is meestal gekomponeer, maar bruikbare voorbeelde van psalms op volks- of volksagtige melodieë kom voor. Nabootsings van volkstyle word aangewend byvoorbeeld by tipies Latyns-Amerikaanse style met sterk gesinkopeerde ritmes. Byderwetse, gesinkopeerde ritmes word volop aangewend, selfs by klaagpsalms. Meevoerende en dinamiese ritmes word aangewend: in sommige gevalle word dit deur herhalende sestiendenoot-akkoorde asook deur die karakteraanduiding beklemtoon, en in ander gevalle deur herhaalde rustekens op die eerste pols geaksentueer.

'n Verteenwoordigende voorbeeld wat die meeste tendense van hierdie bundel toon, is nommer 848 (Psalm 13) (sien Bylaag C.8). Atmosfeer word uitgebeeld deur die noodroep na God as 'n herhalende opwaartse sprong van 'n vyfde, gevolg deur 'n opwaartse 7de sprong uit te beeld en dit te versterk deur die telkens herhalende agste rusteken op die eerste pols. Ten spyte daarvan dat dit 'n klaagpsalm is, word onrustige, gesinkopeerde akkoorde in die klavierbegeleiding gehandhaaf (moontlik om die onrus van die psalmdigter uit te beeld). Die harmonieë is kromaties en herinner aan *blues*-styl. Akkoorddrukke is bygevoeg om die aanwending van verskillende, instrumentale moontlikhede te suggereer.

Harmonie word redelik vry-modern en variërend hanteer. Stadige harmoniese ritme is die reël, wat die gebruik van kitaar vergemaklik. Voorbeelde van moderne begeleidings met kromatiese harmonieë en sinkopiese, beklemtoonde ritmes word by nommer 247 (Psalm 84) aangewend. Vierstemmige koraalstyl kom voor, maar is in die minderheid. Die meeste begeleidings van liedere is in 'n vrye klavierstyl. Een van die min voorbeelde van diskante wat aangewend word, is nommer 1008 (Psalm 23), waar 'n sangstem die rustige klavierbegeleiding kan komplementeer. Nommer 57 (Psalm 103) suggereer 'n orrelbegeleiding, maar die byvoeging van kitaardrukke dui daarop dat die lied die moontlikheid vir eietydse en selfs elektroniese klanke bied; dat die orrel met alternatiewe instrumente gekombineer kan word.

Die oorwegende atmosfeer van lof wat uitgebeeld word, sluit aan by die titel van die bundel en dit geskied veral deur die aanwending van opwindende en beklemtoonde ritmes. In een geval, by nommer 57 (Psalm 103:1, 2), word 'n opvallende aanwending van die "Halleluja"-motief uit die Hallelujakoor van Handel in die begeleiding gebruik. Uitsonderlik word psalms deur 'n rustige atmosfeer uitgebeeld, soos by nommers 963 en 1008 (beide Psalm 23), asook die rustige vreugde van God se teenwoordigheid by nommer 913 (Psalm 84).

Liedere wat doelbewus in liturgiese formate gegiet is, is min. Die liedkonstruksies wat op psalms gebaseer is, het dit nie noodwendig ten doel gestel om liturgiese dialoog te stimuleer nie.

6.2.9 *Hymns of Glory Songs of Praise* (2008)

Die benadering wat gevolg is, was om die eerste deel van die bundel aan die psalms te wy met die doel, volgens die inleiding, "to encourage a wider use of the Psalms". Altesaam 109 psalms is opgeneem en ongeveer een derde van die psalms is volledig omgedig. Die meeste psalms is gebaseer op 'n seleksie van Bybelverse. 'n Verskeidenheid style sluit 'n wye spektrum in: vanaf historiese

Engelse himnes tot die styl van eietyds-ontwikkende kerke. Die taal is hersien sodat dit eerder inklusief as eksklusief kan aanspreek (Introduction: vii-x).

Teksstrukture behels oorwegend strofiese omdigtings waar rym meestal toegepas is, behalwe by parafrases waar psalmodie aangewend en indeling volgens die Bybelverse geskied het, soos by nommer 3 (Psalm 5). Deurgekomponeerde psalms kom uitsonderlik voor. Heelwat strofe-en-keerverspsalms kom voor, soos by nommer 8 (Psalm 15), wat in vierstemmige, Anglikaanse koraalsangstyl is.

Toonsettings maak gebruik van melodieë wat dikwels op volkswysies gebaseer is. Moderne melodiese wendinge wat 'n stadige harmoniese ritme kan akkommodeer kom byvoorbeeld by nommer 33 (Psalm 42/43) voor. Ritmes word dikwels aangewend om die woorde te beklemtoon, soos by nommer 38 (Psalm 47), waar 'n marsritme in parallelle kwinte 'n tipe ostinato bas vorm om die gesinkopeerde melodie te begelei.

Begeleidings is met musikale integriteit geskep om aan te pas by die inhoud en styl van verskillende psalms (Introduction:x). 'n Verskeidenheid begeleidings kom voor: vierstemmige orrelbegeleidings vir koraal- en himniese style, klavier- of alternatiewe begeleidings wanneer 'n moderner aanslag nodig is en akkoorde of kitaardrukke meestal by eietydse style.

Atmosfeerskepping geniet aandag: 'n rustige atmosfeer word geskep deur sensitiewe melodiese-, ritmiese-, harmoniese- en begeleidingsbeklemtonings. By nommer 17 (Psalm 23) van Gelineau word 'n rustige atmosfeer geskep deur 'n *legato*-melodie wat in stadigbewegende akkoorde voortbeweeg en vir die eerste agt mate gebaseer is op 'n tonikapedaalpunt. Lof word dinamies deur 'n sterk, gesinkopeerde begeleiding uitgebeeld, byvoorbeeld by nommer 65 (Psalm 100).

Vernuwende tendense kom in hierdie bundel voor: Verskillende vorme van resiterende sang, waarvan die meeste in vierstemmige Anglikaanse

koraalsangstyl, word aangewend, soos by nommer 24 (Psalm 30). 'n Samevattende vierstemmige keervers word afgewissel met die voorlees van die Bybelteks, terwyl kernwoorde deur akkoorde op orrel of klawesimbel beklemtoon word in 'n tipe resitatiefstyl en atmosfeerskepping deur konsonante, dissonante, toonhoogte en ligging van akkoordsamestellings geskep word, soos by nommer 23 (Psalm 27) (sien Bylaag C.9). 'n Verdere verteenwoordigende psalmstyl kom voor by nommer 62 (Psalm 98) (sien Bylaag C.9), waar kontemporêre harmonieë, 'n klavierbegeleiding in die vorm van parallelle akkoorde en gesinkopeerde ritme daartoe bydra om 'n dinamiese lofatmosfeer aan die lied toe te voeg.

Liturgiese funksionaliteit word deur verskillende innoverende tegnieke wat hierbo uitgelig is, bevorder om gemeentes te lei tot beter aktualisering van die psalminhoud. Metodes wat hiervoor aangewend is, is: vorme van psalmodie, Anglikaanse koraalsang, die hantering van antifoniek, verskeie strofe-en-keerversformate, atmosfeerskepping en die stylvolle hantering van liedere.

Hierdie bundel verteenwoordig van die mees resente eietydse hantering van psalms, omdat die psalms doelbewus "bemark" word deur 'n verteenwoordigende insluiting van die Skrifpsalms. Doelbewuste funksionaliteit word bewerkstellig deur 'n omvattende verskeidenheid van poëtiese konstruksies, teksture en style saam met 'n variërende afwisseling van behoudende en eietyds-toeganklike toonsettings aan te wend. Liturgiese funksionaliteit word moontlik gemaak deur genuanseerde en innoverende wyses waarop die gemeente by die liturgiese dialoog betrek kan word.

6.3 ALGEMENE TENDENSE BY DIE EIETDSE PSALMS

In aansluiting by die histories-Calvinistiese beginsel dat aanvanklik slegs psalmsang gebruik is, is die volledige 150 psalms omgedig en gesing, terwyl elke psalm volledig ingesluit is in die teks. Om alle besonderhede uit die Bybelsalms in te sluit, is die berymings breedvoerig gedoen sodat dit gelei het tot lang gedigte.

Die gevolg hiervan was dat Ou Testamentiese denkwyses, handelswyses, geografiese en kulturele besonderhede ingesluit is as deel van die teks. Eietydse kon dit geen betekenis dra nie en dit het in baie gevalle die sing van volledige psalms onmoontlik gemaak. Die slaafse handhawing van Geneefse melodieë het woordvloeï by Germaanse tale in die wêreld gery en die omdigtings aan lang strofes gebind. Hierdeur is liturgiese bruikbaarheid van die psalms negatief beïnvloed.

Gedurende die twintigste eeu het daar nuwe liturgiese bewustheid by die meeste gereformeerde kerke wêreldwyd ontwikkel (sien 5.2.3). Die besef dat liturgiese psalms ook as lieder liturgies-funksioneel en kultureel behoort te kommunikeer, het inslag gevind en het die benadering beïnvloed. Dit word waargeneem in die verskeidenheid maniere waarop psalms eietydse omgedig en getoonset word.

6.3.1 Benadering tot die psalms in eietydse bundels

Vernuwende benaderings kom algemeen by die bestudeerde ekumeniese bronne voor, maar in variërende omvang. Die *LK* en die *PH* plaas volledige omdigtings van die 150 Psalms. In hierdie bundels en by *EG*, is sommige psalmgebaseerde lieder onder die Bybellieder of Gesange gekategoriseer, waar meer hedendaagse strategieë egter toegepas word.

'n Benadering wat by die Anglikaanse bundels, soos *HAM* en *HON* voorkom, is om slegs uitgesoekte psalms in te sluit. By *EG* word 60 psalms aangewend waarvan sommige slegs een of twee kernverse gebruik. *CdT* en *ASHR* gee besondere aandag aan psalmgedeeltes, maar gebruik oorwegend kort kernfrases uit die psalms vir die liedtekste. Min aandag aan psalms, meestal kort tekste en slegs 32 uit 'n bundel met meer as 1 000 lieder, word by *CMP* gebruik terwyl *HGSP* 109 van die psalms aanwend en dit saam groepeer, maar meestal verkort.

6.3.2 Teksstrukture by die psalms

Gedurende die Hervorming is slegs een struktuur vir psalmsang gebruik – dié van metriese psalms in strofevorm. Alle onlangse bundels van hoofstroomkerke handhaaf 'n persentasie daarvan. *LK* handhaaf hierdie tradisie by die 150 psalms en toon minimale vernuwing by psalms wat ingesluit is by die Bybelliedere.

Vernuwende teksstrukture kom by *HON*, *EG*, *HGSP*, *ASHR* en *CMP* voor. Tendense wat voorkom, is innoverende vorme van koraalsang wat parafrases uit die psalms gebruik, strofe-en-keerversformate, gekondenseerde psalmtekste, geselekteerde gedeeltes uit psalms en aanpassings by volkseie of eietyds-kulturele gebruike.

'n Prosastruktuur uit die Middeleeue, naamlik vierstemmige koraalsang (*Anglican chant*), kom redelik algemeen by *HAM*, *HON* en *HGSP* voor, maar uitsonderlik by *EG*. Die invloed daarvan is ook bespeurbaar by *CdT*.

'n Struktuur uit die negentiende eeu wat tans nuwe lewenskragtigheid toon, is dié van strofe en keervers. Dit is kenmerkend van *HON*, maar word ook aangewend in die *PH*, *EG*, die *Agape*-bundel, *CMP* en *HGSP*. Weens die nuwe belangstelling in liturgie het hierdie struktuur funksioneel geword deur antifoniese wisselsang. Antifoniese gebruik by Afrika-volksliedere, soos dit in *ASHR* voorkom, illustreer die tipiese afwisseling tussen die sangleier en gemeente waar stempartye oorvleuelend inval.

Bondiger omdigtings van psalms wat lei tot kort strofes, minder strofes en in sommige gevalle meer kompakte versreëls, word hedendaags toenemend aangewend. Dit is tipies van psalmomdigtings by die *EG*. Sommige omdigtings sentreer rondom uitgesoekte psalmverse (soos *HGSP*), een kernagtige psalmvers (soos *CMP*) of een prominente sin of frase uit 'n psalmvers, soos dikwels by psalmgebaseerde tekste in die *CdT*, *ASHR* en *CMP* aangetref word. Kanons vorm

'n unieke miniatuur-teksformaat wat op verskillende maniere veral in *EG* aangewend word. Kort liturgiese response, veral die *Kyrie eleison* en die *Alleluia* kom by die *EG*, *CdT* en in 'n minder mate by *ASHR* voor.

Samevoeging van teksstrukture lei tot nuwe formate in verskillende bundels: strofe-en-keervers antfoniek waar die keervers die kerninhoud saamvat, is redelik algemeen; miniatuur psalmstrofes met kanoniese antifone bied variasie by *EG*; strofes gebaseer op tematies-verwante Bybelsalms wat saamgesnoer word deur 'n samevattende keervers word dikwels by *ASHR* toegepas; 'n koraalsang-miniatuurvorm met 'n herhalende struktuur is kenmerkend van *CdT* en 'n samevoeging van antfoniese en vierstemmige koraalsang is kenmerkend van *HGSP*.

6.3.3 Toonsettings van psalms

Die drie bundels wat die mees resente musikale style verteenwoordig, is *ASHR*, *CMP* en *HGSP*. Sommige bundels, soos *EG*, *LK* en *CdT*, gebruik dikwels modale, atonale of mineurmelodieë by psalms wat gedurende die twintigste eeu gekomponeer is. By *PH* word hoofsaaklik majeur- en mineurmelodieë aangewend. In die *ASHR* is alle Suid-Amerikaans-etniese liederes uit byvoorbeeld Chili en Brasilië in modusse of mineurtoonaarde; dieselfde geld vir liederes uit die Afrika-kultuur. Alle liederes uit die Midde-Ooste, soos Libanon en Pakistan, sowel as melodieë uit Verre-Oosterse lande soos Korea of Indonesië, is in Oosterse modusse.

Bruikbare twintigste-eeuse melodieë in strofiese of strofe-en-keerversformaat kom by *HON*, *PH*, *EG* en *CMP* voor. Enkele deurgekomponeerde melodieë wat voorkom, kan eerder as solo- of kunsledere geklassifiseer word. Twintigste-eeuse melodieë in die meeste bundels is dikwels harmonies gekonstrueer sodat melodiese intervalle soos die 3de, 4de en 5de meermale voorkom.

Volksliedere of volksagtige melodieë word by hedendaagse liturgiese liederbundels ingesluit: *HON*, *PH*, *EG*, *CMP* en *HGSP* gebruik 'n paar voorbeelde elk. By *ASHR* is moeite gedoen is om verskillende lande se etniese identiteit in volkse of volksliedstyle weer te gee. Ekumeniese volksliedere met sterk oorspronklik-etniese melodie, ritmes en instrumentale kleure is een van die opwindende beklemtonings by die laasgenoemde bundel.

Onreëlmatige maatsoorte of vrye ritmes is waargeneem by sommige bundels, soos *EG* en *LK*. Gesinkopeerde ritmes en ritmiese beklemtonings is by die eietydse musiek in die al die liederbundels wat ondersoek is, gevind. Veral by *ASHR*, *CMP* en *HGSP* word gesinkopeerde en beklemtoonde ritmes op verskillende maniere in die klavier- of etniese begeleidings aangewend. Ekumeniese volksliedere uit Afrika en ontwikkelende lande bied kleurvolle verskeidenheid waar ritmes dikwels deur inheems-instrumentale of perkussiewe begeleidings versterk word.

6.3.4 Begeleidings

Begeleidings in behoudende bundels is in stereotiepe, vierstemmige harmoniserings, maar by bundels soos *HON*, *ASHR*, *CMP* en *HGSP* word vernuwende begeleidingstyle oorwegend in klavierstyl en in moderne harmonieë hanteer. 'n Paar diskante (solo's of duette) vir stemme of instrumentale partye word soms ingesluit. By *HON*, *PH*, *ASHR*, *CMP* en *HGSP* is waar moontlik kitaarakkoorde bygevoeg. Interessante kontraritmies vir kitaar of slaginstrumente word voorgestel by volksmelodieë uit ontwikkelende lande en is veral by *ASHR* en *CMP* waargeneem. 'n Opmerklike verskil bestaan tussen die Suid-Amerikaanse en Afrika-style waar unieke inheemse harmoniese en/of slagwerkinstrumente kenmerkende ritmiese style beklemtoon.

Die styl van 'n lied suggereer meestal watter instrumente geskik is vir die begeleiding: of dit byvoorbeeld deur pyporrel of 'n instrumentale ensemble uitgevoer behoort te word (Sien *HON*, *PH*, *EG*, *ASHR* en *CMP*). 'n Moderne

metode is die skep van melodielyne wat voorsiening maak vir stadige harmoniese ritmes sodat twee melodienote per akkoord gegroepeer word. Hierdie ontwikkeling maak kitaargebruik meer uitvoerbaar sodat kitaardrukke meer dikwels en selfs saam met orrelbegeleidings geplaas word (sien *HON*, *PH*, *ASHR* en *CMP*).

Kanons is 'n gespesialiseerde toepassing van harmonie wat as 'n gemeentelike kerkliedstruktuur veral in *EG* aangewend word. Klassieke koraalsang (*Anglican chant*) word gehandhaaf, maar dit kom soms ook in 'n vernuwende antifoniese formaat voor, soos by *EG*, *CdT*, *ASHR* en *HGSP*.

6.3.5 Atmosfeerskepping en uitdrukkingsmoontlikhede

Atmosfeerskepping en subjektiewe belewenis gaan hand-aan-hand; dit handhaaf egter 'n lae prioriteit by ouer psalmtradisies sodat beperkinge aan emosionele meelewing gestel word. Veral die styl van die Geneefse melodieë is getemper (Sien 4.3.5), maar het ook verword in 'n sober sangstyl wat eietyd min emosionele trefkrag het. By moderne bundels word emosionele uitdrukking doelbewus geïnkorporeer, weens die behoefte van die postmoderne mens daaraan (sien 5.7).

By die meeste vernuwende bundels is op lofliedere of liedere wat op verskillende maniere ritmies beklemtoon is, gekonsentreer. Dit was die benadering by *HON*, *PH* en *CMP*. By *PH* is daar 17 lofliedere, 4 vertrouensliedere en 1 boetelied onder die 22 psalmgebaseerde Bybelliedere uit die negentiende en twintigste eeue. Die enigste bundels wat werklik variërende atmosfeerskepping toegepas het, was *ASHR* en *HGSP*.

Sommige melodieë maak gebruik van tipiese Barok-simbooliek deur die volgende metodes aan te wend: stygende lyne of opwaartse spronge om uitdrukking te gee aan die mens se nood; dalende lyne om God se genadige hulp uit te beeld; 'n reeks opwaartse spronge om vreugde te verklank; 'n opeenvolgende afwaartse en

opwaartse sprong om Jesus se dood en opstanding uit te beeld. Hierdie tendense is waargeneem by sommige psalms in die *EG*, *CdT* en *CMP*.

Die *ASHR* bied nie alleen 'n ideale balans tussen 'n verskeidenheid atmosfeerskeppende situasies nie, maar herskep ook die emosionele kultuur-idioom van die verskillende lande van herkoms. Spirituele ervarings van onder andere vertrouwe, geloofsafwagting, smeking om genade, 'n gebedsatmosfeer en die verlange na God word dikwels in 'n verskeidenheid van inheemse musikale klanke uitgebeeld.

6.3.6 Liturgiese formate

Gedurende die laaste twee tot drie dekades het liturgiese psalmgebruik wêreldwyd opnuut onder die soeklig gekom (sien 6.1.2); daarom is dit nodig om by die bestudering van liederbundels liturgies bruikbare formate te kan identifiseer.

Psalms, omgedig en getoonset in die tradisionele strofiese styl, kan te alle tye volgens hulle tematiese inhoud by sekere elemente van die erediens inskakel. Daar bestaan baie ruimte vir die liturgiese ontginning en kategorisering van hierdie psalmstyl.

Liturgiese verryking is deur psalmsang moontlik gemaak, waar dit as kommunikasiemedium vir die liturgiese gesprek tussen die voorganger (in gesproke of gesonge vorm), die gemeente en die kantory aangewend word; solisties-kantilerende psalmtekste uit die Skrif kan saam met gemeentesang gebruik word, soos dit by die Taizé-gemeenskap aangewend word⁶⁵ (sien ook 6.2.6). Liturgiese wisselsang is moontlik by alle strofe-en-keerversliedere omdat die strofe en keervers tussen gemeentelike groepe of tussen die gemeente en kantory aangewend kan word. Voorbeelde hiervan is by *HON*, *PH*, *EG*, *CdT* en *ASHR* gevind.

⁶⁵ Persoonlike waarnemings tydens 'n weeklange besoek in 2002.

Liedere waar herhalings van die melodie voorkom en waar die teks dit regverdig, is in alle bestudeerde bundels gevind en kan dialogies tussen gemeentegroepe of saam met die kantory afgewissel word. Eggo-effekte of stygende dinamiese vlakke kan hierdeur geskep word. Waar diskante by liedere gekomponeer is, kan dit deur 'n instrumentalis gespeel, deur 'n solis of die kantory gesing word – dit kan veral die finale lofuiting by 'n laaste strofe help skep.

Gesonge liturgiese response kan die gemeentelike reaksie op God se spreke in teks en/of toon uitdruk. 'n Respons vorm meestal 'n onderdeel van 'n langer liturgiese dialoog en is daarom kort. Die algemeen-gebruikte en bekendste response is die *alleluia*, die *Kyrie eleison* en die *Amen*. Omdat hulle in die klassieke liturgieë gereeld gebruik is, is hierdie response in sekere denominasies as deel van die normale erediens-liturgie gehandhaaf. In sommige van die bundels, soos *EG*, *CdT* en *Agape*, is daar 'n keur van voorbeelde ingesluit.

Psalms waar die kantory op verskillende maniere die gemeentesang kan ondersteun of die liturgiese dialoog kan laat vlot, is in alle bestudeerde liederbundels aangedui. Liedere wat daarvoor aangewend kan word, word by elke bundel aanbeveel, maar word ook verspreid onder die gemelde gebruike aangedui (sien 6.2). Die kantory kan veral van die deurgekomponeerde of moeiliker singbare liedere as verryking van die erediens sing by uitsonderlike feesgeleenthede, soos Paasfees, Pinkster of Kersfees (sien Bylaag D.1).

Uit die bostaande is sekere formate as tans bruikbaar geïdentifiseer, naamlik die tradisionele styl, alle vorme van liturgiese dialoog soos keerversliedere, response, uittreksels uit psalms wat as selfstandige liturgiese elemente aangewend kan word en alle liedkonstruksies wat kantory-implementering moontlik maak.

'n Gebruikersvriendelike uiteensetting van registers vir psalms vergemaklik die liturgiese toeganklikheid tot die beskikbare liedereskat: vir leraars om psalms te kies

vir aanbiddingsgeleenthede; vir musiekleiers om die musikale moontlikhede van psalms soos alternatiewe harmonieë, instrumentale partye en diskante te kan benut; vir kerkmusici om feite in verband met psalms te kan naslaan; vir gemeentelede om psalms tuis te kan sing of vir besondere behoeftes soos persoonlike gebede of huisgodsdienst. Aangesien respondente die behoefte aan 'n duidelike uiteensetting ten opsigte van registers vir temas en liturgiese gebruik aangetoon het, word hierdie aspek ondersoek.

'n Uiteensetting van alle moontlike registers uit die bestudeerde bronne wat die funksionele aanwending van psalms kan bevorder, word samevattend geplaas: registers met die beginreëls van strofes uit alle liedere, liedere in vreemde tale, melodiese bronne soos komponiste, verwerkers of herkoms van volksliedere, diskante, alternatiewe harmonisasies en kanons, 'n metriese register van melodieë, Sondag-temas ooreenstemmend met die Leksikon van die denominasie volgens die kerkjaar, liturgiese elemente en sakramente, 'n Skriftuurlike verwysingsregister, Bybelse name, plekke en gebeure, psalms vir spesiale gebruike soos kinderliedere en geleentheidliedere, soos begrafnisse, troues en die seisoene van die kerkjaar.

6.4 SAMEVATTEND

'n Goeie geheelbeeld van die eietydse, ekumeniese hantering van psalms kon verkry word uit die 9 liederbundels wat ondersoek is. Die benadering wat tans oorwegend aangewend word, behels 'n geselekteerde, maar tog verteenwoordigende keur van psalms. Verkorte, kernagtige liedtekste is algemeen en liturgies-funksionele formate kry voorkeur. Toonsettings behels moderne, melodiese strukture, ritmiese beklemtoning deur sinkopes, versterkte polsslae en variërende begeleidingstyle. Atmosfeerskepping en uitdrukking word doelbewus na aanleiding van die teksbetekenis onderstreep. Die waarde van psalms as deel van die liturgie word tans opnuut deur eksperimentele style en strukture ontgin. Om psalms gebruikersvriendelik beskikbaar te maak, word dit in die meeste bundels volgens verskillende behoeftes in registers gekategoriseer.

Vir die toepassing van die bruikbare tendense uit hierdie gegewens, word dit vergelyk met die huidige stand van psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika, soos dit in Hoofstuk 3 aangetoon is. Uit 'n samevatting van die *status quo* word dan voorstelle gemaak wat die situasie behoort te kan aanspreek.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING GEVOLGTREKKINGS AANBEVELINGS

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie proefskrif soos op die sentrale teoretiese argument gebaseer (sien 1.4), het die volgende resultate gelever: Die dalende tendens by die praktyk van psalmsang hou verband met historiese gebeure, sosiaal-kulturele faktore asook die eietydse lewens- en wêreldbeskouing. Dit is nagevors en bewys deur middel van rekenaarsoektogte, literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek (sien 1.5). Die uitkoms van die studie word vervolgens uiteengesit.

7.1 SAMEVATTING

Hierdie studie het die huidige stand van psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië bepaal. As uitgangspunt is die geskiedenis van psalmsang en gebeurtenisse wat gelei het tot hoogte- en laagtepunte daarin, bestudeer; daaruit is afgelei watter oorsake gelei het tot die heersende situasie. Vervolgens is 'n empiriese studie geloods, waaruit bepaal is dat die huidige psalmtradisie onfunksioneel is en besig is om in onbruik te verval. Volledige aanbevelings is vanuit verskillende gesigspunte aan die hand gedoen.

As hooforsaak vir die probleemsituasie is die kultuurverskil tussen die bestaande psalmtradisie en die bevatlikheid van die kerkvolk uitgewys. Hierdie wantoestand is terugherei na die eensydige toepassing van bepaalde standhoudende norme. 'n Uiteensetting van faktore wat in ag geneem behoort te word om die ontvanklikheidsvlak van kerkgangers voortdurend as aanpasbare norme te akkommodeer, is gedoen en aanbevelings daaruit is gemaak.

Een van die hoof faktore, die eietydse massamusiekkultuur, het ekumeniese hoofstroomkerke genoop om aanpassings by die samestelling van kerkliedbundels te maak. Deur die bestudering van 9 bundels uit 'n verteenwoordigende verskeidenheid bronne, kon bepaalde psalmgebruik ten opsigte van benaderings,

teksformate en liedstyle uiteengesit word; navolgingswaardige voorbeelde van liedere is bespreek en volledige aanbevelings is gemaak.

7.2 GEVOLGTREKKINGS

7.2.1 Die geskiedkundige verloop van psalmsang

In Hoofstuk 2 is beskryf hoe die psalms in die Ou Testament tydens 'n hoogtepunt in die volks- en godsdienstige geskiedenis van Israel ontstaan het. Dit het gedien as individuele en gemeentelike, liturgiese kommunikasie met God en was diep gewortel in die volkstradisie. Na die terugkeer uit ballingskap, het 'n ortodokse leierskap ontwikkel wat 'n wettiese godsdiens afgedwing het; iets waarteen Christus sterk standpunt ingeneem het. Gedurende hierdie tydperk het psalmsang só onopsigtelik gefigureer het dat dit nêrens in die Evangelies in verband met die sinagoge- of tempeldienste gemeld word nie.

Psalmsang het egter nuwe betekenis gekry in die Nuwe Testamentiese en vroeg-Christelike kerke. Vanaf die aanvang van die staatskerkregime in die vierde eeu, en veral nadat die Gregoriaanse, Latynse psalmodie as amptelike sangmedium van die kerk verklaar is, het gemeentelike psalmsang egter begin degenerereer. Uiteindelik het psalmsang teen die laat-Middeleeue verander in 'n gekompliseerde, eensydige uitvoering waarby die gemeente nie betrek is nie.

Dieselfde patroon ten opsigte van psalmsang is herhaal na die hoogtepunt tydens die Hervorming. Deur die staatskerkregime in Nederland se tradisionalisme en reglementering het psalmsang momentum begin verloor. Hierdie "sober" tradisie van psalmsang is in die naam van "gereformeerdeheid" oorgedra na die NG Kerk in Suid-Afrika. Teen die einde van die twintigste eeu was daar duidelike tekens dat psalmsang in hierdie kerk besig was om onfunksioneel te word.

Die ideale visie, soos dit uit die historiese hoogtepunte saamgevat is, behels die Ou Testamentiese, alledaagse en liturgiese saamleef met die psalms; die Nuwe Testamentiese belewing van die Heilige Gees en die geïnspireerde psalmsang wat daaruit ontspring het; asook die helder siening van Gods Woord saam met die nuwe rol van psalmsang daarin, wat tydens die Hervorming na vore kom. Die postmoderne mens smag na hierdie lewegewende simbiose van psalminhoud en menswees – met God, die lewensbron as sentrum en die psalms as medium. In hierdie opsig verkeer die NG Kerk tans in geestelike hongersnood.

7.2.2. Die resultate van die empiriese studie

In Hoofstuk 3 is die huidige stand van psalmsang in die NG Kerk ondersoek. Volgens die psalmbundel in die *Liedboek* is die stand van psalmsang deur middel van vraelyste vasgestel.

Die volgende gevolgtrekkings kan uit die studieresultate gemaak word:

- Die gebruiksfrekwensie van psalms behels dat 81.3% gemeentes 1 of minder psalms per Sondag sing. Indien psalms so min gesing word, sal slegs oorwegend bekende psalms gebruik word. Die moontlikheid om nuwe psalms aan te leer, staan op 'n gemiddeld van 0.62% (sien by 3.5.1.1).
- Die funksionaliteit van psalms dui aan dat 14 psalms deur gemeenteleiers by meer as 30% gemeentes gebruik word. Hierdie tendens blyk ook by die aanwending van psalms by verskillende elemente van die erediens. Psalms word oorwegend as lofliedere aangewend – 83.3% van alle psalms wat gesing word, word as lofliedere aangewend. By ander elemente van die erediens word dit meestal nie oorweeg nie. Hierdie resultate bevestig dat slegs 'n uiters beperkte aantal psalms aangewend word.
- Die gewildheid van psalms by die gemeentelede toon dat slegs 10 psalms by meer as 30% gemeentes gewild is. Redes vir die gewildheid van psalms het bewys dat bekendheid hoofsaaklik die gewildheid van psalms bepaal. Maar indien psalms so min aangewend word, kan verwag word dat die

aantal bekende psalms sal verminder. Omdat die moontlikheid om nuwe psalms onder “normale omstandighede” aan te leer, feitlik nul is, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die voortbestaan van psalms in die huidige formaat in gedrang is. Die erns van die situasie word tuisgebring wanneer die besef deurdring dat jong lidmate feitlik geen geleentheid het om die psalms te leer ken en lief te kry nie.

- Gevoelens oor die psalms in die *Liedboek* is oorwegend negatief. Uit al die kommentaar is 11% positiewe opmerkings gemaak. Dit word verder gereflekteer deurdat 90.67% psalms óf hoegenaamd nie óf by minder as 30% van die gemeentes aangewend word. Die enigste gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar tans 'n algehele weerstand teen die sing van psalms bestaan.
- Uit die resultate blyk egter dat kortvorm-psalms tans by verre die gewildste psalms is. 42% gemeentes meen dat dit “goed” werk en 55% gemeentes het spontaan aangedui dat dit “baie goed” of “uitstekend” werk.

Die slotsom van hierdie resultate is dat psalms in die huidige styl, formaat en opset besig is om uit te sterf in die NG Kerk. Volledige aanbevelings ten opsigte van elke probleemsituasie is by elke onderafdeling van Hoofstuk 3 uiteengesit. Die positiewe reaksie op kortvorm-psalms dui aan dat dit tans die mees ideale formaat vir psalmsang is.

7.2.3 Die rol van standhoudende en aanpasbare norme

In Hoofstuk 4 is ondersoek ingestel na die tipes norme wat by psalms relevant is en die invloed daarvan word deur die historiese verloop van psalmsang bewys. Hieruit kan die gevolgtrekkings gemaak word dat standhoudende norme, wat God sentraal plaas, altyd as die uitgangspunt vir liturgiese sang behoort te geld terwyl aanpasbare norme ten opsigte van die kulturele kommunikasiemoontlikhede van gemeentes van toepassing behoort te wees.

Uit die historiese wel en weë van psalmsang ontstaan 'n oorsigtelike herhalende patroon: vanuit 'n hoogtepunt van entoesiastiese psalmsang waar die wese van God besonderlik geopenbaar is, degenereer psalmsang gaandeweg tot 'n uiteindelijke doodloopstraat-situasie. Verval het by herhaling ontstaan deur die afdwing van bepaalde norme, waardeur die gemeentelike psalmsang gedemp is.

Gedurende Ou Testamentiese tye, toe beide tipes norme toegepas is, het psalmsang ontluik en gegroei. Bepaalde standhoudende norme het gegeld, maar die volk se vermoëns en kulturele omstandighede het ook as norm gegeld, sodat psalmsang aktueel kon bly. Gedurende Nuwe Testamentiese tye en die vroeg-Christelike era het psalmsang 'n bloeitydperk beleef omdat beide tipes norme gegeld het. Psalmsang het deur die inspirasie van die Heilige Gees plaasgevind (Efesiërs 5:18; 1 Korintiërs 14:26), maar ook uit die kulturele onderbou ontspring.

Gedurende die Middeleeue toe slegs bepaalde estetiese norme van toepassing was, is die bevatlikheid van die kerkvolk verontagsaam sodat gemeentelike psalmsang onfunksioneel geword het. Tydens die Hervorming het die psalms nuut betekenisvol herleef omdat dit volgens standhoudende norme, maar ook uit die volkskulturele bodem, voortgespruit het. By die Calvinistiese Hervorming was die langdurige vrugbaarheid egter beperk, omdat dit slegs één sestiende-eeuse musikale styl, normatiewe stelsel en geografiese idioom verteenwoordig het.

Die Afrikaanse kerkvolk het die Calvinistiese psalmstyl gehandhaaf, ten spyte daarvan dat hulle moes aanpas by 'n andersoortige geografiese omgewing en mettertyd 'n eie volksmusiek-idioom ontwikkel het. Gevolglik het 'n natuurlike vervreemding tussen die norme van die Geneefse psalmstyl en die ontvanklikheid van die kerkvolk ontstaan. Eensydige, standhoudende norme het gelei tot 'n estetisisme en mate van elitisme, waar aanpasbare norme nie kon geld en psalmsang nie kan voortbestaan nie.

Gevolgtrekkings oor die faktore wat in Suid-Afrika die toepassing van aanpasbare norme vereis, behels hoofsaaklik kommunikatiewe oorwegings as gevolg van die Afrikaanse eiendomlike kultuur. Historiese faktore wat oorweeg behoort te word, is die liturgiese tradisie, die historiese agtergrond en die Afrikaanse, kulturele en ontwikkelingspeil. Eietydse faktore wat oorweeg behoort te word, is die postmoderne filosofie en lewenswyse, die ontwikkelende, algemene spreektaal, spiritualiteitsbehoefte van gemeentes, aktuele, eietydse probleme en die massamusiekkultuur van die tydvak.

Historiese en eietydse kulturele uitdrukkingswyses ten opsigte van taal en musiek is die ideale verwysingsraamwerk waardeur die psalms persoonlik en gemeentelik aan God gerig kan word. Dit kan egter ook op 'n gesonde wyse verryk word deur inkulturasie met die ontwikkelende massamusiekkultuur en ekumeniese kontak.

7.2.4 Ekumeniese verryking

Die invloed van globalisering, tesame met die ekumeniese bewussyn, skep 'n wye belangstelling, beïnvloeding en verryking deur ander kulture. Ekumeniese psalmhantering varieer in benadering en styl van die uiterste konserwatisme tot oorheersende modernisering, maar by die meeste bundels word 'n gebalanseerde verskeidenheid gehandhaaf. Bruikbare teksstrukture, liturgiese formate en 'n wye verskeidenheid melodiese style word aangewend, wat eklekties in Suid-Afrika aangewend kan word.

Ekumeniese ontwikkelinge ten opsigte van psalmsang kan as waardevolle bron voortdurend en verrykend aangewend word. Deurdat die NG Kerk tans werkgroepe in die vorm van FLAM en VONKK het, waardeur vernuwende inisiatiewe onder andere by psalms plaasvind, kan die waarde van hierdie ekumeniese kruisbestuiwing bewys word.

7.3 AANBEVELINGS

7.3.1 Voorstelle vir verdere navorsing

In die loop van die studie is navorsingsaspekte geïdentifiseer wat psalmsang voortdurend kan opdateer en bevorder. Die volgende projekte word aanbeveel :

- 'n Empiriese studie om vas te stel of mense sing, wanneer hulle sing, wat hulle sing en watter behoeftes hulle graag deur middel van sang uitdruk. Vrae wat handel oor die rol van die Skrifpsalms in hulle lewens, watter psalms of psalmverse besonder waardevol is, wat hulle graag sal wil bid of sing, behoort ingesluit te word.
- Voortgaande navorsing om vas te stel watter psalms funksioneel of geliefd is en of psalms nog voldoen aan die primêre funksie, naamlik as gesonge liturgiese kommunikasie, behoort op 'n gereelde basis plaas te vind.
- Daar behoort voortdurende himnologiese psalmnavorsing gedoen te word, om die liturgiese behoeftes van die NG Kerk vir elke generasie vas te stel. Veral navorsing oor geskikte psalms vir kinders behoort gereeld opgedateer te word om as voortgaande stimulus vir die skep van kinderpsalms te dien.
- Navorsing om die ontwikkelende toeganklikheid van kerkliedere vir die Suid-Afrikaanse kerkvolk te monitor, behoort voortdurend plaas te vind. Hierdie toeganklikheidsfaktor behoort telkens ook die behoeftes van die jeug in te sluit, aangesien hulle die kerk van die toekoms is.
- Vir die identifisering van 'n Afrikaans-idiomatiese, liturgiese liedstyl behoort navorsing gedoen te word wat die volgende sou insluit: tipiese Afrikaans-melodiese tendense uit die volksmusiek, Afrikaans-gekomponeerde en geestelike liedstyle en die beste voorbeelde uit die wêreldwye geestelike en sekulêre popliedstyle wat reeds plaaslik geassimileer is.
- Navorsing behoort gedoen te word om 'n realistiese beeld saam te stel van heersende musiekstyle en van die spesifieke eienskappe daarvan wat die toeganklikheid by gemeentes beïnvloed. Navorsing behoort alle populêre style in te sluit om die beste voorbeelde daaruit vir die psalms te selekteer.

- Voortgesette navorsing om te bepaal watter ontwikkelinge op ekumeniese vlak plaasvind, is nodig vir die opdatering van psalmformate vir liturgies-funksionele psalms en vir die uitbreiding van die bestaande psalmkorpus.

7.3.2 Aanbevelings vir die pad vorentoe

Aanbevelings groei uit die besef dat die psalms in die huidige opset onfunksioneel is sodat vernuwende rigtings ingeslaan behoort te word. Om die realiteit van die situasie te ignoreer, is om die toekoms van psalmsang in die NG Kerk uit te wis. Noodsituasies vra vir drastiese besluitneming; en drastiese besluitneming verg geloofswaagmoed. Geloof kan alleen vrug dra indien die wil van God heelhartig gesoek en nagevolg word. Indien die geskiedenis homself herhaal, beleef die NG Kerk tans 'n opwindende tydperk, waarin die Heilige Gees deur middel van die psalms opnuut lewegewend wil werk.

Vernuwing hoef egter nie gelykstaande te wees aan vervanging nie. Vernuwing én verryking kan plaasvind deur die toevoeging van psalms wat só kosbaar is dat daaraan 'n plek toegeken word naas bestaande psalms, of dat uitgediende psalms as gevolg van die nuwe toevoegings vanself glans verloor en verdwyn.

As oorkoepelende aanbeveling behoort die psalms as gespreksmedium tussen God en die gemeente te kan dien. Wanneer 'n lied die mens in sy nood aanspreek en dit as kommunikasie met God kan dien, is geen verduideliking nodig nie; dan bestaan die lied nie langer bloot uit teks en melodie nie, maar smelt dit saam tot 'n eenheid van verstand en hart – lei dit die mens tot 'n ontmoeting met God.

Om die mens in sy nood te bereik, behoort die psalmteks eietyds-aktueel aangebied te word ten opsigte van taal, idiomatiek, problematiek en liturgiese funksionaliteit; dit behoort tegelyk oorspronklik poëties en emosioneel deurleef tot die mens te spreek en die formaat behoort kernagtig en bondig te wees. Die

melodie behoort die teks te ondersteun, aansluit by die idioom van die tyd en die toeganklikheid van die kerkvolk akkommodeer, sonder om goedkoop te wees.

Die wyse van aanbieding en propagering van psalms behoort die nuutste tegnologie te gebruik, sodat 'n wisselende, oop korpus van liedere – wat voortdurend aangevul en gemonitor kan word, geskep word. Propagering behoort die opname en verspreiding van DVD's of CD's vir die bekendstelling en aanleer van dergelike psalms in te sluit.

7.4 TEN SLOTTE

“ 'n Psalm is die seëning van die mensdom, die lof van God, die aanmoediging van die skare, die toejuiging van almal, die taal van elke mens, die stem van die Kerk, die welluidende geloofsbelydenis, oortuigende toewyding, die vreugde van vryheid, die geluid van ware geluk, en die eggo van blydschap. Dit versag woede, dit gee verlossing van bekommernis, dit gee verligting van smart; dit is beskerming in die nag, onderrig gedurende die dag, 'n skild in tye van angs, 'n fees van heiligheid, die beeld van kalmte, 'n belofte van vrede en harmonie, wat een lied vanuit verskillende en 'n verskeidenheid van stemme kan voortbring ...” (Ambrosius vertaal uit Witvliet, 2007:4-5).

God het dit so gewil dat die psalms as hoofsangbundel vir sy Kerk gegee sou word, om sy lof te besing. Die NG Kerk mis iets van God se beplanning ten opsigte van liturgiese sang indien die psalms nie 'n volwaardige plek in die liedkorpus inneem nie. Indien gemeentelede vir God in die psalms kan raaksien, indien die vreugde van dialoog met God ervaar kan word, indien God se eer sentraal staan en die gemeente sy plek opnuut daarin ontdek, kan psalmsang 'n nuwe dimensie en bloeitydperk binnegaan wat ewigheidswaarde sal dra. Mag die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië dit ervaar en mag God daardeur verheerlik word.

BIBLIOGRAFIE

- AGAPE SONGS OF HOPE AND RECONCILIATION. 2003. Compiled for The Lutheran World Federation Tenth Assembly. Oxford: Oxford University Press.
- ANDERSON, F.R. 1986. Protestant Worship Today. *Theology Today*. Internet artikel. <http://www.theologytoday.ptsem.edu/apr1986/v43-1-article6.htm> 43: 1-13. 2007/ 08/27.
- BARNARD, 1981. Die Erediens. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- BARNARD, A.C. 1986. Die eie stem van die Psalms. *Vir die Musiekleier*. 12:11-16.
- BARNARD, A.C. 2001. Voorwoord by die Psalms, in *Liedboek van die Kerk*. Wellington: NG Kerk-uitgewers, p. 11-17.
- BEKKER, J. 1999. How to interpret the Psalms. (In Wolvaardt, B. ed. How to interpret the Bible. Hertfordshire: Veritas College. p. 229-239.)
- BELL, J. 1996. Change is not a dirty word. *Reforming Worship*. 40:5-11.
- BELL, J. 1999. Who's for Apollos? John Bell looks for integrity in the music of the twentieth-century Church, and finds a few shortcomings. Royal School of Church Music: *Church Music Quarterly*. Volume:18-19.
- BINGLE, J.P. 2000. Die Verhouding tussen Openbaring, Dogmavorming en Doksa-uiting in die liturgiese Lied. M.Th. – verhandeling. P.U. vir C.H.O.
- BINGLE, J.P. 2003. Psalmboek 2003 – varsgebundelde liedrykdom van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA). *Vir die Musiekleier*. 30:6-10.
- BINGLE, J.P. 2008. "Nuwe sange, nuutgebore uit aandrif van die skoonste kuns..." - Oor liturgiese liedskrywing. Ongepubliseerde referaat gelewer by Konferensie insake die kerklied – Gereformeerde Kerk Randburg, 15 Maart.
- BOSCH, R.A. 1996. En nooit meer oude Psalmen zingen. Zingend geloven in een nieuwe tijd. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.
- BOTHA, J.P. 1992. Die Afrikaanse Psalmberyming (2) – enkele taalkundige oorwegings. *Vir die Musiekleier*. 19:38-39.

- BOUWS, J. 1982. Solank daar musiek is ... Musiek en musiekmakers in Suid-Afrika (1652-1982). Goodwood: Tafelberg.
- BRINK, E.R. & POLMAN, B. 1998. Psalter Hymnal. Handbook. Michigan: CRC Publications.
- BRINK, E.R. & WITVLIET, J.D. 2003. Contemporary developments in music in Reformed Churches worldwide. (In Vischer, L. ed. Christian worship in Reformed Churches past and present. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishing Co.
- BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch: BUVTON.
- BURGER, C. 2001. Ons weet aan wie ons behoort. Nuutgedink oor ons gereformeerde tradisie. Wellington: Lux Verbi.
- BYBEL-MEDIA. Vennoot in geloof en bediening. BM www.bmedia.co.za 2009/03/20.
- CARSTENS, J.C. 1983. Die *Halleluja*-bundel as vernuwingsbundel? (In Du Toit, J.H.H. red. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 42-55.)
- CASTLE, B. 1994. Sing a new song to the Lord. The power and potential of hymns. Norwich: Page Bros.
- CHANTS DE TAIZÉ. 2001. Ateliers et Presses de Taizé, Taizé-Communauté, France.
- CILLIÉ, G.G. 1982. Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan? Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.
- CILLIÉ, G.G. 1993. Afrikaanse Liederwysies: 'n verdwynende kultuurskat. Johannesburg: SAMRO.
- COETZEE, J. 1993. Die Psalms: Goddelike en menslike gesprek. *Vir die Musiekleier*. 20:4-11.
- COMPLETE MISSION PRAISE. 2005. Compiled by Horrobin, P. and Leavers, G. London: Collins.
- CURTIS, E.M. 1997. Ancient Psalms and modern worship. *Bibliotheca Sacra*. 153:285-296. Dallas: Theological Seminary.

- DE KLERK, B. 2008. Liturgie en kultuur. Ongepubliseerde referaat gelewer by Kerkliedkonferensie van die GKSA by die Gereformeerde Kerk Randburg. 15 Maart.
- DIE BYBEL. Nuwe vertaling. 1984 (1983). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- DIE BERYMDE PSALMS in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk. 1951 (1937). Kaapstad: S.A.B.V.
- DIE BERYMDE PSALMS in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1976. Kaapstad: N.G.Kerk-uitgewers.
- DIE HALLELUJA. 1962 (1959). Psalms, Gesange en ander liederes vir huis, dag- en Sondagsskool en Jeugverenigings. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.
- DIE NASLAANBYBEL: Hersiene uitgawe met Tekstverwysings. 1965. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- DU PLOOY, H. 2006. Geloof, Musiek en Taal. *Vir die Musiekleier*. 33:40-54.
- EVANGELIE-LIEDERE: 'n versameling van 400 uitgesoekte liederes, in Afrikaans verwerk uit 'n groot verskeidenheid Engelse liederbundels. (sonder jaartal) Johannesburg: Christelike Uitgewers-Maatskappy.
- EVANGELISCHES GESANGBUCH. 1994. Ausgabe für die Evangelisch-Lutherischen Kirchen in Niedersachsen und für die Bremische Evangelische Kirche. Hannover: GmbH & Co.
- FOURIE, F.P. 2000. 'n Geskiedenis van die kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Proefskrif voorgelê vir die graad D.Th, UNISA.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Ons kerke se leweweerspieël in ons liturgie. Calvyn Jubileum Boekefonds.
- GARDNER, H. 1959. (1936) *Art through the Ages*. London: Bell
- GILIOME, H. 2003. *The Afrikaners; biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.
- GKSA
- Kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.*

- GROLLENBERG & VAN DEURSEN, 1719 (A.V. 1958). Atlas van die Bybel.
Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- GROVÉ, I. 2001. Waar gaan ons liederwysies heen? *Vir die Musiekleier*. 28: 32-38.
- GROVÉ, I. 2006. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie sh? *Vir die Musiekleier*. 30:21-29.
- HALLELUJA LIEDEREN voor Sondagscholen, Strevers- en Jongelings-
vereenigingen, conferenties en bijzondere dienste. 1904 (1903). MURRAY,
C. (red). Kaapstad: De Z.A. Bijbel Vereeniging.
- HAT. 1992 (1981). Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.
Tweede uitgawe, tiende druk. Odendal F.F. (red). Johannesburg: Perskor-
Boekdrukkery.
- HENDRIKS, H.J. 2003. Die toekoms van die kerk; die kerk van die toekoms.
Ongepubliseerde preek gelewer in die NG Gemeente Pionierspark op 12
Oktober, 2003.
- HENDRIKS, H.J. 2008. Die Kerk op pad terug na die vroeg-kerklike opset? E-
posbrief ontvang op 5 November, 2008.
- HEYNS, C. 1993. "So lyk die ware kerklied". *Vir die Musiekleier*. 20:51.
- HUISAMEN, E. 1997. Kom ons sing die Kerk weer vol; hoe Gemeentesang jou
Geloof opnuut kan bou. Kaapstad: Lux Verbi.
- HUSTAD, D.P. 1994. Let's not *just* praise the Lord. What is the proper place of
those popular praise and worship songs? *Vir die Musiekleier*. 21:11-16.
- HYMNS ANCIENT AND MODERN; NEW STANDARD. 1988. Norwich:
Canterbury Press.
- HYMNS OF GLORY SONGS OF PRAISE, 2008. Norwich: Canterbury Press.
- HYMNS OLD & NEW 1988 (1986). Anglican Edition, Revised impression.
Suffolk: St Edmundsbury Press.
- JAARBOEK VAN DIE NG KERKE. 2007. Bloemfontein: Handisa.
- JANKOWITZ, H.J. 1986. Die Geneefse psalms – 'n kosbare braakland. *Vir die
Musiekleier*. 11:15-19.

- JANKOWITZ, H.J. 2006. Die musiekleier as bedienaar van verskillende spiritualiteitstipes in 'n eietydse gereformeerde erediens. *Vir die Musiekleier*. 33:30-39.
- JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The Paradigm Shift. An Introduction to Postmodern Thought and its Implications to Theology. Pretoria: Van Schaik.
- JOHANSSON, C.M. 1992. Discipling Music Ministry. Twenty first Century Directions. Peabody, Massachusetts: Hendrickson.
- JONKER, W. 1998. Selfs die kerk kan verander. Kaapstad: Tafelberg.
- KAMEETA, Z. 2006. Towards Liberation. Crossing boundaries between church and politics. (Ed Baumgarten, J.) Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- KLOPPERS, E.C. 1995. Gesangboek van die Reformierte Kirche in Switzerland. *Vir die Musiekleier*, 26:13-16.
- KLOPPERS, E.C. 1997. Liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n post-moderne era. Ongepubliseerde DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- KLOPPERS, E.C. 2002. Die God Is Onse God ...Hymns, Hymnals and the National Identity of the Afrikaner. *Religion and Theology*. 9 (3-4): 183-198. <http://www.ingentaconnect.com/;jsessionid=wmqb9jh2gdnn.alice> 2008/11/08.
- KLOPPERS, E.C. 2003. Musiekbediening? 'n Teologiese perspektief. *Vir die Musiekleier*. 30:11-19.
- KÖNIG, A. 1998. Vernuwe of verdwyn. Hoe oop is die NG Kerk vir verskillende vorme van aanbidding? Kaapstad: Lux Verbi.
- KRUGER, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig*. 36(1):19-43.
- KRUGER, D. 2006. Voorsittersverslag: SAKOV 2006. *Vir die Musiekleier*. 33:123-125.
- KWOK, K.H. 1998. "What is postmodernism?" Internet artikel: <http://www.vlsi.uwaterloo.ca/~khkwok/postmodernism> 99/07/29:1-19.
- LIEDBOEK VAN DIE KERK; 'n Keur van 30 liedere. 2001. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

- LIEDBOEK VAN DIE KERK vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste.
 2001. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- LIEDBOEK VOOR DE KERKEN. Gereformeerd Kerkboek Proefbundel. 1998.
 Zoetermeer: Boekencentrum.
- LOUW, J., VAN DER MERWE, H. & ENGELBRECHT, F. 2002. Liedboeksleutel:
 'n elektroniese multimediea-hulpmiddel vir die Liedboek van die kerk.
 Wellington: Lux Verbi.
- LUDIK, L., SIMPSON, N., LOUW L. & HEYNS M. 2002. Koeltebome van God se
 genade. Eredienste wat Hoop gee; 'n Kursus oor erediensspiritualiteit.
 Ongepubliseerde referaat by Konferensie oor Verantwoordelike Vernuwung
 2002. BUVTON.
- LUTH, J.R. 1988. "Daer wert om't seerste uytgekreten..." (Deel 1). *Vir die
 Musiekleier*. 15:37-43.
- LUTH, J.R. 1989. "Daer wert om't seerste uytgekreten..." (Deel 2). *Vir die
 Musiekleier*. 16:21-26.
- MALAN, J.P. 1980. Suid-Afrikaanse Musiek-Ensiklopedie. Kaapstad: Oxford
 University Press.
- MALAN, J.P. 1984. Die Afrikaner en sy Kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*. 8:39-49.
- MALAN, J.P. 1985. Die Afrikaner en sy Kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*. 9:16-23.
- MALAN, J.P. 1986. Die Afrikaner en sy Kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*. 12:62-
 68.
- MILLER, S. 1993. The Contemporary Christian Music Debate: Wordly
 compromise or agent of renewal? Waynesboro, Georgia: OM Literature.
- MÜLLER, J. 1988. Die erediens as fees. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- NEW WORLD ENCYCLOPEDIA. 2007. Harmonium.
www.newworldencyclopedia.org/entry/harmonium. 2009/03/31.
- NICOL, W. 2000. Godsdiens wat wêrk; ontdek dié soort godsdiens wat vir jou die
 beste werk. Wellington: Lux Verbi.
- FAK-SANGBUNDEL. 1979. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- OSBECK, K.W. 1987. The Endless Song. Grand Rapids: Kregel Publications.

- OTTERMANN, R.E. 1982. Kerkmusiekskolling van teologiese studente op Stellenbosch – 'n deurbraak na 120 jaar! *Vir die Musiekleier*. 4:25-26.
- PAYTON, L. 2007. How shall we sing to God? Internet anrtikel: [http://www.sgc.org/musicmin/How Sing.pdf](http://www.sgc.org/musicmin/How_Sing.pdf). p.1-13. 2006/10/04.
- PRINSLOO, W.P. 1992. Die Afrikaanse Psalmberyming (1) – werkwyse en vordering. *Vir die Musiekleier*. 19:37.
- PSALMBOEK. DIE BERYMDE EN OMGEDIGTE PSALMS EN ANDER SKRIFBERYMINGS IN GEBRUIK BY DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2003. Wellington: NG Kerkuitgewers.
- PSALMEN EN GEZANGEN VOOR DEN EREDIENST DER NEDERLANDSE HERVORMDE KERK. 1938. Amsterdam: Joh. Enschedé en Zonen Haarlem.
- PSALTER HYMNAL. 1987. Christian Reformed Church in North America. Grand Rapids, Michigan: CRC Publications.
- RICHTER, J. 1998. Het ons hart nie warm geword nie ... ? Riglyne vir 'n gemeentelike eredienstwerkgroep. Matieland: BUVTON.
- ROUTLEY, E. 1964. Twentieth Century Church Music. London: Herbert Jenkins.
- ROUTLEY, E. 1967. Music Leadership in the Church. Illinois: Agape.
- ROUTLEY, E. 1968. Words, Music and the Church. New York: Abingdon Press.
- ROUTLEY, E. 1977. A Short History of English Church Music. Oxford: Mowbrays.
- ROUTLEY, E. 1978. Church Music and the Christian Faith. Illinois: Agape.
- ROUTLEY, E. 1979. A Panorama of Christian Hymnody. Minnesota: Liturgical Press.
- ROUTLEY, E. 1982. Christian Hymns Observed. Oxford: Prestige Publications.
- ROUX, E. 1985. Grondbeginsels van die Gereformeerde Kerklied met verwysing na die 1978-Psalm en Gesangboek. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- ROUX, E. 1986. Die geskiedkundige agtergrond van die Geneefse melodiestyl en die betekenis daarvan vir die Afrikaanse gereformeerde psalmsang. *Vir die Musiekleier*. 12:17-36.
- SAMUEL DE LANGE. 2008. The Lied and Art Song Texts Page. www.recmusic.org/lieder/l/slange.html. 2009/03/31.

- SERFONTEIN, W.J.B. 1956. Die psalm as kerklied. Nijkerk: Callenbach N.V.
- SERFONTEIN, W.J.B. 1976. Die Hersiene Psalmmelodieë, 1967. *Die berymde Psalms*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- SERFONTEIN, W.J.B. 1983. Die ontstaan van die kerksangbundel van 1978. (In Du Toit, J.H.H. red. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 131-145.)
- SHELLEY, B.L. 1982. Church History in Plain Language. Dallas: World Publishing.
- SHELT, C. 1996. Toward a Biblical Theology of Music in Worship. *Reformed Theological Review*. 55:67-80.
- SÖHNGE, W.E.H. 1983. Die Psalmmelodieë vir die 1937-Psalmberyming. (In Du Toit, J.H.H. red. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 76-91.)
- STAM, C. & WITVLIET, J.D. 1998. Worship Transformed: a Time of Change for Choral Musicians in Christian Churches. *Choral Journal*. 38 (8):55-62.
- STRAUSS, M. 2005. My allerbeste vir die Allerhoogste. Kan/wil ek liturgies 'n verskil maak in 'n post-Christelike tyd? *Vir die Musiekleier*. 32:7-16.
- STRYDOM, W.M.L. 1987. Die plek van die koor- en ander nie-gemeentelike sang in die erediens. *Vir die Musiekleier*. 13:11-26.
- STRYDOM, W.M.L. 1989. Sing onder mekaar – waarom hierdie proefsangbundel? *Vir die Musiekleier*. 16:4-9.
- STRYDOM, W.M.L. 1992. Eietydse erediensvernuwing in die Gereformeerde kerke in Engeland en Europa. *Vir die Musiekleier*. 19 : 4-14.
- STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore". Liturgie en Lied. Bloemfontein: Departement Musiek, UOVS.
- STRYDOM, W.M.L. 1999. Die ritmiek, frasiering en uitvoeringswyse van die Geneefse Psalmmelodieë. *Vir die Musiekleier*. 26:17-24.
- THURIAN, M. 1983. ed. The Lima Liturgy. Perspectives on Baptism, Eucharist and Ministry. In Faith and Order Paper No. 116. World Council of Churches, Faith and Order Commission 1983. Ecumenical Appendix II. Geneva:WCC

Publications. <http://www.wcc-coe.org/wcc/what/faith/lima-e.html> p. 1-19.

2007/08/02.

- TROSKIE, A.J.J. 1983a. 'n Kritiese waardering van die Psalmmelodieë van 1975 -1978. (*In Du Toit, J.H.H. red. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 146-157.)
- TROSKIE, A.J.J. 1983b. Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 1982 – 'n kerkmusiekverslag. *Vir die Musiekleier*. 6:60-67.
- TROSKIE, A. 2001. Liedboek van die kerk: praktiese gebruik vir orrelis en leraar. *Vir die Musiekleier*, 28:25-31.
- VAN DER COLF, A.P. 1987. Nuwe tendense in die liturgie. *Vir die Musiekleier*. 14:4-10.
- VAN DER COLF, A. 1997. Op soek na die postmoderne kerklied. *Vir die Musiekleier*. 24:19-23.
- VAN DER WALT, J.J.A. 1962. Die Afrikaanse Psalmmelodieë. Potchefstroom: Pro Rege.
- VAN DER WESTHUIZEN, H.P. 2005. Die Afrikaanse kerklied: 'n kort historiese oorsig. *Vir die Musiekleier*. 32:51-60.
- VAN NAMEN, A. 1982. Ons Psalmboek as liedboek in die Erediens. *Vir die Musiekleier*. 4:5-19.
- VAN NIEKERK, A. 2005. Dilemmas in die erediens in 'n tyd van spiritualiteitsverskuiwing. Ongepubliseerde referaat by SAKOV-Algemene Jaarvergadering 2005.
- VAN ROOY, H.F. 2004. Die nuwe Psalmomdigting: die Messias weggelaat? *Hervormde Teologiese Studies*. 60(3):755-767.
- VAN ROOY, H.F. 2006. Die 2001-omdigting van die Psalms na vyf jaar. *Vir die Musiekleier*, 33:55-65.
- VAN WYK, D.J.C. 1983. Die beryming van die Psalms in Afrikaans. (*In Du Toit, J.H.H. red. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- VILJOEN, F.P. 2004. By wie moet ons gaan kers opsteek. 'n Vergelyking tussen die benaderings van Calvyn en Luther tot Psalmberymings. Referaat

- gelewer by werkswinkel 4: Lied in die Nuwe Testament en die gebruik daarvan in die liturgie. Teologiese Skool, Potchefstroom.
- VILJOEN, M. 1997. Sentiment en die lied van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n inhoudsanalitiese perspektief. Ongepubliseerde M.Mus-verhandeling. UOVS.
- VORSTER, J.M. 1996. Is die Kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde Kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom: Potchefstroomse teologiese publikasies.
- VOS, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning: Studies in Praktiese Teologie. Pretoria: RGN.
- VOS, C.J.A. 2005. Theopoetry of the Psalms. Pretoria: Protea Book House..
- WARE, C. 1995. Discover your spiritual type: a guide to individual and congregational growth. New York: The Alban Institute.
- WELCH, E. 1992. Codependency and the Cult of the Self. (*In Horton, M.S., red. Power Religion. The Selling out of the Evangelical Church? Vereeniging: Christian Art Publishers. p. 221-243.*)
- WESTERMEYER, P. 1995a. With Tongues of Fire; Profiles in 20th Century Hymn Writing. St. Louis: Concordia Publishing House.
- WESTERMEYER, P. 1995b. The Future of Congregational Song. *Vir die Musiekleier*. 22:11-16.
- WESTERMEYER, P. 1998. Te Deum. The Church and Music. Minneapolis: Fortress Press.
- WESTERMEYER, P. 2008. What is a Hymn Heritage? *The Hymn*. 59 (1):7-13.
- WITVLIET, J.D. 2007. The Biblical Psalms in Christian Worship. Michigan: Eerdmans Publishing Company.
- WILSON-DICKSON, A. 1992. The Story of Christian Music. Oxford: Lion Publishing.
- WOLVAARDT, B. 1999. God's communication through the Bible. (*In Wolvaardt, B. red. How to interpret the Bible. Herfordshire: Bookcraft. p.15-42.*)

BYLAE

Bylaag A: Briewe	269
Bylaag B: Empiriese studie	272
Bylaag C: Musiekvoorbeelde	277
Bylaag D.1: Die liturgiese aanwending van die kantory	295
D.2: Die psalms as hoekstene vir die erediens	297

BYLAE

INHOUDSOPGAWE VAN BYLAE

Bylaag A Briewe	269
A.1 Voorbereidende brief aan sinodale streekkantore	269
A.2 Begeleidende brief by vraelys	270
A.3 Bedankingsbrief.	271
Bylaag B Empiriese studie	272
B.1 Die vraelys soos uitgestuur gedurende die tydperk Maart tot Julie 2007	272
Bylaag C Voorbeelde van psalms uit ekumeniese bronne	275
Uiteensetting van voorbeelde - redes waarom dit voorgestel word.	
C 1 Hymns Old & New: Nommer 224	277
~~C 2~~ Hymns ancient and Modern: Geen navolgingswaardige voorbeeld	
C 3 Psalter Hymnal: Nommer 52	278
C 4 Evangelisches Gesangbuch: Nommers 306, 577, 176	279-281
~~C 5~~ Liedboek voor de Kerken: Geen navolgingswaardige voorbeeld	
C 6 Chants de Taizé: Nommers 17, 24 en 73-74	282-284
C 7 Agape: Nommers 54, 58, 33	285-289
C 8 Complete Mission Praise: Nommer 848	290-291
C 9 Hymns of Glory Songs of Praise: Nommers 23, 62	292-294
Bylaag D Praktiese voorstelle vir die benutting van psalms	295
D.1 Die liturgiese benutting van die kantory vir psalmsang	295
D.2 Die psalms in die <i>Liedboek</i> (2001) as bron van liturgiese verryking	297

BYLAAG A: Briewe

A.1 Voorbereidende brief aan sinodale streekskantore.

Maart 2007

Geagte Skriba/Saakgelastigde van die Sinodale Gebied Wes-Transvaal,

I.s. Empiriese navorsing oor die funksionaliteit van psalmsang in die NG Kerk in S.A en Namibië

1. Motivering

Psalmsang het ongelukkig binne ons kerkverband 'n hartseer geskiedenis: sodat die kosbaarste, Bybelse lofbundel besig is om in onbruik te raak – die lofsang-erfenis wat die hoogtepunt van ons lof aan God moet uitsing, is besig om traag en stemloos te word. Selfs kosbare, vars omdigtings saam met heelwat nuwe wysies, kon blykbaar nie die saak beredder nie.

2. Plan van aksie

Die identifisering van die stand van sake kan as 'n beginpunt vir riglyne vorentoe beskou word. Derhalwe is 'n vraelys vir die inwin van statistieke rondom psalmsang ten opsigte van funksionaliteit en gebruiksfrekwensie saamgestel en deur die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus goedgekeur. Dit vorm deel van 'n PHD-studie oor die psalms in die *Liedboek van die Kerk* deur 'n ingeskrewe student onder leiding van prof Daleen Kruger, me HJ Jankowitz.

3. Omvang van die navorsing

Die navorsing sal die uitstuur van vraelyste aan 500 bepaalde gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië behels. Gemeentes is gekies om 'n bepaalde verskeidenheid te dek ten opsigte van ligging, bedieningstyl en lidmaattal. Dit word beplan om gedurende Maart uitgestuur te word en terugvoering word ongeveer Mei tot Julie verwag. Die aangehegte stukke sal elektronies aan die bepaalde gemeentes gestuur word.

4. Redes vir hierdie skrywe

Die redes vir hierdie skrywe is om u in te lig oor hierdie beplande empiriese studie, die motivering daarvoor, asook die omvang daarvan te beskrywe en te versoek dat u gemeentes in u sinodale gebied sal inlig dat so 'n studie besig is om plaas te vind en die gemeentes sal aanmoedig om die vraelys te voltooi en terug te besorg.

By voorbaat baie dankie vir u aandag en ondersteuning.
Met seënwenne vir u omvangryke taak
En met kerklied-liefde

HJ Jankowitz

A.2 Begeleidende brief by vraelys.

Gemeentes uit die NG Kerk Sinode Oos-Transvaal Verwysing 6a 1-68.

Maart – Augustus 2007

Geagte Leraar/ Skriba/ Orrelis

I.s. Empiriese navorsing oor die funksionaliteit van psalmsang in die NG Kerk in S.A en Namibië

1. Motivering

Psalmsang het ongelukkig binne ons kerkverband 'n hartseer geskiedenis: sodat die kosbaarste, Bybelse lofbundel besig is om in onbruik te raak – die lofsang-erfenis wat die hoogtepunt van ons lof aan God moet uitsing, is besig om traag en stemloos te word. Selfs kosbare, vars omdigtings saam met heelwat nuwe wysies kon blykbaar nie die saak beredder nie.

2. Plan van aksie

Die identifisering van die stand van sake kan as 'n beginpunt vir riglyne vorentoe beskou word. Derhalwe is 'n vraelys vir die inwin van statistieke rondom psalmsang ten opsigte van funksionaliteit en gebruiksfrekwensie saamgestel en deur die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus goedgekeur. Dit vorm deel van 'n PHD-studie oor die psalms in die *Liedboek van die Kerk* deur 'n ingeskrewe student onder leiding van prof Daleen Kruger, me HJ Jankowitz.

3. Omvang van die navorsing

Die navorsing behels die uitstuur van vraelyste aan 500 bepaalde gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië. Gemeentes is gekies om 'n bepaalde verskeidenheid te dek ten opsigte van ligging, bedieningstyl en lidmaattal. Daarom is die inligting van elke vraelys belangrik! Dit word gedurende Maart uitgestuur en terugvoering word so gou moontlik of nie later nie as Vrydag 13 Julie ingewag. Die Vraelys is by hierdie brief aangespeld. U sinodale streekkantoor het waarskynlik reeds inligting omtrent hierdie projek aan u deurgegee.

4. Redes vir hierdie skrywe

Die redes vir hierdie skrywe is om u in te lig oor hierdie beplande empiriese studie, die motivering daarvoor asook die omvang daarvan te beskrywe en te versoek dat u, indien moontlik, die betrokke inligting self invul of dit aan iemand besorg wat dit kan invul.

By voorbaat baie dankie vir u aandag en ondersteuning.
Met seënwense vir u omvangryke taak
En met kerklied-liefde

HJ Jankowitz

A.3 Bedankingsbrief.

Bedankingsbriewe is hoofsaaklik per e-pos gestuur aan alle respondente waarvan daar 'n e-posadres, beskikbaar was. Wanneer vraelyste as 'n faks ontvang is, is die nommers gebruik om bedankingsbriewe uit te stuur. Meestal is gepoog om 'n positiewe opmerking oor gegewens wat uit die vraelys geblyk het, te maak - die klem het veral op waardering geval.

April – Augustus 2007

Geagte

Baie dankie vir die voltooide vraelys wat ek ontvang het. U/jou samewerking word hoog waardeer. Veral die moeite wat u ten opsigte van in die gemeente doen, is opmerklik.

Baie seën word verder op u werk in die gemeente toegebid – mag die psalms veral in julle gemeente tot eer van God aangewend word.

Met vriendelike groete

Driekie Jankowitz.

BYLAAG B: VRAELYS Sinodale Gebied Wes-en-Suid-Kaapland Verw. 1-50**Om die aanwending en gewildheid van psalms in die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië te ondersoek.**

(Klik die antwoordblokkie en kleur (*highlight*) die agtergrond;
 ander blokkies het ruimte om 'n X of 'n antwoord in te vul)
 of faks na 00264 61 246962.

1. Word psalms voorbereidend tot die erediens gesing? Ja Nee
- 1a. Word psalms tydens die erediens gesing? Ja Nee
2. Hoe **gereeld** gemiddeld per Sondag

1x per Sondag	2x Per Sondag	Meer x per Sondag
3. **Hoeveel** psalms word gemiddeld per maand in die erediens gesing?

0-2	3-4	5-6	7-8	9-10	11-12	Meer
4. Watter **vorm(s) van begeleiding** word vir die begeleiding van psalms gebruik?

Orrel	Klavier	Orkes	Ander
5. Sing die gemeente **uit** die Liedboek vanaf skerm of beide
- 5a. Gemiddeld hoeveel persone sing uit die Liedboek?

0 – 20%	20 – 40%	40 – 60%	60 – 80%	80 – 100%
6. Maak asseblief 'n lysie van die psalms wat die meeste in u gemeente **gebruik** word (dit geskied meestal volgens keuses van die leraar(s) of sangleier(s). Probeer dit in volgorde van gebruiksfrekwensie plaas.

- 6a. Watter psalms is die **mees geliefde** onder gemeenteliede? Probeer dit sover moontlik in volgorde van gewildheid te plaas.

7. Om **watter rede(s)** is die bogenoemde psalms gewild?

Woordinhoud ☐

Melodie ☐

Musiek en woorde pas goed bymekaar ☐

Bekendheid ☐

Sentimentele waarde ☐

Ander redes ☐

8. Word die **Totius-berymings**, agter in the Liedboek, in u gemeente gebruik?

Ja	Nee

- 8a. Indien ja, watter?

- 8b. Indien nee, waarom nie?

9. Vind u die tekste van die **nuwe psalmomdigtings** aanvaarbaar?

Ja	Nee

- 9a. Indien ja, waarom?

- 9b. Indien nee, waarom nie?

10. Vind u as gemeente die **nuwe melodieë** by die psalms, in die algemeen, makliker om te sing?

Ja	Nee

- 10a. Watter van die nuwe psalmmelodieë van **Suid-Afrikaanse** herkoms het by u gemeente inslag gevind?

3	5	7	12	13	14	15	24	26	27	38 ²	41	53	59
60	63	87	88	101	110	111	127 ¹	127 ²	130 ²	131	139	141	

- 10b. Watter van die nuwe psalmmelodieë vanaf **ander himnologiese** bronne het by u gemeente inslag gevind?

11	29	34	37	57	58	78	85	109	114	126

- 10c. Watter van die volgende **Geneefse** psalmmelodieë in die 2001-bundel het u gemeente nog nooit gesing nie?

1	19	21	35	47	51	65	67	75	81	86	99	103	121
124	135	150											

11. Word **volledige psalms** of slegs gekeurde strofes gesing?

- 11a. Hoe aanvaarbaar vind u gevarieerde, **verkorte vorms** van psalms soos byvoorbeeld Lied 163 "Soos 'n wildsbok" (Ps. 42) of Lied 224 "Kom prys Hom alle nasies", (Ps 117)?

12. By watter **liturgiese elemente** word psalms tydens die erediens aangewend?

Introitus/Bedevaartslied
Seëngroet
Wet
Vryspraak
Gebed(e)
By nagmaalbediening
Offergawe
Wegsending

Votum
Loflied
Verootmoediging
Geloofsbelydenis
Response by Skriflesings
By doopbediening
Preeklied
Die seën

12a. Enige interessante of **vernuwende liturgiese** wyses waarop u Psalms as gemeentlike response gebruik?

13. Word **psalmverwerkings** soms in u gemeente gehoor?

13a. Sing u koor/kantory/sanggroep enige psalms of verwerkings daarvan?

Ja

Nee

13b. Speel u orrelis soms psalmverwerkings as voor-, tussen- of naspele?

Ja

Nee

13c. Speel enige gemeente-ensembles of –orkes soms psalmverwerkings?

Ja

Nee

14. Enige bykomende kommentaar oor die Psalmbundel of oor u ervaring van gemeentelike psalmsang?

Dankie vir u kosbare tyd!

BYLAAG C

Uiteensetting van voorbeelde - redes waarom dit voorgestel word.

- C 1 *Hymns Old & New*: Nommer 224 277
- Die struktuur is strofe-en keervers; die strofes is kort en die laaste bygevoegde trinitariese vers is besonders.
 - Die melodie is volksagtig en bevat interessante sinkopes.
- ~~C 2~~ *Hymns ancient and Modern*: Geen navolgingswaardige voorbeeld nie
- C 3 *Psalter Hymnal*: Nommer 52 278
- Die melodie is singbaar met dinamiese spronge.
 - Stadig maar dinamiese harmoniese en ritmiese tempi.
 - Atmosfeerskepping deur dissonans en parallelle beweging van stemme.
- C 4 *Evangelisches Gesangbuch*:
- Nommer 176 279
- Die teks bestaan uit twee psalmsverse wat saam 'n epiklese gebed vorm. Dit eindig ook met 'n 'Amen'.
 - Die struktuur het 'n inleidende sangspreuk wat as keervers funksioneer.
 - Gebruik vir gemeente plus kantory: die gemeente sing die keerversspreuk, die kantory die kanon en sluit aan met vierstemmige 'amen'.
- Nommer 306 280
- Die struktuur is strofe- en keervers in kanon saam met kort strofes.
 - Gebruik kantory vir kanon en gemeente vir strofes.
 - Melodie dinamies-vreugdevol, atmosfeerskeppend en sing maklik.
- Nommer 577 281
- Die struktuur is 'n inleidende keervers wat die kern van Psalm 91 saamvat en die strofes 'n parafrase van die Skrifpsalm.
 - Gemeente sing keerversmelodie en kantory die vierstemmige koraalsang.
 - Grootste bate die rustige atmosfeerskepping by Psalm 91.
- ~~C 5~~ *Liedboek voor de Kerken*: Geen navolgingswaardige voorbeeld nie
- C 6 *Chants de Taizé*:
- Nommer 17 282
- Teks eenvoudig, kort, kernagtig en treffend
 - Melodie kort eenvoudig, skep atmosfeer van vertroue
- Nommer 24 283
- Teks veelseggende lofuiting en kort
 - Melodie met dinamiese spronge en opvallende ritme verklank lof
- Nommers 73-74 284
- Die wye bruikbaarheid daarvan maak hierdie insetsels onmisbaar: Kernverse uit enige psalm kan aangewend word as Skriflesings.

C 7 *Agape:*

Nommer 33

285

- Die teks is in kort twee-reël strofes met Halleluja-refrein.
- Musiek ritmies met sinkopiese aanslag. Goeie melodie bou op tot klimaks in die refrain. Byvoeging van instrument maat 8 lewer goeie resultaat.
- Begeleiding gebruik moderne harmonieë en ondersteun die teks.

Nommer 54

287

- Die uitstaande kenmerk is die energieke Suid-Amerikaanse ritme wat ontstaan as gevolg van die kontrasterende sinkopiese slaginstrument.
- Kitaarbegeleiding word geïmpliseer en kan die lofkarakter versterk.

Nommer 58

288

- Struktuur van teks is kernverse uit verskillende psalms met *inclusion*.
- Opwindende voorbeeld van Afrika-etniese musiek vir leier en gemeente.
- Die leier sing psalmtekste terwyl gemeente slegs herhalende woorde en eenvoudige melodie sing.
- Die slagwerk vergemaklik die ritme sodat dit maklik absorber word.

C 8 *Complete Mission Praise:* Nommer 848

290

- Die teks van Psalm 13 is innig en dra die emosie van die psalmdigter.
- Die melodie begin met 'n rusteken gevolg deur 'n opwaartse sprong beeld die noodroep van die teks uit.
- Die begeleiding skep die gemoedstoestand van die teks deur 'n onrustige ritme en donker akkoorde wat 'n dieptepunt vorm net voor die derde teksreël.
- Die lied kan impak hê wanneer dit by geleentheid deur solis of kantory gesing word.

C 9 *Hymns of Glory Songs of Praise:*

Nommer 23

292

Hierdie voorbeeld het groot moontlikhede vir die situasie in Suid-Afrika, omdat die gemeente slegs 'n kort antifoon sing en 'n spreekstem die verskillende psalmstrofes van die geparafraseerde psalm tussen-in lees. Die akkoorde wat die spreekstem begelei, onderstreep die betekenis van die teks.

Nommer 62

294

- Hierdie lied het 'n kwaliteit strofiese omdigting.
- Dit het 'n volksliedagtige melodie met interessante sinkopes wat maklik behoort tuis te kom.

Die begeleiding het sterk ritmiese beklemtoning, is speelbaar op enige klawerbordinstrument saam met alternatiewe harmoniese instrumente.

I'll turn my Steps to the Altar of God 224

Based on Psalm 43

Words and music by Aniceto Nazareth

Chorus 



I'll turn my steps to the al - tar of God, I'll turn my steps to the glad - ness of my

F Dm Am F# D7 Gm Am

4 *Verse*



life. Show your jus - tice in plea - ding my cause, let me walk in the

F F F#dim Gm C Am7 F7 Bb

8 *D.S.*



way of your laws. I'll turn my

2. Lead me on with your power and strength,
then my courage will never be spent.
3. Fill my heart with your truth and your light
as I enter with joy in your sight.
4. Holy praises of God will I sing;
I will trust and will hope in my King.
5. Glory be to the Father, the Son,
and the Spirit, while ages run.

Mighty Mortal, Boasting Evil

Psalm 52

Text: Helen Otte, 1985.

Tune: Aubrey L. Butler, 1971.

Unison

Might-y mor-tal, boast-ing e - vil, why plot mis-chief ev - ery day?
 God will bring you down to ru - in; from your place you will be sent.
 In the house of God I flour-ish like a grow-ing ol - ive tree.

5
 Your sharp tongue is like a ra-zor, cut-ting with each word you say. You love e - vil
 In the sight of right eous peo-ple God will pluck you from your tent. Then the right-eous
 Trust-ing in God's love for - ev - er, I will praise him thank ful - ly. For I know that

10
 more than good - ness, harm - full words that will de - vour;
 filled with laugh - ter, will cry out, "Be - hold this fool!
 you have done this; I will hope in your good name.

13
 ly - ing more than speak-ing tru - ly, O you tongue of aw - ful power!
 He would not make God his ref - uge; mon - ey was his gold - en rule."
 In the pres-ence of your peo - ple I your good-ness will pro-claim.

Öffne meine Augen 176

Psalm 119:18; Psalm 69:33

Melodie und Kanon für 4 Stimmen: Friedemann Gottschick 1983

Spruch

Öff - ne mei - ne Au - gen, dass sie seh-en die Wun-der an dei-nem, Ge-setz.

5 *Schluss*

A - men.

9 *Kanon*

1. Die Gott su - chen, 2. die Gott su - chen, 3. de - nen wird das

14 4. Herz auf - le - ben, de - nen wird das Herz auf - le - ben.

©Rechtsinhaber: Gottschick Friedemann, Lüneburg.

Singt das Lied der Freude 306

Text: Dieter Hechtenberg 1968

Psalm 148

Melodie: Hartmut Bietz 1971


Kehrvers (Kanon)

(1.)



Singt das Lied der Freu - de, der Freu - de ü - ber Gott!

5 (2.)



Lobt ihn laut, der euch er - schaf - fen hatt.

9 *Strophen*



Preist ihn, hel - le Ster - ne, lobt ihn, Son - ne, Mond,

13



auch im Welt - all fer - ne sei - ne Eh - re wohnt:

Der Kehrvers wird nach jeder Strophe wiederholt.

2. Preist ihn, ihr Gewitter, /Hagel, Schnee und Wind. /
Lobt ihn, alle Tiere, / die auf Erden sind:
3. Stimmt mit ein, ihr Menschen, / preist ihn, gross und klein, /
seine Hoheit rühmen / soll ein Fest euch sein:
4. Er wird Kraft uns geben, / Glanz und Licht wird sein, /
in das dunkle Leben / leuchtet hell sein Schein:

© Rechtsinhaber, Melodie: Christophorus-Verlag, Freiburg

© Text: Verein zur Herausgabe des Gesangbuchs der ev.-ref. Kirchen der deutschspr. Schweiz, Zürich.

Unser Gott hört den, der zu ihm ruft

577

Psalm 91

Melodie und Satz: Josef Gelineau 1953

Leitvers *Psalm*

Un-ser Gott hört den, der zu ihm ru - fet.

1. Wer wohnt unterm Schirm des Höchsten,
2. Er wird dich er retten von dem Strick
3. Es fallen tausend dir zur Seite,
4. Es kann dir kein Unheil be gegnen

6

und im Schatten des All mächtigen nächtigt, spricht zum Herrn: Meine
des Jägers, der sucht zu ver derben. Mit seinen Schwingen
zehn tausend zu deiner Rechten: Dich
keine Plagen nahn deinem Zelte. Er be fahl - seinen

12

Burg, meine Zuflucht, mein Gott auf den ich ver traue.
wird er dich decken, unter seinen Flügeln find'st du Zuflucht.
wird es nicht treffen, seine Treue ist Schirm und Schutz.
Engeln über dir, dich zu hüten auf all deinen Wegen.

Alle wiederholen den Leitvers

17 El Senyor

Psalm 27:1-3

Jacques Bertier

El Se-nyor és la me-va for-ça, el Se-nyor el meu cant. Ell m'ha es-tat la sal-va-ci

6

ó. En ell con-fi-o i no tinc por, en ell con-fi-o i no tinc por. El Se-

Mei-ne Hoff-nung und mei-ne Freu-de mei-ne Stär-ke, mein Licht, Chris-tus mei-ne Zu-versicht,
auf dich ver-trau ich und fürcht mich nicht, auf dich ver-trau ich und fürcht mich nicht.



In the Lord I'll be e-ver thank-ful, in the Lord I will re-joice! Look to God, do not be a-fraid.
Lift up your voi-ces, the Lord is near. Lift up your voi-ces, the Lord is near.

©Ateliers et Presses de Taizé, 71250 Taizé-Communauté, France, 2001 - DL 929 ISBN 2-85040-128-5
Achevé d'imprimer en janvier 2001 sur les Presses de Taizé.

Singt dem Herrn 24

Psalm 118:1; Psalm 136:1

Jacques Bertier



Sing to God with joy-ful hearts.
Praise the Lord for ev-er-more, praise the Lord for ev-er-more.

Cantate al Signore un canto nuovo.
Lodatelo sempre! Lodatelo sempre!

Chantez au Seigneur un chant nouveau.
Louez-le toujours! Louez-le toujours.

Alleluia 73

Jacques Bertier

Solo
(Al le-lu- ia)
Al-le lu-ia, al-le lu-ia, al-le lu ia!
Solo (Al-le-lu- ia)

Psalm verse reading starts

© Ateliers et Presses de Taizé, 71250 Taizé-Communauté, France, 2001
- DL 929 ISBN 2-85040-128-5 - Achevé d'imprimer en janvier 2001 sur les Presses de Taizé.

Alleluia 74

Jacques Bertier

Al - le - lu - ia, Al - le - lu

Solo (Al - le - lu - ia)

Psalm verse reading starts here

© Ateliers et Presses de Taizé, 71250 Taizé-Communauté, France, 2001
- DL 929 ISBN 2-85040-128-5 - Achevé d'imprimer en janvier 2001 sur les Presses de Taizé.

Illoitse, maa! (Halleluja-laulu) 33

Based on Psalm 100

Words and music by Olli Kortekangas, Finland

♩ = 66-69

I - loit - se - maa! -
All the earth praise! -

Her - all - le
Serve God with

4
rie - mu - huu - to ko - hot - ta - kaa!
heart and soul - and sing out your joy!

Finnish

- 1 Illoitse, maa!
Heralle riemuhuuto kohottakaa!
Halleluja, halleluja, halleluja!
Halleluja, halleluja, hallelua! Aamen
- 2 Ylistä, maa!
Porteilleen kiitoslauluin vaeltakaa!
- 3 Taivas ja maa
alati Herran voimaa julistakaa!

English

- 1 All the earth, praise!
Serve God with heart and soul
and sing out your joy!
Alleluia, alleluia, alleluia!
Alleluia, alleluia, alleluia! Amen.
- 2 All the earth's people,
enter the gates of God with thanks
and with praise!
- 3 Heaven and earth,
sing of the power of God, Creator of all!
tr. Maggie Hamilton

8 INSTRUMENT (ad lib.)

Hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja! A - men.
Al - le - lu - ia, al - le - lu - ia, hal - le - lu - ia! A - men.

12

Hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja! A - men.
Al - le - lu - ia, al - le - lu - ia, al - le - lu - ia! A - men.

German

1. Jauchse, o Erde!
Dienet dem Herrn mit Freuden,
frohlocket ihm!
Halleluja, halleluja, halleluja!
Halleluja, halleluja, halleluja! Amen.
2. Preise, o Erde!
Kommt durch die Tore jauchzend,
und danket ihm!
3. Himmel und Erde!
Preiset den Herren, den Schöpfer,
lobt seine Macht!
tr. Dietrich Werner

French

- 1 Toi, terre entière,
acclame le Seigneur, et chante ta joie!
Alléluia, alléluia, alléluia!
Alléluia, alléluia, alléluia! Amen.
- 2 Vous, tous les peuples,
venez dans sa maison, pour bénir son nom!
- 3 Vous, ciel et terre,
chantez sa royauté, sa fidélité!
tr. Marc Chambron

Louvai ao Senhor 54

Central theme Psalm 118:1

Equipe do CELMU

Simeí Pereira do Amaral, Brazil

Baião ♩ = 106

Em C D Em

Lou - vai ao Se - nhor por - que e - le é bom! Lou
 We praise you, O God, be - cause you are good! We
 Wir loben dich, Herr, denn du bist - gut! Wir
 Lou - ez le Sei - gneur, chan - tez sa bon - té! Lou -

5 2. Em Fine G A C D Em D.C.

bom! Pe - la fra - ter - ni - da - de.
 good! You in - spire faith and cou - rage.
 gut! Du bringst uns Ge - mein - schaft.
 té! Pour la vie et pour l'a - mi - tié.

Portuguese

Louvai ao Senhor porque ele bom!
Louvai ao Senhor porque ele bom!

- 1 Pela fraternidade.
- 2 Pela paz e unidade.
- 3 Pelo amor e justiça.
- 4 Pela graça da vida.

German

Wir loben dich, Herr, denn du bist gut!
Wir loben dich, Herr, denn du bist gut!

- 1 Du bringst uns Gemeinschaft.
- 2 Du gibst Segen und Frieden.
- 3 Du schenkst Einheit und Liebe.
- 4 Du sorgst für Gerechtigkeit.

tr. Ari Kuebelkamp

English

We praise you, O God, because you are good!
We praise you, O God, because you are good!

- 1 You inspire faith and courage.
- 2 You bring nations together.
- 3 You inspire love and justice.
- 4 You inspire hope and vision.

tr. Fred Kaan

French

Louez le Seigneur, chantez sa bonté!
Louez le Seigneur, chantez sa bonté!

- 1 Pour la vie et pour l'amitié.
- 2 Pour la paix et pour l'unité.
- 3 Pour la justice et pour l'amour.
- 4 Pour sa grâce de chaque jour.


tr. Marc Chambron

Musande Mambo Mwari 58

Based on Psalm 99:1-3

Mr Zata, Zimbabwe

$\text{♩} = 112$



LEADER 

Mu - sa - nde
Ho - ly
Hei - lig



ALL 

Mu - sa - nde, m'sa - nde, m'sa - nde Ma - mbo Mwar -
Mu - sa - nde, m'sa - nde, m'sa - nde wa - ma - si -
Ho - ly, ho - ly, ho - ly Lord God Sa - ba -
Ho - ly, ho - ly, ho - ly God, Al - migh - ty
Hei - lig, hei - lig, hei - lig, du Herr Ze - ba -
Hei - lig, hei - lig, hei - lig, du All - mäch - ti -

8

1.  2.  Fine

Mu - sa - nde De - nga na pa - si zvi - ze - re ne
Ho - ly All hea ven and earth ma - ni - fest your
Hei - lig Him mel und Er - de Fine sind voll dei - ner

1.  2.  Fine

ri. mba.
oth. One.
oth. ger.

Mwa - ri wa - ma - si - mba.
Lord God, Al - migh - ty One.
Gott, du All - mäch - ti - ger.

Shona

Inclusio: (Psalm 99:1-3)**Leader** Musande**All** Musande, m'sande, m'sande
Mambo Mwari.**Leader** Musande**All** Musande, m'sande, m'sande
wamasimba.**3 Leader** Ngaakudziwe (Ps 103:2,4)
samutumwa waMwari.*Refrain:* Mwari wamasimba 2x**4 Leader** Ngaarumbidzwe (Ps 118:26)
ari kumusorosoro.*Refrain:* Mwari wamasimba 2x**1 Leader** Denga napasi (Ps 8:2)
zvizere nembiri yenyu.*Refrain:* Mwari wamasimba 2x**2 Leader** Ngaarumbidzwe (Ps 148:1)
a ri kumusorosoro.*Refrain:* Mwari wamasimba 2x*Inclusio:* (Psalm 99:1-3)**Leader** Musande**All** Musande, m'sande, m'sande
Mambo Mwari.**Leader** Musande**All** Musande, m'sande, m'sande
wamasimba.

15

mbi - ri ye - nyu. 2. Ngaa - ru mbi dzwe. Mu - sa - nde.
 glo - ry, O God. 2. Praise be to God. Ho - ly.
 Herr-lich-keit, Gott. 2. Preis sei dir Gott. Hei - lig. D.S.

Mwa - ri wa - ma - sim - ba.
 Lord God, Al - migh - ty One.
 Gott, du All - mäch - ti - ger.

From bar 6:

HOSHO
(Shaker)



DRUM



English

Inclusio

Leader Holy (Ps 99:1-3)

All Holy, holy, holy
Lord God Sabaoth.

Leader Holy

All Holy, holy, holy
God, Almighty One.

1. **Leader** All heaven and earth (Ps 8:2)
Manifest your glory, o God.

All Refrain: Lord God, Almighty One. (2x)

2. **Leader** Praise be to God. (Ps 148:1)
In the highest sing hosanna.

All Refrain: Lord God, Almighty One. (2x)

3. **Leader** Thanks be to God. (Ps 103:2,4)
Blessed is the Saviour who comes.

All Refrain: Lord God, Almighty One. (2x)

4. **Leader** Blessed is He, (Ps 118:26)
coming in the name of the Lord.

All Refrain: Lord God, Almighty One. (2x)

Inclusio

Leader Holy

All Holy, holy, holy
Lord God Sabaoth.

Leader Holy

All Holy, holy, holy
God, Almighty One.

How long, O Lord 848

Words from Psalm 13

Barbara Woollett

Christopher Norton

Moderately with expression

1. How long, O Lord, will You for - get an ans - wer to my
 2. How long, O Lord, will You for - sake and leave me in this
 3. How long, O Lord, but You for - give, with mer - cy from a -

mp

Dm6 Dm#7 Dm7 Dm6 Gm7 Bb/C

4

pray - er? way?_ bove._ No to - ken of When wil You come I find that all Your love I see to my re - lief? Your ways are just,

C/F F Em7 Eb9 Dm9 Dm9(#7) Dm9 G13/D

7

Your face is turned a - way from me; I wres - tle with des -
My heart is o - ver - whelmed with grief, by e - vil night and
I learn to praise You and to trust in Your un - fail - ing

Gm7 Bb/C C7 Fsus2 F Em7 A7

9

pair.
day.
love.

1.2. 3.

1.2. 3.

Dm Em7(b5) A7 Dm G/A A7 Dm

23 PSALMS

Psalm 27

Martin J. R. How (b.1931)

Antiphon 3 Speaker

The Lord is my light and my sal - va - tion. *colla voce* 1. The Lord is my

light and my sal - vation. Whom then shall I fear? The Lord is my strong refuge, of whom then

12 *A tempo* Antiphon 3

need I be a - fraid? The Lord is my light and my sal - va - tion.

18 Speaker

2. When the enemy came upon me to de - vour me he stumbled and fell to the ground. Though an

22 *A tempo* 3

host of men were encamped a gainst me, yet will I put my trust in him.

26 *Antiphon*₃ Speaker

The Lord is my light and my sal - va - tion, 3. One thing I ask of the Lord, one pe-

31 *A tempo*

tition I seek from him: to dwell in the house of the Lord, and serve him all my days.

36 *Antiphon*₃ Speaker

The Lord is my light and my sal - va - tion. 4. To behold the fair beauty of the Lord: and to

41

visit his temple. There will I offer him the sacrifice of thanksgiving: I will sing and speak

47 *A tempo* *Antiphon*₃

praises to my God. 3 The Lord is my light and my sal - va - tion.

Psalms 62

Based on Psalm 98

ONSLOU SQUARE

David Gordon Wilson (b. 1940)

G F G F G Dm G F

1. Sing a new song to the Lord, he to whom won-ders be- long; re-
 2. Now to the ends of the earth see his sal - va - tion is shown; and

3. Sing a new song and re-joice, pu - blish his prai - ses a- broad; let
 4. Join with the hills and the sea thun-ders of praise to pro - long; in

5 Em A Em F D⁷ G Dm⁷

joice in his tri-umph and tell of his power, O sing to the
 still he re-mem-bers his mer-cy and truth, un- chang - ing in

voic-es in cho-rus with trum-pet and horn, re- sound for the
 judge-ment and jus-tice he comes to the earth, O sing to the

10 Am⁷ D⁷ G Am⁷ vv. 1-3 v. 4

Lord a new song! - - -
 love to his own. - - -

joy of the Lord. - - -
 Lord a new song! - - -

© Words: Timothy Dudley-Smith (b. 1926) in Europe and Africa.

© Hope Publishing Co. for the USA and rest of the world. Used by permission, Oxford University Press.

Music: Jubilate Hymns, 4 Thorne Park Road, Torquay, TQ2 6RX

<copyrightmanager@jubilate.co.uk> Used by permission.

BYLAAG D.1

Die liturgiese aanwending van die kantory

Definiëring:

- Die woord kantory is afgelei van kantor. Die kantor se hoofsaak is om die gemeentesang te dien.
- In sommige denominasies tree die kantor ook as liturg op. Die liturg se hoofsaak is om die liturgie te lei en te laat vlot.
- 'n Kantory is 'n groep mense wat namens die kantor of die liturg kan optree om die gemeentesang te dien en die liturgie te laat vlot.

Samevattende omskrywing:

'n Kantory is 'n liturgiese sanggroep wat as verlengstuk van die kantor, die gemeentesang lei; dit kan ook saam of namens die liturg die liturgie laat vloei.

Liturgiese funksionaliteit:

- Wanneer dit as verlengstuk van die kantor, saam met die gemeente of namens die gemeente funksioneer, is dit gewoonlik in die vorm van 'n gebed.
- Wanneer dit saam met die liturg of namens die liturg optree, het dit gewoonlik 'n verkondigende taak.

Die kantory help om die liturgie te laat vlot deur:

1. die gemeentesang te dien en ondersteun;
2. die gemeente te help lei tot die realisering van kommunikasie met God.

Spesifieke funksies:

1. Ondersteuning van die gemeentesang deur:
 - leidinggewend by die aanleer van nuwe liedere op te tree;
 - ondersteunend saam te sing wanneer liedere minder bekend is;
 - leiding te gee deur hartlik saam te sing met die gemeente;
 - die saamsing van 'n deskant of harmonieë;
 - soms die gemeente vierstemmig te (bege)lei byvoorbeeld by Taizé-liedere.
2. Wisselsang met die gemeente deur:
 - strofes afwisselend met die gemeentesang sing. Hier kan hulle help om die teksinhoud tuis te bring deur die skep van atmosfeer en vertolking;
 - by herhalings stygende dinamiese vlakke of eggo-effekte te skep;
 - by antifoniese sang byvoorbeeld by strofe-en-refrein liedere waar die kantory die strofes sing (een- of meerstemmig) terwyl die gemeente die keervers sing;
 - by die aanvang van 'n lied een of twee reëls inleidend te sing;
 - die teksinhoud te onderstreep en die atmosfeer te skep byvoorbeeld by 'n loflied of boetelied.

3. Die lewer van liturgiese bydraes as deel van die liturgiese dialoog namens die gemeente of om die gemeente te lei deur:
 - die sing van gebede byvoorbeeld die votum of epiklese gebed (gebed by die opening van die Woord);
 - die liturgiese dialoog te help lei, wanneer die liturg en die gemeente in gesproke of gesonge vorm in gesprek tree;
 - liturgiese response by die hoofgebed te lewer, byvoorbeeld in navolging van die vroeg-kerklike litanie 'n vorm van *Kyrie eleison* te sing of te spreek;
 - by liturgiese response tydens die Skriflesing of die preek voor te gaan met 'n gesonge of gesproke Halleluja of Amen;
 - 'n selfstandige liturgiese element soos die sing van die *Kyrie eleison* as boetedoening tydens of/na die lees van die wet of 'n gesonge geloofsbelydenis tot die erediens by te dra;
 - aansluitend by sommige liturgiese elemente te sing byvoorbeeld as uitdrukking van vreugde na die vryspraak, of as aktualisering van die geloofsbelydenis na die geloofsbelydenis, om die betekenis van die offergawe te beklemtoon of aansluitend by die preek of uitsending (by die preeklied of amen).
4. Namens of aansluitend by die liturg te dien by sekere elemente deur:
 - die seëngroet te sing;
 - die wet te sing;
 - die vryspraak te sing;
 - 'n verkondigende lied saam met die Skriflesing of die preek te sing;
 - die sing van die seën as deel van die uitsending.
5. By spesiale momente in die kerkjaar soos fees- of sangdienste kan die kantory bydra tot die feestelike oordra van die boodskap deur die sing van 'n lied wat die erediens kan verryk, byvoorbeeld by Paasfees, Pinkster of Kersfees.

Bronne:

- Barnard, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria. NG Kerkboekhandel.
- Carstens, C.H.N. 2007. Die kreatiewe orrelis en koorleier. Ongepubliseerde demonstrasie by SAKOV Algemene Jaarvergadering 2007.
- Agenda Algemene Sinode 2004: Die Rol van die kantory in die liturgie. Opgestel deur Carstens, J.C.
- Deputate CJBK van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1997. Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie. Calvin Jubileum Boekefonds.
- Jankowitz, H.J. 2006. Die liturgiese benutting van die Psalms. *Vir die Musiekleier*. 33:66-75.
- Kloppers, E.C. 2002. Die kreatiewe inrigting van die liturgie. *Vir die Musiekleier*. 29:12-18.
- Müller, J. 1988. Die erediens as fees. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Strydom, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore": Liturgie en Lied. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Bylaag D.2

DIE PSALMS IN DIE *LIEDBOEK* (2001) AS HOEKSTONE VIR DIE EREDIENS; 'n praktiese naslaan-handleiding vir liturge en musiekleiers

1. Ontmoetingsdiens (Introïtus)

1.1 Voorbereidingsliedere word voor die erediens aangewend vir:

- die tema van die erediens,
- die aanleer en hersiening van nuwe liedere en
- bedevaarts- of intogliedere soos
Psalms 5:3; 26:3; 27:3 (Sp¹); 42:1,2(CI²,Sp); 43:2; 61:2; 84 (dT³,CI); 100:1,3 (dT,CI) of 118:5,7.

1.2 Die votum word deur die gemeente (of kantory) aangewend om:

- die ontmoeting tussen God en sy gemeente te verklank;
- te erken dat die erediens in die Naam van God drie-enig plaasvind;
- in aanbidding voor God te buig;
- God se grootheid en almag te bely;
- nuwe toewyding aan God te doen;
- die afhanklikheid van God te erken of
- die verlange na God se teenwoordigheid te verwoord byvoorbeeld deur
Psalms 15:1; 29:1,5; 33:11(dT); 65:3; 95:3 of 121:1 (dT,CI).

1.3 Die loflied kan plaasvind as:

- verskillende variasies van gemeentelike beurtsang;
- wisselsang tussen kantory en gemeente – by herhalings of keerverspsalms;
- as twee of meer liedere in kombinasie uit die volgende lys:
Psalms 8 (dT,CI); 9; 18 (2⁴); 29; 33 (dT, CI); 47; 48(dT, CI); 66; 68; 75; 89; 98;
99; 100(dT, CI); 103; 107 (2); 118; 146 (dT, CI); 147 (2); 148 en 150 of
- aanbiddingsliedere kan afwisselend met lofliedere gebruik word byvoorbeeld
Psalms 5; 16 (Kr⁵); 23; 24; 31 (dT,CI); 40:3,5,6; 57; 81; 104; 105; 106; 108;
111; 115; 138:1; 139 en 145:2,3,5.

2. Verootmoediging- en versoeningsdiens

2.1 Skuldbelydenis volg op 'n oproep daartoe en kan as volg gebruik word:

- as 'n oproep tot skuldbelydenis byvoorbeeld deur
Psalms 14:1-3 of 53:1-3;
- as skuldbelydenis deur die gemeente deur gebruikmaking van

¹ Sp = Lina Spies

² CI = TT Cloete

³ dT = JD Du Toit

⁴ Die getal in hakies sal telkens die volgorde van melodiere aandui.

⁵ Kr = Antjie Krog

Psalms 19:5 (Cl, Kr); 25:3,5 (dT); 25:4,5 (Cl); 38:7; 65:2 (dT); 65:1 (Cl); 130 (2):1 (2)(Cl); 130:2 (2) (Sp) of

- deur die kantory as sang- of spreekkoor by onbekende melodieë te gebruik byvoorbeeld by Psalm 79:6 of enige ander onbekende psalms.

2.2 Vryspraak volg op verootmoediging en skuldbelydenis; dit kan gebruik word:

- as gemeentelike geloofsaanvaarding van vergifnis soos deur Psalms 25:4 (dT); 25:3 (Cl); 26:3 of 116:5,7 (dT, Cl);
- as aankondiging van troos deurdat die liturg psalmomdigtings voorlees soos Psalms 65:1; 86:4 of 103:4,5 of
- as loflied op die vryspraak (die loflied kan hier in plaas van by 1 geskied) [sien Psalms 9:1,3,5; 18:5,6; 31:2,15,17 (dT); 57:4; 116:2,3,7,10 (dT); 116:2,3,5 (Cl); 118:1,5,7,8].

2.3 Die wet kan op verskillende maniere funksioneer:

- as kenbron van die sonde – waar 'n *Kyrie eleison* na elke tafel van die wet volg [sien Psalms 9:9 (dT); 9:7 (Cl); 10:5; 57:1; 70:4];
- die sing van een psalmstrofe in kombinasie met die wet - na elke gebod word 2 reëls van die psalmvers gesing, byvoorbeeld Psalms 19:5 (Cl); 19:3 (Kr) en 25:2;
- as skuldbelydenis – dan sou die liedere by 2.1 gepas wees,
- as bekendmaking van God se wil vir 'n heilige lewe of [Psalms 19:3; 25:2,3; 26; 27:3-5(Sp); 37:3,12,15; 40:7,8,13; 112; 119:3,7]
- as reël vir 'n lewe van dankbaarheid waar die gemeentesang die inhoud belig [Psalms 119:2, 4, 8,14,17,19, 27 (Cl); 128:1 (dT, Cl), 139:11 (Cl)].

3. Die Woorddiens

3.1 Die gebed om verligting deur die Gees (Epiklese) kan gebruik word:

- as gemeentelike versugting om Gods Woord te verstaan [Psalms 19:4 (Kr); 89:6 (dT); 119:7,14,18 (Cl)];
- as gemeentelike lied aansluitend of as uitbreiding van die gebed [Psalms 119:5 (dT); 119:19,22,26 (Cl)] of
- deur die kantory as spreekkoor die gebed te laat voordra of sing [Psalms 1:2; 85:3].

3.2 Skriflesing(s) is in die vroegste liturgieë dikwels onderbreek deur lofuitings (die vreugde om Gods Woord te hoor) op die volgende plekke:

- na die Ou Testamentiese lesing, die graduaalpsalm, keervers-liedere soos [Psalms 42 (Cl, Sp); 57; 111; 112 en 136 (dT, Cl)] gesing;
- na die Epistel- of sendbrief-lesing 'n Halleluja-akklamasie, Jubilus, lofpsalms of een (kort) strofe uit 'n lofpsalm [Psalms 29:1; 136:1] en
- na die Evangelielesing, 'n doksologie soos gevind word in Psalms 33 (dT, Cl); 66, 89, 100 (dT, Cl) 104, 105, 107, 108, 111, 118, 138, 146, 147, 148, 149 en 150.

3.3 Die preek geskied gewoonlik sonder onderbreking, maar gesonge response deur kantory soos 'amen' of 'halleluja' kan spesifieke punte onderstreep.

3.4 Die preeklied kan die preek samevattend in 'n psalm uitdruk.

4. Antwoorddiens van die gemeente (Responsoria).

4.1 By die Geloofsbelydenis kan psalms as volg gebruik word om:

- kerngeloofswaarhede en God se geloofwaardigheid te bevestig [Psalms 3:2,3; 9:5; 18(2):1,6,7,8; 27:6 (Sp); 125:1,2 (Cl, Br⁵)] of
- geloof binne die praktiese omstandighede van gelowiges te bevestig [Psalms 5:5 (Cl), 16 (Kr)].

4.2 By die Gebed kan psalms na spesifieke temas as reponse aangewend word:

- by die aanbidding van God [Psalm 100:2];
- by danksegging [Psalm 100:1,3];
- by skuldbelydenis [Psalms 65:1];
- by voorbidding en smeking [Psalm 5:1] en
- by die aanvang of slot ter intensivering van die gebed [Psalms 5:1; 20:1; 27:4 (Sp); 40:1,14; 57:1; 61:1; 70:4; 126:3].

4.3 By offergawes kan psalms aangewend word:

- as instrumentale verwerkings van die psalms wat direk daarna gesing word,
- in gelese vorm met instrumentale agtergrond, of
- psalms kan as lof-, dankseggings-, offer- of toewydingsliedere gesing word [Psalms 20:2; 66:4; 116:7,10 (dT) en 116:5-7 (Cl)].

5. Die uitsending

5.1 Die uitsendingslied stuur die gemeente uit na die erediens van die lewe [Psalms 105:1 (dT, Cl); 139:11 (Cl)];

5.2 Tydens die seën kan die gemeente mekaar toesing met Psalms 128:4 (dT); 128:2 (Cl) of 134 (dT, Cl).

5.3 Die amen na die seën behoort deur die gemeente gesing te word.

6. Voorstelle vir kreatiewe aanwending van psalms in die liturgie

6.1 Psalms kan gemeentelik gesing en uit die Skrif voorgelees word:

- Ps. 66 gemeente:1; Skrif:8 - 12; gemeente:3; Skrif:16,17,20; gemeente:4.
- Ps.10 gemeente:1; Skrif:3-4,7-11; gemeente:5; Skrif: 17; gemeente:9.
- Ps.125 (Cl) gemeente:1; Skrif: 2-3; gemeente:4.
- Ps.139 (Sp) gemeente:1; Skrif: 7-12; gemeente: 3; Skrif: 16-18; gemeente:5.

6.2 Psalmsang aangewend as liturgiese dialoog:

(Strofes waar God aan die woord is of onderrig plaasvind word deur die liturg of kantory gelees of gesing. Die gemeente antwoord deur strofes wat Godgerig is te sing.)

- Ps. 9 gemeente:1; liturg lees:4; gemeente: 5; liturg lees:6; gemeente:7+1.
- Ps. 66 gemeente:1; liturg lees omdigting: 2; kantory: 3; gemeente: 4.
- Ps. 25 gemeente:2; liturg lees omdigting:3; kantory:4; gemeente:6.

6.3 'n Psalm as sentrale liturgiese bron vir 'n erediens:

- Ps. 5 Votum:3; aansluitend by wet: 2; vreugde na vryspraak: 5 aanhef van gebed: 1; seën herhaal:5.
- Ps. 9 Lof: 1; aansluitend by wet:12; *Kyrie eleison*: 7; vreugde na vryspraak: 6; geloofsbelydenis:5.
- Ps. 27 (Sp): bedevaartslied: 3; lof:1,2; epiklesegebed: 5; geloofsbelydenis: 6; aanhef van hoofgebed: 4.
- Ps. 116 Lof: 1,7; troos van vergifnis: 3; aansluitend by gebed: 2; geloofsbelydenis: 4; dankoffer: 5; uitsending: 6.

6.4 'n Psalm as uitgebreide bron van lof: (Psalm 148 as voorbeeld).

- Strofe 1: gemeente plus volle orrel en alle beskikbare instrumente
- Strofe 4: dames begelei deur soloinstrumente soos viool, fluit en harmoniese begeleiding op kitaar of klavier.
- Strofe 6: mans begelei deur meer botoonryke klankkleure soos trompet, saksofoon, koperblaasklank op klawerbord en baskitaar.
- Strofe 8: kantory of klein sanggroep (onbegeleid of met ligte begeleiding en slagwerk).
- Strofe 9: Almal voluit plus alle instrumente.
- Afsluitend: Die liturg sluit af met die lees van 1 Timoteus 1:17.
"Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid!" Gemeente: "Amen"

Bronnelys:

- BARNARD, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- BINGLE, J.P. 2002. Mondelingse aanbeveling 12/10/2002.
- Deputate CJB van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1997. Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie. Calvyn Jubileum Boekefonds.
- LIEDBOEK VAN DIE KERK. 2001. Wellington: NG Kerkuitgewers.
- LOUW, J., VAN DER MERWE, H. & ENGELBRECHT, F. 2002. LIEDBOEK - Sleutel: 'n Elektroniese multimedia-hulpmiddel. Wellington: Lux Verbi.
- MÜLLER, J. 1988. Die erediens as fees. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- RICHTER, J. 1998. Het ons hart nie warm geword nie ...? Riglyne vir 'n gemeentelike eredienswerkgroep. Matieland: BUVTON.
- STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore: Liturgie en Lied". Bloemfontein: NG Sendingpers.
- TROSKIE, A. 2001. Liedboek van die kerk: praktiese gebruik vir orrelis en leraar. *Vir die Musiekleier*. 28:25-31.